

**DIE ROL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEK-
VERENIGING IN DIE BIBLIOTEEKONTWIKKELING
IN SUID-AFRIKA**

C.J.H. Lessing

'n Proefskrif ter verkryging van die graad Doctor
Bibliothecologiae aan die Potchefstroomse Universi-
teit vir Christelike Hoër Onderwys onder promotor-
skap van prof. H.C. van Rooy

Potchefstroom

1983

Finansiële steun van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing word met dank erken. Die menings wat in hierdie proefskrif uitgespreek is en die gevolgtrekkings wat gemaak is, moet in geen geval as die menings of gevolgtrekkings van dié van die Raad beskou word nie.

INHOUD

1. *Inleiding en doeltafbakening*
 - 1.1 Inleiding 1
 - 1.2 Die doel van hierdie studie 3
 - 1.3 Metode van ondersoek 4

2. *Die algemene biblioteektoestand in Suid-Afrika voor 1930*
 - 2.1 Inleiding 7
 - 2.2 Die biblioteektoestand voor 1928 7
 - 2.2.1 Openbare biblioteke 8
 - 2.2.2 Openbare biblioteke vir Nie-Blankes 12
 - 2.2.3 Nasionale biblioteke 12
 - 2.2.4 Universiteitsbiblioteke 13
 - 2.2.5 Vakbiblioteke 14
 - 2.2.6 Biblioteekpersoneel 15
 - 2.2.7 Biblioteekvereniging 15
 - 2.2.8 Die opleiding van bibliotekarisse 16
 - 2.2.9 Biblioteekgeboue van openbare biblioteke 16
 - 2.2.10 Biblioteekgebruikers van openbare biblioteke 17
 - 2.2.11 Boekevoorraad 17
 - 2.3 Die Suid-Afrikaanse Biblioteekkonferensie, 1928 18
 - 2.3.1 Inleiding 18
 - 2.3.2 Die Biblioteekkonferensie 1928 19
 - 2.3.2.1 Algemeen 19
 - 2.3.2.2 'n Nasionale biblioteekstelsel 20
 - 2.3.2.2.1 Algemene biblioteekorganisasie 20
 - 2.3.2.2.2 Besondere biblioteekdienste 21
 - 2.3.2.2.2.1 Skoolbiblioteekdienste vir Blankes 21
 - 2.3.2.2.2.2 Biblioteekdienste vir Nie-Blankes 21
 - 2.3.2.3 'n Biblioteekvereniging 22
 - 2.3.2.4 Die opleiding van bibliotekarisse 22
 - 2.3.2.5 Finansiële implikasies 23
 - 2.3.2.6 'n Biblioteekraad 23
 - 2.3.2.7 Bibliografiese dienste 23
 - 2.3.2.8 Vry biblioteekdiens 23

- 2.4 Die stigting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1930 24
- 3. *Die taak van 'n professionele vereniging op die gebied van die biblioteekwese*
- 3.1 Wat is 'n profesie? 29
- 3.2 Die aard, vereistes en doelstellings van 'n professionele vereniging 32
- 3.3 'n Biblioteekvereniging as professionele vereniging 34
- 4. *Opleiding van bibliotekarisse*
- 4.1 Inleiding 39
- 4.2 Die Onderwyskomitee van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging 42
- 4.3 Die rol van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in biblioteekopleiding 44
- 4.3.1 Die rol van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging as opleier deur die aanbieding van sy eie kursusse 44
- 4.3.1.1 Instelling van opleidingskursusse 44
- 4.3.1.2 Leemtes in die opleidingskursusse 48
- 4.3.1.3 Hersiening van die opleidingskursusse 1942 tot 1946 51
- 4.3.1.4 Opleiding deur die Vereniging na 1946 53
- 4.3.1.5 Verdere kritiek op die opleiding van die Vereniging 55
- 4.3.1.6 Voorsiening van vakliteratuur 58
- 4.3.2 Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging se optrede in verband met die opleiding van bibliotekarisse aan universiteite 59
- 4.3.2.1 Instelling van opleidingskursusse aan die Universiteit van Pretoria 60
- 4.3.2.2 Toetrede deur die Universiteit van Kaapstad tot die opleiding van bibliotekarisse 67
- 4.3.3 Die oordrag van die Vereniging se opleidingskursusse aan die Universiteit van Suid-Afrika 70
- 4.3.4 Opleiding van Nie-Blanke-biblioteekwerkers op voormatrikulasievlak 74

- 4.4 Die hydrae van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging by wyse van vakansiekursusse vir onopgeleide plattelandse biblioteekwerkers en voortgesette opleiding vir senior bibliotekaris 78
- 4.5 Die voorsiening van skoolbibliotekaris 86
- 4.6 Vakbibliotekaris en dokumentaliste 88
- 4.7 Die opstel van standaarde vir biblioteekopleiding en akkreditering van opleidingskursusse 89
- 4.8 Die sociaat van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging 96

- 5. *Die bevordering van verskillende tipes biblioteekdienste*
 - 5.1 Openbare biblioteke 99
 - 5.1.1 Inleiding 99
 - 5.1.2 Die optrede van die Vereniging ten behoeve van die instelling van 'n vry openbare biblioteekdiens 100
 - 5.1.2.1 Die ontwikkeling van vry openbare biblioteekdienste in Transvaal 108
 - 5.1.2.2 Die ontwikkeling van vry openbare biblioteekdienste in die Kaapprovinsie 112
 - 5.1.2.3 Die ontwikkeling van vry openbare biblioteekdienste in die Oranje-Vrystaat 123
 - 5.1.2.4 Die ontwikkeling van vry openbare biblioteekdienste in Natal 124
 - 5.1.3 Opvoeding van die volwassenes 125
 - 5.1.4 Die bevordering van 'n biblioteekdiens aan kinders in die Openbare biblioteek 129
 - 5.1.4.1 Kinderbiblioteke 129
 - 5.1.4.2 Kinderboektoekennings 132
 - 5.1.5 Die verbetering van die gehalte van openbare biblioteekdienste 133
 - 5.1.5.1 Standaarde vir openbare biblioteke 133
 - 5.1.5.2 Diensvoorwaardes vir personeel in openbare biblioteke 135
 - 5.1.6 Openbare biblioteekdienste vir Nie-Blankes 142
 - 5.1.7 Ander bydraes van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging ten opsigte van openbare biblioteekdienste 151

- 5.2 Die stigting van biblioteekverenigings vir Nie-Blanke-bevolkingsgroepe 151
- 5.2.1 Biblioteekvereniging vir Kleurlinge 154
- 5.2.2 Biblioteekvereniging vir Swartes 154
- 5.2.3 Biblioteekvereniging vir Indiërs 155
- 5.2.4 Probleme 155
- 5.3 Studie- en wetenskaplike biblioteekdienste 156
- 5.3.1 Skool- en Normaalkollegebiblioteke 156
- 5.3.1.1 Skoolbiblioteektoestande 156
- 5.3.1.2 Skoolbiblioteke in Transvaal 159
- 5.3.1.3 Skoolbiblioteke in die Kaapprovinsie 162
- 5.3.1.4 Skoolbiblioteke in die Oranje-Vrystaat 164
- 5.3.1.5 Verdere optrede van die Vereniging ten behoeve van skoolbiblioteekdienste 165
- 5.3.2 Universiteitsbiblioteke 166
- 5.3.3 Vakbiblioteke 174
- 5.4 Nasionale biblioteke 176

6. *Die bevordering van biblioteeksamewerking*

- 6.1 Inleiding 177
- 6.2 Biblioteeksamewerking in Suid-Afrika tot 1959 178
- 6.2.1 Historiese oorsig 178
- 6.2.2 Bevordering van samewerking in die algemeen 180
- 6.2.3 Interbiblioteeklenings 182
- 6.2.4 Die uitbouing van biblioteekvoorrade 185
- 6.2.5 Die voorsiening van bibliografiese hulpmiddele 192
- 6.2.5.1 Inleiding 192
- 6.2.5.2 Die uitbou van gesamentlike katalogusse 194
- 6.2.5.2.1 Gesamentlike katalogus van boeke 194
- 6.2.5.2.2 Gesamentlike katalogus van tydskrifte 197
- 6.2.5.2.3 Gesamentlike katalogus van proefskrifte en verhandelinge van Suid-Afrikaanse universiteite 199
- 6.2.5.3 Indeksering van Suid-Afrikaanse tydskrifte 200
- 6.3 Biblioteeksamewerking in Suid-Afrika na 1959 201
- 6.3.1 Voorbereiding vir die Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede 201
- 6.3.2 Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede 207

- 6.3.3 Uitvoering van die aanbevelings van die Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede 212
- 6.3.4 Verdere optrede van die Vereniging ter bevordering van bibliografiese dienste 217
- 6.3.4.1 Inleiding 217
- 6.3.4.2 Katalogisering 217
- 6.3.4.3 Bibliografiese dienste 220

- 7. *Die evaluering van die bydrae van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging tot biblioteekontwikkeling in Suid-Afrika*

- 7.1 Inleiding 229
- 7.2 Die bydrae van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging tot opleiding van personeel vir die lewering van biblioteekdienste 230
- 7.3 Die bydrae van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging ter bevordering van verskillende tipes biblioteekdienste 236
- 7.3.1 Openbare biblioteekdienste 236
- 7.3.1.1 Vry openbare biblioteekdienste 236
- 7.3.1.2 Opvoeding van volwassenes 238
- 7.3.1.3 Biblioteekdienste aan kinders 239
- 7.3.1.4 Verbetering in die gehalte van openbare biblioteekdienste 240
- 7.3.1.4.1 Standaard vir openbare biblioteke 240
- 7.3.1.4.2 Diensvoorwaardes vir personeel in openbare biblioteke 240
- 7.3.1.5 Openbare biblioteekdienste vir Nie-Blankes 241
- 7.3.2 Die stigting van biblioteekverenigings vir Nie-Blankesbevolkingsgroepe 243
- 7.3.3 Studie- en wetenskaplike biblioteke 244
- 7.3.3.1 Skool- en onderwyskollegebiblioteke 244
- 7.3.3.2 Universiteitsbiblioteke 245
- 7.4 Die bydrae van die Suid-Afrikaanse biblioteekvereniging ter bevordering van samewerking tussen biblioteke 246
- 7.5 Die omskepping van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in 'n professionele vereniging 249
- 7.5.1 Inleiding 249

- 7.5.2 Organisasiestruktuur van 'n professionele vereniging 250
- 7.5.3 Lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging 251
- 7.5.4 Opleiding van professionele personeel 251
- 7.5.5 Vereiste kennisbasis 252
- 7.5.6 Gedragskode 256
- 7.5.7 Bevordering van die beroep 257
- 7.6 Die stigting van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese 258

Bylaes 261

Bronnelys 267

Summary 327

1. INLEIDING EN DOELAFBAKENING

1.1 *Inleiding*

In Suid-Afrika is daar sedert die einde van die agtiende eeu sporadies pogings aangewend om biblioteke te stig. Gedurende die negentiende eeu het 'n groot aantal openbare biblioteke, gebaseer op die subskripsiestelsel, dwarsdeur die land ontstaan. 'n Baie belangrike stap in die ontwikkelingsgeskiedenis van biblioteke in Suid-Afrika was die stigting deur 'n proklamasie van die goewerneur, Lord Charles Somerset, van die Suid-Afrikaanse Openbare Bibliotek (1818) in Kaapstad wat 'n aantal jare lank as 'n vry openbare bibliotek gefunksioneer het (Robinson, 1968:1). In 1874 het die regulasies, vervat in goewermentskennisgewing no. 442, weer die klem op die vry toegang tot biblioteke gelê (Van der Walt, 1972:3-4, 46-48, 52).

Gedurende hierdie tyd het die gedagte van vry openbare bibliotek ook in Europa en die VSA op die voorgrond getree. Daar was egter in Suid-Afrika geen saambindende faktor soos 'n bibliotekvereniging wat gesamentlik kon help om die nodige stimulus aan die bibliotekbeweging te gee nie. In die VSA is in 1853 'n poging aangewend om 'n bibliotekvereniging te stig, maar dit het eers in 1876 deur die optrede van Melville Dewey met die stigting van die *American Library Association* 'n werklikheid geword. Die doel van hierdie Vereniging was "to promote the library interests of the country by exchanging views, reaching conclusions, and inducing cooperation in all departments of bibliothecal science and economy; by disposing the public mind to the founding and improving of libraries and by cultivating good-will among its own members" (Munford, 1976:23).

In Brittanje het Edward Nicholson in 1877 bibliotekarisse en almal wat in bibliotek- en bibliografiese werk belang gestel het byeengebring vir die stigting van die *Library Association*. Die doel van hierdie Vereniging "... shall be to unite all persons engaged or interested in library work, for the purpose of promoting the best possible administration of existing libraries and the formation of new ones where desirable. It shall also aim at the encouragement of bibliographical research" (Munford, 1976:30).

Die behoefte aan geskikte biblioteekpersoneel het in daardie tyd so aktueel geword dat planne vir die opleiding van bibliotekarisse beraam moes word. As gevolg van die bemoeienis van die verskillende biblioteekverenigings is daar in Brittanje in 1885 en in die VSA in 1887 met biblioteekkundige opleiding begin (Viljoen, 1973:133).

Aan die einde van die twintigerjare van die twintigste eeu was die algemene toestand van biblioteke in Suid-Afrika swak. Die aansien van die bibliotekaris was baie laag, opgeleide personeel was skaars en die salarisse van biblioteekpersoneel was karig (Pitt, 1929:7-18; Coetzee, 1975(1):2-6; Ferguson, 1929:5-15).

Deur bemiddeling van verskeie persone het die Carnegiekorporasie van New York begin belangstel in die biblioteekomstandighede in Suid-Afrika. In 1928 is S.A. Pitt en M.J. Ferguson deur die Carnegiekorporasie van New York benoem om ondersoek in te stel na die biblioteektoestand op alle terreine in Suid-Afrika en verslag te doen oor hulle bevindinge en aanbevelings voor te lê vir verbetering. Hierdie bevindinge is op die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* wat van 15 tot 17 November 1928 te Bloemfontein gehou is, deur verteenwoordigers van biblioteekowerhede bespreek. Dit word as die begin van die werklike biblioteekontwikkeling in Suid-Afrika beskou. Hierdie *Konferensie* het onder meer 'n voorstel aanvaar "dat daar 'n organisasie gestig word wat die ontwikkeling van biblioteekgeriewe in die Unie en die bevordering van beroepsopleiding vir biblioteekdiens ten doel het ..." (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):12). Verder is aanbeveel dat 'n Suid-Afrikaanse biblioteekvereniging op dieselfde grondslae as die Britse Biblioteekvereniging gestig word (p. 12).

As gevolg van dié besluit is die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging op 5 Julie 1930 gestig "om alle persone werksaam of geïnteresseerd in Biblioteekwerk te verenig deur konferensies en vergaderings te hou ter bespreking van al dergelike sake wat biblioteke ... betref" (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1930:1).

Terwyl die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging nou na vyftig jaar in die nuwe *Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwes* omskep is, is dit gepas om die rol van die Suid-Afrikaanse Biblioteek-

vereniging in biblioteekontwikkeling in Suid-Afrika na te vors en te evaluerer.

1.2 *Die doel van hierdie studie*

Uit die aard van die saak het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging aandag geskenk aan die vestiging en uitbouing van talryke aspekte van die biblioteekwese in Suid-Afrika. Hierdie studie beoog om aan die hand van 'n beknopte historiese oorsig die ontstaan en ontwikkeling van biblioteekdienste in Suid-Afrika te beskryf en om die rol wat die Vereniging daarin gespeel het, te bepaal. Daar word derhalwe in hoofstuk 2 'n saaklike oorsig gegee van die toestand wat voor die stigting van die Vereniging in 1930 op biblioteekgebied bestaan het.

Aangesien die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gestig is om alle biblioteekarisse en later ook inligtingwerkers saam te snoer, word in hoofstuk 3 kortliks gelet op die vereistes wat in die algemeen aan 'n professionele vereniging gestel word. In die slot hoofstuk sal onder meer aangedui word in hoeverre die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging daaraan voldoen het en bygedra het tot die ontwikkeling en professionalisering van die Vereniging, wat uitgeloop het op die omskepping tot die *Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese* in 1980.

Die taak van die biblioteek is die versameling en ordening van materiaal en die ontsluiting daarvan met die oog op die lewering van diens aan die gebruiker. As gevolg van die gebrek aan opgeleide personeel voor 1930 het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging sedert 1933 gepoog om eerstens self by wyse van korrespondensiekursusse en vakansieskole in hierdie behoefte te voorsien en later die vestiging van opleidingskursusse aan universiteite te bevorder. In hoofstuk 4 word 'n histories-kritiese oorsig oor die ontwikkeling van die opleiding van biblioteekarisse gegee om vas te stel in watter mate die Biblioteekvereniging daarin geslaag het om professioneel opgeleide personeel te voorsien, wat onontbeerlik is vir die biblioteekontwikkeling.

In hoofstuk 5 word die invloed van die Vereniging in die ontwikkeling van verskillende tipes biblioteekdienste ondersoek en beskryf, terwyl

die rol van die Vereniging in die bevordering van die uiters belangrike saak van samewerking op biblioteekgebied ten opsigte van die uitbou van voorrade, wedersydse gebruik en bibliografiese dienste in hoofstuk 6 behandel word.

Om egter die rol van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging op *alle* terreine in detail te bespreek, is 'n taak wat vir die doel van hierdie studie te omvangryk sal wees. Daarom word slegs op die belangrikste aspekte klein gelê.

In die slothoofstuk word 'n evaluering van die bydrae van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging tot biblioteekontwikkeling in Suid-Afrika gegee.

1.3 *Metode van ondersoek*

Aangesien dit noodsaaklik is om die rol van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in perspektief te sien, is die geskiedenis van die Biblioteekvereniging nagevors en bestudeer. In die eerste plek is 'n studie van gepubliseerde bronne oor die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging en sekere aspekte van die biblioteekwese in Suid-Afrika onderneem. Van die belangrikste gepubliseerde bronne is die amptelike professionele tydskrif *Suid-Afrikaanse biblioteke* (1933 tot 1980) en die *SABI-Nuusbrief* (1947 tot 1980). Ander gepubliseerde en ongepubliseerde voordragte oor die Suid-Afrikaanse biblioteekwese is sover moontlik opgespoor en bestudeer.

Argiefmateriaal vorm verder 'n hoogs belangrike inligtingsbron. Hierdie materiaal wat terugdateer tot die stigting van die Vereniging in 1930 moes eers versamel en voorlopig georden word voordat dit bestudeer kon word. Dit sluit onder meer die volgende in: die byna volledige notules (met bylaas en kommentaar van lede) van die *Administratiewe of Bestuursraad* (waarna vervolgens as die Raad verwys word), die *Onderwyskomitee*, later omskep in die *Komitee vir Opleiding en Navorsing*, die *Bibliografiese* en die *Katalogiseringskomitee*, die *Komitee oor Bibliografiese Beheer*, die *Reklamekomitee* en sy voortsettingskomitees, die notules van besture van takke, afdelings en subkomitees van die Vereniging, die notules van verskillende konferensies, jaarverslae waarin oorsigte oor die werksaamhede van die Vereniging gegee is,

konferensiebundels, waarin referate wat tydens die konferensies gelewer is, gepubliseer is en alle toepaslike korrespondensielêers van 1930 tot 1980. Verder is historiese bronne oor die biblioteektoestande wat voor 1930 in Suid-Afrika geheers het, oorsigtelik bestudeer as agtergrond vir hierdie studie.

Van die oorwegings wat 'n rol in die keuse van die onderwerp gespeel het, is die volgende die belangrikste:

met die omskepping van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging na sy bestaan van vyftig jaar in die *Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese* in 1980, is 'n evaluering van die rol wat hierdie beroepsvereniging gespeel het, aktueel, en dit kan gebruik word vir die verdere ontwikkeling en ontplooiing van die nuwe professionele vereniging;

die besondere belangstelling van die skrywer as gevolg van sy jarelange noue verbintenis met die werksaamhede en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging as eresekretaris van 1962 tot 1980.

2. DIE ALGEMENE BIBLIOTEEKTOESTAND IN SUID-AFRIKA VOOR 1930

2.1 *Inleiding*

Om 'n beeld te vorm van die biblioteektoestand op verskillende terreine in Suid-Afrika voor 1930 is dit nodig om 'n beknopte historiese oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van die verskillende biblioteektipes te gee.

2.2 *Die biblioteektoestand voor 1928*

Gedurende die eerste honderd jaar na die volksplanting aan die suidpunt van Afrika in 1652 word daar in die literatuur geen melding gemaak van boekeversamelings vir die gebruik deur die algemene publiek nie (Taylor, 1967:15).

Eers gedurende die agtiende eeu het die ontwikkelde Kapenaars 'n aansienlike boekebesit byeengebring. Adam Tas (1668 tot 1727) het sy eie boeke aan ander mense geleen en daarom kan sy boekery as een van die eerste *biblioteke* beskou word (Immelman, 1958:3). Die totstandkoming van die Von Dessin-Biblioteek in 1761 is 'n mylpaal in die vroeë geskiedenis van die biblioteekontwikkeling in Suid-Afrika. Dit word nie alleen as die eerste vry openbare biblioteek in Suid-Afrika beskou nie, maar as een van die eerste vry biblioteke in enige land (Immelman, 1952(1):91). "Von Dessin se ideë omtrent biblioteke was inderdaad hul tyd vooruit en sou destyds in elke land in Europa of Amerika as ver gevorderd beskou gewees het" (Immelman, 1968:17). Enkele ander versamelaars was byvoorbeeld ds. H.W. Ballot, F.R. Duminy en N.G. Heyns (Immelman, 1952(1):92-94). Die meeste van hierdie vroeë versamelaars was Nederlanders, Franse, Britte en Duitsers wat wetenskaplike versamelings uitgebou het en wat vir geleerdes bedoel was (Immelman, 1952(1):98). Met die koms van burgers van oorsce het hulle ook boeke na Suid-Afrika gebring. Hulle het in 'n mindere of meerdere mate boeke gekoop en besit, boeke versamel en gelees. Op hierdie wyse kan die agtiende eeu se boekeversamelings beskou word as die voorlopers van ons latere biblioteke. Immelman (1958:5) beskou ds. Abraham Faure, wat met sy persoonlike boekery 'n kerkbiblioteek in Graaff-Reinet

begin het (1818 tot 1822) en wat ook 'n aantal ander kerkbiblioteke in dorpe soos onder andere Swellendam en Stellenbosch gestig het, as die vader van biblioteke in Suid-Afrika. Gedurende hierdie tyd was private boekversamelaars 'n voorbeeld en stimulus vir die Kaapse leiers vir die stigting van openbare biblioteke in Kaapstad en omgewing. Die bevolking is hierdeur bewus gemaak van die behoefte aan en voordele van biblioteke.

2.2.1 *Openbare biblioteke*

In die negentiende eeu is daar ook verdere voorbeelde van boekklubs, leesverenigings en winkelbiblioteke wat tot stand gekom het. Van 'n goewerneur van die Kaap, Lord Charles Somerset, kan met reg gesê word dat hy met sy biblioteekbeleid sy tyd ver vooruit was (Coetzee, 1975(2):91). Vir die uitbouing van sy kultuurpolitiek waardes hy wou verseker dat die Kaapse koloniste Engels lees, het hy die idee van 'n vry skool en vry openbare biblioteek as belangrike hulpmiddels gebruik. Om doeltreffend te wees moes daar nie een biblioteek gestig word nie maar moes 'n biblioteekdiens ingestel word. Hy het in 1818 deur middel van die heffing van 'n belasting op die bepaling van die alkoholgehalte van wyn fondse uit die staatskas beskikbaar gekry vir die finansiering van openbare biblioteke, aangesien hy 'n biblioteekdiens wou daarstel waartoe die publiek sonder direkte koste vrylik toegang sou hê. In 'n proklamasie word gestel “that the Collector of Tithes ... shall not carry the amount of this charge for Gauging to the account of Collection of the Branch of Revenue ... but shall keep a separate account thereof in order, after paying the amount of the Gauger's Salary, and his incidental expenses, to deposit the remainder in the Government Bank ... there to create a Fund for the formation of a Public Library, which ... shall be open to the Public, and lay the foundation of a system ... which shall place the means of knowledge within the reach of the Youth of this remote corner of the Globe, and bring within their reach what the most eloquent of ancient writers has considered to be one of the first blessings of life, *Home Education*” (Somerset, 1827:414). So is die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in 1818 gestig as een van die eerste vry openbare biblioteke in enige koloniale gebied. Die biblioteek was vry in die sin dat alle persone toegang daartoe gehad het en publikasies in die biblioteek mog raadpleeg, dog die biblioteek

het nie toegelaat dat boeke uitgeleen word nie (Ehlers, 1981:164). Die Biblioteek het egter as gevolg van 'n gebrek aan fondse deur die kansellering van die belastingtoeweging in 1829 'n subskripsiebiblioteek geword (Robinson, 1968:3).

Na hierdie aanvanklike bemoedigende hulp en belangstelling van owerheidsweë het die amptelike ondersteuning van die kant van die regering vir 'n tyd op die agtergrond gebly. Gedurende hierdie tydperk het 'n aantal subskripsiebiblioteke deur privaat inisiatief tot stand gekom, soos dié van Port Elizabeth (1848), Natal Society, Pietermaritzburg (1851), Kimberley (1882), Bloemfontein (1875) en Johannesburg (1890) (Immelman, 1972:25-28).

Volgens Friis (1962:68) het die pioniers aan die begin van die biblioteekgeskiedenis verbasend verligte opvattinge oor die funksies van die openbare biblioteek gehad, en die negentiende eeu is verder deur doelgerigte pogings om kulturele, opvoedkundige en intellektuele standaarde te handhaaf, gekenmerk.

As gevolg van die oorsese ontwikkelinge op biblioteekgebied het die sogenaamde Moltenoregulasies van 1874 weer die klem op die vry toegang tot openbare biblioteke gelê (Van der Walt, 1972:3-4, 46-48, 52). Onder hierdie regulasies is, onder sekere voorwaardes, 'n biblioteektoelaag aan openbare biblioteke in die Kaapkolonie gewaarborg. Pogings is aangewend om die instelling van biblioteekdienste aan te moedig. Die belangrike rol wat die openbare biblioteek in die gemeenskap kan en behoort te speel, is in amptelike kringe besef en in beginsel ondersteun. Die biblioteke het dus geword "... die bêreplekke van die geestesgoedere van ons beskawing en van die kultuurskatte van ons samelewing wat deur ons voorouers aan ons toevertrou is vir die nageslag" (Immelman, 1958:9). As gevolg van oorloë en die stryd om die land en sy inwoners gevestig te kry en uit te bou, het daar egter min verdere ontwikkeling op biblioteekgebied plaasgevind.

Volgens Ehlers (1952:111) was daar in 1910 honderd en twintig sogenaamde openbare biblioteke in die Kaapprovinsie, sewentien in Transvaal, veertien in Natal en elf in die Oranje-Vrystaat. In die meeste groter dorpe was daar wel openbare biblioteke, maar in 'n

groot aantal kleiner dorpe was daar geen openbare biblioteekvoorsiening nie.

In die Finansiële Verhoudingswet, nr. 10 van 1913, is die patroon van finansiering van openbare biblioteke in Suid-Afrika vasgelê en is openbare fondse vir biblioteekdienste beskikbaar gestel. Die verantwoordelikheid vir die finansiering van die openbare biblioteek is aan die provinsiale owerhede toegeken. Die Kaapse en Transvaalse provinsiale administrasies het hierdie nuwe verantwoordelikheid byna onmiddellik aanvaar. Ongelukkig het die nuwe wetgewing nie direk 'n verbeterde biblioteekdiens tot gevolg gehad nie, aangesien daar nie veel geld vir die doel beskikbaar gestel is nie. Die biblioteekberoep het nou voor die groot uitdaging te staan gekom om die belangrikheid en die noodsaaklikheid van 'n vry openbare biblioteekdiens vir die hele bevolking onder die aandag van die plaaslike owerhede en die gemeenskap te bring. Die gemeenskap moes opgevoed word om van die dienste gebruik te maak, en 'n behoefte aan die diens moes geskep en aangewakker word.

Veral deur bemiddeling van M.M. Stirling, destyds bibliotekaris van die openbare biblioteek van Germiston, het die Carnegie korporasie van New York besluit om M.J. Ferguson, staatsbibliotekaris van Kalifornië, en S.A. Pitt, hoof van die openbare biblioteek van Glasgow, in 1928 na Suid-Afrika te stuur met die opdrag om biblioteektoestande en -moontlikhede te ondersoek met die oog op die instelling van 'n skema ter verbetering van die biblioteekdienste en die moontlikhede van finansiële ondersteuning deur die Korporasie (Coetzee, 1975(1):2; Pitt, 1929:5; Ferguson, 1929:5).

S.A. Pitt (1929:7) het tydens sy besoek in 1928 aan Suid-Afrika bevind dat daar nie werklik openbare biblioteke bestaan het nie as dit met die biblioteke in Amerika, Kanada en Brittanje vergelyk word en dat die biblioteke nie as vry openbare biblioteke beskou kon word nie. Daar was twee honderd en elf *gevestigde* openbare biblioteke en vir hulle bestaan was hulle hoofsaaklik van die betaling van 'n subskripsie deur gebruikers afhanklik. Die subskripsiestelsel het 'n hoë koste vir die individu tot gevolg gehad en die boeke was slegs tot die beskikking van 'n baie klein gedeelte van die bevolking. In teorie het die provinsiale owerhede biblioteke finansiël ondersteun, maar

in die praktyk het hiervan weinig tereggekóm. Die beskikbare boeke is nie ten beste benut nie, aangesien die biblioteek nie na die gemeenskap uitgedra is nie. As gevolg van die feit dat daar geen koördinasie van aankope tussen die verskillende biblioteke was nie, het daar 'n onnodige duplikasie van duur en minder gebruikte boeke voorgekóm. Die vernaamste redes waarom 'n vry openbare biblioteek nie aanvaar is nie, is waarskynlik daarin geleë dat daar so 'n klein Blanke bevolking in die land was en dat daar as gevolg van 'n gebrekkige vervoer- en kommunikasiestelsel geen sprake van samewerking was nie. Ook het die feit dat daar voor 1910 nie 'n sentrale regering bestaan het nie, daartoe bygedra dat biblioteke ongekoördineerd tot stand gekóm het. Op weinig uitsonderings na was die twee honderd en elf openbare biblioteke almal subskripsiebiblioteke wat slegs in enkele gevalle deur regerings- of munisipale toelae gehelp is.

Die beperkte biblioteekure het die gebruik van die biblioteek gekortwiek. Die hoeveelheid boeke wat beskikbaar was, was op die oog af voldoende, maar die kwaliteit en verskeidenheid van die materiaal het veel te wense oorgelaat.

Daar het geen riglyne in Suid-Afrika bestaan om te verseker dat biblioteke min of meer eenvormig volgens die patroon van 'n erkende biblioteekstelsel georganiseer word nie. Biblioteke is ook nie deur wetgewing van 'n gereelde inkomste verseker om 'n doeltreffende diens te lewer nie. As gevolg van die feit dat opgeleide bibliotekarisse feitlik nie beskikbaar was nie, het biblioteekkomitees 'n baie pertinente rol in die Suid-Afrikaanse biblioteektoneel beklee. Hierdie komitees, wat deur die lede van subskripsiebiblioteke verkies is, het die magte en pligte van die bibliotekaris op hulle geneem. As gevolg van, onder andere, finansiële probleme wat bestaan het, is klerklike hulp deur persone, wat gewoonlik 'n gebrekkige skoolagtergrond gehad het, as *bibliotekarisse* in diens geneem. Dié persone was vir die uitgee en terugontvangs van die boeke verantwoordelik, maar van 'n werklik doeltreffende biblioteekdiens was daar nie sprake nie. Ongelukkig het die tradisie van die beheer van die openbare biblioteke deur biblioteekkomitees in baie gevalle bly voortbestaan nadat gekwalifiseerde bibliotekarisse in diens geneem is (Ferguson, 1929:6-7).

Die oorheersende posisie van die biblioteekkomitee het tot gevolg

gehad dat die opgeleide bibliotekaris nie in die algemeen as beroepsmens beskou is nie. Verder het lede van bibliotekkomitees, wat leke was, nie die noodsaaklikheid van die indiensneming van opgeleide personeel besef nie, aangesien hulle gemeen het dat opleiding vir bibliotekpersoneel oorbodig was en dat enige persoon hierdie werk kon doen. Hulle het geen behoefte aan deskundige advies gehad nie en het gewoonlik nie die leiding van 'n opgeleide bibliotekaris in die praktyk geduld nie. Die bibliotekaris moes slegs die opdragte van die komitee uitvoer, en van eie inisiatief was daar weinig sprake. Daar was dus geen doeltreffende bibliotekdiens nie. In die enkele gevalle waar daar wel van gekwalifiseerde personeel gebruik gemaak is, is hulle uit die buiteland ingevoer omdat daar geen opleidingsfasiliteite in Suid-Afrika bestaan het nie (Ferguson, 1929:7-8).

Oor kinderbiblioteke stel Pitt (1929:9) die volgende: “In very few libraries is there separate accommodation for children or young people; more, however, provide small collections of books for them on shelves apart from those containing books for adult readers. The children’s library, with suitable equipment and trained librarian, one of the most important features of the modern public library, is an urgent need even in the best equipped libraries of South Africa”.

2.2.2 *Openbare biblioteke vir Nie-Blankes*

Peters (1972:57) toon aan dat daar voor die begin van die twintigste eeu baie min aandag aan bibliotekdienste vir Nie-Blankes geskenk is. Van die vernaamste redes hiervoor was die algemene voorkoms van ongeletterdheid by die Nie-Blanke-bevolkingsgroepe, gebrek aan finansiële middele om 'n doeltreffende diens te lewer en die totale afwesigheid van professioneel opgeleide bibliotekpersoneel.

Biblioteke wat wel bestaan het, het gewoonlik hulle boekevoorraad opgebou met boeke wat deur openbare biblioteke afgeskryf is en deur geskenkboeke waarvan persone ontslae wou raak.

2.2.3 *Nasionale biblioteke*

Na Uniewording het die verantwoordelikheid vir die finansiering

van die twee nasionale biblioteke, die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad en die Staatsbiblioteek in Pretoria by die sentrale regering berus. As gevolg van die feit dat die twee biblioteke ook as openbare biblioteke in hulle onderskeie stede moes dien, het daar nie veel van hulle nasionale funksies tereggekóm nie. Die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek het wel 'n diens aan 'n aantal biblioteke om die Kaap gelewer en ook 'n gedeeltelike diens aan parlamentslede, maar van 'n nasionale biblioteekdiens was daar aanvanklik geen sprake nie. Albei was indertyd grootliks plaaslike biblioteke wat nie eers aan die vereistes van 'n groot openbare biblioteek voldoen het nie: die boekevoorraad was nie voldoende nie, die geboue was ondoeltreffend en die ontoereikende personeel was nie opgelei nie (Goetzee, 1975(1):6).

Die behoefte aan 'n kragtige nasionale biblioteekstelsel wat 'n goeie sentrale versameling kon uitbou, wat sy invloed kon laat geld op die voorsiening van bevoegde opgeleide biblioteekpersoneel en wat die samewerking tussen biblioteke kon bevorder, is sterk gevoel. Die nasionale biblioteke het nie aan die minimum vereistes wat in vooraanstaande westerse lande aan 'n nasionale biblioteek gestel is, voldoen nie (Goetzee, 1975(1):6).

Die mening is egter gehuldig dat die Parlementsbiblioteek, hoewel dit klein was, die potensiaal gehad het om te ontwikkel. Daarenteen het die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad en die Staatsbiblioteek in Pretoria, soos vroeër vermeld, weinig meer as plaaslike waarde gehad. Die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek sou wel as 'n hoofbiblioteek van 'n provinsiale administratiewe sentrum kon dien wat die kleiner biblioteke in die Skiereiland kon saamsnoer. Ook het die Staatsbiblioteek nie in aanmerking gekom om as die uiters noodsaaklike middelpunt van die land se biblioteekstelsel te dien nie (Pitt, 1929:21).

2.2.4 *Universiteitsbiblioteke*

Biblioteke van geleerde verenigings was in verskeie gevalle die voorlopers van latere universiteitsbiblioteke. Verder het die boekerye van private persone wat oor boeke van akademiese aard beskik het, ook dikwels in die universiteitsbiblioteek beland, en as sodanig

as die basis vir die nuwe biblioteke gedien (Immelman, 1955:42).

Daar was dan ook aan die begin van die twintigste eeu feitlik geen noemenswaardige universiteitsbiblioteek in Suid-Afrika nie. Sedert 1911 is die behoefte aan goed toegeruste en goed georganiseerde universiteitsbiblioteke dikwels in amptelike regeringsverslae beklemtoon, maar ongelukkig is daar nie veel gedoen om die toestand te verbeter nie. As outonome staatsondersteunde inrigtings (sedert Uniewording) het universiteite die grootste persentasie van hulle fondse van die Staat gekry. As gevolg van die ontoereikende staatsubsidie was universiteite indertyd nie in staat om voldoende fondse vir die uitbou van studiemateriaal en die benoeming van die vereiste personeel beskikbaar te stel nie. Die Van der Horstkommissie (1928:17) stel onder andere in sy *Verslag* die volgende: “Die Kommissie is van gevoele dat, met een uitstaande en miskien twee aanbevelingswaardige uitsonderings, die biblioteekfasiliteite van die bestaande inrigtings onvoldoende is. Van sommige inrigtings kan skaars gesê word dat hulle sulke fasiliteite besit, en een van die grootstes beskryf homself as *'n Universiteit sonder 'n biblioteek.*”

In 1920 het die Universiteit van Kaapstad die eerste professioneel gekwalifiseerde bibliotekaris in die geskiedenis van Suid-Afrika in diens geneem (Immelman, 1955:42). Die eerste biblioteekkundig gekwalifiseerde universiteitsbibliotekaris is in 1929 aan die universiteite van die Witwatersrand en van Stellenbosch benoem in die persone van P. Freer en G.V. Marais (Malan, 1970(3):38).

By die meerderheid universiteite en universiteitskolleges was daar nie professioneel opgeleide personeel in diens nie, en die ordening en beskikbaarstelling van die materiaal vir studie- en navorsingsdoeleindes het daaronder gely.

2.2.5 *Vakbiblioteke*

In sy bydrae tot die geskiedenis van wetenskaplike biblioteke wys Immelman (1955:25-44) daarop dat die verenigings- en inrigtingsbiblioteke wat in die agtiende en negentiende eeu in die Kaap gevorm is, dieselfde doelwitte as die oorsese vakbiblioteke van die tyd gehad het.

In Suid-Afrika is vakbiblioteke volgens Kritzinger (1936:97) grootliks produkte van die twintigste eeu. Daar kan wel gesê word dat die dokumentêre versamelings van die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie as die voorlopers van latere regeringsbiblioteke beskou kan word (Immelman, 1972:16). 'n Vakbiblioteek word gesien as enige biblioteek wat nie 'n openbare- of universiteitsbiblioteek is nie. In Suid-Afrika, soos trouens ook in toonaangewende westerse lande, het die term *vakbiblioteek* egter die konnotasie van inrigtings vir natuurwetenskaplikes en tegnoloë gekry. Dit was verstaanbaar aangesien hierdie soort biblioteke meesal verbonde was aan inrigtings wat met natuurwetenskaplike en/of tegniese ontwikkeling te doen gehad het. "... a special library should more correctly be understood as any collection of materials in a restricted or specialised field, serving a particular clientele whose interests lie in this field and as often as not using special methods to give that service" (Taylor, 1967:58).

In hierdie sin het daar dus aan die begin van hierdie eeu geen volwaardige vakbiblioteke in Suid-Afrika bestaan nie.

2.2.6 *Biblioteekpersoneel*

Die persone wat aan die begin van die twintigste eeu as opgeleide bibliotekarisse in biblioteke gewerk het, was, soos reeds gemeld, hoofsaaklik uit Brittanje afkomstig. Van 1900 tot 1904 het vier Britse bibliotekarisse na Suid-Afrika gekom om as hoofde van openbare biblioteke op te tree (Kennedy, 1954:52). Hulle opleiding het in die reël uit 'n soort vakleerlingskap, wat in biblioteke onder toesig uitgevoer is, bestaan. Swak besoldiging en beperkte werkseleenthede vir opgeleide bibliotekarisse in Suid-Afrika het verder die rekrutering vir die beroep teengewerk.

2.2.7 *Biblioteekvereniging*

Verskeie pogings (afdeling 2.4) is aangewend om die klein aantal professionele bibliotekarisse tot voordeel van die beroep in 'n biblioteekvereniging saam te snoer. As gevolg van die verspreidheid van die persone oor 'n uitgestrekte land, hulle swak besoldiging en die feit dat die biblioteekwese nie algemene erkenning as beroep geniet het nie, het van hierdie pogings niks tereggekam nie. Ferguson

(1929:25) het betoog dat so 'n vereniging van onskatbare waarde sou wees vir die uitbou van die biblioteekprofessie in Suid-Afrika. Solank die posisie van die opgeleide bibliotekaris so benard was, sou dit ook nie moontlik wees om aan betekenisvolle opleiding aandag te gee nie.

2.2.8 *Die opleiding van bibliotekarisse*

Die biblioteekberoep het sulke swak vooruitsigte gebied dat persone met hoër onderwyskwalifikasies selde bereid was om biblioteekposte te aanvaar. Die opleiding van biblioteekpersoneel was indertyd onbevredigend omdat daar geen opleidingsmoontlikhede in Suid-Afrika bestaan het nie. Aangesien daar so min groot biblioteke met biblioteekkundig gekwalifiseerde hoofde bestaan het, was daar ook vir diegene wat in biblioteke werkzaam was, geen geleentheid om behoorlike indiensopleiding te ondergaan nie.

Enkele Suid-Afrikanners het hulle egter deur middel van die korrespondensiekursusse van die Britse *Library Association* probeer bekwaam. Die groot afstand tussen dosent en student het egter in die omstandighede begrypklikerwyse nie tot voordeel van die opleiding gestrek nie. Daarbenewens is daar nie aan spesifiek Suid-Afrikaanse biblioteekprobleme aandag gegee nie. Ferguson (1929:13) was ook nie ten gunste daarvan dat opgeleide bibliotekarisse van oorsee ingevoer moes word nie of dat studente na die buiteland gestuur word om daar te kwalifiseer nie. Na sy mening moes bibliotekarisse 'n stempel eie aan hul vaderland dra, en dit sou slegs moontlik wees wanneer hulle plaaslik opgelei kon word. Hy het aanbeveel dat 'n groot biblioteek of 'n universiteit in Suid-Afrika die voortou moes neem om eers vakansiekursusse vir opleiding van die personeel aan te bied. Daarna kon, namate die vraag na opgeleide bibliotekarisse toeneem, geleidelik oorgegaan word na volle opleiding deur universiteite (Ferguson, 1929:25).

2.2.9 *Biblioteekgeboue van openbare biblioteke*

Die meerderheid van die geboue waarin openbare biblioteke gehuisves is, was ondoeltreffend. In die reël is die geboue nie oorspronklik as biblioteke beplan nie, maar vir die doel omskep. Blykbaar is by die stigting van 'n nuwe biblioteek gewoonlik eerste aan 'n gebou

gedink, en dit was waarskynlik die rede waarom daar so baie biblioteekgeboue in Suid-Afrika was. Daar was 'n paar goed beplande biblioteekgeboue waar uitnemende werk gedoen is, maar die meeste geboue was swak beplan en nog swakker toegerus met onbevredigende meubels en rakke. Die ruïntes is onoordeelkundig benut deurdat daar afsonderlike leesruimtes vir die intekenare en vir die lede van die publiek ingerig is, terwyl in die meeste gevalle nie vir 'n kinderafdeling voorsiening gemaak is nie (Ferguson, 1929:8-9).

2.2.10 *Biblioteekgebruikers van openbare biblioteke*

Ferguson (1929:9-10) wys daarop dat die organisasie van openbare biblioteke op 'n subskripsiebasis daartoe aanleiding gegee het dat die openbare biblioteek buite die gebruik van die massa gestel is en dat net ongeveer vier persent van die bevolking die diens kon benut. Daar was geen verspreidingspunte, takbiblioteke of depots nie, en die biblioteek is nie na die gemeenskap uitgedra nie. Daar is ook gevind dat die rakke van die meeste biblioteke nog taamlik vol was nadat al die lede boeke uitgeneem het.

Die samestelling van die bevolking het die ontwikkeling van biblioteke in Suid-Afrika gestrem. Baie van die biblioteekkomitees was onwillig om 'n biblioteekdiens onder staatsbeheer te oorweeg omdat dit volgens hulle kon meebring dat die hele bevolking tot die biblioteek toegang sou verkry.

2.2.11 *Boekevoorraad*

As in aanmerking geneem word dat die twee honderd en elf openbare biblioteke tydens die Ferguson-Pitt-opname gesamentlik 'n voorraad van meer as een miljoen boeke besit het, kon daar nie sprake van 'n gebrek aan literatuur gewees het nie, aangesien dit neergekom het op een boek vir elke lid van die destydse Blanke bevolking wat grotendeels die leserspubliek in Suid-Afrika uitgemaak het. Hierdie voorraad het egter hoofsaaklik uit minderwaardige ontspanningsleesstof bestaan wat grotendeels boeke ingesluit het wat so gehawend was dat dit lank reeds afgeskryf moes gewees het. Biblioteekkomitees het egter merendeels verkies om die gebouruimtes uit te brei eerder as om die voorraad uit te dun. As gevolg van 'n gebrek aan 'n nasionale

biblioteekbeleid en gekoördineerde pogings om die boekebesit wetenskaplik uit te brei, het die biblioteeksaak daaronder gely (Pitt, 1929:8).

Die boekebesit van die twee universiteite in die Suide was destyds vergelykenderwys nie so ontoereikend nie. Veral Kaapstad kon met 'n goed georganiseerde diens redelik aan die behoeftes van sy studente voldoen. As daar 'n mate van samewerking tussen die twee universiteite sou kon wees, sou beter in die behoefte van studente voorsien kon word. In vergelyking hiermee het die Universiteit van die Witwatersrand oor geen biblioteek beskik nie en die boekevoorraad van die universiteitskolleges het swak met dié van Amerikaanse hoërskole vergelyk (Pitt, 1929:11-12).

Oor die algemeen was die katalogusse van die Suid-Afrikaanse biblioteke baie swak en het daar gewoonlik 'n agterstand met die katalogisering bestaan. Die algemene toestand van die biblioteke in Suid-Afrika was nie bemoedigend nie en die indrukke van Pitt en Ferguson was nie gunstig nie.

2.3 Die Suid-Afrikaanse Biblioteekkonferensie, 1928

2.3.1 Inleiding

Soos reeds in afdeling 2.2.1 aangedui, het Pitt en Ferguson in opdrag van die Carnegie korporasie na Suid-Afrika gekom om die biblioteektoestand hier te ondersoek en om aanbevelings vir finansiële steun deur die Korporasie te maak. Die besoek van Pitt en Ferguson, die hulp van die Carnegie korporasie en die daaruit voortvloeiende eerste (nasionale) konferensie van biblioteekowerhede in 1928 het 'n baie groot invloed op die latere ontwikkeling op die gebied van die biblioteekwese in Suid-Afrika uitgeoefen. Dit kan met reg as die begin van die moderne biblioteekontwikkeling in Suid-Afrika beskou word, en daarom word enigsins breedvoerige inligting daarvoor verstrekk.

Pitt en Ferguson het bevind dat dit noodsaaklik was om 'n skema vir 'n praktiese biblioteekdiens, wat in die behoeftes van almal sou voorsien, daar te stel. Om dit in 'n gedceltelik gevestigde en yl

bevolkte, ontwikkelende land te verwesenlik, moes die diens ekonomies in sy werkverrigting wees. Pitt (1929:19-33) het voorstelle in verband met die reorganisering en die daarstelling van 'n doeltreffende biblioteekstelsel vir die Unie voorberei vir voorlegging aan die konferensie van biblioteekowerhede. Sy mikpunt was dat die skema 'n boekediens aan almal wat daarvan gebruik wou maak, moes voorsien. Pitt en Ferguson het in hulle memorandum aangedui dat die owerheid volle verantwoordelikheid vir die diens moes aanvaar, dat die subskripsiebiblioteke hulle bates aan die staat moes oordra en dat biblioteke boeke gratis vir leengebruik aan die publiek beskikbaar moes stel. Die hele biblioteekstelsel moes dus finalitêr onder die beheer van die sentrale owerheid staan.

Vir die daarstelling van 'n doeltreffende skema waarvolgens biblioteke kon funksioneer en 'n organisasie wat as sentrale koördinerende liggaam kon dien, beskou Pitt dit noodsaaklik dat 'n nasionale biblioteekraad deur wetgewing ingestel moes word. Aan so 'n biblioteekraad moes die formulering van 'n biblioteekbeleid in Suid-Afrika opgedra word om 'n doeltreffende biblioteekdiens vir die land, wat deur die staat gefinansier moes word, te ontwikkel en uit te bou. Om beide die nasionale en plaaslike belange te beskerm moes die sentrale owerheid saam met die provinsiale owerhede die verantwoordelikheid vir die biblioteekdiens aanvaar.

2.3.2 *Die Biblioteekkonferensie 1928*

2.3.2.1 *Algemeen*

Die welslae van Pitt en Ferguson se sending was daarvan afhanklik dat hulle die ondersteuning van die plaaslike bibliotekarisse, senior staatsamptenare en ander belanghebbende biblioteekowerhede verkry vir die program wat hulle op grond van hulle bevindinge opgestel het. Hulle het in so 'n mate daarin geslaag dat die *Konferensie*, wat van 15 tot 17 November 1928 plaasgevind het, en wat die hoogtepunt van hulle besoek was, deur agt en sewentig persone bygewoon is. Daaronder was, benewens tien bibliotekarisse, afgevaardigdes van biblioteekkomitees en stadsrade, 'n aantal senior staatsamptenare, professore en drie rektore van universiteite en universiteitskolleges (Coetzee, 1975(1):10).

Tydens die *Konferensie* het Pitt en Ferguson hulle bevindinge kortliks toegelig en hulle aanbevelings is deur die *Konferensie*, wat deur die voorsitter in ses verskillende komitees ingedeel is, bespreek. Met enkele wysiginge is die voorstelle van die komitees deur die hele *Konferensie* aangeneem. Na oorweging van die biblioteekbehoefes van Suid-Afrika en die bestaande geriewe spreek die *Konferensie* sy oortuiging uit dat daar 'n groot behoefte bestaan aan:

“(a) Uitbreiding onder die volk van die gewoonte om te lees vir studie en ontspanning, en die erkenning deur die Unie-regering van biblioteekgeriewe as 'n uitbreiding van die opvoedkundige dienste deur die staat gestig.

(b) Die aanmoediging by alle skoolgaande kinders en dié wat reeds die skool verlaat het van die gewoonte om te lees, en hulle leiding by die gebruik van boeke.

(c) Voldoende verskaffing van biblioteke vir die nie-blanke gedeeltes van die bevolking.

(d) Die stigting van 'n gekoördineerde diens deur die hele land, ten einde onekonomiese organisasie van biblioteke (veral ten opsigte van die aankoop van boeke) te vermy, en om alle boeke in die nasionale stelsel binne bereik van elke burger van die Unie te bring” (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):10).

2.3.2.2 'n Nasionale biblioteekstelsel

Die *Konferensie* het hom uitgespreek ten gunste van 'n vry openbare biblioteekdiens vir die hele land, en verder is 'n omvattende plan opgestel vir 'n nasionale biblioteekstelsel. Benewens openbare biblioteke sluit hierdie plan ook universiteits-, universiteitskollege- en skoolbiblioteke in. Die stelsel moes op die volgende manier georganiseer word (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):10-12):

2.3.2.2.1 Algemene biblioteekorganisasie

Daar is aanbeveel dat een van die bestaande biblioteke, benewens sy funksie om as biblioteek vir sy eie omgewing op te tree, ook ingerig

moes word as *hoofsentrum* wat die hele land van tegniese en duurder boeke kon voorsien. Ses bestaande biblioteke moes as *sekondêre sentra* ingerig word om benewens die diens aan die onmiddellike omgewing, die diens van die ondergeskikte sentra aan te vul. Sekere biblioteke moes as *ondergeskikte sentra* georganiseer word om hulle eie stede en distrikte te bedien. Biblioteke in die kleiner stede en dorpe, skole, polisieposte en ander sentra moes as *dienspunte* gebruik word om boeke aan lesers binne hulle bereik te versprei. Ander versamelings moes, waar moontlik, by die nasionale diens ingesluit word sodat dit vir die land as leendiens tot voordeel kon strek. Die gratis vervoer van boeke deur die spoorweë en die posterye is ook bepleit (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):10).

2.3.2.2.2 *Besondere biblioteekdienste*

2.3.2.2.2.1 *Skoolbiblioteekdienste vir Blankes*

Skoolboekerye is deur die *Konferensie* as 'n onmisbare deel van die opvoedkundige en nasionale biblioteekstelsels van die land beskou. Die aanstelling van 'n skoolbibliotekaris op die personeel van elke skool is bepleit en 'n afsonderlike vertrek vir die boekery van 'n hoërskool is aanbeveel. Veral die behoefte en gebruik van naslaanwerke deur die leerlinge is sterk beklemtoon; naslaanwerke is as deel van die basiese toerusting van 'n skool beskou, wat die departemente van onderwys aan skole behoort te verskaf. Verder is in die vooruitsig gestel dat ontspanningslektuur en tegniese studieboeke 'n deel van die groot versameling boeke in die openbare biblioteekstelsel moes uitmaak en dat dit volgens behoefte by skole gesirkuleer moes word. Die idee was verder dat skole as verspreidingspunte van die openbare biblioteekstelsel moes dien waar daar geen openbare biblioteek op die dorp bestaan het nie (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):11).

2.3.2.2.2.2 *Biblioteekdienste vir Nie-Blankes*

Hier het die *Konferensie* aanbeveel dat die dienste as 'n deel van die algemene biblioteekdiens gratis verskaf en dat die boeke apart van dié van die Blankes gehou moes word. Waar enigsins moontlik moes die sentrale biblioteekstelsel ook hierdie verspreiding waarneem.

Skole vir Nic-Blankes op die platteland sou ook as biblioteeksentra dien en sou deur die sentrale biblioteekselsel van kiste boeke, verkieslik in die vernaamste huistaal van die streek, voorsien word. Skoolinspekteurs moes hulp verleen by die organisering en toesig-houding van hierdie biblioteekgeriewe op die platteland (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, (1929(1):11).

2.3.2.3 'n Biblioteekvereniging

Een van die belangrikste aanbevelings van die *Konferensie* was dat 'n biblioteekvereniging gestig word "wat die ontwikkeling van die biblioteekgeriewe in die Unie en die bevordering van beroepsopleiding vir biblioteekdiens ten doel het" (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):12). Daar is besluit dat die Britse *Library Association* as model gebruik moes word. Hierdie voorstel het ingehou dat die lidmaatskap van die biblioteekvereniging nie tot biblioteekwerkers beperk sou wees nie, maar dat almal wat in die bevordering van biblioteekwese belang gestel het by die vereniging kon aansluit. Daar is verder aanbeveel dat die vereniging jaarliks konferensies moes hou, dat verskillende takke van die vereniging gestig moes word, dat die beroepsopleiding van die bibliotekarisse onder die beheer van die vereniging geplaas word en dat die vereniging 'n eie blad moes publiseer. 'n Stigtingskomitee van nege lede met A.C.G. Lloyd as voorsitter en M.M. Stirling as sekretaris is benoem om 'n grondwet saam te stel, lede te werf en 'n stigtingsvergadering te belê.

2.3.2.4 Die opleiding van bibliotekarisse

Die *Konferensie* het aanbeveel dat die opleiding van bibliotekarisse deur die te stigte biblioteekvereniging onderneem moes word en dat 'n opleidingskursus volgens die Britse model, maar aangepas by Suid-Afrikaanse omstandighede, opgestel moes word. Die inattikulasiesertifikaat of 'n gelykstaande eksamen is as minimum toelatingsvereiste tot die beroep gestel (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):12-13). 'n Universiteitsgraad of 'n sertifikaat van geslaagde universiteitskursusse is van die begin af beskou as 'n kwalifikasie waarvoor salarisaanpassings gemaak moes word.

2.3.2.5 *Finansiële implikasies*

Die koste aan die skema verbonde is beraam met die veronderstelling dat dit 'n vry biblioteekdiens sou wees en dat alle biblioteke van die land daarby sou inskakel. Die Carnegie-korporasie sou versoek word om die aanvanklike uitgawes te voorsien (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):13). Die gedagte was dat toekomstige uitgawes van die biblioteekdienste deur die sentrale regering en plaaslike owerhede voorsien moes word en dat die provinsiale owerhede vir die finansiering van skoolbiblioteekdienste verantwoordelik sou wees.

2.3.2.6 *'n Biblioteekraad*

Vir Ferguson was die fokuspunt van die nasionale biblioteekstelsel die direkteur van biblioteekdienste en 'n statutêre nasionale biblioteekraad. Daar is gevolglik deur die *Konferensie* aanbeveel dat “ 'n Suid-Afrikaanse Biblioteekraad aangestel word om die nasionale biblioteekstelsel te reguleer en te beheer” (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):14). Verder is besluit om die dienste van Pitt en/of Ferguson te verkry om die stelsel te organiseer indien die verantwoordelike owerhede hulle ten gunste van 'n nasionale biblioteekstelsel sou verklaar (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):14).

2.3.2.7 *Bibliografiese dienste*

Dit is betekenisvol om daarop te let dat die *Konferensie* besluit het dat 'n bibliografie van Suid-Afrikaanse literatuur saamgestel moes word en dat die “boeke en handskrifte van die inrigtinge en private versamlinge wat in die Suid-Afrikaanse biblioteekstelsel betrek word, op 'n eenvormige basis gekatalogiseer moet word” (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):14).

2.3.2.8 *Vry biblioteekdiens*

Al die afgevaardigdes na die *Konferensie* het die beginsel van 'n vry biblioteekdiens op alle vlakke met groot geesdrif ondersteun (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):14).

2.4 Die stigting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1930

Die eerste vereniging van bibliotekarisse in Suid-Afrika is in 1904 gestig (Taylor, 1967:71). Die stigting van die vereniging was die gevolg van 'n konferensie van die *Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap* — 'n inisiatief wat deur natuurwetenskaplikes geneem is. Dit sou egter blyk dat die tyd ongelukkig nog nie ryp was vir so 'n vereniging nie, en na die eerste konferensie in 1906 het hierdie vereniging van bibliotekarisse opgehou om te bestaan (Taylor, 1967:71).

In 1918 het Geo Reyburn, stadsbibliotekaris van Durban, en M.M. Stirling, bibliotekaris van Germiston, 'n verdere poging aangewend “to form a South African Library Association on the lines of the British and American Associations, in order to unite all those engaged or interested in Library work in South Africa” (Brief Reyburn & Stirling, 2 September 1918). Die voorgestelde vereniging sou nie net vir bibliotekarisse en hulle assistente bedoel gewees het nie, maar ook vir die bevordering van die biblioteekbeweging in Suid-Afrika en die samesnoering van alle persone wat in opvoedkundige sake belang gestel het. Reyburn en Stirling het gehoop dat die tyd in daardie stadium wel ryp sou wees om 'n hegte band tussen die biblioteke en die opvoedkundige stelsel van die land te smee. “It is felt that the conditions of Librarianship in this country can be materially improved, the status of the profession raised, the public educated in the use and importance of their Libraries, Library legislation promoted, and the establishment of new Libraries encouraged by the activities of such an Association ... It is NOW, when reconstruction and reorganization are in the air, that the matter must be discussed, that careful plans must be laid for the future, so that the Library movement in South Africa may not be left struggling far in the rear of all educational ideas when the war is over” (Brief Reyburn & Stirling, 2 September 1918).

Die voorstel was dat 'n konferensie van belangstellendes op 11 November 1918 te Bloemfontein gehou moes word. Die doelstellings van die Britse Biblioteekvereniging is as basis van bespreking by die uitnodiging aangeheg. Die Goewerneur-Generaal, burggraaf Buxton, het sy goedkeuring aan hierdie poging tot die stigting van 'n

biblioteekvereniging in Suid-Afrika verleen. Hoewel die vereniging, wat op bogenoemde datum gestig is, nooit amptelik ontbind het nie, het die werksaamhede, veral as gevolg van die gebrek aan entoesiasme daarvoor deur A.C.G. Lloyd, bibliotekaris van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek, nie verder as die stigtingsvergadering gevorder nie.

Die finale stimulus tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het gespruit uit die aanbevelings wat deur die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* aanvaar is. 'n Komitee bestaande uit A.C.G. Lloyd (voorsitter), M.M. Stirling (sekretaris), S.B. Asher, F.W. Cooper, F.H. Rooke, mej. M. Eitzen, dr. G.v.W. Eybers, dr. C.T. Loram en prof. F. Postma moes aandag aan 'n grondwet vir die te stigte verenigingskenk. Volgens hulle opdrag moes die lidmaatskap oop wees vir almal wat in die biblioteekbeweging belang gestel het. Inrigtingslede moes ook hierby betrek word (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):12).

Die *Komitee* het 'n grondwet saamgestel, en die stigtingsvergadering van die *Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging* is op 5 Julie 1930 te Bloemfontein gehou. Die voorgestelde grondwet is deur die *Konferensie* aanvaar, en nege en tagtig persone het as lede aangesluit (Stirling, 1933(3):36). A.C.G. Lloyd is as president en M.M. Stirling as eresekretaris van die Vereniging verkies. Die Bestuursraad van die Vereniging is uit verteenwoordigers van verskillende sentra saangestel (SABV-Verslag, 1930-33:1).

In verband met die beginsel van die stigting van 'n nasionale biblioteekvereniging sê Munford (1976:11): "Hindsight suggests that two of the essential requirements for library association formation are the initiative of a young secretary of outstanding energy and enthusiasm and the support of some of the best-known and older librarians of the period".

In die persoon van M.M. Stirling is 'n energieke sekretaris gevind. Hy was een van die groot pioniers van die Suid-Afrikaanse biblioteekwese en verdien die beskrywing as "Father of the first library movement in South Africa" (Aschenborn, 1972:v). Hartmann (1972:vi) verklaar: "Few had the vision and none the driving power of Mr Stirling. He

was the master architect of the whole library movement. If the foundations of all the branches of library activities ... had not been so well and truly laid in the beginning, it would surely have taken very much longer before the edifice had reached its present stature.”

As gevolg van die verspreidheid van lede was dit aanvanklik nie moontlik om verskillende takke van die Vereniging te stig soos deur die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1928) aanbeveel nie. In 1931 is die Witwatersrandse en Pretoriatak gestig met S.B. Asher as die eerste voorsitter (SABV-Verslag, 1930-33:3).

Die doelstellings van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging is met sy stigting in 1930 soos volg geformuleer:

“(1) Om alle persone werksaam of geïnteresseerd in Biblioteekwerk te verenig deur konferensies en vergaderings te hou ter bespreking van al dergelike sake wat biblioteke, die bestuur en reëlings daarvan, betref.

(2) Om die betere bestuur van biblioteke te bevorder.

(3) Om alles te bevorder wat kan bydra tot verbetering van die posisie en bevoegdheid van bibliotekarisse.

(4) Om die oprigting van biblioteke te bevorder en in besonder van vrye biblioteke ten dienste van die publiek.

(5) Om 'n wakende oog te hou op enige wetgewing aangaande publieke biblioteke en sodanige verdere wetgewing te bevorder wat as wenslik beskou mag word vir die reëling en bestuur of uitbreiding van publieke biblioteke.

(6) Om informasie te publiseer wat tot diens van of van belang mag wees vir lede van die Vereniging.

(7) a. Om meer fasiliteite te verskaf vir opleiding in bibliotekarisskap.

b. Om eksamens te hou in bibliotekarisskap en om sertifikate

van bekwaamheid uit te reik.

(8) Om die beste medewerking te bevorder tussen publieke-, goewernments-instellings, en private biblioteke.

(9) Om alle wetlike maatreëls te neem wat die bogemelde doeleindes kan bevorder" (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1930:1).

Die aanvanklike basiese doelstellings van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging was dus breed en omvattend. Inderdaad is 'n groot en omvangryke taak aan lede van die Vereniging gestel.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het van 1930 tot 1980 gefunksioneer as 'n vereniging waaraan alle belangstellendes kon behoort. In 1980 is hierdie Vereniging omskep in 'n professionele vereniging, die *Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese*, waarin slegs professionele bibliotekarisse volle stemreg het.

Die mate waarin die oorspronklike doelstellings van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging ooreengestem het met die doelstellings van 'n professionele biblioteekvereniging, sal verder ondersoek word en aangesien die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in 1980 omskep is in die professionele liggaam, die *Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese*, is dit nodig geag om vervolgens ondersoek in te stel na die universele aard, vereistes en doelstellings van professionele verenigings.

3. DIE TAAK VAN 'N PROFESSIONELE VERENIGING OP DIE GEBIED VAN DIE BIBLIOTEEKWESE

3.1 *Wat is 'n professie?*

Daar is reeds baie geteoretiseer oor wat 'n beroep eensyds en 'n professie andersyds is en aan watter vereistes 'n beroep vervolgens moet voldoen om as professie erken te word. Die gesaghebbende skrywers kon egter nog nie hieroor eenstemmigheid bereik nie. Om hierdie rede word beroep en professie as sinonieme gebruik.

Professionaliteit berus daarop dat onvattende kennis benodig word om probleme op te los. 'n Professionalis met gespesialiseerde kennis lewer diens aan persone wat probleme het. Hy tree outonoom op, dog sy optrede word deur kollegas geëvalueer. Die professie besit 'n monopolie oor die aktiwiteite wat dit beoefen, die gemeenskap erken die waarde van die professie en die professionaliste word in 'n professionele vereniging saamgesnoer.

Die professionele lede van die beroep werk saam om 'n praktiese en teoretiese standaard van optrede of werkverrigting daar te stel wat nagestreef moet word. Deur voortdurende evaluering van die opvoedkundige programme word 'n gesaghebbende konsensus bereik wat as doelwit geld omdat dit die denke van die professie weerspieël. "A person who knows a great deal is not necessarily a professional person ... a person who *knows* and *knows how* and *knows why* is fully entitled to claim status in a profession" (Miller, 1956:47). 'n Professionele persoon bemeester nie alleen die tegniese vaardighede nie, maar hy bestudeer ook die teorie waarop die roetine en stelsels gebaseer is. Die tegnieke wat toegepas word, moet op beginsels berus en die probleme moet granaliseer word om aspekte waaraan wysigings aangebring moet word te identifiseer. Professionele werk moet dus nie as 'n middel tot 'n doel gesien word nie, maar as 'n doel op sigself (Steyn, 1975:33). 'n Professionele persoon moet toegewyd wees aan en 'n verantwoordelikheid tot die professie openbaar.

Die verantwoordelikhede van 'n professie staan in verband met die rol van die professionele werker in die gemeenskap en word deur die status van die professie op die werker afgedwing. Hierdie verantwoor-

delikhede word aanvaar in ruil vir die prestige en voorregte wat met professionele status gepaard gaan. In die werksituasie tree 'n professionele persoon nie geïsoleerd op nie, en die uitvoering van die verskillende take van elke profesie geskied deur 'n netwerk van formele en informele groepe. "The interactions of social roles required by these formal and informal groups generate a social configuration unique to the profession, viz., a professional culture. All occupations are characterized by formal and informal groupings; in this respect the professions are not unique. What is unique is the culture thus begotten. If one were to single out the attribute that most effectively differentiates the professions from other occupations, this is it" (Greenwood, 1966:16).

'n Besondere kenmerk van 'n profesie, wat baie met die kliënt-georiënteerde aard van die werk saamhang, is dat daar vir elke volwaardige profesie 'n bepaalde etiese gedragkode ontstaan waarvolgens 'n professionele persoon sy eie gedrag moet reguleer. Hierin word die wyse van optrede in die werk, asook die basiese beginsels wat in die verhouding tot die kliënt in ag geneem word, vasgelê. Deur so 'n etiese gedragkode kan 'n formele beheer oor lede van die profesie uitgeoefen word. 'n Professionele persoon moet hom vergewis van die waardes en norme van die profesie om hom met die professionele groep te identifiseer (Steyn, 1975:35).

Sosioloë stem in breë trekke saam dat 'n profesie die volgende *eienskappe* moet hê (Dunkerley, 1975:55-56):

die aktiwiteite wat verrig word, moet deur die gemeenskap vereis en dit moet deur 'n groep persone uitgevoer word. Die aktiwiteit moet onderskei kan word van aktiwiteite wat deur nie-professionele persone uitgevoer word;

persone wat hierdie aktiwiteite uitvoer, moet hulle in 'n vereniging organiseer, en daar moet streng toelatingsvereistes gestel word;

die beroepsgroep ontwikkel basiese toelatingsvereistes op grond van voorgeskrewe eksamens;

die beroepsgroep moet 'n etiese kode ontwikkel wat as gids kan dien vir die gedrag van lede en wat as riglyn vir die verwagtinge van die

gemeenskap kan dien;

die gemeenskap moet die professionele beheer oor die sake van die professionele groep ondersteun — dit word gewoonlik deur 'n lisensieringsproses wat wetlik ondersteun is, verkry. Die regsbevoegdheid van die profesie word so beskerm en dit gee aan die vereniging die reg om oor die gedrag van sy lede beheer uit te oefen.

Die *vereistes* vir 'n profesie kan soos volg saamgevat word:

daar moet 'n teoretiese kennisbasis wees waarop professionele praktyk gebaseer word;

dit vereis 'n omvattende opleidings- en onderrigtydperk voordat 'n persoon in 'n professionele kring aanvaar word;

die profesie moet doelgerig in belang van die gemeenskap optree; en

daar moet 'n organisasie, saamgestel uit lede van die profesie, wees wat die status, gedrag en etiese kode van die profesie bepaal.

Volgens die *Opleidingstandaarde vir Biblioteek- en Inligtingsdiens* wat in 1979 deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging saamgestel is, bestaan " 'n beroep of profesie ... uit 'n gemeenskap van vakkundiges wat verantwoordelik is vir die uitvoering van komplekse funksies waardeur behoeftes of probleme van individuele of korporatiewe kliënte bevredig of opgelos en die algemene welsyn van die samelewing bevorder word. Die terme word soms gebruik om die beroeps-gemeenskap en soms om die beroepsfunksies aan te dui. Verdere essensiële kenmerke van beroepe of profesies is, *eerstens*, die bestaan van 'n immer groeiende korpus van gesistematiseerde wetenskaplike kennis, wat deur praktisyns bemaagtig en as grondslag vir die beoefening van die beroepsfunksies aangewend moet word, en, *tweedens*, die bestaan van 'n diensoriëntering en 'n sterk bewussyn van die verantwoordelikhede van die beroep teenoor kliënte en gemeenskap. Alle beroepe is nie ewe ver geprofessionaliseer nie en 'n bepaalde beroep dikwels nie ten opsigte van verskillende professionele eienskappe nie" (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1979:28).

3.2 Die aard, vereistes en doelstellings van 'n professionele vereniging

Enige profesie behoort 'n nasionaal erkende vereniging te hê wat van sy lede die reg verkry om namens hulle op te tree. Die lidmaatskap van die vereniging moet omvattend wees — die meerderheid lede van die profesie moet dus lede van die vereniging wees, hulle moet dieselfde doelstellings nastreef, dieselfde etiese kode onderskryf en moet daarna streef om diens aan die gemeenskap te verbeter. Persone wat vir dieselfde doel byeenkom, word eers as professioneel beskou wanneer hulle in staat is om standarde te formuleer wat die toets van 'n profesie deurstaan, om kriteria daar te stel vir lede van die groep, om toegang aan diegene wat nie aan die kriteria voldoen te weier en om metodes daar te stel om die professionele vlak van lede op 'n redelike peil te hou. 'n Organisasie kan eksklusief word deur standarde te stel waaraan voldoen moet word voordat 'n lid toegelaat word. "The professional organization, however, sets up a distinctly different kind of criteria for membership. A member must agree to abide by an established code of ethics, agree to a constitution and set of by-laws, and pay initiation and membership fees. In addition, his intellectual attainment must be evidenced by an academic degree awarded by a recognized school providing professional training" (Shaffer, 1968:28).

Uit die gesigspunt van doelwitte en oogmerke kan verenigings in professionele en nie-professionele verenigings onderskei word. Die nie-professionele verenigings sien nie na die belange van 'n beroep om nie en het algemene politieke, godsdienstige en ontspanningsdoelwitte. 'n Professionele vereniging is aan gespesialiseerde profesies of beroepe, waar hoë standarde van opleiding en bekwaamheid vereis word, gekoppel. In die moderne mededingende wêreld is dit noodsaaklik dat lede van profesies of beroepe saamgesnoer word om hulle aktiwiteite te beplan en om die belange van hulle betrokke profesies te beskerm.

Die hoofrede vir die bestaan van 'n professionele vereniging is dus sy doel en funksies. Dit vorm die basis vir die definisie van 'n professionele vereniging wat Merton (1958:2) soos volg omskryf: "an organization of practioners who judge one another as professionally competent and who have banded together to perform social functions which

they cannot perform in their separate capacity as individuals.”

'n Verdere aanduiding van die sentrale rol van die doel en funksies van 'n professionele vereniging kan in die woord *professioneel* gevind word. “It is said that *professional* is applied to activities ... in which a group of people were linked together by having made some sort of *declaration* — of belief, purpose, intention ... but offering a service which was of public value” (Foskett, 1976:479).

'n Belangrike stap in die ontwikkelingsproses van professionele verenigings was die verhoging van die toetredings- en opleidingstandaarde. Die verhoging van standaard is altyd een van die basiese doelstellings van die beroepsvereniging. Die beskerming van die belange van die beroepsbeoefenaar en van die gebruiker staan voorop. Die gemeenskap word hierdeur verseker van 'n eerlike en bevoegde diens. Die beroepsvereniging tree aan die ander kant nie soos 'n vakbond op nie, waar dit slegs oor die beskerming en uitbreiding van regte en voorregte van lede gaan.

'n Professionele vereniging word vir 'n bepaalde doel in die lewe geroep. Die doelstellings van die vereniging is oor die algemeen van so 'n aard dat individue die besondere doel nie alleen kan verwesenlik nie. Daarom word gepoog om 'n aantal individue wat dieselfde of gemeenskaplike doel nastreef in 'n vereniging saam te snoer. So 'n vereniging moet onder andere die professionele bevoegdheid en die professionele gedrag van sy lede waarborg en standaard formuleer vir die toelating tot die beroep.

Volgens Steyn (1975:38) is dit voor-die-hand-liggend dat, waar 'n professie die reg tot die uitoefening van 'n monopolie en outonome beheer oor die aktiwiteite verbode daaraan verkry, die een of ander struktuur binne die professie sal moet ontstaan, wat die sentrum vir die uitvoering van hierdie magte en pligte sal wees. Hierdie struktuur word neergelê in die grondwet waarin onder meer die beginsels, die doelstellings en organisasie van die professionele vereniging hulle neerslag vind. Malan (1978(1):170) beklemtoon die belangrikheid van die organisasiestruktuur van 'n beroepsvereniging omdat dit masjinerie skep waarvolgens so 'n vereniging sy doelstellings kan verwesenlik. Hy stel verder dat hoe beter hierdie struktuur op

die verwesenliking van die doelstellings gerig is en hoe beter dit toelaat dat die funksies uitgevoer word, des te beter sal die doelstellings verwesenlik kan word. Die beleidsbepalende gesag is gesetel in 'n verteenwoordigende vergadering van die lede en die uitvoerende gesag in 'n administratiewe raad, gewoonlik met 'n uitvoerende komitee. Na behoefte kan ander eenhede soos komitees en takke in die lewe geroep word.

'n Professie moet 'n beleid formuleer wat nie alleen hoë standaarde stel nie, maar wat hoë standaarde handhaaf deur op te tree teen individue wat oortree en korrektiewe maatreëls te tref voordat die gemeenskap daarop aandring. Ook oor die etiese aspekte moet daar beheer uitgeoefen word. Deur sy hoë standaarde op lede af te dwing, erken die vereniging sy verpligtinge teenoor die gemeenskap.

3.3 'n Biblioteekvereniging as professionele vereniging

Die vraag is of 'n vereniging van bibliotekarisse kwalifiseer om professionele status te verkry en of dit vir die beroep voordelig sal wees.

Edwards sê reeds in 1859: "But unless an Association bring with it increased means of systematic study, and of public evidence of the fruits of study, no result of much worth can be looked for ... " (Aangehaal In Munford, 1976:8).

Daar word algemeen aanvaar dat doeltreffende organisasie van 'n beroep een van die kenmerke van 'n professie is. So 'n organisasie moet, om professioneel te wees, in belang van die gemeenskap optree en nie bloot in belang van sy eie lede nie. Die eerste kriterium vir 'n goed georganiseerde biblioteekvereniging is om die ontwikkeling van biblioteke aan te moedig, om 'n beter en doeltreffender biblioteekdiens te bevorder, en om te sien na groepsbelange binne die beroep self en om nie in die eerste plek die belang van die individuele beroepswerker te bevorder nie (Harris, 1964:6).

Jain (1971:2) sê die volgende: "In our calling as librarians, the body of knowledge in books is our basic stock-in-trade, and the art of displaying and deploying them for the maximum benefit of readers is our particular skill. Both are shared by all librarians ... There are

various specialities within the broad field ... but all come under the one *professional umbrella*: each has its place as a valid and essential part of the whole". Hierdie beeld behels in besonder die ontwikkeling van die bibliotekaris en die skepping van 'n professionele denkpatroon. Daar moet toegesien word dat 'n behoorlike en omvattende beplanning of biblioteekbeleid vir 'n land geskep word deur middel van wetgewing en die bibliotekaris se moet 'n gemeenskaplike doel hê om na te streef. Die bibliotekarisberoep, waarvan die hoofdoel die versameling en ordening van materiaal en die lewering van diens aan die gebruikers en die gemeenskap oor 'n wye spektrum is, moet oor akademies goed toegeruste en professioneel opgeleide personeel beskik.

Volgens Jain (1971:4-5) behoort professionele biblioteekverenigings onder andere die volgende *doelwitte en oogmerke* te hê:

om alle persone wat besig is met, of geïnteresseerd is in biblioteekwerk, te verenig;

om biblioteekdienste en die belange van die professie te bevorder;

om reklame vir biblioteekwese te maak deur die organiseer van boekuitstallings, voordragte, ens.;

om voordragte, seminare, konferensies, besprekingsgroepe oor die biblioteekwese vir bibliotekarisse te reël;

om te streef na die verbetering van die professionele aansien en werksomstandighede van bibliotekarisse;

om biblioteekwetgewing daargestel te kry;

om professionele literatuur te skep en om dit te publiseer;

om studie en navorsing ter bevordering van biblioteekwetenskap te onderneem en om professionele opleiding te bevorder deur behoorlike opleidingsfasiliteite daar te stel;

om bibliografiese navorsing te bevorder en om dit te publiseer;

om die jongste idees in die biblioteekkunde te bestudeer en om dit prakties toe te pas;

om lede van die beroep in noue kontak met mekaar, met die regering, met verantwoordelike persone op ander vakgebiede en met ander biblioteekverenigings op nasionale of internasionale gebied te bring;

om die standaardisering van katalogiseringskodes, klassifikasiesistelsels en ander skemas te bewerkstellig;

om spesifikasies vir meubels en toerusting te standaardiseer; en

om oplossings vir ad hoc-professionele probleme aan te beveel.

'n Biblioteekvereniging kan ten beste funksioneer as daar nasionaal breë beleidsbesluite geformuleer is wat aan individue, groepe of komitees opgedra is om verder bestudeer of geïmplementeer te word. Die vereniging is basies betrokke by die doelstellings, die opdrag en die aktiwiteite van die professie. 'n Biblioteekvereniging behoort sy georganiseerde kragte in idealistiese langtermyn doelwitte te kanaliseer.

Van die *American Library Association* — die grootste en oudste in sy soort — het Grace Stevenson in 1958 gesê: “The activities, invaluable to the profession, are possible only because through the years thousands of devoted members of ALA have, through the Association, pooled their intelligent efforts for the advancement of the profession, to the benefit of all librarians. It is not enough for a professional association to provide a meeting place where its members can exchange experiences and discuss common problems. In the interest of its members, and the society which it serves, it must also work toward the advancement of that profession. This is the responsibility of all librarians, since all librarians benefit from the results ... ALA is an association of which all librarians can be proud, and professional pride should make us want to be part of it. When you join ALA you become a part of that professional organization which largely shapes the destiny of librarianship. Participation in its activities helps to broaden the horizons of librarianship and at the same time helps you

to greater professional development as an individual" (Aangehaal In Kellam, 1960:1057).

Uit die voorgaande blyk dat die *American Library Association* wel deeglik as 'n professionele vereniging aanvaar is.

Die beantwoording van die vraag in hoe verre die *Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging* gedurende sy vyftigjarige bestaan van 1930 tot 1980 ontwikkel het in 'n liggaam wat aan die vereistes van 'n professionele liggaam voldoen, behoort uit hierdie studie moontlik te wees.

4. OPLEIDING VAN BIBLIOTEKARISSE

4.1 Inleiding

In afdeling 1.2 word melding gemaak van die gebrek aan opgeleide biblioteekpersoneel voor die stigting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging.

Daar word verwys na die noodsaaklikheid om breedvoerig aandag te skenk aan die voorsiening van professioneel bevoegde personeel en aan die verbetering van die kwalifikasies van lede van die beroep. Die noodsaaklikheid is gestel dat 'n histories-kritiese oorsig oor die ontwikkeling van opleiding van bibliotekaris se onder leiding van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gegee word om daardeur vas te stel in watter mate die Biblioteekvereniging daarin geslaag het om professioneel opgeleide personeel te voorsien, wat onontbeerlik is vir die uitbouing van biblioteekdienste.

As daar teen die agtergrond van die ontwikkeling van die onderwys in die algemeen na die biblioteekontwikkeling in Suid-Afrika gekyk word, is dit duidelik waarom die opleiding van bibliotekaris se eers meer as veertig jaar na die oorsese pogings afdoende aandag geniet het (Malan, 1970(3):36). As gevolg van die feit dat Suid-Afrika, toe die behoefte aan opgeleide bibliotekaris se vir die eerste keer sterk beklemtoon is, nog 'n kroonkolonie van Brittanje was, was dit logies dat die benodigde personeel daar gewerf sou word en dat die Britse invloed op plaaslike biblioteke sterk sou wees.

In die Verenigde State van Amerika is die oplossing vir die probleem om voldoende opgeleide bibliotekaris se te voorsien gesien in spoedopleiding deur die *Schools of Librarianship*, wat aan universiteite verbonde was en wat 'n B-graad as voorvereiste vir biblioteekkundige opleiding gestel het (Malan, 1970(3):34-36). Op die vasteland van Europa moes voornemende bibliotekaris se 'n praktiese opleidingsperiode in 'n bepaalde biblioteek deurloop. Dit was destyds die gebruik om geleerdes op 'n deelydse grondslag in senior biblioteekbetrekkings aan te stel. Op die laagste personeelvlak is geen biblioteekkwalifikasies vereis nie en tot die middelvlak is meer ervare en bruikbare lede van die laer vlak bevorder. In Brittanje was 'n

stelsel van ambagsopleiding, dit wil sê 'n stelsel van eksamens waardeur vakleerlinge hulle deur privaatstudie kon voorberei om sertifikate van bevoegdheid te verwerf, in swang (Coetzer, 1962(4):138; Malan, 1970(3):29-34).

Die enigste *biblioteekopleiding* wat biblioteekwerkers in Suid-Afrika ontvang het, was, volgens Britse tradisie, om in biblioteke te werk. Aangesien hierdie *opleiding* ongeorganiseerd was, kon dit nie as 'n vakleerlingskap beskryf word nie (Viljoen, 1973:232). Reeds in 1904 het die eerste Suid-Afrikaner vir die eksamen van die Britse *Library Association* ingeskryf. Die eerste persoon uit Suid-Afrika wat in die lys van geslaagdes van die Britse eksamens aangetoon is, is mej. E. Ramage van die Hugenote-Universiteitskollege, Wellington, wat in 1906 die klassifikasie-eksamen geslaag het. In 1924 het mej. P.M. Speight, verbonde aan die Johannesburgse Openbare Biblioteek, die eerste Suid-Afrikaner geword wat as bibliotekaresse gekwalifiseer het deur die verwerwing van die Diploma van die *Library Association* (Kennedy, 1954:52).

In 'n ongepubliseerde dokument sê Ruth Wertheimer tereg (1958:11): "Prior to 1930, then, systematized, organised qualifications were something to be obtained outside South Africa and, with ... [one] exception ... they were British qualifications. Based on a combination of full-time, homestudy, correspondence tutoring with here and there voluntary assistance from colleagues who had been through the course, the grand culmination was a series of examinations set and marked in a country six thousand miles away."

Sommige biblioteke het op die een of ander wyse 'n biblioteekopleiding aan hulle eie personeel voorsien. Die Johannesburgse Openbare Biblioteek het reeds sedert 1924 hieraan aandag geskenk nadat die plaaslike munisipaliteit besluit het om bevordering in die biblioteekdiens afhanklik te maak van die verwerwing van biblioteekkwalifikasies van die *Library Association*. Hierdie voorbereiding het tot 1936 geduur (Kennedy, 1954:53). Sedert 1936 is die klasse ook vir ander biblioteekwerkers in die stad aangebied ter voorbereiding vir die eksamens van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Die verwerwing van toepaslike kwalifikasies het ook 'n vereiste vir benoeming geword. Soos in Brittanje was hierdie aanvanklike

opleiding op die personeel van die openbare biblioteek toegespits.

Pitt en Ferguson het in hulle onderskeie verslae die onontbeerlikheid van voldoende, behoorlik opgeleide biblioteekpersoneel vir die vooruitgang van die biblioteekwese in die land beklemtoon. Hulle het aanbeveel dat 'n struktuur vir 'n opleidingsprogram, aanvanklik met dié van die *Library Association* as voorbeeld, maar op 'n Suid-Afrikaanse lees geskoei, daargestel moes word. Hulle praktiese instelling teenoor probleme wat geïdentifiseer is, was sekerlik vir die aanbeveling verantwoordelik, met die idee dat die universiteite later die opleiding moes voortsit (Ferguson, 1929:20). Die beskikbare opgeleide biblioteekpersoneel was met die opleiding van die *Library Association* bekend, en dit was derhalwe voor-die-hand-liggend dat hulle die aanbeveling sou steun.

Die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1928) het die aanbevelings van Pitt en Ferguson bekragtig, die daarstelling van die een of ander vorm van beroepsopleiding beklemtoon en versoek dat die stigter biblioteekvereniging hoë prioriteit aan die opleiding van bibliotekarisse moes skenk (*Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie*, 1929(1):12-13).

Die besluite van hierdie *Konferensie* het geïmpliseer dat die toelatingsvereistes vir die opleiding hoog gestel moes word. Dit is egter jammer dat die *Konferensie* ook aanbeveel het dat onopgeleide persone wat aan die hoof van biblioteke staan, deur die nuwe vereniging as volle bevoegde bibliotekarisse aanvaar moes word. Hierdie besluit het later baie onmin by lede van die beroep laat ontstaan toe tien persone "wie oor die dertig jaar is, en gedurende die vorige vyf jare of langer administratiewe poste op die voltydse gesalarieerde personeel van 'n openbare of inrigting-biblioteek beklee het, toegelaat mag word as *Fellows ...*" (*SABV-Verslag*, 1933-36:3; Raad. Omsendskrywe 24, 27 September 1934).

Die Britse opleidingsprogram, wat meer tegniese van aard was, het op dié wyse in Suid-Afrika gestalte gekry en het baie jare lank 'n sterk invloed op die opleidingspatroon van bibliotekarisse uitgeoefen (Malan, 1970(3):40).

Die feit dat die werklike ontwikkeling van universiteite in Suid-Afrika eers sedert die begin van hierdie eeu plaasgevind het, het implikasies vir die opleiding van bibliotekarisse. Dit het 'n baie laat ontwikkeling van universiteitsbiblioteke tot gevolg gehad, wat daarvoor verantwoordelik was dat 'n behoefte aan opgeleide personeel vir die wetenskaplike biblioteek aanvanklik nie geskep is nie. Daar was dus geen noodsaaklikheid dat opleidingsfasiliteite vir persone wat in universiteitsbiblioteekwerk wou spesialiseer, ingestel is nie. Die eerste twee Suid-Afrikaners wat vir hierdie tipe biblioteekwerk gekwalifiseer het, G.V. Marais (1929) en S.J. Kritzinger (1930), moes dan ook vir hulle opleiding na die Verenigde State van Amerika gaan, waar hulle aan die Columbia-Universiteit hulle grade verwerf het (Malan, 1970(3):38). Kort na sy aanstelling by die Universiteit van die Witwatersrand is P. Freer, wat oor die sociaat van die Britse *Library Association* beskik het, waarskynlik deur die betrokkenheid van sy rektor, H.R. Raikes, by die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, die eerste bibliotekaris aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit wat professionele status en salaris ontvang (Freer, 1954:84).

4.2 Die Onderwyskomitee van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging

Volgens die oorspronklike grondwet van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging was een van die basiese doelstellings " ... om meer fasiliteite te verskaf vir die opleiding in bibliotekarisskap. Om eksamens te hou in bibliotekarisskap en om sertifikate van bekwaamheid uit te reik" (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1930:2).

Pas na die stigting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in 1930 is dan ook deur die Raad 'n subkomitee benoem vir die instelling van professionele kwalifikasies en die daarstelling van opleidingsprogramme vir die verwerwing van kwalifikasies (SABV-Verslag, 1933-36:6). Hierdie *subkomitee* en sy opvolgers, aanvanklik die *Onderkomitee vir Vakopleiding*, later die *Onderwyskomitee* en tans die *Komitee vir Opleiding en Navorsing*, is steeds beskou as die hoogste gesag in die beroep in verband met onderwys, opleiding en navorsing.

Die beplanning van en beheer oor opleidingsaktiwiteite het die werksaamhede van die Vereniging minstens die eerste tien jaar van sy bestaan oorheers. Die *Subkomitee* was aan die Raad verant-

woordelik vir alle leerplanne en eksamens, die reëling van korrespondensiekursusse en vakansieskole, die benoeming van eksaminatore, die afneem van eksamens en die uitreiking van sertifikate en diplomas.

Die *Subkomitee* het uit benoemde raadslede van die Vereniging bestaan, en die rektor van die Universiteit van die Witwatersrand, H.R. Raikes, het van 1933 tot 1947 as voorsitter opgetree (SABV-Jaarverslag, 1947-48:2-3). In April 1934 word die *subkomitee* deur die *Onderkomitee vir Vakopleiding* vervang. Dosente en eksaminatore is ook as lede van die *Komitee* beskou (SABV-Verslag, 1933-36:6).

Die samestelling van die *Komitee* het in 1942 verander toe besluit is dat drie verteenwoordigers uit Kaapland, drie uit Transvaal, 'n verteenwoordiger van die Raad en later ook die president, vise-president en eresekretaris die *Komitee* vorm (SABV-Verslag, 1939-42:4). In 1946 word die *Komitee* 'n liggaam met 'n eie reglement wat bepaal het dat hy minstens een keer per jaar moes vergader en dat die samestelling verander, sodat elke tak van die Vereniging een verteenwoordiger vir elke twintig socii of associati in die *Komitee* kon verkies (SABV-Jaarverslag, 1946-47:3; Malan, 1970(3):48). Die rede hiervoor was dat die Vereniging besluit het dat die professionele opleiding van bibliotekarisse deur professioneel gekwalifiseerde persone beheer moes word (SABV-Jaarverslag, 1946-47:3). Socii wat nie die Diploma besit het nie, kon nie lede van die *Komitee* wees nie (Onderwyskomitee. Notule, 5 Februarie 1946). Hierdeur is verseker dat die beroepsonderwys binne die Biblioteekvereniging onder die beheer sou staan van lede wat self beroepskwalifikasies besit (SABV-Jaarverslag, 1946-47:3).

Die *Onderwyskomitee* het die reg gehad om in alle roetinesake op te tree, en die Raad mog geen wysigings aan besluite van die *Komitee* aangebring het nie, voordat dit eers na die *Komitee* vir heroorweging terugverwys is (Onderwyskomitee. Notule, 29 September 1938; Notule, 27 Junie 1964).

Die samestelling van die *Komitee* het weer in 1966 verander. Benewens die president, die vise-president en die eresekretaris moes die Raad

twalf professionele lede, van wie minstens drie en hoogstens vyf voltydse dosente in biblioteekkunde moes wees, aanwys wat verskillende biblioteektipes, geografiese gebiede en belangstellings-terreine verteenwoordig (SABV-Jaarverslag, 1966-67:35-37). In 1976 is die naam van die *Komitee* verander na die *Komitee vir Opleiding en Navorsing* (Raad. Notule, 13 September 1976). In 1978 is die samestelling van die *Komitee* nog eens verander sodat die *Komitee* by die ontbinding van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging bestaan het uit die president, die vise-president, die eresekretaris en twalf professionele lede, van wie minstens vyf voltydse dosente in biblioteek- en inligtingkunde en minstens vyf praktiserende bibliotekarisse moes wees (Onderwyskomitee. Notule, 11 September 1978:6; SABV-Jaarverslag, 1977-78:56).

4.3 *Die rol van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in biblioteekopleiding*

By die bestudering van die rol van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in die opleiding van bibliotekarisse kan die volgende onderskei word: die rol van die Vereniging as opleier deur die aanbieding van sy eie kursusse, sy optrede in verband met die opleiding aan universiteite en sy bydrae nadat biblioteekopleiding aan universiteite gevestig en sy eie kursusse gestaak is.

4.3.1 *Die rol van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging as opleier deur die aanbieding van sy eie kursusse*

4.3.1.1 *Instelling van opleidingskursusse*

Na aanleiding van die bevindinge van Pitt en Ferguson (afdeling 2.2.8), die aanbevelings van die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1928) (afdeling 2.3.2.4) en die knellende behoefte aan opgeleide biblioteekwerkers het die saak van biblioteekopleiding na die stigting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging die ernstige aandag van die Raad geniet. Oor die vraagstuk of die voorgenome opleiding deur universiteite en tegniese kolleges of deur die Vereniging self aangebied moes word, was daar aanvanklik groot verskil van standpunt onder die raadslede. Raikes skryf op 31 Maart 1931 in 'n brief soos volg aan Stirling: "I do not think that we should yet aim at a university degree in librarianship, but I think either the University

of Pretoria or Wits should be urged ... to grant a diploma which would be accepted by the South African Library Association, or the Association might examine itself for its own diploma ... The solution for the question is for the South African Library Association to institute its own diploma examinations ... ”

Die Raad besluit in April 1931 dat die moontlikheid van geleenthede vir opleiding en eksaminering aan Suid-Afrikaanse universiteite, biblioteke, tegniese kolleges en ander inrigtings deur die Vereniging ondersoek moes word met die oog daarop om biblioteekopleiding onafhanklik van enige oorsese liggaam op 'n vaste grondslag te plaas (Raad. Notule, April 1931, paragraaf 2). Hierna besluit die Raad verder dat A.C.G. Lloyd, S.B. Asher, H.R. Raikes, met P. Freer (sekretaris), G.V. Marais en P. Ribbink as gekoöpteerde lede, as komitee benoem word met die volgende opdrag: “ ... to draw up a course and syllabus for a Librarian's Certificate of the South African Library Association, to be submitted to the Administrative Council not later than December 1931, together with a scheme for conducting the examination; the course to be one for which libraries, university institutions, or technical colleges or any of these conjointly could prepare candidates” (Raad. Notules, Mei tot Oktober 1931, paragraaf 15; Omsendbrief Stirling, 8 Oktober 1931). Hierdie skema was egter “ ... too ambitious in the light of the present conditions in South Africa ... ” (Raad. Omsendbrief 5, 4 Januarie 1933).

Die Witwatersrandse en Pretoriatak van die Vereniging het in 1933 van die Raad toestemming verkry om onderrig vir die eksamens van die *Library Association* te organiseer (Brief Griffiths, Maart 1933; Witwatersrand-Transvaal Branch. Notule, 18 April 1933). In dieselfde jaar het die Raad besluit om sy eie opleidingskursusse aan te bied en om die eerste eksamen in Augustus 1934 te laat afneem (SABV-Verslag, 1933-36:2). Ses en twintig persone het vir die eerste elementêre kursus ingeskryf (Transvaal Branch. Notule, 11 Julie 1933), van wie twee die Sertifikaat in 1934 behaal het (SABV-Verslag, 1933-36:6). Die sillabusse is deur A.C.G. Lloyd, H.R. Raikes en S.B. Asher opgestel en is op dié van die Britse *Library Association* gebaseer en by Suid-Afrikaanse behoeftes aangepas (Raad. Notule, 16 Maart 1934). Daar is in die vooruitsig gestel: “to set a

standard at least equal to that required by overseas examining bodies, and, if possible, to employ as tutors and examiners in the purely technical subjects only librarians who hold the full diploma of the (British) Library Association or its equivalent, and who have also considerable experience of public library work" (Onderwyskomitee. Notule, 10 November 1934).

In ooreenstemming met die kursusse van die *Library Association* is die opleiding op drie vlakke aangebied, elkeen met 'n aantal basiese vakke wat op 'n volgende vlak hoër eise aan die kandidaat stel. Die eerste of elementêre vlak was die toelatingsvlak; die Intermediêre Eksamen het die houer tot die assosiaatstatus en die finale vlak of Diploma toegelaat. Laasgenoemde vlak was 'n deel van die toelatingsvereistes tot die sosiaatstatus van die Vereniging.

Die basiese vereistes vir die drie vlakke was soos volg:

Elementêre vlak: Die kursus het uit Afrikaans I en II, Engels I en II, Katalogisering, Klassifikasie en Biblioteekroetine bestaan. 'n *Leerlings-assistent* kon hierdie kursus in twee jaar voltooi en so die Elementêre Sertifikaat verwerf.

Intermediêre vlak: Hier is gevorderde Katalogisering en Klassifikasie as vakke aangebied, en dit was die minimum professionele kwalifikasie vir persone wat senior betrekkinge in biblioteke wou beklee. Kandidate wat minstens een en twintig jaar oud was en die Intermediêre Sertifikaat verwerf het, is toegelaat tot die assosiaatstatus van die Vereniging.

Finale vlak: Die kursus het uit Afrikaans en Nederlands I en II, Engels I en II, Literêre Geskiedenis, Bibliografie en Boekkeuring en Administrasie bestaan. Die Finale Eksamen kon eers na vier of vyf jaar studie na matriek afgelê word. Persone wat die Finale Eksamen afgelê het en minstens drie jaar diens in 'n goedgekeurde biblioteek voltooi het, het die Diploma ontvang en het die sosiaatstatus van die Vereniging verwerf (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1950:83-90; Viljoen, 1973:234; Brief Stirling, 15 April 1936).

Bewens die matrikulasiesertifikaat, waarvoor kandidate vir die

toelating tot die kursus vir die Elementêre Eksamen moes beskik, moes albei landstale by die kursus ingesluit wees (Onderwyskomitee. Notule, 19 Desember 1935). Kandidate moes ook in biblioteke werksaam gewees het en kon slegs met spesiale toestemming tot 'n gedeelte van die kursus toegelaat word as hulle nie aan hierdie vereiste voldoen het nie. Sodanige persone kon nie by die suksesvolle aflegging van die eksamens op professionele indiensneming aanspraak gemaak het nie (Onderwyskomitee. Notule, 4 September 1936).

Die eresekretaris, M.M. Stirling, het die bestaan van hierdie opleidingsfasiliteite onder die aandag van stadsklerke gebring om hulle aan te moedig om slegs opgeleide biblioteekpersoneel in diens te neem (Omsendbrief Stirling, 15 April 1936). Biblioteekowerhede is ook aangemoedig om die studiegeld vir personeel in hulle diens te betaal (Raad. Omsendbrief 1, 20 November 1936). Lloyd, destyds president van die Biblioteekvereniging, moedig biblioteekkomitees aan om erkenning vir kwalifikasies te gee: "I am no great believer in examinations but, at any rate, they entail a great deal of work and students have to learn a great deal to get through them" (Konferensie, 1936:100).

Na aanleiding van die vertoë van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het verskeie biblioteekowerhede besluit om die verwerwing van biblioteekkwalifikasies 'n vereiste vir benoeming of bevordering in biblioteekbetrekkings te maak. So het die stadsraad van Germiston minstens op die Elementêre Sertifikaat aangedring (Professional Education, 1936:163) terwyl Lloyd (Brief, 18 November 1935) van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek sê: "My Trustees have just given two years seniority to a holder of the London Diploma and will do the same to the L.A. and S.A.L.A. certificates."

Die onderrig is by wyse van korrespondensie vrywillig deur voltydse bibliotekarisse waargeneem, omdat hulle dit as roeping gevoel het om studente te help om as bibliotekarisse te kwalifiseer. Die metode van opleiding het daaruit bestaan dat dosente 'n aantal lesings, wat die lêerplan gedek het, aan studente vir bestudering gestuur het. Studente moes werkopdragte uitvoer en dit aan dosente terugstuur vir kommentaar, waarna volgende lesings aan hulle gestuur is.

Die feit dat die eerste konferensie wat oor biblioteekopleiding gehandel het, reeds in 1940 plaasgevind het, is 'n bewys van die belangstelling wat die beroep in die aangeleentheid ontwikkel het. Op hierdie konferensie is uiteenlopende standpunte, wat oënskynlik nie versoenbaar was nie, gestel. Daar is gemaak dat daar nie na die belange van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging en sy opleidingskursusse of aan die belange van die universiteite voorkeur gegee moes word nie, maar dat die belange van die beroep en die gemeenskap beskerm moes word.

4.3.1.2 *Leemtes in die opleidingskursusse*

Van verskeie kante is daar kritiek teen hierdie opleiding ingebring en op gebreke daarin gewys. Die standaard van die onderrig in die verskillende vakke het gewissel na gelang van die entoesiasme, kennis en bekwaamheid van die betrokke dosente, en aangesien die onderrig op 'n vrywillige basis sonder vergoeding geskied het, het die Vereniging nie 'n behoorlike beheer oor die gehalte daarvan gehad nie (Onderwyskomitee. Notule, 4 Oktober 1941).

Die sillabusse was op die *unsatisfactory syllabus* (van die Britse *Library Association*) gebaseer (Kommentaar Immelman, Oktober 1941). Dit is gedoen met die oog daarop om kandidate, wat met die Britse opleiding begin het, in staat te stel om na die kursusse van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging oor te skakel (Brief Raikes, 10 November 1934).

Immelman beweer verder dat die bestaande opleiding verouderd en nie op die jongste opvoedkundige teorieë gebaseer was nie, aangesien hoofsaaklik net feitlike kennis, wat in enige naslaanbron verkry kon word, in die eksamen getoets is (Raad. Notule, Oktober 1947). Ernstige besware teen die kursus vir die Intermediêre Eksamen was dat dit slegs uit praktiese Katalogisering en Klassifikasie bestaan het en dat geen ander vakke die aandag geniet het nie. Hierdie kursus "laid too much stress on techniques and too little on books". Dit het ook te veel aandag aan biblioteekkundige teorieë geskenk, wat op hierdie vlak van opleiding nie veel waarde gehad het nie "and which appears to have been included years ago to give an air of learning to the studies. Much of the matter included in the

theoretical classification comes in this category, particularly the five predicables and the tree of Porphyry" (Raad. Notule, Oktober 1941). Dit het hoofsaaklik katalogiseerders en klassifiseerders toegerus vir hulle taak en het nie persone opgelei wat aan die hoof van kleiner openbare biblioteke kon staan of wat as assistente in groter openbare biblioteke kon werk nie. Verdere kritiek was dat die oorspronklike leerplanne hoofsaaklik saamgestel is met die oog op maklike eksaminering en nie op die logiese aanwending van die leerstof vir die opleiding van toekomstige bibliotekarisse nie (Raad. Notule, Oktober 1941).

'n Verdere leemte was geleë in die feit dat dosente nie as eksaminatore mog optree nie (Onderwyskomitee. Notule, 4 Oktober 1941). Dit het ingehou dat kandidate deur persone geëksamineer is wat nie met die werk van die betrokke dosent bekend was nie. Vraestelle is gebaseer op die voorgeskrewe leerplan, maar die werk wat gedurende die jaar verrig is, is nie altyd in aanmerking geneem nie. Dit het tot baie probleme en ongelukkigheid aanleiding gegee, en die algemene gevoel was dat die studente deur die optrede van die Vereniging benadeel is. Die studente kon nie die eksamen met die nodige vertroue tegemoetgegaan het nie, omdat daar in uiterste gevalle selfs geen vrae gestel is oor werk wat gedurende die jaar behandel is nie. Dit het die studente se moed gebreek en hulle ontmoedig om met hulle biblioteekstudie voort te gaan.

Met die instelling van die opleidingskursusse is bepaal dat kandidate wat vir die kursusse inskryf, lede van die Biblioteekvereniging en minstens sewentien jaar oud moes wees (Professional Education, 1934:35). 'n Kandidaat vir die verwerwing van die assosiasiestatus moes minstens een en twintig jaar oud wees. Met die ouderdomsbeperking van een en twintig jaar vir die verwerwing van die assosiasiestatus wou die Vereniging heel duidelik verseker dat, hoewel daar 'n tekort aan opgeleide bibliotekarisse was, persone met professionele kwalifikasies nie te jonk in toesighoudende of beheerposisies aangestel sou word nie. Hierdie beperking, wat baie kritiek uitgelok het, is later afgeskaf aangesien die Vereniging besluit het dat die indiensnemingsinstansies en nie die Biblioteekvereniging nie, aan dié sake aandag behoort te skenk (Onderwyskomitee. Notule, 27 Junie 1951).

Nieteenstaande die feit dat vyfen veertig persone die Elementêre, vyf en twintig die Intermediêre Sertifikaat en ses die Diploma van die Vereniging tot 1942 verwerf het (SABV-Verslag, 1939-42:4-5), het dit geblyk dat die behoefte aan opgeleide bibliotekarisse groter word. Deur die Kaapse Adviserende Biblioteekraad is 'n biblioteekbeleid vir die Kaapprovinsie neergelê waardeur meer biblioteekbetrekkings vir professioneel gekwalifiseerde personeel geskep is, maar die gebrek aan en beskikbaarheid van opgeleide personeel het die ontwikkeling vertraag (Brief Immelman, 13 November 1939). Alhoewel dikwels beweer is dat, indien opleiding buite die Vereniging aangebied sou word, dit tot 'n oorproduksie van bibliotekarisse sou lei, sê Kennedy: "The Association has failed in its attempt to train librarians" (Raad. Omsendbrief 57, 17 Desember 1941).

Die tekort aan opgeleide personeel het so kritiek geword dat Kennedy dit selfs oorweeg het om personeel vir die Johannesburgse Openbare Biblioteek in te voer (SABV. Transvaalse Tak. Notule, 30 Oktober 1940), of om sy eie opleiding te begin, "so that I shall have qualified librarians to cope with the tremendous expansion, which must come at the end of the war. I have not decided yet whether to issue our own certificates or not ... I am strongly in favour of a school as opposed to an examination alone. It seems that the South African Library Association Education Committee and Council do not agree on this. It is possible that I shall be compelled to issue a J.P.L. diploma. To assist me in making a decision it is necessary that I should know the Council's policy in regard to diplomas issued by other bodies" (Raad. Omsendbrief 57, 17 Desember 1941).

Baie meer betrekkings het beskikbaar geword as gevolg van die snelle uitbreiding van biblioteke en deurdat die wenslikheid en noodsaaklikheid van die indiensneming van gekwalifiseerde personeel, 'n saak wat veral baie sterk deur die Vereniging geprompogeer is, deur die private sektor aanvaar is: "There are several institutions which today employ more librarians than there were in the whole of South Africa twenty five years ago. It is significant that the more librarians there are trained ... the greater the shortage becomes ..." (Komentaar Kennedy, Maart 1946).

4.3.1.3 *Hersiening van die opleidingskursusse 1942 tot 1946*

Die Onderwyskomitee het voortdurend aandag geskenk aan die verbetering van die kursusse en wysigings is gereeld aangebring. In 1939 het 'n komitee, bestaande uit H.R. Raikes (voorsitter), E.A. Borland, P. Freer, R.F. Kennedy, mej. Shilling, mev. M. Knox-Shāw en mej. A.H. Smith (SABV-Verslag, 1939-42:3) slegs geringe wysigings aan die sillabus aangebring, maar Kennedy beweer dat die opleidingsprogramme 'n drastiese hersiening in struktuur en detail nodig het (Brief Kennedy, 20 Maart 1941). By die her-samestelling van die Onderwyskomitee in 1942 het die Raad opdrag gegee dat die leerplanne in die geheel hersien moes word (SABV-Verslag, 1942-46:6).

In sy kommentaar aan die Raad oor die opdragte aan die Komitee sê Kennedy dat die Komitee "should take the courage and plan a syllabus for several years ahead, and for our own conditions, rather than try to adapt other syllabi that were designed for other times and purposes" (Brief Kennedy, 20 Maart 1941). Volgens Varley moes daar ook veranderinge aan die eksamenstelsel aangebring word, aangesien dit oorspronklik geskep is in 'n tydperk toe opgeleide dosente skaars was (Kommentaar, 4 Oktober 1941). Hy wys ook daarop dat die algemene opvatting was dat daar geen kontrole en toesig oor die opleidingskursusse van die Vereniging was nie: "Teaching in these circumstances is reduced to a farce, and a conscientious teacher, unable to control the students through the Association, feels that everybody's time is wasted" (Kommentaar Varley, 4 Oktober 1941).

Die Onderwyskomitee het tot 1945 op verskillende vergaderings aandag aan sy opdrag geskenk. Afhandeling van die opdrag is ernstig vertraag as gevolg van onderlinge verskille en spanning tussen lede van die Komitee en die Raad, en tussen groepe en faksies in die Vereniging: "It is unfortunate that the present Council has tended to split on personal issues. It is impossible for Kennedy to make any proposal without seven votes being raised against him, not because of his proposal *per se* but because he proposed it" (Brief Varley, 2 Junie 1942). Die ontwikkeling van die opleiding kon reeds op 'n baie vroeër stadium vinniger gevorder het as dit nie vir hierdie

belemmering was nie. Ten spyte daarvan merk Varley (Brief, 2 Junie 1942) op dat die hersiening van die leerplanne “ ... is probably the most important so far undertaken by the Association”.

By die samestelling van die nuwe leergange is gepoog om studiekursusse te ontwerp wat op elke vlak die opleiding van geskikte persone in elementêre, intermediêre en senior betrekkinge sou voorsien. Die kursusse is so beplan dat daar ’n natuurlike oorgang van die een vlak na die ander sou wees “and it is provided that studies in the intermediate and final stage shall include revision of the same subject in the degree below”. Kennedy (1954:55) sê verder: “I was secretary of the Education Committee when this syllabus was drawn up and I remember well that the intention of the Committee was to make a syllabus for study rather than a syllabus for examinations. It was emphasized throughout that the examinations were not an end in themselves; they were merely to test that students had followed a particular course and that they had profited sufficiently from the courses for it to be said that they were properly trained librarians. It was also emphasized that examiners in setting papers should try to elicit what candidates knew rather than to discover what they did not know”.

Die algemene doelwitte wat vir hierdie *nuwe opleiding* gestel is, was dat die leerplanne so saamgestel moes word dat dit ’n positiewe houding by die student teenoor die biblioteekberoep sou kweek. Die student moes in staat wees om die feitlike kennis en die kennis van daaglikse roetines in sy werksomstandighede toe te pas en moes kennis geneem het van die jongste literatuur en op hoogte gewees het van die jongste ontwikkelinge op biblioteekgebied.

’n Verdere basiese doelstelling was dat die opleiding sodanig moes wees dat die kandidaat na tien of twintig jaar diens in staat sou wees om as hoof van ’n biblioteek op te tree of om ’n senior posisie in ’n groot biblioteek te beklee.

Lede van die Komitee wat verantwoordelik was vir die opstel van die nuwe leerplanne was oortuig daarvan dat die struktuur en inhoud van die kursusse ’n groot verbetering op die vorige was, en dat moontlike probleme wat deur die praktyk uitgewys sou word, reggestel

kon word. Daarom is besluit dat die klem eerder op die opleiding en opvoeding as op die eksaminering moes val. Die uitgangspunt was verder dat die Vereniging nie vakke moes aanbied nie wat reeds deur universiteite voorsien word, soos gevorderde kursusse in Afrikaans en Engels. Die leerplanne wat vir die verskillende vlakke van opleiding daargestel is, moes voorsien in die behoeftes van die praktyk, waarvoor kandidate opgelei word. By die elementêre en intermedieëre opleidingskursusse moes die klem op die werksaamhede van die openbare biblioteek en op biblioteekwetgewing val, terwyl die finale kursus vir verskillende spesialiseringsterreine voorsiening moes maak. Hier moes die agtergrondstudie meer algemeen wees, terwyl spesialisering in die verskillende belangstellingsterreine moes geskied. Die bibliotekaris wat in die opleidingsproses was, moes die volgende fasette van die biblioteekwese bestudeer: die boek, die leser, tegnieke, biblioteke en biblioteekbewegings. 'n Belangrike verdere verbetering in die opleiding was dat die dosent, wat die opleidingskursus aangebied het, as een van die eksaminatore vir die betrokke vak mog optree (SABV-Verslag, 1939-42:4). Van hierdie vergunning is in die volgende jare nie ten volle gebruik gemaak nie.

4.3.1.4 *Opleiding deur die Vereniging na 1946*

Die verhoging van die standaard van biblioteekkundige opleiding en gepaard daarmee die standaard vir die toelating tot die biblioteekberoep het voortdurend die aandag van die Vereniging geniet. Die Vereniging het besef dat, indien die bibliotekarisse 'n professionele status wou verwerf, streng toetredings- en opleidingsvereistes gestel moes word: "Ons opleidingskema moet in die lig hersien word om sowel opvoedkundig as tegnies aan hoër eise te voldoen, en om meer geleentheid vir navorsing en ontleding in verband met biblioteekprobleme te bied" (Immelman, 1949:1).

Soos aangedui in afdeling 4.2 is in 1946 'n belangrike stap geneem met die besluit van die Raad dat slegs sosii in die Onderwyskomitee kon dien, wat ingehou het dat die beheer oor die opleidingskursusse voortaan deur persone wat self beroepskwalifikasies besit het, uitgeoefen sou word.

Gedurende 1946-47 het die *Onderwyskomitee* drie subkomitees benoem

om ondersoek in te stel na die opstel van studiehandboeke, die opstel van standarde vir biblioteekskole aan universiteite en na metodes om tweetaligheid in Suid-Afrikaanse biblioteke te bevorder (SABV-Jaarverslag, 1946-47:4).

'n Verslag oor standarde vir biblioteekskole is in 1948 aanvaar en na die Raad gestuur vir voorlegging aan die Staatsdienskommissie en aan die sekretaris van die Unie-Onderwysdepartement (Onderwyskomitee. Notule, 23 Februarie 1948; SABV-Jaarverslag, 1947-48:3).

Gedurende die jaar 1948-49 is 'n verslag oor tweetaligheid in biblioteekopleiding bekragtig en 'n aanbeveling aanvaar waardeur 'n student in staat gestel is om op sy diplomasertifikaat te laat vermeld dat hy albei die landstale magtig is (SABV-Jaarverslag, 1948-49:7). Dit is 'n historiese feit dat die bibliotekaris aan die begin feitlik almal Engelssprekend was en dat die opleiding aanvanklik in Engels geskied het. Hoewel die kursusse in Engels aangebied is, is die eerste tweetalige vraestel in 1948 opgestel en kon die kandidate die vraestel in Afrikaans beantwoord. Indien meer as vier kandidate gelyktydig aansoek gedoen het, is die kursusse ook in Afrikaans aangebied op voorwaarde dat geskikte dosente gevind kon word. Met die toenemende aantal Afrikaanssprekendes wat tot die beroep toegetree het, en as gevolg van verhoë deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, is Afrikaans aanvaar as een van die tale waarin die opleiding sou geskied (Uitvoerende Komitee. Notule, 17 Maart 1948).

Wat toelatingsvereistes tot die professionele opleiding van bibliotekaris betref, het R.F. Kennedy reeds in 1944 voorgestel dat die besit van 'n akademiese graad 'n voorvereiste vir die verwerwing van die Intermediêre Sertifikaat moes wees, sodat die status van die beroep, en daarmee saam die salariering, kon verbeter (Onderwyskomitee. Notule, 1 Augustus 1944). Alle gegradueerdes is van die begin van 1945 af van die verwerwing van die Elementêre Sertifikaat vrygestel (Raad. Omsendbrief 44, 12 September 1944). Hierteenoor het E.A. Borland aangevoer dat goeie kandidate as gevolg hiervan vir die beroep verlore sou gaan aangesien universitêre opleiding in die na-oorlogse tydperk nie vir almal ewe geredelik beskikbaar sou wees nie omdat hulle dit nie sou kon bekostig nie (Onderwyskomitee.

Notule, 25 April 1946). In 1946 het die Onderwyskomitee op voorstel van D.H. Varley 'n beginselbesluit geneem dat die opleiding van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging vir die finale eksamen as nagraadse kwalifikasie sou geld (Onderwyskomitee. Notule, 25 April 1946).

In 1948 is besluit dat slegs persone wat in besit van 'n graad was, die Diploma kon verwerf (Onderwyskomitee. Notule, 5 Mei 1948). Hierdie besluit het eers aan die begin van 1952 in werking getree aangesien daar as gevolg van die groot tekort aan bibliotekarisse besluit is om die tyd waarin nie-gegraduateerdes kon kwalifiseer, te verleng (SABV-Jaarverslag, 1947-48:3). Die pogings om die status van die beroep te verhoog deur dit tot 'n gegradueerde professionele te omskep, het later waardevolle resultate gelever.

Van die begin af het die opleidingsprogram van die Vereniging vir die verwerwing van 'n honneursdiploma voorsiening gemaak (Onderwyskomitee. Notule, 4 Oktober 1957). Vir hierdie Diploma, wat na behaling van die Diploma van die Vereniging verwerf kon word, moes 'n verhandeling, waarvan die onderwerp deur die Onderwyskomitee goedgekeur moes word, ingedien word. Gedurende die tyd wat die regulasies van toepassing was, het slegs twee kandidate, te wete mev. Knox-Shaw en Berg-Sonne, die Honneursdiploma probeer verwerf, en in 1959 het die Onderwyskomitee besluit om die opleiding daarvoor af te skaf — ook omdat gevoel is dat die Vereniging nie toegerus is om die vereiste leiding in dié verband te gee nie (Onderwyskomitee. Notule, 7 Februarie 1959). 'n Verdere oorweging vir die afskaffing was die besef dat die vereiste navorsing op die terrein van die universiteit lê, wat oor die nodige fasiliteite daarvoor beskik. Die feit dat vir hierdie Diploma voorsiening gemaak is, is egter wel 'n bewys dat die Vereniging 'n behoefte aan gevorderde opleiding vir bibliotekarisse gevoel het.

4.3.1.5 *Verdere kritiek op die opleiding van die Vereniging*

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die Vereniging voortdurend aan die verbetering van sy kursusse aandag gegee het. Dat hierdie pogings in 'n mate vrugte afgewerp het, blyk uit die feit dat die slaagpersentasie tussen 1943 en 1953 59,6 was, terwyl dit van 1954

tot 1966 64,2 was (bylae 1).

Nieteenstaande die volgehoue, ernstige pogings van die Vereniging om sy korrespondensiekursusse, wat inhoud en organisasie betref, te verbeter, en om dit aan te pas by die veranderende behoefte van die tyd en by die heersende opvattinge in die land, het dit egter steeds aan ernstige leemtes mank gegaan en baie kritiek uitgelok. Die probleme is verder gekompliseer deur die feit dat ander universiteite hulle intussen op die terrein van biblioteekopleiding begeef het, wat meegebring het dat die Vereniging moes besin oor die moontlikheid en noodsaaklikheid om met sy eie opleiding voort te gaan of om dit aan 'n universiteit of tegniese kollege oor te dra (Onderwyskomitee. Agenda, 10 November 1952).

In vergelyking met die korrespondensie-opleiding van die Universiteit van Suid-Afrika, die tegniese kolleges en die opleiding van rekenmeesters was die organisasie, toesig en beheer van die opleiding van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging ondoeltreffend. Verder word korrespondensie-opleiding vir 'n beroep nie deur buitestaanders baie hoog aangeslaan nie, aangesien beroepsopleiding gewoonlik deur 'n universiteit aangebied word (Onderwyskomitee. Agenda, 10 November 1952).

Heftige kritiek teen die ondoeltreffendheid van die opleiding van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging is ook tydens die 1951-konferensie onder andere deur H.C. van Rooy uitgespreek (Onderwyskomitee. Notule, 28 September 1951). Die gesamentlike kritiek was veral gerig op die feit dat die Vereniging nie die dienste van genoeg bekwame, ervare dosente kon bekom nie en dat baie van die persone wat wel bereid was om as dosente op te tree, nie oor die nodige doseerervaring beskik het nie. Daar is weer daarop gewys dat die Vereniging nie behoorlike toesig oor die dosente kon uitoefen nie en feitlik geen beheer oor die werk van die studente gehad het nie (Onderwyskomitee. Notule, 28 September 1951). Van die veronderstelling is uitgegaan dat minstens die helfte van die eksamenvrae in die studie-opdragte behandel moes gewees het. Aangesien die aanbeveling dat dosente as eksaminatore kon optree in die reël nie gevolg is nie, het min van hierdie veronderstelling tereggekóm. Die gevolg daarvan was nog steeds dat studente nooit die eksamen met die

nodige selfvertroue kon tegemoetgaan nie en dat kandidate wat gedurende die jaar goed geprester het, herhaaldelik in die eksamens gedruip het. Ook was eksamenvrae nie altyd duidelik geformuleer nie en vatbaar vir verskeie interpretasies. Die toestand het so versleg dat die Vereniging verplig was om 'n subkomitee te benoem wat moes kontroleer dat vrae duidelik bewoord en in ooreenstemming met die leerplanne was (Onderwyskomitee. Notule, 14 Junie 1958). Daar was 'n groot gebrek aan die nodige kontak tussen dosent en student en tussen die studente onderling.

Met die bespreking van 'n beskrywingspunt tydens die 1952-konferensie waarin voorgestel is dat strenger optrede teen studente oorweeg moes word en na negatiewe reaksie van lede, sê Immelman: "If that is the case, I suggest that we discontinue all education work here and now, and leave this work to the correspondence colleges. If we are not going to have standards, we can drop our educational work and the value of our educational certificate is nil. As fifty percent of the students fail at a sitting, it is already a waste of time and money and we might as well drop it. I frankly do not see the value of such a system" (Konferensie, 1952:106).

Op aandrang van H.C. van Rooy is meer gedetailleerde sillabusse met studiegidse waarin die inhoud van die leerplan volledig gedek word en lyste van voorgeskrewe werke volledig aangegee word, opgestel (Onderwyskomitee. Notule, 28 September 1951). Hierdie studiegidse is aan die begin van die jaar aan studente beskikbaar gestel, en dosente kon nou as studieleiers optree en die studieopdragte van die studente behoorlik nasien.

Die oorspronklike doel met die korrespondensie-opleiding was om dit vir studente op die platteland en wat ver van die groter sentra verwyder was, moontlik te maak om as bibliotekaris te kwalifiseer. In die beginjare van die opleiding het die Vereniging wel in hierdie doel geslaag, maar mettertyd het die patroon verander en het die oorgrote meerderheid van die studente wat hulle vir die kursusse aangemeld het, in die groter sentra gewoon en gewerk (Onderwyskomitee. Notule, 10 November 1952). Hierdie studente sou dus ewe gerieflik 'n kursus aan 'n universiteit kon volg. Gedurende 1951 was nege en tagtig van die studente van universiteitsdorpe en slegs

tien (van wie vyf eksamen geskryf en drie geslaag het) van ander sentra afkomstig. Tot 1950 het een en veertig kandidate die Diploma van die Vereniging verwerf. Agt en twintig van hulle het klasse by die Johannesburgse Openbare Biblioteek bygewoon (Onderwyskomitee. Agenda, 10 November 1952).

Die oordrag van die opleiding van die Vereniging na die Universiteit van Suid-Afrika, word in afdeling 4.3.3 behandel.

Die bemoeiinge van die Vereniging in verband met die reëling van vakansiekursusse, aanvanklik vir onopgeleide biblioteekwerkers en in verband met die opleiding, die stel van standarde vir biblioteekopleiding en die akkreditering van opleiding word respektiewelik in afdelings 4.4 en 4.7 behandel.

4.3.1.6 *Voorsiening van vakliteratuur*

Selfs nog voor die instelling van die formele opleidingskursusse van die Vereniging is die behoefte aan biblioteekkundige lektuur gevoel. In Februarie 1931 skryf C.T. Loram aan die eresekretaris van die pas gestigte Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging: "To be of general utility a collection should be available for home reading to assistants and students in every part of the country" (Brief, Februarie 1931). Op 14 Oktober 1931 sê M.M. Stirling (1931(1):12) in 'n toespraak: "The establishment of a Central Library for Students, whilst immediately providing a living nucleus for the complete scheme, would itself, however, satisfy most of the educational ends in view, at perhaps one-hundredth part of the estimated cost; and such a sum would not be impossible of acquisition even under adverse conditions, when once the value of the Library to the nation has been demonstrated."

Die Raad van die Biblioteekvereniging het in 1931 besluit om fondse beskikbaar te stel om so 'n vakbiblioteek vir die studente, wat met hulle biblioteekopleiding besig was, daar te stel (SABV-Verslag, 1930-33:2). Ongelukkig is daar nie 'n vaste jaarlikse bedrag vir die doel bestem nie. M.M. Stirling, wat as erebibliotekaris opgetree het, het die biblioteek uitgebrei na gelang van die behoefte van studente by wyse van aankope uit 'n beperkte bedrag deur die Raad beskikbaar gestel (Uitvoerende Komitee. Notule, 12 Junie 1946) en

deur middel van skenkings en ruilmateriaal. Groter biblioteke is ook later versoek om die benodigde boeke vir die gebruik van hulle personeel te voorsien (Onderwyskomitee. Notule, 29 September 1950), terwyl van studente verwag is om handboeke by boek-handelaars, wat deur die Onderwyskomitee versoek is om dit in voorraad te hou, aan te koop (Onderwyskomitee. Notule, 11 Maart 1947).

Na 'n ondersoek deur die Onderwyskomitee (Notule, 21 Maart 1959) is die Staatsbiblioteek in 1959 versoek om die versameling as sentrale nasionale leenbiblioteek te huisves, te administreer en as nasionale diens aan gebruikers beskikbaar te stel. In 1961 is besluit om die boekeversameling aan die Staatsbiblioteek te skenk (Onderwyskomitee. Notule, 22 September 1961). Die versameling tydskrifte, wat in ruil vir *Suid-Afrikaanse biblioteke* ontvang is, is in 1951 by die Universiteit van die Witwatersrand geplaas (SABV-Jaarverslag, 1953-54:10), en met die oordrag van die opleidingskursusse van die Vereniging na die Universiteit van Suid-Afrika, is dit permanent na dié Universiteit se biblioteek oorgeplaas.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het dus nie alleen die opleidingskursusse vir bibliotekwerkers ingestel en geadministreer nie, maar het veral op dié wyse in 'n groot behoefte van studente voorsien deur studieboeke tot hulle beskikking te stel. Met die uitbreiding van biblioteke en as gevolg van 'n beter ekonomiese toestand in die land het openbare biblioteke en studente self later in hierdie behoefte voorsien. Die Vereniging het egter nie daarin geslaag om 'n sentrale bibliotek daar te stel in ooreenstemming met die oorspronklike plan van die eresekretaris, M.M. Stirling, nie.

4.3.2 *Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging se optrede in verband met die opleiding van bibliotekarisse aan universiteite*

Dr. F.P. Keppel, president van die Carnegiekorporasie, het die noodsaaklikheid van opleiding van bibliotekarisse aan universiteite beklemtoon: "I wish to urge upon all who are concerned with professional education in librarianship that the full integration of the library school in the life of the university is an objective of first importance" (Aangehaal *In* Immelman, 1941:152).

Die *Inter-Departementele Komitee oor Biblioteke in Suid-Afrika*, 1937, moes onder andere ondersoek instel en verslag uitbring oor “biblioteekpersoneel en die opleiding van staf” (p. 1). Waarskynlik onder die invloed van die Amerikaanse opgeleide sekretaris van die *Komitee*, S.J. Kritzinger, sê die *Komitee* “dat min verbetering in die toestand vermag kan word totdat die vraag na opgeleide bibliotekarisse in die land die instelling aan een van die mees geskik-geleë Universiteite in die Unie regverdig van ’n volledige kursus in biblioteekwese wat volle aandag aan die kulturele sowel as die tegniese kant van die onderwerp sal wy” (*Inter-Departementele Komitee*, 1937:23).

Die opleiding van bibliotekarisse aan universiteite sou vir ’n aantal jare ’n groot twispunt vir die Onderwyskomitee en die Raad van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging wees. In ’n kommentaar aan die Raad het R.F. Kennedy in September 1940 dit soos volg saamgevat: “The South African Library Association is the body representing libraries and librarians in South Africa. The Association should therefore be the body to decide on the worth or otherwise of library qualifications. If the Association abrogates this duty and privilege then the various library authorities all over the country will have to decide on the value of the qualifications themselves. How much better if it can be said: ‘a qualified librarian is one holding the Diploma of the South African Library Association or a diploma recognised by the South African Library Association of equal value’. Let us keep as many under one wing as we can. Let us present a united front to a unsympathetic world.”

Die teenkanting van sommige leidende figure in die Vereniging teen universitêre opleiding, selfs na die instelling van kursusse aan die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Kaapstad, soos verteenwoordig deur M.M. Stirling, blyk uit sy uitsprake wat in afdeling 4.3.3 verstrekk word.

4.3.2.1 *Instelling van opleidingskursusse aan die Universiteit van Pretoria*

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging wat opleiding van bibliotekarisse in Suid-Afrika geïnisieer, georganiseer en bestuur het, het die standpunt ingeneem dat hy die alleenreg gehad het om opleiding te verskaf. Aangesien die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1928), in

weerwil van Ferguson se aanbeveling, hom ten gunste van opleiding deur die te stigte biblioteekvereniging uitgespreek het (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):13), was dit 'n skok vir die Vereniging om 'n brief van 1 Desember 1936 van die sekretaris van die Biblioteekkomitee van die Universiteit van Pretoria, P.C. Coetzee, te ontvang. Hierin is twee sake in memorandum aangevoer, *Memorandum insake 'n voorgestelde leerplan* van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging en 'n *Memorandum aangaande die opleiding van biblioteek-assistente* aan die Universiteit van Pretoria. Coetzee het sterk beswaar gemaak teen die opleiding van die Vereniging waar die klem, volgens hom, op eksaminering val en waar die memorisering van 'n groot aantal feite al opleiding is wat verskaf word. Vir hom was die kursus te prakties en sonder enige teoretiese onderbou (Coetzee, 1937:155-156).

Die Universiteit van Pretoria het aanvanklik beplan om personeel vir sy eie biblioteek op te lei, aangesien daar nie genoeg gekwalifiseerde personeel beskikbaar was nie en "omdat die leerplan van die enigste opleidingsinstansie (die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging) wat ... opleiding aangebied het, na die oordeel van die Biblioteekkomitee en Senaat, nie aan die eise van opleiding vir die personeel van 'n groot studiebiblioteek voldoen het nie" (Pretoria Universiteit, 1936(2):3).

Hierdie opmerking het hewige reaksie aan die kant van die Vereniging uitgelok. Die Biblioteekvereniging het gepoog om sy eie opleiding te beskerm teen die indringing en moontlike oorname deur universiteite waardeur hy die beheer oor en alleenreg op die opleiding kon verloor. Die studente, wat verplig was om as lede van die Biblioteekvereniging aan te sluit, was 'n groot bron van inkomste vir die Vereniging (Raad. Omsendbrief 55, 23 September 1939). Aan die ander kant het die Vereniging gevoel dat die opleiding aan die Universiteit van Pretoria behartig sou word deur 'n persoon wat nie oor die sosiaal van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, of enige vergelykbare kwalifikasie beskik het nie. Soos reeds aangedui, was die standpunt van die Vereniging van die begin af dat opleiding slegs deur professioneel gekwalifiseerde bibliotekarisse aangebied moes word.

Hierdie aansoek van die Universiteit van Pretoria het tot gevolg gehad dat die Raad van die Biblioteekvereniging sekere besluite oor opleiding, waaraan later meer aandag gegee sal word, geneem het. Aangesien hierdie aansoek van groot belang in die ontwikkeling van opleiding in Suid-Afrika was, word besondere aandag daaraan geskenk.

In die brief wat die memorandum vergesel het, sê Coetzee (Brief, 1 Desember 1936) dat “ ... ek U verder vriendelik versoek [om] hierdie saak so veel as moontlik te bespoedig aangesien die Komitee graag wil sien dat so gou moontlik met die opleiding van die assistente van die Universiteitsbiblioteek, meer of min in lyn met die voorgestelde plan, sal aangevang word. Gevolglik sou my Komitee dit op prys stel indien u wil probeer om vóór 15 Februarie [1937] ’n besluit in verband met die saak te neem en ons daarvan te verwittig. Ingeval u dit wenslik ag is die Voorsitter, Professor H.G. Viljoen, en ekself bereid om U Raad te ontmoet en die saak verder toe te lig”.

Coetzee lê die klem op volksoopvoeding as taak van die bibliotekaris. Daarvoor moet die doel van die opvoeding bekend wees en die nodige hulpmiddels moet beskikbaar wees om dit te bereik. Sy standpunt is dat ’n korrespondensiekursus en praktiese ondervinding nie die nodige kennis of regte lewensbeskouing kan verskaf nie. Volgens hom kan biblioteekwerk óf as ’n tegniek of ambag beskou word óf as ’n beroep waarvoor wetenskaplike opleiding nodig is. Van die laasgenoemde standpunt is hy ’n voorstander (Coetzee, 1937:153). ’n Bibliotekaris moet dus ’n geleerde persoon met ’n breë algemene vorming wees, sodat hy in sy dienslewering aan vakspesialiste op verskillende terreine kan beweeg. Ook die leek kan deur die bibliotekaris in sy behoeftes bygestaan word deurdat hy as tussenganger tussen die mens en die rekord optree. Hiervoor is die opleiding wat die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging bied, nie vir hom aanvaarbaar nie (Viljoen, 1973:242).

Die voorstelle vir die kursusse wat die Universiteit van Pretoria wou aanbied, het van dié van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging verskil, aangesien Coetzee die Amerikaanse, die kontinentale, veral die Nederlandse (Malan, 1970(3):44) en Italiaanse opleiding, as uitgangspunt geneem het teenoor die Britse, waarop die Vereniging

se opleiding gebaseer was. Hy sien die biblioteekkunde as 'n volwaardige akademiese vak, wat in die beroepsopleiding dieselfde vormende waarde kon hê en wat dieselfde gewig as ander akademiese vakke dra. Hy volg die probleembenadering waar elke student geprikkel word om selfstandig te dink (Viljoen, 1973:242-243).

Coetzee gaan van die veronderstelling uit dat die opleiding van bibliotekarisse in twee vlakke verdeel moet word. Die eerste vlak, wat oor 'n tydperk van drie jaar aangebied word, "is 'n algemene inleidende kursus wat die hele veld op oorsigtelike wyse dek, en praktiese werk word in titelbeskrywing gedoen. Die kursus word deur die eerstejaarstudente in Biblioteekwese ... bygewoon" (Coetzee, 1941:158). Die tweede vlak is nagraadse studie waarin 'n vertakking van die biblioteekkunde bestudeer moet word (Coetzee, 1941:158; Malan, 1970(3):43).

Hierin sien hy die moontlike verhoging van standaarde en die verbetering van die status van die beroep. Hy wil nie slegs die geheue toets nie — soos wat hy beweer deur die kursus van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gedoen word — maar aan die studente 'n teoretiese kennisbasis verskaf.

Volgens Malan (1970(3):43) is dit logies dat Coetzee, as wysgerig-geskoolde, die studie van klassifikasie as die kern van die leergang in die biblioteekkunde beskou. Sy benadering, in teenstelling met dié van die Biblioteekvereniging, is dat die bestudering daarvan logiese, sistematiese denke moet bevorder.

Naas die biblioteekkundige studie meen Coetzee (1937:159) dat 'n baccalaureusgraad 'n noodsaaklikheid is. As vereistes waaraan die opleiding moet voldoen, stel Coetzee in die eerste plek die behoefte aan 'n wye algemene opleiding, wat vir hom belangriker is as die tegniese opleiding. Verder glo hy kan tegniese kennis van biblioteekkundige vakke bygebring word sonder dat te veel klem op katalogisering en klassifikasie val. Daar moet geleentheid wees om praktiese ondervinding op te doen, en ten slotte moet die geskiedenis van die vak bestudeer word (Pretoria Universiteit, 1936(1):6-8).

Coetzee betoog verder dat die beskikbaarheid van betrekkings vir

gekwalfiseerde bibliotekarisse in die verlede beperk was en dat dit in baie gevalle deur persone uit die buiteland gevul is. Volgens hom was die toestand besig om vinnig te verander en die uitbreiding van biblioteekdienste op die platteland maak verdere opleiding van bibliotekarisse noodsaaklik. Hy verwag ook dat die regering mettertyd opgeleide personeel in sy eie dienste gaan benoem en dat die bestaande opleidingsfasiliteite dan nie voldoende sou wees om in die behoeftes te voorsien nie. Hy waarsku egter: “ ... net ’n woordjie oor die vooruitsigte van studente in Biblioteekwese. Laat ons toegee dat dit op die oomblik nie rooskleurig is nie. Daarom word almal wat hulle vir die kursus aanmeld, aangeraai om ’n tweede beroep, soos onderwys, te kies waarop hulle kan terugval. Maar dit sal nie so bly nie” (Coetzee, 1941:158).

Soos te verwagte het hierdie voorstelle van Coetzee baie kommentaar, veral kritiek aan die kant van die Biblioteekvereniging uitgelok. Hierdie kritiek is deur sommige lede goed aanvaar as hulle sê: “ ... the Association is ready to place whatever demands may appear necessary on our future librarians in the matter of qualifying for their task” (Brief Eybers, 22 Februarie 1937). Die voordele van universitêre opleiding bo opleiding per korrespondensie is deur baie lede van die Vereniging besef, maar die feit dat baie van die persone in opleiding oor die land verspreid was, en aangesien almal nie oor die finansiële middele beskik het om universitêre opleiding te ondergaan nie, het meegebring dat hulle gevoel het dat die tyd nog nie vir so ’n stap ryp was nie.

Die praktiese opleiding van die Biblioteekvereniging was veral vir C. Christie en M.M. Stirling baie belangrik en die fondament vir biblioteekopleiding. Vir hulle was ’n universiteitsgraad in biblioteekkunde “neither necessary nor desirable” (Brief Stirling, 22 Mei 1937). Volgens Stirling sou die universitêre opleiding die biblioteekwerkers verdeel en die Vereniging verswak. Die opleiding sou te duur wees en hy voel dat die Vereniging se opleiding sou voorsien in die personeelbehoeftes, wat na sy oordeel deur een opgeleide bibliotekaris per jaar bevredig kon word: “Such a School would do incalculable harm to South African librarianship as a whole and would endanger the present correspondence courses, which can only succeed if every library staff (large and small) in the Union loyally

and unselfishly supports them” (Brief Stirling, 22 Mei 1937).

’n Verdere punt van kritiek was veral die sogenaamde kulturele agtergrond wat bepleit word by die opleiding. Christie sê: “... our primary need is not to provide more *cultural background* for our librarians but to remedy the gross and scandalous deficiencies of our country’s libraries” (Brief Christie, 28 Februarie 1937).

In ’n omsendbrief van die Raad (12 September 1943) sê Stirling oor die opleiding van die Universiteit van Pretoria: “Can a university with a teaching staff which is generally regarded by librarians as unqualified, set itself up as a body to lay down diploma standards and recommend their recognition to employers of librarians?”

Daarenteen het sommige lede van die Vereniging gevoel dat daar eerder met ander instansies wat opleiding beplan, saamgewerk moes word sodat daar van die kundigheid van die Vereniging gebruik gemaak kon word by die beplanning van nuwe kursusse. Oor die tekortkominge van die Vereniging se eie opleiding sê G.W. Eybers (Brief, 11 Maart 1938): “I cannot get away from the feeling that our own schemes may not yet embody all the truth and the ultimate good to which South Africans needing library service may aspire ... we are a teaching and training institution to only a limited extent.” Dit sal dus nie in die belang van die biblioteekwese in die algemeen of van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging wees om enige ander pogings te verdoem nie.

Alhoewel die Universiteit van Pretoria voor 15 Februarie 1937 die kommentaar van die Biblioteekvereniging op sy voorgestelde kursus wou hê, het die Onderwyskomitee die beredenering van die saak herhaaldelik uitgestel omdat daar nie genoeg lede by die vergaderings teenwoordig was nie. Toe die aangeleentheid weer op 10 Maart 1938 op die agenda verskyn het, is besluit dat, aangesien die Universiteit van Pretoria reeds met sy opleiding begin het, dit te laat was vir verdere oorweging (Brief Freer, 24 Maart 1938).

Goetzee beweer later dat die Universiteit van Pretoria nooit om die goedkeuring van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging vir sy opleidingskursusse aansoek gedoen het nie. Sy brief van 1 Desember

1936 kan egter wel as 'n weerlegging van die bewering beskou word.

As gevolg van die skerp kritiek wat hierdie aansoek uitgelok het en die voortdurende uitstel van die bespreking van die beginsel van die saak, het dit duidelik geblyk dat die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging selfs in die laat stadium nog nie gereed was om die opleiding van bibliotekarisse aan universiteite te aanvaar nie. Deur hierdie klaarblyklike kortsigtige optrede van die Vereniging het 'n gulde geleentheid verlore gegaan om die opleiding te koördineer en aan universiteite te vestig. Deur onderhandelinge met die Universiteit van Pretoria aan te knoop kon die Vereniging gepoog het om moontlik sy vereistes in die kursusse in te sluit. Die Vereniging is trouens vroegtydig deur die Universiteit genooi om die saak te bespreek, maar het hierdie kans nie benut nie. Dit is derhalwe verstaanbaar dat die Universiteit later nie bereid was om aansoek te doen om die gelykskakeling van sy kursusse met dié van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging nie. In die rekords van die Vereniging kon ook geen bewys gevind word dat die Vereniging met die Universiteit oor die aangeleentheid gekorrespondeer het nie. Die Vereniging kon deur middel van samesprekings en diplomatiese onderhandelinge met die Universiteit moontlik 'n oplossing bereik het. Dit sou baie probleme en ontevredenheid wat later in beroepsgeledere bestaan het, kon voorkom het.

Aangesien die opleiding van die Universiteit van Pretoria (sedert 1938), dié van die Universiteit van Suid-Afrika (sedert 1954) en dié van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (sedert 1964) aanvanklik nie met dié Vereniging se opleiding gelykgeskakel was nie, het die feit dat studente van hierdie universiteite nie vir die assosiasie- en assosiasiestatus in aanmerking kon kom nie, baie wrywing en verdeling tussen die lede van die Vereniging meegebring.

Die weiering van die Universiteit van Pretoria om sy opleiding volgens die voorskrifte van die beroepsvereniging in te rig, het die onmag van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging om sy voorskrifte op ander instansies af te dwing, aan die lig gebring (Viljoen, 1973:237). Indien die Vereniging oor wetlike gesag, soos dit in Brittanje die geval is, beskik het, sou die voorskrifte afdwingbaar gewees het. Die Biblioteekvereniging moes nou staatmaak op die

welwillendheid van sy lede wat gewillig sou wees om saam te werk om 'n hoë opleidingspeil in die land te handhaaf.

Die opleiding van bibliotekarisse, en veral die take waarvoor hulle opgelei behoort te word en die inhoud van die opleiding, het na die aanvang van die opleidingskursusse van die Universiteit van Pretoria opnuut die aandag van die Biblioteekvereniging geniet. In 1939 het daar twee gedagterigtings bestaan, naamlik die tegniese soos deur die Vereniging voorgestaan en die akademies-wetenskaplike benadering van die Universiteit van Pretoria. Dit is noodsaaklik dat opleiding voortdurend moes aanpas by die eise van die tyd en leerplanne moes voortdurend hersien word. Een van die strewes van 'n beroepsvereniging is om die standaarde van opleiding en die status van die beroep te verhoog. Daar is ook reeds daarop gewys dat dit kenmerkend is dat daar spanning ontstaan het tussen voorstanders van die oorheersend teoretiese teenoor die oorheersend praktiese benadering. Die studente wat die opleiding van die Vereniging deurloop het, was uit die aard van die saak redelik goed tuis in die praktyk, en hierdie praktiese ervaring het by sommige owerhede sterk gefigureer by aanstellings. Aan die ander kant was daar ook lede van die beroepsgemeenskap wat ingesien het dat biblioteekwerk nie net deur die beoefening van tegnieke tot sy volle potensiaal benut kon word nie.

4.3.2.2 *Toetreding deur die Universiteit van Kaapstad tot die opleiding van bibliotekarisse*

Die groeiende behoefte aan opgeleide bibliotekarisse, waarna reeds verwys is, het bewys dat die Raad van die Biblioteekvereniging nie genoeg vertrou in die potensiaal van die beroep gehad het nie. Die Raad was onder die indruk dat die ses kandidate wat tussen 1934 en 1940 die Diploma van die Vereniging behaal het, voldoende sou gewees het om in die behoefte van die land te voorsien (SABV-Verlag, 1936-39:7). Op 13 November 1939 skryf R.F.M. Immelman wat reeds in 1939 met opleiding begin het, aan Charles Christie: "We in the Cape have difficulties peculiar to this Province and in our opinion the paucity of trained librarians is one of the most serious handicaps to the development of adequate library service in the country". Dit is duidelik dat die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging

teen 1940 nie in die behoefte aan opgeleide personeel kon voorsien nie.

Immelman (1963(2):315) het aangedui dat Wes-Kaapland en die Universiteit van Kaapstad op die voorgrond staan van groot biblioteekontwikkelinge en dat daar gepoog word om meer betrekkinge geskep te kry. As gevolg van die algemeen chaotiese toestand van biblioteekdienste en die swak salarisse was dit moeilik om rekrute vir die beroep te werf (Brief Eybers, 28 September 1940). Daar was ook aanduidings dat die Universiteit van Kaapstad nie tevrede was met die opleiding wat deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging aangebied is nie (Wertheimer, 1958:34).

Toe Coetzee gedurende 1938 met sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria begin het, was Immelman van Kaapstad besig met sy professionele opleiding aan die Columbia-Universiteit, New York. Na sy terugkeer het hy die tweede Suid-Afrikaanse universitêre kursus in biblioteekkunde beplan. Sy persoonlike siening oor die biblioteekberoep en oor die opleiding wat 'n student moes ondergaan om sy beroep na behore te kon uitoefen, word in 'n referaat tydens die 1940-konferensie, wat feitlik uitsluitlik oor biblioteekopleiding gehandel het, gestel (Immelman, 1941:151-156). Hy beweer dat 'n "lack of professional philosophy hampers the library profession" (p. 152). As gevolg van sy Amerikaanse opleiding was Immelman 'n sterk voorstander van 'n akademiese benadering by die opleiding van bibliotekarisse in Suid-Afrika. "University training does establish the *respectability* of the library profession in the eyes of non-librarians in a way that no other action would achieve as readily" (Immelman, 1947:98). Hy was oortuig daarvan dat 'n groter verskeidenheid rekrute deur universiteitopleiding, wat vir die beroep so noodsaaklik was, gewerf sou kon word.

Die opleiding van die Universiteit van Kaapstad, wat in 1939 ingestel is, is aanvanklik deur die biblioteekpersoneel behartig en het in 'n hoë mate aan die vereistes vir opleiding van die Vereniging voldoen. Die dosering was deegliker en meer intensief en die leerplan was behoorlik gekoördineerd.

'n Kenmerk van die kursus was sy gebalanseerde siening van

beroepsopleiding. Op die onderliggende beginsels van die biblioteekwese is sterk klem gelê. "The aim is to train library assistants ... who can interpret the library to the layman" en om die beeld van die bibliotekaris en sy beroep in die oë van die publiek uit te bou. "This Course in Librarianship is certainly not designed to train technicians only, but rather to cultivate a broad professional outlook ... related to the needs of libraries to-day" (Immelman, 1941:153).

Die prinsipiële benadering van Immelman het neerslag gevind in die inhoud en onderrigmetodes van die kursus wat sy Universiteit ingestel het. Hy wou hom dus nie net tot die praktiese benadering van die Biblioteekvereniging beperk nie, maar het besef dat die vereistes en behoeftes van die praktyk wel deeglik oorweeg moes word by die samestelling en aanbieding van 'n kursus in biblioteekwese. "The curriculum is not intended to give students a training in the procedures of individual libraries, but to enable them to obtain a sound foundation and the necessary equipment to understand library procedures, which should enable them to adapt themselves to work in any type of library and to any particular post on a library staff" (Immelman, 1941:154).

Die opleiding van die Universiteit van Kaapstad is ook aanvanklik gesien as 'n bedreiging vir die opleiding van die Biblioteekvereniging. Die opleiding van Immelman, waarin tegniek nie absoluut oorheers het nie maar tog die nodige aandag geniet het, en waarin op die onderliggende beginsels en doelstellings klem gelê is, het tussen die twee pole van die Biblioteekvereniging se tegniek-georiënteerde opleiding en Coetzee se teoreties-wysgerige opleiding gestaan. Die Biblioteekvereniging het blykbaar daarna gestreef om uniformiteit by alle opleiding te probeer behou. Later het geblyk dat die uiteenlopende benaderings meer op klemverskille gedui het en dat verskeidenheid as sodanig tot voordeel van die biblioteekopleiding in Suid-Afrika was (Malan, 1970(3):46).

Na langdurige bespreking en onderhandeling tussen verteenwoordigers van die Biblioteekvereniging en die Universiteit van Kaapstad het die Vereniging, op voorstel van R.F. Kennedy, wat intussen van opvatting verander het en 'n pleitbesorger vir universitêre opleiding geword het, in 1940 besluit om diplomas, wat deur ander liggame

uitgereik is, te erken nadat daar by die Raad om erkenning aansoek gedoen is en aan die voorwaardes van die Raad voldoen is (Konferensie, 1940:16). Na aanleiding van 'n aansoek om die gelykstelling van die kursusse van die Universiteit van Kaapstad met dié van die Vereniging gee R.F. Kennedy, wat die kursusse namens die Vereniging moes evalueer, 'n positiewe bevinding oor die opleiding "in that it lays emphasis on the more important aspects of library science, particularly library ideals and objectives and the study of the reader. By comparison, our own syllabus appears to lay undue emphasis on routine techniques ... In its method of instruction ... the university course would seem to have overwhelming superiority over correspondence courses (Kennedy, Kommentaar aan Raad, September 1940). In 1941 is die eenjarige nagraadse diploma van die Universiteit van Kaapstad gelykgestel met die Finale Diploma van die Biblioteekvereniging (Onderwyskomitee. Notule, 30 Augustus 1940).

Die feit dat die opleiding van die Universiteit van Kaapstad deur die Vereniging erken is, was 'n aanduiding dat 'n eiesoortige bibliotekarisopleiding in Suid-Afrika aan die ontwikkel was. Dit het 'n patroon geskep en as basis gedien waarvolgens ander universiteite daarin geslaag het om hulle opleiding deur die Vereniging erken te gekry het (Malan, 1970(3):46-47; Viljoen, 1973:237). In 1955 het die Universiteit van Suid-Afrika met opleiding begin, in 1956 die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, in 1958 die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van die Witwatersrand, in 1963 die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, in 1968 die Universiteit Rhodes en in 1973 die Universiteit van Natal (Pietermaritzburg).

4.3.3 Die oordrag van die Vereniging se opleidingskursusse aan die Universiteit van Suid-Afrika

Van 1936 af het die moontlikheid van universitêre opleiding van bibliotekarisse wat in afdeling 4.3.2 behandel is, die aandag van die Onderwyskomitee en sy voorgangers geniet. Teen hierdie, vir die Vereniging, nuwe idees het veral M.M. Stirling kwaai te velde getrek. Hy het dit oënskynlik gedoen om die nie-gegraduerde gekwalifiseerde bibliotekarisse ter wille te wees. Daarby het hy baie

sterk oor die opleiding deur die professionele vereniging gevoel en was oortuig dat die meerderheid lede van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging hierdie nuwe neiging nie sou steun nie — 'n standpunt wat logies was as in aanmerking geneem word dat die oorgrote meerderheid gekwalifiseerde bibliotekarisse op hierdie stadium nie-gegradueerd was nie. Stirling stel sy saak soos volg: “The majority of our own graduates who realize that, in so far as the things that really matter are concerned, e.g. intelligence, ability, character, there is no difference whatsoever between them and their matriculated colleagues. Both must naturally be suitable people to start with, for an unsuitable graduate is just as useless in a library as an unsuitable matriculant. Members of the Education sub-committee appear to have assumed that the possessor of a university degree is *ipso facto* a more fit and proper person. This assumption is wholly unjustified. It is doubtful if one in a hundred graduates is suitable for librarianship. On the other hand there are far more suitable people amongst matriculants, for the very simple reason that here the field of choice is infinitely greater. It must not be forgotten, too, that the best and most liberal education any interested person can receive is to work in a library” (Kommentaar Stirling, 17 Desember 1941). Verder voer Stirling aan dat die groot getal nie-gegradueerdes wat in Brittanje senior biblioteekbetrekkings beklee, 'n aanduiding is dat 'n graad nie 'n vereiste behoort te wees nie. Sy standpunt was dat 'n matrikulant wat in staat is om die finale sertifikaat te behaal, nie daarvan wechou behoort te word nie.

Stirling het verder gesê dat die ander opleidingskursusse wat ingestel is of nog ingestel sou word, aan die vereistes wat deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gestel is, kon voldoen, maar dat dit nie slegs die gelykskakeling van ander kursusse met dié van die Vereniging was wat op die spel was nie: “It is not a mere matter of approval. It is a question of protecting our own courses, of preventing innocent people from taking up apparently attractive degree or diploma courses for an apparently attractive profession only to find at the end of their studies, that they have no reasonable prospect of employment in a library and that they have wasted years of their time. It is a question of preventing the market from being flooded with cheap librarians (however good) by other institutions (however worthy), above all, it is a question of protecting the 56 members of

the Library Association now taking our courses and assuring them that their certificates will not suffer invidious competition with those issued under unofficial auspices" (Kommentaar Stirling, 17 Desember 1941).

Die moontlikheid van opleiding deur inrigtings vir tersiêre onderwys het egter steeds verder die aandag geniet. In opdrag van die Onderwyskomitee het P.C. Coetzee en mev. M.T. Reitz met die Universiteit van Suid-Afrika voorlopige samesprekings gevoer oor die moontlike oordrag van die opleiding van die Vereniging, terwyl R.F. Kennedy met die Witwatersrandse Tegnieese Kollege onderhandel het (Onderwyskomitee. Notule, 15 Januarie 1953). Uit die onderhandelinge het geblyk dat die Universiteit van Suid-Afrika gewillig was om die opleiding te onderneem, maar nie daartoe wou toestem dat die Biblioteekvereniging die eksaminering behartig nie (Onderwyskomitee. Notule, 15 Mei 1953).

As gevolg van verdere probleme en kritiek het die Onderwyskomitee in 1958 weer ondersoek na sy opleiding ingestel. Die moontlikheid van die oordrag na 'n universiteit is weer oorweeg.

Die teenstanders van universitêre opleiding het ter ondersteuning van Stirling en sy geesgenote se oorspronklike standpunt aangevoer dat, ten spyte van die opleiding wat deur universiteite verskaf is, die getalle wat opleiding deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging ondergaan, nie afgeneem het nie, en dat dit 'n bewys was dat daar nog 'n behoefte aan dié vorm van opleiding bestaan het. Die voorstanders het egter geredeneer dat die opleiding deur die Vereniging nie meer geregverdig kon word nie, aangesien universiteite in die afsienbare toekoms in die opleidingsbehoefes van die land sou kon voorsien en dat die Vereniging se opleiding slegs as 'n tydelike maatreël beskou moes word (Onderwyskomitee. Notule, 23 Augustus 1958).

Na ondersoek het die Onderwyskomitee in 1958 besluit dat in beginsel ooreengekom word om die opleiding en eksaminering van die Vereniging te staak sodra 'n geskikte plaasvervanger gevind is (Onderwyskomitee. Notule, 23 Augustus 1958; SABV-Jaarverslag, 1958-59:23).

Die aangewese inrigting om die korrespondensiekursusse van die Vereniging voort te sit, was die Universiteit van Suid-Afrika met sy stelsel van afstandsonderrig. Ongelukkig het die Universiteit by die instelling van sy kursusse in 1955 nie met die Vereniging oorleg gepleeg nie soos aanvanklik deur die Rektor van die Universiteit van Suid-Afrika onderneem is (Onderwyskomitee. Notule, 15 Maart 1953; Notule, 17 Januarie 1955).

In opdrag van die Onderwyskomitee het H.M. Robinson en H.C. van Rooy die delikate onderhandelinge met die Universiteit van Suid-Afrika met die oog op die moontlike oornome van die Vereniging se kursusse gevoer. Die Biblioteekvereniging het sekere vereistes vir die opleiding gestel, soos byvoorbeeld dat voltydse dosente benoem moes word, dat die minimum toelatingsvereistes vir opleiding op die laer professionele vlak die matrikulasiesertifikaat moes wees en dat die opleiding op die hoër professionele vlak die ekwivalent van vier jaar voltydse studie moes duur. Verder het die Vereniging verwag dat die kursus van die Universiteit van Suid-Afrika die nodige wetenskaplike grondslag vir die bibliotekaris moes verskaf en dat die opleiding nie slegs uit die leer van tegnieke moes bestaan nie. Die opleiding moes wetenskaplik en professioneel wees sodat die student goed onderlê kon wees ten opsigte van sy boekekenis en diens aan die gebruiker. Die onderhandelinge is na langdurige samesprekings suksesvol afgehandel met die aanbeveling van die Onderwyskomitee dat die opleiding van die Vereniging aan die Universiteit van Suid-Afrika oorgedra sal word, nadat die Universiteit hom bereid verklaar het om die wysigings, soos deur die Vereniging versoek, in sy kursusse aan te bring (SABV-Jaarverslag, 1961-62:23). Hierdie aanbeveling van die Onderwyskomitee en die Raad is tydens die 1961-konferensie aanvaar, toe besluit is "[that it be agreed] in principle that the teaching work carried out by the Association through its correspondence courses and examinations be handed over to the University of South Africa" (Konferensie, 1961:132). Die Raad van die Vereniging het verder besluit dat die kursusse van die Universiteit van Suid-Afrika van 1962 af deur die Biblioteekvereniging met sy kursusse gelykgeskakel sou word (SABV-Jaarverslag, 1963-64:21).

Die Biblioteekvereniging het sedert 1962 nie verder op hierdie vlak

opleiding verskaf nie, dog het tot Junie 1966 met eksaminering voortgegaan om studente wat met kursusse besig was, die geleentheid te bied om hulle studies te voltooi.

Die afsluiting van die Vereniging se direkte betrokkenheid by opleiding bring 'n drastiese verandering in die funksie van die Onderwyskomitee mee, wat in die verlede een van die belangrikste liggame binne die raamwerk van die Vereniging was. Waar sy hoofsaak in die verlede die organisering en beheer oor opleiding van die Vereniging was, sou sy hoofsaak nou die formulering van beleid insake biblioteekopleiding, die verhoging van die opvoedingspeil deur die nodige kontak met universiteite, die identifisering van besondere behoeftes aan opgeleide personeel soos blyk uit die praktyk, die organisering van vakansie- of kort kursusse vir diensdoende bibliotekarisse en hulp in verband met die opleiding van Nie-Blanke-biblioteekwerkers wees (Van Rooy, 1966(2):68).

4.3.4 *Opleiding van Nie-Blanke-biblioteekwerkers op voor-matrikulasievlak*

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het aanvanklik nie besondere voorsiening gemaak vir die opleiding van Nie-Blanke-biblioteekwerkers nie. Daar is gepoog om vir hulle behoeftes op die vlak van die Elementêre Sertifikaat deur die aanbieding van 'n Swart taalvoorsiening te maak (Onderwyskomitee. Notule, 3 Oktober 1940). Die Vereniging se standpunt was dat, in belang van Nie-Blankes en in belang van die beroep as geheel, die Elementêre Sertifikaat nie afgewater moes word om in hulle besondere behoeftes te voorsien nie, aangesien hulle na die verwerwing van 'n matrikulasiesertifikaat dieselfde kursus as die Blankes kon volg met sekere toegewings in vakkeuse. R.F. Kennedy het veral daarvoor gepleit dat die opleiding vir die verskillende bevolkingsgroepe gelykwaardig moes wees (Onderwyskomitee. Notule, 30 Oktober 1941; Notule, 10 November 1952).

As gevolg van vertoë van veral mev. M.A. Peters het die Vereniging later aandag gegee aan die opleiding van Nie-Blanke-biblioteekwerkers op die voor-matrikulasievlak (Onderwyskomitee. Notule, 21 September 1948). In 'n Memorandum (Onderwyskomitee. Notule, 6 Januarie 1949) wat mev. M.A. Peters op 6 Januarie 1949 aan die

Onderwyskomitee voorgelê het, is gevra dat biblioteekdienste aan Swartes op 'n vaste grondslag geplaas moes word. Die oorheersende probleem om die doel te bereik was dat daar nie genoeg opgeleide Swart personeel beskikbaar was om in die behoefte te voorsien nie, aangesien die matrikulasietoelatingsvereiste om die kursusse van die Vereniging te volg, te hoog was. As in aanmerking geneem word dat daar in 1948 slegs vyf honderd en agt Swart matrikulante was (Unie van Suid-Afrika, 1953:408), van wie slegs 'n klein deel matrikulasievrystelling behaal het, is dit voor-die-hand-liggend dat slegs 'n baie klein persentasie hiervan tot die biblioteekberoep sou toetree. Daar is geargumenteer dat 'n groot aantal bekwame Swartes die voorreg ontsê is om met die opleiding voort te gaan aangesien hulle kollektiewe opvoedingspeil baie laer was as dié van die Blankes. Daar is gepleit dat, soos dit by die onderwys die geval was, 'n laer vlak van opleiding verskaf moes word, sodat gedeeltelik in die behoefte aan opgeleide personeel voorsien kon word: "The guiding principle of the Committee should be the furthering of the Non-European library interests and the Non-European library training for service to their own people" (Onderwyskomitee. Notule, 16 Junie 1948).

Na ondersoek na die besondere behoeftes van die groep is konsep-leerplanne opgestel vir 'n Preliminêre Sertifikaat met st. 8 as toelatingsvereiste. Die oogmerk met die opleiding was dat die Nie-Blanke-biblioteekaris in staat gestel moes word om sy gebruiker van raad te dien, en aangesien vermoed is dat nie baie van die kandidate verder as die Preliminêre Sertifikaat sou vorder nie, "it was felt that this examination should not be made too easy, so that the certificate of the Preliminary examination issued by the South African Library Association, and held by the Non-European librarian, would give him a general training, meriting his respect" (Onderwyskomitee. Notule, 6 Januarie 1949). Eksamens van een uur per vak is in Katalogisering, Klassifikasie, Biblioteekadministrasie, Algemene Boekevoorraad (1½ uur vraestel), Boekevoorraad in Afrikaans *of* Engels en Boekevoorraad in 'n Swarttaal afgeneem.

Die kursus is ingestel en in 1948 is Nie-Blankes wat oor st. 8 en die Preliminêre Sertifikaat beskik het en wat twee jaar praktiese ondervinding gehad het, tot die Elementêre Eksamen toegelaat.

Hulle is egter nie toegelaat om verder as die Intermediêre Sertifikaat te vorder nie (SABV-Jaarverslag, 1948-49:7).

As gevolg van vertoë deur E.A. Borland en R.F. Kennedy is plaaslike owerhede wat van hierdie studente in diens gehad het, aangemoedig om, by suksesvolle voltooiing van die studies, hulle studiegeld te betaal en hulle salarisse aan te pas (Onderwyskomitee. Notule, 12 Januarie 1950).

Aangesien die Biblioteekvereniging nie bereid was om korrespondensiekursusse vir hierdie opleiding aan te bied nie, sou hy slegs die eksamens afneem, en die studente moes in hulle voorbereiding deur die hoofde van hulle biblioteke gehelp word (Onderwyskomitee. Notule, 29 September 1950). Die *Nie-Blanke-Biblioteekdiens, Transvaal* het van 1952 tot 1963 korrespondensiekursusse vir die Preliminêre Sertifikaat aangebied met behulp van dosente wat ten minste oor die Intermediêre Sertifikaat beskik het (Onderwyskomitee. Agenda, 9 Mei 1952).

In 1963 het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging op versoek 'n Sekondêre Sertifikaat vir Nie-Blankes ingestel (Onderwyskomitee. Notule, 26 September 1963). Gedurende hierdie tydperk het biblioteekverenigings vir die verskillende bevolkingsgroepe, waaroor later meer inligting verstrekkend word, tot stand gekom. Aangesien hierdie verenigings nog in 'n vestigingsfase verkeer het, het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging hom verplig gevoel om met die opleiding van Nie-Blankes voort te gaan totdat hulle in staat sou wees om die opleiding te organiseer en te beheer (Onderwyskomitee. Agenda, 20 Maart 1964). Die Biblioteekvereniging was steeds nie bereid om die opleiding deur middel van korrespondensiekursusse aan te bied nie, en gevolglik is besluit om studiegids in samewerking met die *Nie-Blanke-Biblioteekdiens, Transvaal* beskikbaar te stel (Onderwyskomitee. Notule, 30 Maart 1963).

Van 1964 af het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging ook eksamens in die vier vakke, Katalogisering, Klassifikasie, Boekevoorraad en Biblioteekadministrasie vir die Sekondêre Sertifikaat afgeneem, en van 1965 af is studiegids en, in sommige gevalle, ook studiebriewe vir albei sertifikate beskikbaar gestel (Onderwyskomitee.

Notule, 20 Maart 1964). Die onderrig is tot 1965 deur die *Nie-Blanke-biblioteekdiens, Transvaal*, gedoen en leerplanne en studiegidse van die Biblioteekvereniging het in 1966 in werking getree (Onderwyskomitee. Notule, 10 Maart 1965; SABV-Jaarverslag, 1965-66:27). Nuwe studiegidse vir die Preliminêre en die Sekondêre Sertifikaat is van 1976 af in gebruik, en nuwe reëls vir die toelating tot eksamens, die eksaminering en hereksamens en die duur van die vraestelle is goedgekeur (SABV-Jaarverslag, 1977-78:56).

Oorspronklik het die Biblioteekvereniging onderneem om hierdie opleiding vir sewe jaar aan te bied (SABV-Jaarverslag, 1963-64:22). Die Onderwyskomitee het as beskermliggaam vir die opleiding opgetree en die administrasie is deur die sekretariaat van die Vereniging behartig. Vandat die Vereniging bepaal het dat 'n kandidaat minstens 75 persent van die werkstukke moes indien en daarin minstens 'n gemiddeld van 50 persent moes behaal, voordat hy tot die eksamen toegelaat kon word, het daar 'n aanmerklike verbetering in die eksamenuitslae ingetree (SABV-Jaarverslag, 1966-67:37).

Aangesien die kandidate self slegs 'n geringe finansiële bydrae tot die opleiding kon maak, en aangesien die Biblioteekvereniging self nie oor die nodige fondse beskik het nie, is verskillende staats-, provinsiale en munisipale owerhede om finansiële steun genader om die koste verbonde aan die opleiding te dek.

Hierdie opleiding was ook vir studente uit bevriende Afrikastate beskikbaar en 'n aantal kandidate van onder andere Botswana, Lesotho, Mauritius, Malawi, Rhodesië en Swaziland het van die voorreg gebruik gemaak (SABV-Jaarverslag, 1973-74:50). Die Vereniging het deur middel van die Departement van Buitelandse Sake 'n aantal studiebeurse aan studente uit hierdie gebiede toegestaan. Die beurse was ook vir studente uit die Tuislande en vir studente uit gebiede waarvan die plaaslike owerhede finansiële bydraes tot die opleiding gemaak het, beskikbaar (SABV-Jaarverslag, 1968-69:52). Aanvanklik is slegs persone wat in biblioteke werksaam was, tot die kursusse toegelaat, maar hierdie beperking is mettertyd afgeskaf.

Na langdurige onderhandelinge het die Biblioteekvereniging daarin geslaag om die Sekondêre Sertifikaat vir salarisdoeleindes deur die Staatsdienskommissie as gelykstaande aan die matrikulasiesertifikaat erken te kry (SABV-Jaarverslag, 1969-70:30; Onderwyskomitee. Notule, 19 September 1969; Brief Staatsdienskommissie, 5 Augustus 1968).

Die bydrae van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging tot die voorsiening van opgeleide personeel vir die Nie-Blanke-bevolkings-groepe was van onskatbare waarde. Toe die opvoedingspeil van die groepe nog relatief laag was, is daar personeel opgelei wat in die elementêre biblioteekbehoefes van hulle eie mense kon voorsien. Aan die einde van 1980 het die Biblioteekvereniging reeds van een Swart dosent en twee Swart eksaminatore vir hierdie opleiding gebruik gemaak.

As gevolg van die groot toename in beskikbare personeel en die aantal matrikulante wat biblioteekopleiding aan die Universiteit van Suid-Afrika en aan die verskillende staatsuniversiteite ontvang, ontstaan die vraag of die *Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese* nog met opleiding op die laer professionele vlakke moet voortgaan. Het die tyd nie ryp geword en is dit nie in belang van die biblioteekwese dat hierdie opleiding nou afgesluit word en dat universitêre opleiding as basiese professionele kwalifikasie sal geld nie?

4.4 *Die bydrae van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging by wyse van vakansiekursusse vir onopgeleide plattelandse biblioteekwerkers en voortgesette opleiding vir senior bibliotekaris*

In hoofstuk 3 word verwys na die taak van 'n beroepsvereniging om georganiseerde voortgesette opleiding te beplan, te koördineer en te implementeer om daardeur beroepswerkers op hoogte te hou van die jongste ontwikkelinge op hulle vakgebied. Daar moet dus aandag geskenk word aan die bydrae van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in dié verband, in die eerste plek in belang van onopgeleide plattelandse biblioteekwerkers en later vir studente as voorbereiding vir die eksamens van die Vereniging en uiteindelik vir gespesialiseerde groepe soos dokumentaliste.

Die verantwoordelikheid vir die inisiëring, beplanning en beheer oor die voortgesette opleiding het by die Vereniging en dus by die Onderwyskomitee berus. Die aanbieding is aanvanklik deur die Onderwyskomitee self waargeneem en het mettertyd geskied met behulp van ander instansies soos takke van die Vereniging, departemente biblioteekkunde aan universiteite, biblioteke en buite-instansies soos die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad.

Hierdie onderneming het as die *Staatsbiblioteek se Vakansieskool* bekend gestaan en later as kursusse aangebied met behulp van die Staatsbiblioteek se Carnegiestudiefonds.

Reeds in Februarie 1931 skryf dr. C.T. Loram oor 'n moontlike vakansiekursus soos volg aan M.M. Stirling: "I am very much in favour of holding a Vacation Course for librarians in the near future ... at which lectures in certain of the subjects prescribed for the English Library Association's Examination should be taught ... The lectures would be free of charge to the members ... Durban seems a suitable centre because it has a fairly large library system in its Municipal Library and a smaller system in its Technical College Library. The library staffs in Durban are enthusiastic over the proposal and would place their resources at the disposal of the Vacation Course." In Februarie 1931 reageer M.M. Stirling soos volg hierop: "Conversations with various library committees in Natal, The Free State and the Eastern Province have led me to believe that such a course would be welcomed. While the instruction given would necessarily have to be of a fairly elementary and practical nature I agree that the best possible talent should be procured for lecture purposes ... It does not seem to me unreasonable to expect a library committee to grant special leave, even at some temporary inconvenience, to a member of its staff for the purpose of giving or receiving instruction. Even if only a handful of people from various parts of South Africa attended the course the vacation school would do a great deal towards popularizing the library movement ..."

Die eerste vakansiekursus vir biblioteekwerkers is dan ook in Julie 1931 in Durban onder die toesig van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gehou met geld wat die Uitvoerende Komitee van die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1928) beskikbaar gestel het

(Memorandum Stirling, 20 Februarie 1940).

In 1932 het die Carnegie korporasie in New York 'n fonds geskep vir die ontwikkeling van biblioteekdienste in Suid-Afrika met die opdrag dat die jaarlikse rente daarop deur die Staatsbiblioteek vir die organisering van vakansiekursusse aangewend moes word (Memorandum Stirling, 20 Februarie 1940). Op 15 Februarie 1934 het die Raad van Kuratore van die Staatsbiblioteek besluit om die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging te versoek om namens hom die kursusse te behartig. Die Staatsbiblioteek het onderneem om jaarliks 'n bedrag van £200 (R400) beskikbaar te stel solank as wat die ooreenkoms sou bestaan (Memorandum Staatsbiblioteek, s.a.). Die Vereniging het hierdie versoek toegestaan en was sedertdien verantwoordelik vir die reëling van die vakansiekursusse.

Oor die doel van die kursus sê M.M. Stirling (Brief, 30 April 1932) aan A.C.G. Lloyd: "I was anxious to emphasize the fact that the class ... is primarily for the benefit of the country librarian; help in examinations being quite incidental ..." Die kursusse is aanvanklik vir onopgeleide biblioteekwerkers op die platteland ingestel om aan hulle die nodige agtergrond vir hulle werk te gee.

In 1937 is 'n vakansiekursus soos volg geadverteer: "The subjects dealt with will be Library Routine and Organization, Cataloguing, Classification and Literary History, and the course will be so designed that those with little or no previous experience of modern library administration will be able to carry away with them practical knowledge which will be of use in their daily work" (Omsendbrief Stirling, 15 Maart 1937).

Die volgende uittreksel uit Omsendbrief 16 (Februarie 1941) van die Raad bevat 'n duidelike samevatting van die doel en aard van vakansiekursusse:

- a. The School is primarily intended for country or rural library workers;
- b. the lectures should be designed to be of practical help for those for whom the school is intended;

c. lecturers are expected to treat their subjects as simply and as practically as possible, avoiding technical terms except when their use is absolutely necessary."

Die woord *elementêr* wat somtyds in verband met die vakansieskoolkursusse genoem word, moet nie in die sin van die eksamens vir die Elementêre kursus gesien word nie. Tydens vakansiekursusse is meer *gevorderde* onderwerpe dikwels op 'n praktiese wyse aangebied. Alhoewel die kursusse eintlik vir die personeel van geïsoleerde plattelandse biblioteke bedoel was, is 'n beperkte aantal assistente van groot en stedelike biblioteke ook toegelaat. Hierdie persone se aanwesigheid het meegehelp om die ander kursusgangers informeel te help met die oplossing van hulle individuele probleme. Die algemene gevoel was dan ook dat daar slegs dertig persone by so 'n kursus toegelaat behoort te word (Memorandum Stirling, 20 Februarie 1940).

Hoewel die standpunt van sekere lede van die beroepsgemeenskap was dat die kursusse ook voorsiening behoort te maak vir die behoeftes van studente wat vir die Elementêre en die Intermediêre Sertifikaat ingeskryf was, was die doel aanvanklik nie om die voorligting in verskillende kategorieë in te deel en van so 'n skool 'n *examination-pushing institute* te maak nie. Stirling stel die saak duidelik soos volg: "The primary object of the school is to encourage the country library worker, to make him (or her) self-confident and proud of his job, to teach him: to catalogue and classify a book simply yet effectively, to write minutes, to prepare agendas and estimates, to keep records and generally to improve his daily routine, and to know something of the literatures of Europe and South Africa" (Memorandum Stirling, 20 Februarie 1940).

Die vakansiekursusse is van 1931 tot 1939 jaarliks in Durban gehou. Daarna is dit op verskillende plekke waargeneem. Dieselfde persoon is nie twee jaar na mekaar tot 'n kursus toegelaat nie om sodoende meer persone in staat te stel om voordeel uit die kursusse te trek.

By die voltooiing van 'n kursus is daar nie sertifikate uitgereik nie, maar kursusgangers is aangemoedig om hulle opleiding deur

middel van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging voort te sit (SABV-Verslag, 1933-36:2). Die Raad van die Vereniging het biblioteekwerkers aangemoedig om hierdie kursusse by te woon en het biblioteekowerhede versoek om spesiale verlof vir die doel beskikbaar te stel (Raad. Omsendskrywe 1, 20 November 1936).

Op hierdie vroeë stadium het daar geen fasiliteite bestaan vir die opleiding van skoolbibliotekarisse nie. Met die verlof van die Vereniging het R.F.M. Immelman in 1942 'n baie geslaagde vakansiekursus vir onderwysers in Kaapstad aangebied. Hierdie skool het veertien dae geduur en is deur agt en veertig onderwysers, insluitend 'n aantal skoolhoofde, uit al vier provinsies en Suidwes-Afrika bygewoon (Immelman, 1963(1):10).

Die lesings wat by die geleentheid gelewer is, is in boekvorm saamgevat en gepubliseer as *The school library: a handbook for teacher librarians*. 1942. Cape Town: Maskew Miller, onder redaksie van D.H. Varley en R.F.M. Immelman. Die kursus was die eerste in sy soort in Suid-Afrika en die publikasie was 'n pioniershandboek.

As gevolg van die oorlogstoestande en die nagevolge daarvan is daar van 1943 tot 1946 geen vakansiekursus gehou nie. In 1947 het die Onderwyskomitee weer op voorstel van R.F.M. Immelman aandag aan die saak geskenk (Onderwyskomitee. Notule, 11 Maart 1947). Na onderhandelinge met die Staatsbiblioteek (Brief, 27 Mei 1947; Onderwyskomitee. Notule, 28 Mei 1947) is besluit dat die Staatsbiblioteek weer jaarliks £200 (R400) vir die hou van die kursusse deur die Biblioteekvereniging sal bydra onder sekere voorwaardes. Van die voorwaardes was dat die kursus die *Staatsbiblioteek se Vakansieskool* genoem moes word en dat aansoeke vir bywoning oop moes wees vir alle persone wat in Suid-Afrika met biblioteekwerk besig was "provided that preference be given to those who are out of touch with modern library development and have no other means of obtaining personal instruction" (Onderwyskomitee. Notule, 28 Mei 1947).

Die Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat het in 1949 £200 (R400) vir 'n kursus vir onderwysers beskikbaar gestel. Hierdie kursus, wat deur die organiseerder van die provinsiale biblioteekdiens

van die Oranje-Vrystaat, dr. S.H. Pellissier, aangebied is, is deur sewentig persone in Bloemfontein bygewoon (SABV-Jaarverslag, 1949-50:6). In 1950 is al vier die provinsiale administrasies ooreed om elk jaarliks £50 (R100) vir die vakansiekursus by te dra (SABV-Jaarverslag, 1950-51:7). As gevolg van hierdie bydraes deur die provinsies kon toekomstige vakansiekursusse om die beurt in elk van die provinsies gehou word (SABV-Jaarverslag, 1950-51:7).

Hierdie bydraes het dit moontlik gemaak om ook kursusse vir studente wat met die studie vir die eksamens van die Vereniging besig was, aan te bied (SABV-Jaarverslag, 1951-52:6). Die eerste opleidingskursus vir die Elementêre en die Intermediêre Eksamen het in Julie 1952 in Kaapstad plaasgevind en is deur ses en twintig persone bygewoon (SABV-Jaarverslag, 1951-52:6). Dergelike kursusse het 'n gereelde instelling geword om kandidate op verskillende vlakke vir die eksamens voor te berei.

Tussen die jare 1947 en 1960 is altesaam twaalf kursusse gereël vir plattelandse bibliotekaris, vir onderwysers en vir studente wat met studie vir die Elementêre en die Intermediêre Eksamen besig was.

Die toetreding van die universiteite tot die opleiding van bibliotekaris, die oordrag van die Vereniging se opleiding na die Universiteit van Suid-Afrika, die feit dat die vier provinsiale biblioteekdienste hulle eie opleidingskursusse vir plattelandse bibliotekaris aangebied het (Onderwyskomitee. Notule, 26 Augustus 1967) en die verandering in die behoeftes van personeel in biblioteke het meegebring dat die aard van die vakansiekursus gewysig moes word om ook voorsiening te maak vir ander groepe soos biblioteekwerkers van die ander bevolkingsgroepe, dokumentaliste, nywerheidsbibliotekaris en vir senior bibliotekaris oor gespesialiseerde onderwerpe.

Van 1962 af tot 1976 is vakansiekursusse vir Swart bibliotekaris beplan en gereël (Onderwyskomitee. Notule, 17 Junie 1961), veral ter voorbereiding vir die eksamens vir die Preliminêre en die Sekondêre Sertifikaat. Kursusse is ook vir Indiërs, Kleurlinge en vir Swart onderwysers aangebied. Die eerste kursus vir Nie-Blankes is in Januarie 1962 op versoek van die *Nie-Blanke-Biblioteekdiens*, *Transvaal* in Pretoria gereël en is deur vyf en veertig persone bygewoon. "This

course in basic library training proved very successful and aroused keen interest among Non-Europeans in the need to study and qualify for librarianship" (Onderwyskomitee. Notule, 26 September 1963:183-187). Na 'n kursus in Durban het die kursusgangers gesê: "[it] has again proved that these courses of training are vitally necessary, and that they serve as an important means of helping to overcome the shortage of Non-European Library workers" (Staatsbiblioteek, 1965:1).

Reeds in 1956 is by geleentheid van 'n vakansiekursus te Hartenbos die klem gelê op oudiovisuele dienste. Na aanleiding van 'n konferensiebeskrywingspunt van 1961 is besluit om meer byeenkomste vir senior bibliotekarisse te hou (SABV-Jaarverslag, 1961-62:24). Daar is bepaal dat die onderwerpe vir bespreking betrekking moes hê op die huidige biblioteekontwikkeling en dat deskundiges gevra moes word om die voordragte te lewer (Onderwyskomitee. Notule, 22 September 1961).

In 1961 is 'n gevorderde kursus vir vakbibliotekarisse en dokumentaliste oor wetenskaplike en tegniese inligtingsmetodes in Johannesburg gehou. In die notule van 'n vergadering van die Onderwyskomitee van 22 September 1961 word die volgende oor die kursus gestel: "It was the first of its kind to be held under the auspices of the South African Library Association and was intended for workers in technical and scientific libraries and also for non-library personnel concerned in some way with scientific and technical documentation ... On balance, the School can be regarded as having achieved its purpose, namely, of giving an introduction to information work for those without formal training while at the same time providing a refresher course in some of the latest ideas for those with some experience in the field."

Van 1965 tot 1980 is twintig kort kursusse, seminare en simposiums wat onder meer handel het oor nywerheidsbiblioteekdienste, boekproduksie, katalogisering en klassifikasie, kinderbiblioteekwerk, nuwere ontwikkelinge op die gebied van biblioteekwese en inligtingvoorsiening, sentralisasie en desentralisasie van die nasionale boekevoorraad, outomatiesering van 'n biblioteeksisteem, opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers, biblioteekbestuur, ontwikkeling

op die gebied van interbiblioteeklening, reprografic, rekenaars en die toepassing op biblioteke, die georganiseerde biblioteek- en inligting-beroep in Suid-Afrika, inligtingsverwerking in biblioteekrekenarising, ISBD/SA MARC, landkaarte, universiteitsbiblioteekwese en die Anglo American Cataloguing Rules II, gehou.

Die Staatsbiblioteek se vakansieskole, waarvan 'n volledige opgawe in bylae 2 verstrek word, het 'n lang geskiedenis en het ongetwyfeld 'n belangrike rol in die biblioteekontwikkeling in Suid-Afrika gespeel. In die aanvangsjare toe opgeleide personeel feitlik nie beskikbaar was nie, het die vakansiekursusse vir onopgeleide plattelandse biblioteekwerkers baie beteken.

Aan hulle is kennis van basiese biblioteekwerk oorgedra wat hulle tot voordeel van hulle eie biblioteke kon aanwend. Hulle is in die geleentheid gestel om hulle kennis van boeke uit te brei, om 'n idee te kry van die dienste wat biblioteke lewer en om waardering vir die biblioteekwese as beroep te kry. Die dosente was geïnspireerd en geïnteresseerd in die vakke wat hulle aangebied het en het hulle besieling vir biblioteekwerk aan hulle studente oorgedra (Smith, 1936:66).

Van die kant van die Biblioteekvereniging is gevoel dat die kursusse 'n groot sukses was. Reeds na die tweede kursus skryf M.M. Stirling, die eresekretaris (Brief, 2 Julie 1932) aan A.C.G. Lloyd, president, dat die kursusse 'n groot sukses was en dat dit sonder twyfel 'n voortreflike metode was om die biblioteekbeweging te bevorder. In die verslag van die tweede konferensie van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gehou in 1936 verskyn die volgende: "Our Library Schools have done a great deal in bringing together those from the outlying libraries, and I have heard from all sides of the assistance and benefits that libraries in some towns have received from our Library Schools. I think that they have done a great deal to make these people ... feel that there are some people who do take an interest in them, and that they do belong to a profession ... I am firmly convinced that the money spent on these schools has been well spent, and more and more shall we see the fruits of it" (Konferensie, 1936:100-101). Stirling (1933(3):39) sê daarvan verder: "As the very best means of providing practical tuition to country and other

librarians and of stimulating librarians generally to read for professional purposes, these vacation courses are indispensable.”

In sy openingsrede van die eerste driejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het A.C.G. Lloyd as president reeds die volgende gesê: “ ... but of this I am sure — good must come out of the meeting together of members of our Association. I am sure that it gives us a professional consciousness ... The great value of our annual schools has not been what we have learnt from the lectures so much but in meeting each other to discuss each other’s problems and give encouragement to one another” (Konferensie, 1933:6).

Die uitsprake van verskillende studente het ook hulle waardering weergegee as gesê word: “It may seem unbelievable, but it was the first time that I had heard of books being classified to a given system ... The school has definitely left a marked impression on me. The only thing I can do in return is to strive and help build up a library worthy of recognition” (*In* Smith, 1936:66). A.H. Smith (1936:67) se waarneming was: “I gained a new insight into the difficulties of the library problem in South Africa, but at the same time grew a little more hopeful for the future ... ” In 1934 het ’n student gesê: “ ... A desire to show my real appreciation of those who were instrumental in giving the means and opportunity of attending these lectures. I feel I have derived real benefit and much valuable information which I trust to be able to turn to good service in the future” (Vacation school for librarians, 1934:132).

Dit ly geen twyfel dat die vakansiekursusse vir onopgeleide Swart-, Indiër- en Kleurlingbiblioteekwerkers, wat van 1962 af gereël is, minstens dieselfde voordele vir hulle dienslewering en vir die biblioteekdienste van hierdie bevolkingsgroepe as in die geval van Blankes gehad het nie. Ook die vakansiekursusse wat gerig was op die studie vir die Preliminêre en die Sekondêre Sertifikaat en die Elementêre en die Intermediêre Sertifikaat was sonder twyfel tot groot voordeel vir die studente in hul studies.

4.5 *Die voorsiening van skoolbibliotekariëse*

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het reeds in 1936 aandag

geskenk aan die opleiding van skoolbibliotekarisse toe besluit is dat provinsiale en regeringsdepartemente en universiteite aangemoedig moes word om 'n kursus in skoolbiblioteekwerk vir studente wat onderwysopleiding ontvang het, aan te bied (Raad. Omsendbrief 6, Oktober tot Desember 1936; Omsendbrief 1, 10 November 1936). Op hierdie oproep van die Raad het die Universiteit van Pretoria gereageer toe hy voorstel "that provision should be made for the instruction in librarianship of ... teachers who are interested in building up and administering school-libraries, and who will help to spread the library movement in the rural area" (Brief Coetzee, 6 Desember 1936).

Die Transvaalse Tak van die Vereniging het onder leiding van R.F. Kennedy met die *Transvaal Teachers Association* saamgewerk ter verbetering van Transvaalse skoolbiblioteke. Die doel was om 'n skoolbiblioteek in elke skool gevestig te kry, om kinders met die basiese naslaanwerke kennis te laat maak en om hulle te leer hoe om naslaanwerke te gebruik. Die ideaal is gestel dat skoolbiblioteke deur gekwalifiseerde bibliotekarisse beheer moes word. Die saak was vir die Vereniging van so 'n groot erns dat die Januarie 1938-uitgawe van *Suid-Afrikaanse biblioteke* aan skool- en kinderbiblioteke gewy is. Die Transvaalse Tak van die Vereniging het 'n Skool- en Kinderbiblioteekafdeling gestig om samewerking en gedagtewisseling te verkry tussen almal wat hulle met kinders en jeugdiges besig hou (SABV-Verslag, 1936-39:12).

Provinsiale onderwysdepartemente is aangespoor om gekwalifiseerde bibliotekarisse in alle normaalkolleges of opleidingskolleges vir onderwysers aan te stel, en om kursusse in skoolbiblioteekwese aan onderwysstudente aan te bied. R.F. Kennedy het intussen probeer om 'n jaarkursus vir onderwysstudente in Johannesburg te reël, maar het slegs daarin geslaag om 'n kort kursus van een lesing per week aan te bied (Onderwyskomitee. Notule, 7 Maart 1941).

Die Raad van die Vereniging het in 1937 getuienis afgelê voor die Transvaalse *Onderwyskommissie*. Hieroor word die volgende in die SABV-Verslag (1936-39:3), gestel: "Die aard van die getuienis word goed weerspieël in die bevredigende aanbevelings, wat die Kommissie maak in verband met voorsiening van biblioteek fasiliteite vir skool-

en normaalkolleges, wat uiteengesit word in die Verslag T.P. 5-1939, bl. 157-159 [sic!].” Hierdie aanbevelings hou onder meer in dat die waarde van die boekery in ’n skool nie onderskat moet word nie, dat by leerlinge die leeslus aangewakker moet word en dat die Transvaalse Onderwysdepartement die skoolboekerye moes uitbrei. Verder word aanbeveel dat normaalkolleges aangevoedig moes word om goeie biblioteke op te bou, dat gepoog moes word om gekwalifiseerde bibliotekarisse aan die hoof van die biblioteke te benoem en dat vir studente kort kursusse oor die gebruik van biblioteke gereël moes word.

In 1943 het die Raad opnuut die onderwysdepartemente genader met die versoek dat goeie biblioteke vir onderwyskolleges ontwikkel moes word en dat die biblioteke onder die beheer van ’n voltydse gekwalifiseerde bibliotekaris moes staan (Raad. Omsendbrief 25, 8 November 1943). By geleentheid van die 1948-konferensie is nog eens ’n beroep op onderwysdepartemente gedoen om aan hierdie versoek te voldoen en om voltydse bibliotekarisse vir skool- en kollegebiblioteke te benoem.

4.6 *Vakbibliotekarisse en dokumentaliste*

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het hom ook beywer in belang van die werksaamhede van vakbibliotekarisse en dokumentaliste. Die Raad van die Vereniging het reeds in 1949 besluit om die voordele van die benoeming van professioneel gekwalifiseerde bibliotekarisse onder die aandag van nywerliede te bring (Raad. Notule, 10 November 1949). In 1950 is op die konferensie van die Vereniging besluit om gespesialiseerde bibliograwe, dokumentaliste en persone wat in vakbiblioteke belangstel, aan te moedig om lede van die Vereniging te word (Konferensie, 1950:38), en in 1951 is ’n werkgroep vir vakbibliotekarisse gevorm (Raad. Notule, 11 Junie 1951).

J.R. Lloyd (1952:55-58) het die aandag van die georganiseerde beroep gevestig op die wenslikheid van ’n besondere opleiding vir vakbibliotekarisse. Hy beklemtoon die noodsaaklikheid van opleiding in die praktiese aspekte van katalogisering en klassifikasie, die beginsels by die samestelling van onderwerpshoofde, die evaluering van bronne en die skryf van ekserpte.

Die Vereniging het reeds vroeg in sy eie opleidingskursusse in die behoefte probeer voorsien deur 'n vraestel in universiteits- en spesiale biblioteke in die kursus vir die Finale Administrasie in te sluit. Op aandrang van R.B. Zaaiman is die kursusse vir universiteits- en spesiale biblioteke in 1961 geskei om so te voorsien in die gespesialiseerde eise wat aan dokumentalistiese gestel word (Onderwyskomitee. Notule, 22 September 1961).

Die Onderwyskomitee het verder 'n komitee onder voorsitterskap van A.J. Viljoen benoem om die opleiding van personeel vir gespesialiseerde biblioteke deeglik te ondersoek (Onderwyskomitee. Notule, 20 September 1968) en te bepaal wat die omvang van die behoeftes aan gespesialiseerde personeel in Suid-Afrika is (Onderwyskomitee. Notule, 22 Februarie 1969).

As gevolg van die ondersoek van die Viljoenkomitee en na aanleiding van 'n beskrywingspunt van die Wes-Transvaalse Tak is professionele lidmaatskap van die Vereniging aan gespesialiseerde inligtingswerkers wat aan sekere vereistes voldoen, toegestaan (Onderwyskomitee. Notule, 14 September 1973). Verdere besonderhede hieroor kom in hoofstuk 7 voor.

4.7 Die opstel van standaarde vir biblioteekopleiding en akkreditering van opleidingskursusse

Elke professie maak op standaard staat vir die regulering van die gehalte van die diens wat gelewer word (Shaffer, 1968:35). Die aanvaarding en afdwinging van hoë standaard vir die vorming en die werkverrigting van sy lede is 'n vereiste wat aan 'n professie gestel word. "A profession has a distinctive, systematic and defined body of highly specialized professional knowledge, including theory, of a department or division of learning, scientifically organized, developed and recorded, and giving the profession an easily maintained monopoly of its service" (Shaffer, 1968:18).

Met die instelling van die opleidingskursusse van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging is daar reeds *standaarde* vir biblioteekopleiding in Suid-Afrika gestel, toe, soos reeds aangedui, bepaal is dat die opleiding van 'n professionele bibliotekaris minstens vyf jaar na die

verwerwing van die matrikulasiesertifikaat moes duur en toe verdere regulasies en leerplanne vir die eksamen opgestel is. Die basiese doelstellings van hierdie aanvanklike opleiding was om professionele personeel op te lei wat deeglik onderlê sou wees in die praktyk van biblioteekwerk. Daar is later ook bepaal dat spesialisering nie ten koste van akademiese en professionele vorming ingevoer mag word nie. Op hierdie beginsels is die opvattinge oor die opleiding van bibliotekarisse tot aan die begin van die veertigerjare gebaseer.

Nadat die Universiteit van Pretoria in 1936 navraag gedoen het oor standarde wat die Vereniging vir opleiding van bibliotekarisse stel, het die Raad, ook om navrae en aansoeke van ander instansies te ontmoedig, besluit: "Dat die Administratiewe Raad weier om in Suid-Afrika enige kursusse in of skool vir biblioteekwetenskap te erken, waaroor die Vereniging geen volle beheer uitoefen nie, tensy dergelike skool op versoek van die Raad ingestel is ... Dewyl die Vereniging bereid behoort te wees om Diplomas, wat deur ander inrigtings toegeken word, te erken, erkenning slegs deur die Raad gegun kan word en dat dit moet berus op (1) die aard van die aangebode kursus; (2) die kwalifikasie en die grootte van die professionele staf; (3) duur van die dienstyl van gediplomeerdes in 'n biblioteek; en (4) sulke verdere voorwaardes as die Vereniging mag neerlê" (SABV-Verslag, 1936-1939:6-7; Onderwyskomitee. Notule, 13 September 1939). Die Onderwyskomitee het egter ook daarop gewys dat dit destyds onverstandig sou wees om meer as 'n beperkte aantal gediplomeerdes op te lei.

Reeds in 1941 het R.F.M. Immelman (Kommentaar, Oktober 1941) 'n pleidooi gelewer "that the SALA should be the national accrediting body for all the courses in librarianship in South Africa — that does not mean that it should be the sole teaching body".

Naas die opleiding wat deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging aangebied is, was daar in 1947 reeds twee universiteite wat bibliotekarisse opgelei het. Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys het in 1946 navraag gedoen oor standarde wat die Vereniging aan opleiding stel vir die gelykskaking van 'n universitêre kursus. Na aanleiding van hierdie navraag skryf R.F.M. Immelman op 19 Mei 1947 aan P. Freer, sekretaris van die

Onderwyskomitee, soos volg: "It seems as if the small universities (Potchefstroom and Bloemfontein) are the keenest to establish library schools, and they are the very institutions that have the smallest and least library resources. I do think we should forestall trouble and obviate accusations of prejudice or favouritism if standards could be established which meet the views of the Association."

Op voorstel van R.F.M. Immelman het die Onderwyskomitee gevolglik op 11 Maart 1947 besluit om minimumstandaarde vir opleiding daar te stel. 'n Subkomitee bestaande uit R.F.M. Immelman, E.A. Borland en P. Freer is benoem " ... to consider minimum standards for accrediting library schools which can be applied to any university or other institution requesting the Association in future for recognition" (Onderwyskomitee. Notule, 11 Maart 1947).

Vir Immelman was dit noodsaaklik dat die standaard aan voornemende opleidingsinstansies verskaf word, want "it seems to me it is highly desirable to have such standards for accrediting so that no institution in future which applies, will feel that it is being discriminated against, should recognition be refused" (Onderwyskomitee. Notule, 11 Maart 1947).

Volgens die SABV-Jaarverslag (1947-48:3) moes die volgende onder andere in aanmerking geneem word by die opstel van standaard: die aard van die leerplan, die doeltreffendheid van die opleiding, die professionele prestasies van die graduandi en die algemene standaard wat die onderwysinrigting handhaaf.

Die konsepstandaarde vir die erkenning van opleiding deur ander instansies, wat deur die subkomitee opgestel is, is op 23 Februarie 1948 deur die Onderwyskomitee (Notule, 23 Februarie 1948) en daarna deur die Raad van die Vereniging aanvaar.

Die standaard het bepaal dat die persoon wat aan die hoof van die opleidingskursus staan 'n universiteitsgraad moes hê, oor volle professionele biblioteekkwalifikasies beskik en minstens ses jaar voltydse biblioteekervaring moes hê. Daar moes verder minstens een voltydse professioneel gekwalifiseerde dosent wees, wat oor drie of meer jare praktiese ervaring beskik. Hierdie personeel moet dieselfde

status en diensvoorwaardes as ander akademiese personelede geniet.

As toelatingsvereiste is gestel dat kandidate oor volle matrikulasiervystelling moes beskik. Die kursus moes, na verwerwing van 'n baccalaureusgraad, minstens een akademiese jaar duur en die leerplanne moes aan vereistes wat die Vereniging gestel het, voldoen. Aangesien 'n goed toegeruste biblioteek noodsaaklik is by die onderrig, moes die biblioteek wat aan die opleidingsinrigting verbonde was, behoorlik georganiseer wees met 'n voorgeskrewe minimum aantal boeke en tydskrifte. Studente moes ook in staat gestel word om in die biblioteek praktiese werk te verrig. Om veral die kleiner universitêre inrigtings te ontmoedig om met opleiding te begin, is bepaal dat "No school can train students if it is situated in an isolated place, where students cannot observe any other properly conducted libraries and where facilities for their field work are practically non-existent." Verder moes die studente weekliks praktiese werk onder laboratoriumtoestande verrig. Na voltooiing van die studie moes kandidate drie jaar praktiese ondervinding in goedgekeurde biblioteke vir toelating tot die sociusstatus opgedoen het.

In September 1951 lê Immelman, as president van die Vereniging, 'n goed gemotiveerde dog drastiese beskrywingspunt aan die Onderwyskomitee voor, waarin hy voorstel dat die bestaande standaard herroep word en dat "the Education Committee of S.A.L.A. shall in each particular instance equate such certificates, diplomas and degrees in terms of its own qualifications; such equation shall be on the basis of the content of courses of study, the method of instruction, and the standard of the final examinations" (Onderwyskomitee. Agenda, 28 September 1951).

Hoewel die beskrywingspunt van Immelman nie aanvaar is nie en die 1948-standaarde tot 1964 gegeld het, het dit opnuut die aandag van die Vereniging gevestig op die behoefte aan beter standaard vir die opleiding van bibliotekarisse. Die saak is na 'n subkomitee verwys, en gedurende die volgende jare het dit die oorweging van die Onderwyskomitee geniet. Die samestelling van die subkomitee is verskeie kere gewysig en die opdrag is dikwels herformuleer.

In 1958 het die Onderwyskomitee 'n sogenaamde *Komitee vir Akkreditering* benoem met die volgende opdrag: "to investigate criteria for the objectives and requirements of successive stages in the teaching of librarianship" (Onderwyskomitee. Notule, 26 September 1958). Die Komitee het bestaan uit H.C. van Rooy as verteenwoordiger van die Onderwyskomitee en die volgende persone wat universiteite verteenwoordig het en wat met opleiding besig was: R.F.M. Immelman (Universiteit van Kaapstad), P.C. Coetzee (Universiteit van Pretoria), H.O.K. Zastrau (Universiteit van Suid-Afrika), mej. H. Mews (Universiteit van die Witwatersrand), J.G. Kesting (Universiteit van Stellenbosch) en S.I. Malan (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys).

Op 20 Maart 1964 het die Onderwyskomitee die standaard, soos deur die ad hoc-komitee geformuleer, goedgekeur, waarna dit deur die Raad van die Vereniging aanvaar is (Raad. Notule, 15 Augustus 1964). Daarin word die vlakke van opleiding uiteengesit waarin die beginsel van 'n minimum van vier jaar studie vir die hoër professionele vlak vasgelê is. Kernleerplanne vir die verskillende vlakke van opleiding word weergegee, vereistes ten opsigte van die toereikendheid, kwalifikasies en die status van die doserende personeel en vir biblioteekvoorsiening word gestel. Verder word bepaal dat die opleiding in 'n volwaardige akademiese departement aan die universiteit moes geskied.

Met die aanvaarding van die standaard van 1948 het die Vereniging inderdaad reeds sy voet op die pad van akkreditering van opleidingskursusse wat deur ander instansies as die Vereniging aangebied is, gesit. In sy *Memorandum* aan die Onderwyskomitee van 8 September 1958 stel Immelman dat akkreditering 'n stelsel van meting van verskillende departemente biblioteekkunde teen sekere minimum standarde is. Tot 1964 het die Vereniging se *akkrediterings-funksie* daaruit bestaan dat die opleiding van die universiteite met die sertifikate van die Vereniging gelykgeskakeel is.

Met die afsluiting van die Vereniging se eie kursusse in 1962 en die aanname van die standaard van 1964 het die Onderwyskomitee in die ware sin van die woord die funksie van akkreditering aanvaar. Dit is dan ook paslik dat in 1966 besluit is dat die Onderwyskomitee slegs

uit professionele lede van die Vereniging moet bestaan (SABV-Jaarverslag, 1965-66:27).

Die feit dat die handhawing van 'n hoë standaard van opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers by die Vereniging steeds hoë prioriteit geniet het, blyk daaruit dat op 20 September 1968 'n komitee wat aanvanklik uit die volgende persone bestaan het, benoem is om die 1964-standaarde te hersien: B. Fouché, E.D. Gerrys, J.G. Kesting, P.G.J. Overduin, C.H. Vermeulen en A.J. Viljoen (saamroeper). Die eerste konsepstandaarde is eers in September 1976 aan die Raad voorgelê en op 11 September 1978 is die *Opleidingstandaarde vir Biblioteek- en Inligtingsdiens* aanvaar. Die Komitee het verder aandag geskenk aan die uitbreiding van die standaarddokument om ook voorsiening te maak vir opleiding op die gevorderde vlak; aan die opstel van 'n oorkoepelende dokument wat die posisie van alle vlakke van opleiding sal aantoon en aan die bepaling van die personeelsterkte vir opleiding deur die departemente biblioteek- en inligtingkunde aan universiteite (SABV-Jaarverslag, 1979-80:65, 67). Hierdie dokumente het met die ontbinding van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in 1980 nog nie verskyn nie.

Saam met die standaarddokument vir professionele en paraprofessionele personeel is die volgende gepubliseer: 'n handleiding vir die evaluering en erkenning van opleidingsprogramme vir biblioteek- en inligtingswerk; voorgeskrewe benaminge vir beroepskwalifikasies; basiese studie-elemente vir die beroepsgerigte komponent van die opleiding vir biblioteek- en inligtingsdiens op die professionele vlak; riglyne ten opsigte van praktiese opleiding vir die biblioteek- en inligtingsdiens; die plek van die nie-beroepsgerigte vak in die opleiding vir biblioteek- en inligtingsdiens; en die basiese studie-elemente vir die beroepsgerigte komponent van die opleiding van paraprofessionele personeel.

Aangesien hierdie standaarde so 'n groot rol speel in die vestiging en die opbou van die hele opleidingspatroon, word dit enigsins breëvoeriger gestel.

Die uitgangspunt was dat dit nie net bloot minimum standaarde moes wees nie, maar dat dit ook as riglyne vir die verdere ontwikkeling

van die opleiding moes geld. Om hierdie rede is daar nie kernleerplanne voorgeskryf nie, maar is slegs 'n uiteensetting van die basiese studie-elemente vir die beroepsgerigte komponent van die leerplan verstrek. Ook is besluit dat die evaluering van die opleiding op 'n meer indringende wyse aangepak en deurlopend voortgesit moet word.

Volgens hierdie *Standaard* is dit die verantwoordelikheid van die Biblioteekvereniging om ooreenkomstig sy grondwet namens die georganiseerde beroepsgemeenskap die opleiding vir die biblioteek- en inligtingsdiens in Suid-Afrika te bevorder. Die Vereniging verleen erkenning aan beroepskwalifikasies en opleidingsprogramme wat aan die vereistes volgens sy amptelike standaarde voldoen en wat deur hom geëvalueer is. Die doel van die *Standaard* is om, met inagneming van veranderde omstandighede, opleiding van gehalte op die verskillende vlakke en in ooreenstemming met die uiteenlopende behoeftes van die praktyk te verseker.

By die vrywillige evaluering van die opleidingsprogramme van universiteite is die uitgangspunt van die Vereniging eerder om die sistematiesing van opleidingspatrone binne die breë beroepsdoelstellings te bewerkstellig as om eenvormigheid in 'n inhoudelike strukturele sin te verskans. Hiermee word 'n mate van individualiteit in die opleidingsprogramme van die verskillende opleidingseenhede aangemoedig en word kreatiwiteit en vernuwing in die opleidingsstelsel van die land as geheel bevorder.

Om hierdie gestelde oogmerke te verwesenlik maak die *Standaard* vir die volgende voorsiening: die formulering van mikpunte waardeur die progressiewe ontwikkeling van opleiding aangemoedig word, die vereistes om die minimum gehalte van die opleiding te waarborg en die omskrywing van die fasiliteite wat vir die bereiking van die opleidingsvereistes en -mikpunte nodig is.

Binne die kader van die beroepsopleiding word die volgende vlakke aangedui: die professionele vlak, die gevorderde professionele vlak en die paraprofessionele vlak. Ook word onderskei tussen formele opleiding, voortgesette opleiding, indiensopleiding en navorsing. Hierdie opleidingsvlakke en -vorme bied gesamentlik 'n omvattende

en geskakeerde sisteem van opleiding waardeur personeel vir al die uiteenlopende tipes en vlakke van werksaamhede in die biblioteek- en inligtingwese voorberei word.

4.8 Die sociaat van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging

Die term socius (fellow) het sy ontstaan by sommige van die ouer universiteite gehad. Die oud-Engelse *fēolage* beteken 'n vennoot in 'n besigheidsonderneming. Die woord was 'n natuurlike ekwivalent vir *fellow*, 'n lid van 'n stigting of 'n geïnkorporeerde kollege. Die *fellow* was die senior gegradeerde wat tot die stigting verkies is om in die beheer daarvan deel te hê. Na analogie hiervan is die term ook deur geleerde verenigings gebruik.

In die geval van 'n professionele vereniging is die toekenning van die *fellowship* in die reël na die suksesvolle aflegging van 'n eksamen van 'n hoë standaard en/of na die aanbieding van 'n tesis en die lewering van waardevolle bydraes tot die werksaamhede van die vereniging gedoen.

Na die voorbeeld van die Britse *Library Association* het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging reeds vroeg die sociaatstatus aan lede wat die diploma behaal het en wat minstens drie jaar ervaring in goedgekeurde biblioteke afgelê het, toegeken (Malan, 1970(3):41). Soos reeds gemeld (afdeling 4.1) het die Raad op aanbeveling van die 1928-konferensie in 1934 besluit om ook aan onopgeleide persone, wat aan die hoof van biblioteke gestaan het, die sociusstatus toe te ken — 'n besluit wat later baie onmin by lede van die beroep veroorsaak het.

Met die toetrede van universiteite tot die opleiding van bibliotekarisse is die diplomas wat met dié van die Vereniging gelykgeskakeel is, ook vir die doel erken. So kon kandidate van die Universiteit van Kaapstad en later van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van die Witwatersrand vir die toekenning van die sociusstatus in aanmerking kom. Die kursusse van die Britse *Library Association* en van oorsese universiteite wat deur die Vereniging goedgekeur is, is ook vir hierdie doel aanvaar.

In afdeling 4.3.2.1 word verder gestel dat kandidate van die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en aanvanklik die Universiteit van Suid-Afrika nie vir die sociusstatus in aanmerking geneem is nie, aangesien die kursusse van hierdie universiteite nie met dié van die Vereniging gelykgeskakeel was nie, en dat hierdie feit baie wrywing en verdeling tussen lede van die Vereniging meegebring het.

Volgens die reëling hierbo uiteengesit het ongeveer tagtig persone tot 1966 die sociusstatus van die Vereniging ontvang.

Sedert 1956 het stemme opgegaan ten gunste van skeiding van die sociaat en die diploma (Onderwyskomitee. Notule, 27 September 1956). Na deeglike oorweging deur die Onderwyskomitee het die 1959-konferensie besluit dat die verwerping van die Diploma of gelykwaardige sertifikaat nie langer sou lei tot die toekening van die sociaatstatus nie (SABV-Jaarverslag, 1959-60:13). Hierdie besluit is na die afsluiting van die eksamens van die Vereniging in 1966 in werking gestel (SABV-Jaarverslag, 1964-65:17). Volgens die nuwe reëling, wat van 1 Junie 1966 af gegeld het, kon die Raad, op aanbeveling van 'n spesiale kieskollege, professionele lede van die Vereniging tot die status van socius verhef mits hulle aan een of meer van die volgende vereistes voldoen het: "(a) hoë kwalifikasies in die biblioteekkunde besit; (b) deur hulle kollegas in die biblioteekwese as leiers aanvaar is; (c) belangrike bibliografiese navorsing verrig het of waardevolle bydrae tot die vakliteratuur gelewer het; (d) die biblioteekwese op 'n voortreflike wyse bevorder het" (SABV-Nuusbrief, 1961:27).

In die oorspronklike vorm het die sociaatstatus aangedui dat die houeurs daarvan die hoogste professionele kwalifikasies verwerf het en as leiers van die profesie beskou kon word. Dit blyk onder meer uit die feit dat in 1946 besluit is dat slegs socii as lede van die Onderwyskomitee mog dien. Hierdie persone het sonder twyfel 'n groot rol gespeel in die vormgewing van die opleidingstruktuur en derhalwe ook aan die biblioteekontwikkeling in die land. Elf persone wat onder die latere bedeling van 1966 tot 1980 socii geword het, het daardeur 'n erestatus ontvang, wat van hulle 'n keurbende in die profesie gemaak het en wat inhou dat hulle as leiers 'n groot rol kon

speel in die Vereniging se aktiwiteite in belang van biblioteekontwikkeling.

5. DIE BEVORDERING VAN VERSKILLENDE Tipes BIBLIOTEEKDIENSTE

5.1 *Openbare biblioteke*

5.1.1 *Inleiding*

In die saaklike oorsig, wat in afdeling 2.2.1 gegee word, oor die toestand wat teen 1928 op die gebied van die openbare biblioteek geheers het, blyk dit dat die patroon van openbare biblioteekdienste op die subskripsiebiblioteekstelsel berus het en dat Pitt en Ferguson die wenslikheid van vry openbare biblioteekdienste vir alle bevolkingsgroepe voorgestaan het, terwyl die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1928) die beginsel van 'n vry biblioteekdiens op alle vlakke met 'n groot mate van geesdrif ondersteun het (afdeling 2.3.2.8) en aanbeveel het dat dit gesamentlik deur die verantwoordelike regeringsinstansies en die plaaslike owerhede gefinansier behoort te word.

Die subskripsiestelsel het bly voortbestaan tot aan die begin van die veertigerjare. In 'n toespraak *Library legislation in South Africa* wat Stirling (1933(2):5) op 14 Februarie 1933 voor die Witwatersrandse en Pretoriataak van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gelewer het, het hy gestel dat daar twee honderd nege en twintig openbare biblioteke in die Unie van Suid-Afrika was. Hy stel dan verder: "There are only five *free* libraries in the Union; four in the Transvaal, and one in the Orange Free State." In die *Verslag van die Inter-Departementele Komitee oor die Biblioteke van die Unie van Suid-Afrika* (1937:5), word die volgende gestel: "Die beweging om openbare biblioteke vry te maak, het in Transvaal verder gevorder as in enige ander provinsie van die Unie. Terwyl daar in die Kaap slegs een vry openbare biblioteek is, in Natal twee en in die Oranje-Vrystaat een, is daar in Transvaal nou sewe." Die *Inter-Departementele Komitee* (1937:6) het bereken "dat die intekenaars van die openbare biblioteke van die Unie op die gemelde datum effens meer as 3¹/₂% van die [Blanke] bevolking uitmaak".

Oor die subskripsiestelsel verskyn die volgende in die Verslag: "Die Komitee is van mening dat die onmiddellike oorsake van die agterlikheid van biblioteke in die Unie in die meeste gevalle gevind

kan word in die gehegtheid dwarsdeur die land aan die *subskripsie-stelsel*. Ofskoon niemand in die reël toegang tot subskripsie-biblioteke geweier word nie, word die volle gebruik van hulle fasiliteite beperk tot die baie weiniges wat in staat en gewillig is om daarvoor te betaal. 'n Mens kan nie aanneem dat hulle die groter publiek dien nie, nog minder dat hulle 'n nasionale biblioteekdiens uitmaak nie. Dit is daarom nie te verwonder dat goewerments- en munisipale steun aan sulke biblioteke baie gering is nie. As gevolg van hulle individualistiese karakter leen hulle hul nie maklik aan koördinasie nie, met die gevolg dat hulle nie alleen duur is nie maar uit die oogpunt van die gemeenskap ook baie ondoeltreffend. Hulle beliggaam idees wat in vooruitstrewende lande in 'n groot mate verouderd is ... Tog is die onderliggende idee van 'n subskripsie-biblioteek dié van 'n inrigting wat in wese staties is, 'n plek waar boeke weggebêre, en slegs gebruik word wanneer die behoefte of lus daartoe gevoel word. Openbare biblioteke word vandag egter as iets dinamies beskou en hulle werksaamhede kan met 'n veld- of kruistog vergelyk word. Die grondslag van hierdie opvatting word gevorm deur die oortuiging dat boeke deur die verligting van die verstand en die verruiming van die blik wat daarvan verwag kan word, nie alleen die lewe sal verryk nie maar ook 'n vername rol kan speel in die vorming van goeie burgers. Dit gee openbare biblioteke 'n bepaalde reoping [sic!] en lê op die staat en plaaslike outoriteite die plig om toe te sien dat hierdie inrigtings deeglik georganiseer en voldoende vir hulle werk uitgerus is. Met die oog hierop, en met die voorbeeld van Groot-Brittanje en die Verenigde State van Amerika voor oë, verklaar die Komitee hom volkome ten gunste van 'n *Vrye Openbare Biblioteekdiens* dwarsdeur die Unie'' (Inter-Departementele Komitee, 1937:11-12).

5.1.2 *Die optrede van die Vereniging ten behoeve van die instelling van 'n vry openbare biblioteekdiens*

Sedert sy stigting het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging hom beywer vir die propagering van die idee van 'n vry openbare biblioteekdiens op alle vlakke en ook vir die uitbreiding van biblioteekdienste na die platteland. Oortuigingswerk moes gedoen word by die breë gemeenskap, plaaslike en provinsiale owerhede en by die sentrale regering, sowel as by bibliotekarisse wat die idee

teengestaan het. In 1929 het S.B. Asher, bibliotekaris van die Johannesburgse Openbare Biblioteek, voorgestel dat die grondwet van die te stigte biblioteekvereniging 'n klousule moes bevat "to promote the establishment of Public *Free* libraries in South Africa" (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(2):2). Dit is opvallend dat die Uitvoerende Komitee van die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie*, in 1929 hierdie voorstel nie wou aanvaar nie. Selfs die president van die Vereniging, A.C.G. Lloyd, het op 31 Oktober 1932 aan die sekretaris, M.M. Stirling, soos volg geskryf: "I still do not feel myself able to give consent to a free rural system which is mainly fictional ... If fiction is wanted, it should be paid for." Op 10 November 1932 antwoord Stirling in 'n brief aan Lloyd hierop soos volg: "By *free* reading I don't merely mean unpaid for, but untrammelled reading. Why not fiction? Why is it any better to read non-fiction? ... Why this monstrous outcry against fiction? ... Fiction is after all beneficial ... The amount of rubbish among serious books are even greater than among novels. On the question of *free* library facilities I am afraid we will have to agree to differ ... but I can hardly refrain from pointing out that your statement that this fiction should be paid for does not appear to be in agreement with the findings of the South African Library Conference, nor can it be said to be reflected in the policy of the vast majority of public libraries throughout the civilized world."

M.M. Stirling was een van die grootste voorstanders van die vry openbare biblioteekdiens. As bibliotekaris van die Germistonse Openbare Biblioteek stig hy reeds in 1929 met die ondersteuning van die Provinsiale Administrasie van Transvaal die *Transvaalse Plattelandse Vry Biblioteek* (Transvaal Farmers Free Library Service), wat, volgens 'n pamflet wat in 1929 gepubliseer is, bedoel was "om boeke te verskaf aan mense wat in buitedistrikte woon en vir wie 'n Publieke Biblioteek onbereikbaar is ... Iedereen kan lid word ... en kan dan geheel kosteloos boeke leen". Hierdie diens het in 1941 reeds twee honderd ses en twintig plattelandse sentra bedien (Transvaal (Provinsie). Raadgewende Komitee insake Biblioteke, 1944(1):18), en moet as die voorloper van die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens gesien word.

As sekretaris van die Vereniging het Stirling hom met hart en siel

beywer vir die bevordering van die vry openbare biblioteek. Die Uitvoerende Komitee van die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1928) het in 1930 besluit om Stirling as deelydse biblioteekorganiseerder te benoem (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1930:1). Volgens 'n ongepubliseerde jaarverslag van die pas gestigte Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, gedateer 31 Augustus 1931, het hy gedurende die jaar 1930-31 sewe en veertig biblioteke in Natal, die Oranje-Vrystaat, die Oostelike Provinsie, die Kaapse Skiereiland en in Zoeloeland besoek. Besprekings is gevoer met biblioteekkomitees, lede van plaaslike besture en lede van die provinsiale rade. Een van die sake wat by die samesprekings besonder beklemtoon is, was die moontlikheid van die instelling van vry openbare biblioteke. Bibliotekarisse en biblioteekowerhede is aangemoedig om hulle probleme onder die aandag van die Vereniging te bring, en hulp en wenke is per brief of persoonlik deur die sekretaris gegee. Op die eerste konferensie van die Vereniging in 1933 het die president, A.C.G. Lloyd, die volgende gestel: "A very important point is the visit of our indefatigable Secretary here to 75 libraries. We hear on all sides of the good his visits have done. We know too of his success in arranging co-operative schemes, and the professional advice he has given to those isolated librarians who can never talk over their problems, has been a real help. He can tell them the best way of doing things, and if you should visit one of the smaller libraries especially before and after one of these visits, you will find the results of the great good Mr Stirling has done ..." (Konferensie, 1933:7).

Op 'n versoek van die Germistonse Openbare Biblioteek op 11 Oktober 1932 om 'n finansiële bydrae deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging tot die uitgawes van die Transvaalse Plattelandse Vry Biblioteek (wat intussen as gevolg van die depressie sy steun van die Provinsie verloor het) (Brief Riley, 11 Oktober 1932) het die Uitvoerende Komitee van die *Biblioteek Konferensie* (1928) 'n tydig en welkome bydrae gemaak.

Die feit dat die Johannesburgse Openbare Biblioteek reeds 'n vry diens gelewer het, het as sterk stimulus gedien, veral omdat dit geblyk het dat die biblioteek vir leen- en naslaandoeleindes goed gebruik is, en dat die gehalte van die werke wat geleen is, hoogstaande was. Dit het beslis 'n gunstige invloed by biblioteekower-

hede gehad om vry biblioteekdienste in te stel (Brief Stirling, 1 Desember 1931).

Stirling was 'n sterk voorstander van biblioteekwetgewing deur die sentrale regering. Op 14 Februarie 1933 versoek Stirling (Brief) die Raad van die Vereniging "to make a contribution towards a unified *free* library law for South Africa. For I am convinced that, until all our public libraries are *free* and restored to the jurisdiction of the Union Government, no progress can be made either in establishing librarianship as a profession or in raising the majority of our public libraries from the status of mere book clubs to take their rightful place as the chief influence in the education of people".

Waarskynlik in reaksie hierop het J.H. Hofmeyr, Minister van Onderwys, in sy openingsrede by geleentheid van die eerste konferensie van die Biblioteekvereniging in 1933 gestel dat wetgewing wat voorsiening maak vir vry openbare biblioteke nie ingedien sou word voordat die openbare mening daarvoor ryp was nie. Hy het aangedui dat dit 'n taak van die Vereniging was om die openbare mening te vorm, beide in die ontwikkeling van die leesgewoontes van die gemeenskap en die besef van die belangrike plek wat biblioteke in die gemeenskap moet inneem.

In weerwil hiervan het die konferensie (1933:10) tog soos volg besluit: "That the Union Government be urged to assume responsibility for all South African Public Libraries and to bring South Africa into line with other civilized countries by means of a Public Libraries Act for the Union." Verder is die volgende besluit, wat belangrike verdere implikasies gehad het, geneem: "that an opportunity be sought to submit evidence on the position generally before the Provincial Finance Commission."

Toe 'n onderhoud met die *Provinsiale Finansiële Kommissie* toegestaan is, het die Raad van die Vereniging 'n *Memorandum of evidence to be given before the Provincial Finance Commission* opgestel waarin onder meer die volgende gestel is: "The following considerations weighed with the Conference in passing their unanimous resolution

1 Provincial *administration* of libraries has been unsuccessful. Although

the word *administration* is used in the Financial Relations Act, no Province has ever attempted to administer its libraries

2 Libraries are not recognized as educational institutions by Provincial Administrations which are entirely concerned with school instruction up to matriculation standard. Although the needs of school children are recognized in any enlightened system the public library in South Africa has had no encouragement from Provincial Administrations to extend its activities to this class of work which consequently languishes

3 There is as much need for a Public Libraries Act as for a Public Health Act. Apart from other considerations libraries must be regarded as institutions necessary to the welfare of the mental health or intelligence of the people

4 The public library is properly an agency for higher education and as such should be transferred to the Union Government and be under the jurisdiction of the Minister of Education. Control of libraries by the Union Government would probably be more economical than control — were it exercised — by the Provinces. Uniformity of treatment and progressive development would be ensured and co-operation might be effectively exercised, thus tending to eliminate the enormous duplication of books and effort existing at present

5 The system of Provincial Grants to libraries is inequitable as applied ...

6 Provincial grants are paid in respect of subscriptions received and no attempt is made to encourage municipalities to support libraries ...

7 No provision is made on their estimates by Provincial Administrations for rural library service ...” (SABV, 1933:1-2).

Die versoë van die Vereniging het belangrike gevolge gehad en was die direkte aanleiding tot die benoeming van die *Inter-Departementele Komitee oor die Biblioteke van die Unie van Suid-Afrika* in 1936.

In die *Verslag van die Provinsiale Finansiële Kommissie* kom die volgende

voor: “*Openbare Biblioteke*. Die beginsel van Staatshulp aan openbare biblioteke is dat hulle ’n belangrike middel vir die opvoeding van die publiek is. Daar bestaan ’n Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging van alle openbare en offisiële bibliotekarisse in die Unie en ander belanghebbendes. Hierdie vereniging, in samewerking met ander belanghebbende organisasies, het die volgende verhoë aan die Kommissie gerig, nl. dat volgens wysiging van die Suid-Afrika-Wet, aangebring by Wet No. 10 van 1913, alle biblioteke, behalwe die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad en die Staatsbiblioteek in Pretoria, aan die Provinsiale Administrasies toegewys is as ’n gedeelte van hulle verpligtings of funksies. Dat biblioteke opvoedkundige inrigtings is en meer en meer kostelose instellings vir die uitleen van boeke word ... ” (Unie van Suid-Afrika, 1934:83-84).

“*Kommissie se Aanbeveling*. Die Kommissie is van mening dat die versoek van die Biblioteekvereniging om in die algemeen plaaslike biblioteke aan die beheer van die Provinsies te onttrek en onder die toesig van die Unieregering te bring, ’n stap in die verkeerde rigting sou wees. Die Kommissie voel egter dat die Provinsiale Administrasies en die Munisipaliteite moet toesien dat so ’n waardevolle hulpmiddel in die bevordering van ware opvoeding, soos die openbare biblioteke, nie weens ontoereikende steun, kwyn nie, en beveel derhalwe aan dat, met uitsondering van die twee nasionale biblioteke in Kaapstad en Pretoria, biblioteke in Transvaal en die Kaapprovinsie onder die verantwoordelikheid van stedelike en plaaslike owerhede moet bly, en hierdie verantwoordelikheid moet ook op dieselfde owerhede in die Oranje-Vrystaat en Natal rus. Indien dit nodig is om eenvormigheid in hierdie saak te verseker, sou ’n Unie-wet, na oorleg met die Provinsiale Administrasies, aangeneem word, waarby die verantwoordelikhede toegewys en ’n reëling vir finansiële steun in verband daarmee gemaak word” (p. 84).

Hierdie aanbevelings is aan die *Provinsiale Adviserende Komitee* voorgelê vir oorweging. By ’n vergadering van laasgenoemde komitee gedurende Oktober 1935 is die saak van biblioteekdienste bespreek “en dis ooreengekom dat indien die Regering sou besluit om ’n interdepartementele komitee aan te stel om op die vraagstuk van doeltreffender gebruik van openbare biblioteke as ’n opvoedkundige hulpmiddel in te gaan, die Provinsies bereid sou wees om die

ondersoek voort te help en verteenwoordigers op die komitee te benoem ... ”

As gevolg van die besluit van die *Provinsiale Adviserende Kommissie* is die *Inter-Departementele Komitee oor Biblioteke* in April 1936 deur die Minister van Binnelandse Sake benoem met die volgende opdrag: “om ondersoek in te stel na, en verslag uit te bring oor die algemene organisasie van biblioteke in die Unie, meer bepaald met verwysing na:

- (a) die teenswoordige dienste aan die algemene publiek;
- (b) die beheer van, en geldelike voorsiening vir biblioteke;
- (c) biblioteekpersoneel en die opleiding van staf;

en om aanbevelings te maak met betrekking tot die stappe wat gedoen moet word om verbeterings aan te bring ten opsigte van (a), (b) en (c), en vir die beter aanwending van biblioteke as ’n opvoedingsmiddel” (Unie van Suid-Afrika. Departement van Binnelandse Sake, 1942:1-2).

Soos verwag kon word het die Vereniging ’n memorandum aan die *Komitee* voorgelê met die oog op die bevordering van die biblioteeksaak.

In die Verslag van die *Inter-Departementele Komitee oor die Biblioteke van die Unie van Suid-Afrika*, wat in Februarie 1938 gepubliseer is, word aanbeveel “dat onmiddellike stappe gedoen word om ’n Vry Platte-landse Biblioteekdiens in elke Provinsie te skep” (p. 24). Hierdie aanbeveling het aanleiding gegee tot die latere instelling van die vier provinsiale biblioteekdienste.

Toe daar, hoofsaaklik as gevolg van finansiële oorwegings, ’n lang vertraging in die aanvaarding van die aanbevelings van die Verslag was, en dit wou voorkom of ’n dooie punt bereik is, het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging voortdurend vertoë tot die Departement van Binnelandse Sake gerig om die saak te bespoedig (Unie van Suid-Afrika. Departement van Binnelandse Sake, 1942:2; SABV-

Verslag, 1936-39:2). Soskryf Stirling (Brief, 9 Junie 1939), sekretaris van die Vereniging, aan die Sekretaris van Binnelandse Sake: "I trust you will agree that the provision of library facilities especially in the rural areas, affecting as it does the welfare of the whole of the population of the Union, is far too important and serious a matter to be allowed to languish through neglect any longer. It is imperative indeed that the Government should take the strong initiative recommended in the report."

In die moeilike taak om die openbare mening ryp te maak vir die vry openbare biblioteek, het die Vereniging aktief die samewerking van persone, liggame en organisasies en ook van sy eie takke gesoek. Die sukses van hierdie optrede blyk uit die feit dat die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) in 1936 op sy kongres besluit het "om saam met die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging en ander kultuurliggame te sien wat gedoen kan word om 'n georganiseerde biblioteekdiens op die platteland daar te stel sodat leesstof binne die bereik van almal kan wees" (Brief Afrikaanse Christelike Vrouevereniging, 11 Junie 1936).

Aangesien die indruk bestaan het dat selfs volksraadslede en senatore nie goed ingelig was ten opsigte van die rol van die openbare biblioteek in die vorming van 'n verligte kieserskorps nie (Stirling, 1939:65), het raadslede E.A. Borland, C.Christie, G.W. Eybers, P. Freer, R.F. Kennedy, H.R. Raikes en M.M. Stirling op 26 Januarie 1939 'n samespreking met mev. V.M.L. Ballinger, LV, gehad waartydens die voorsiening van beter plattelandse biblioteekdienste bespreek is. Mev. Ballinger het onderneem om in die Parlement druk uit te oefen vir die verbetering van hierdie dienste (Raad. Omsendbrief 45, September 1938 - Maart 1939). Sy het hierdie onderneeming gestand gedoen toe sy op 16 Mei 1939 die biblioteeksaak op 'n bekwame en welsprekende wyse in die Volksraad gestel het. Haar toespraak het 'n lewendige bespreking uitgelok waarin sy die steun van onder meer mev. L.A.B. Reitz, LV, A. Davis, LV en mev. B. Solomon, LV, geniet het (Hansard, 1939, kol. 4911-4930).

In 1949 het die Raad (Notule, 6 Januarie 1949) 'n parlementêre skakelkomitee, onder voorsitterskap van R.F.M. Immelman, benoem om 'n wakende oog te hou oor biblioteekaangeleenthede, wat in

die Parlement ter sprake kom. 'n Spesiale opdrag aan die Skakelkomitee was om hom te beywer vir wetgewing wat die provinsiale owerhede in staat sou stel om vry openbare biblioteekdienste in te stel.

Hierdie Komitee het dan ook waardevolle diens gelewer ten opsigte van die wysiging van die Finansiële Verhoudingswet (SABV-Jaarverslag, 1948-49:4). Borland (1949:59) sê die volgende daarvan: "In the year 1949, after twenty-one years of discussion and argument, there has been placed on the Statute book of the Union, an amendment to the Financial Relations Act, which will legalize the establishment of free libraries by Provincial Administrations. (Formerly they were enabled to administer libraries established by other bodies only.)"

5.1.2.1 *Die ontwikkeling van vry openbare biblioteekdienste in Transvaal*

Die Witwatersrandse en Pretoriatak (later die Transvaalse Tak) van die Vereniging het kosbare werk gedoen om die gedagte van 'n vry openbare biblioteekdiens te propageer. In sy voordrag *Friends of the Popular Library*, gelewer voor 'n vergadering van die Tak op 16 Oktober 1935, het J.F. Hilson (1936:91), lid van die Johannesburgse Stadsraad, hom soos volg uitgedruk: "That the free library movement is gaining so much ground on the Reef, indeed in the Transvaal, is, I believe very largely due to the enthusiasm and ability of the members of your Branch individually, and of the activities of the Branch itself. In the provision of free libraries, the Transvaal has set a shining example to the rest of the Union."

In Omsendbrief 28 van die Raad (1941) stel Varley die volgende: "Transvaal librarians are to be congratulated both on initiating the first free Rural Scheme and on taking up so energetically the question of Rural Libraries as effected by recent statements of policy by Mr Hofmeyr ... " Volgens 'n brief van die Sekretaris van Binnelandse Sake van 15 Maart 1940 aan dr. G.W. Eybers, verteenwoordiger van die Sentrale Regering op die Raad van die Vereniging, het Minister Hofmeyr "voorgestel dat elke provinsie sy eie adviserende komitee oor biblioteke moet aanstel en dat hierdie komitees dan konkrete voorstelle aan die hand doen. As hierdie prosedure aanvaar word

kan 'n mate van geldelike ondersteuning van die Unie-regering verweg word" (Brief Unie van Suid-Afrika. Departement van Binnelandse Sake, 15 Maart 1940).

Voor die vierde konferensie van die Vereniging in 1943 het Kennedy gesê: "I would congratulate the Transvaal Branch and Cape Branch of the Association on the work which they have accomplished. Libraries have progressed more in the past three years in South Africa than in any three years before. Not all of that is due to the branches, some of it is due to the individual institutions and to individuals, but I think the most of it is due to the activities of those two branches" (Konferensie, 1943:88).

Mede as gevolg van die bemoeiing van die Tak het die Administrateur in 1941 die *Transvaalse Raadgewende Komitee insake Biblioteke*, onder voorsitterskap van dr. E.G. Malherbe, benoem. Volgens Circular nr. 40 van die Raad van 14 Mei 1941 is die aandag van die Provinsiale Sekretaris gevestig op die noodsaaklikheid van die benoeming van 'n provinsiale biblioteekorganiseerder ooreenkomstig die *Verslag van die Inter-Departementele Komitee* (1937), en in dié verband is E.A. Borland aanbeveel vir benoeming as organiseerder. Verder is die naam van Charles Christie, president van die Vereniging, voorgelê as verteenwoordiger van die Vereniging op die Raadgewende Komitee. Albei hierdie aanbevelings is aanvaar.

Die propagering deur die Tak van die gedagte van 'n vry plattelandse biblioteekdiens by biblioteekkomitees is in 1941 deur oorlogsomstandighede bemoeilik en selfs die hou van gercelde takvergaderings is in die wiele gery. 'n Poging om eenstemmigheid by lede van die Tak ten opsigte van beleid vir die verwagte plattelandse biblioteekdiens te verseker, blyk uit die volgende uittreksels uit *Notes submitted following a meeting of the Committee of the Transvaal Branch of the South African Library Association*, op 9 Julie 1941 vir die Raad deur R.F. Kennedy opgestel: "General Aims. To supply public library service to all dwellers in country towns and country districts. By public library service is meant an organised book stock administered by qualified librarians in such a way that all who can be persuaded to read are reached, that the most suitable book is brought to the right reader and that no obstacles such as subscriptions, deposits or postal charges

shall operate to deter potential readers ...

“Organization. The scheme should be run from its own headquarter library, probably, but not necessarily, situated in Pretoria. All records will be kept at this Central Headquarters and all administration, ordering of books, etc. will be done there. This will be the office of the Provincial organizer. There will be the regional centres throughout the Province. The kind of service will depend on the density of population and conformation of the land. Small towns and their immediate vicinity will be served by branch libraries, travelling libraries (bookmobiles) will serve areas made up of small farms, and frequently changing boxes of books at deposit stations will be used for isolated places. Frequent visits to deposit stations are essential.

“The Transvaal Branch of the South African Library Association and Transvaal Rural Libraries. The Branch must use every effort to obtain a rural library service in the Province. It must not be content with something second-rate, but must continue to press for an independent service adequately staffed by professional librarians. The Branch can exert its influence in the following ways:

1. By working in close collaboration with the Provincial Advisory Committee ...
3. By spreading propaganda in the small towns by means of branch meetings and personal contacts.
4. By addresses to teachers' and other associations.
5. By making direct representations to the Administrator in Executive Committee.

“The Branch should advocate:

1. A free library service for the whole Province.
2. The whole financial responsibility for rural services rest on the Province.

3. Rural services to be independent of big town libraries.
4. An adequate and qualified staff.
5. Small town libraries to be part of the rural scheme ...

“As first measures the Branch should urge:

1. That the organization of rural libraries should be independent of big town libraries.
2. That a full time organizer of rural libraries be appointed at a salary high enough to attract the best men or women.
3. That the Provincial Organizer make an exhaustive survey of the libraries of the Province with a view to the Province taking over the libraries of all towns outside the Reef and Pretoria and running them as free libraries for the people of the town and district ... ”

In Februarie 1942 is E.A. Borland, destyds bibliotekaris van die Germistonse Openbare Biblioteek, as tydelike biblioteekorganiseerder benoem met die opdrag om 'n opname van biblioteektoestande op die Transvaalse platteland te maak en om aanbevelings te doen in verband met die instelling van 'n plattelandse biblioteekdiens. Die *Verlag* van die opname is deur die Raadgewende Komitee aanvaar, asook die aanbevelings dat 'n provinsiale biblioteekskema ingestel word “wat sal insluit diens aan stede, dorpe, gebiede van gesondheidskomitees en gebiede wat nie deur plaaslike besture beheer word nie; so 'n skema [sal] alle bestaande biblioteekdienste in streekskemas koördineer om sodoende elke persoon vry toegang tot boeke te verleen” (Transvaal (Provinsie). Raadgewende Komitee insake Biblioteke, 1944(2):69).

In 1944 is die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens ingestel en is Borland as permanente biblioteekorganiseerder benoem.

Dit is opmerklik in hoeverre die riglyne deur Kennedy hierbo namens die Tak omlin, met die instelling van die Transvaalse Diens ooreengestem het.

Dit is seker nie onvanpas nie om hier te verwys na die rol wat twee lede van die Tak, Charles Christie en mev. E. O'Connor, wat nie bibliotekaris was nie, in die bevordering van die saak van vry openbare biblioteekdienste in Transvaal gespeel het. E.A. Borland sê daarvan die volgende: "Mr Christie and Mrs O'Connor were active in endeavouring to obtain decent library facilities for the rural areas long before the South African Library Association came into being. Mr Christie has, together with Mr Stirling, and during the last few years myself, been instrumental in obtaining for Transvaal all the rural library facilities it now enjoys; and has helped as liaison officer between librarians, Government officials and agricultural unions, in a way that no librarian could ever hope to equal. If the Transvaal Rural Library is to be a success, it will be because of people like Mr Christie and Mrs O'Connor, without whose help officialdom would be most unresponsive" (Raad. Provisional Agenda nr. 6). By die toekenning van die eresociaat van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging aan Christie het mej. E. Hartmann die volgende gesê: "He was one of the prime movers in the rural library schemes in this country, addressing frequent gatherings of different kinds, working closely with Mr. Stirling, the father of the rural library services in the Union" (Suid-Afrikaanse biblioteke, 1958:125).

5.1.2.2 *Die ontwikkeling van vry openbare biblioteekdienste in die Kaapprovinsie*

Die biblioteeksaak het aanvanklik nie veel aandag in die Suide ontvang nie. Varley (1963:x) sê daarvoor die volgende: "At that time, ten years after the founding of the S.A. Library Association, the number of professionally qualified librarians in the whole Cape Province could be counted on the fingers of one hand ... I think it is true to say that libraries and librarianship were rarely mentioned in the Cape press before the late thirties, and had it not been for the persistence of pioneering librarians such as Immelman and Murray (writing, be it noted, in leading Afrikaans journals such as *Die Huisgenoot*, with the active support of wellwishers such as Miss Sarah Goldblatt and Mr Marcus Viljoen) the Cape public might have continued in its state of innocent apathy for another decade!"

Die gedagte aan die stigting van 'n tak van die Suid-Afrikaanse

Biblioteekvereniging, oorspronklik met P. Ribbink en G.F. Parker aan die spits, het in Oktober 1938 met behulp van D.H. Varley finale beslag gekry. Dit was ook insiggewend dat Ribbink op die eerste vergadering van die Tak op 23 Februarie 1939 'n referaat oor *Rural libraries in South Africa* gelewer het — 'n saak wat die volgende aantal jare die aktiwiteite van die Tak oorheers het. Op 'n volgende vergadering is die werk wat die ACVV en die Helpmekaarbeweging in die belang van openbare biblioteke gedoen het, bespreek (Immelman, 1963(1):3-5).

Soos in die Transvaal was dit hier ook nie altyd moontlik om die optrede van individuele persone soos R.F.M. Immelman, Ian Murray en D.H. Varley te onderskei van dié van die Tak van die Vereniging, waarvan hulle leiersfigure was nie. Hierdie drie begeesterde jong manne het 'n omvattende reklameveldtog by wyse van geskrif, die radio en openbare byeenkomste aangepak. Murray het deur sy insiggewende bydraes in *Suid-Afrikaanse biblioteke in 1938 en 1939* en in *Die Huisgenoot* in Augustus 1938 oor *moderne volksbiblioteekstelsels* veel gedoen om die gemeenskap bewus te maak van die onbevredigende biblioteektoestande en van wat gedoen moet word om dit te verbeter. Van Varley verskyn daar 'n tweede hoofartikel in die *Cape Times* van 1 November 1938 oor *Forward Library Movement* en in die *Cape Argus* van 28 November 1938 'n dubbelkolom bydrae onder die titel *Promoting Library Service*.

Oor sy eie aandeel sê Immelman (1963(1):6-7) die volgende: "Between 8th February and 19th April 1939, the writer gave a series of 6 radio talks entitled *Die Biblioteekwese in die Buiteland*, in which he dealt particularly with mobile bookstock, regional libraries, and children's library service. A series of four articles, (based on the radio talks) by the writer, then appeared in *Die Huisgenoot*, one in April and the other three in June (to coincide with the inaugural meeting of the S.B.D. on 3rd June 1939). Mr. Ian Murray and the writer, with the active assistance of Miss Sarah Goldblatt, then decided to combine the former's articles of August 1938 and the writer's articles in June 1939 in *Die Huisgenoot* into a brochure on public library service, more particularly for rural areas, viz. *Volksboekerye. Die Biblioteek is die Volk se Universiteit. 'n Pleidooi ...*" Hierdie pamflet was die eerste publikasie in Afrikaans op die terrein van

die biblioteekwese en is doelgerig vir die openbare smaak saamgestel.

Die twee hoofkenmerke van die aktiwiteit van die Kaapse Tak gedurende sy aanvangsjare was sy pogings om die steun van die breë gemeenskap vir die bevordering van biblioteekontwikkeling te werf en om kontak te maak met die biblioteke en bibliotekarisse dwarsdeur die Kaapprovinsie met die oog op inskakeling by die Tak (Immelman, 1963(1):8).

Na aanleiding van 'n besluit van die Kaapse Tak is 'n vergadering van verteenwoordigers van kulturele en opvoedkundige verenigings op 3 Junie 1939 gehou. By die geleentheid is besluit om al die verteenwoordigde verenigings te versoek om elk aan die Sekretaris van Binnelandse Sake, die Sekretaris van Unie-Onderwys en die Provinsiale Sekretaris van die Kaapprovinsie te skryf om die behoefte aan verbetering van openbare biblioteekdienste ooreenkomstig die *Verslag van die Inter-Departementele Komitee* te beklemtoon. Die versoek is deur twintig verenigings uitgevoer. 'n Komitee is benoem om openbare belangstelling in die saak van plattelandse biblioteekdienste op te wek en om op alle betrokke liggame in die verband druk uit te oefen (Immelman, 1963(1):25-27).

Die Komitee het, omdat die Kaapse Tak dit nie self kon onderneem nie, besluit om die *Vereniging vir Boekverspreiding* in die lewe te roep met die doel om boeke aan mense in plattelandse gebiede te voorsien (Immelman, 1963(1):26-27; *Cape libraries*, 1942:3). L.E. Taylor (1970(1):3) sê: "This Society for Book Distribution was established in 1939, as a major instrument for propaganda for the free library movement." Finansiële middele is by kultuurliggame gewerf en die pers, veral *Die Huisgenoot*, het goeie reklame aan die saak gegee. Die geslaagde loodsing van die onderneming moet in 'n hoë mate aan die aanvanklike gratis hulp van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek toegeskryf word. Die behoefte aan hierdie tipe diens blyk uit die feit dat in 1941 reeds vyftien sentra bedien is, sestig vir die instelling van die diens gewag het en nog vyftig sentra aansoek gedoen het om ingeskakel te word, terwyl agt en sestig sentra in 1943 bedien is met dertig op die waglys.

Met die benoeming van F. du Plessis as professionele organiserder van

die *Vereniging vir Boekverspreiding* in Oktober 1943 is die eerste professionele betrekking waarin 'n bibliotekaris op die terrein van plattelandse biblioteekdienste benoem is, geskep. Dit was die voorloper van die latere provinsiale biblioteekbetrekkings in die vier provinsies (Immelman, 1963(1):30).

Die *Vereniging vir Boekverspreiding* se dienste is voortgesit tot Oktober 1945, toe dit oorgeneem is deur die pas gestigte Provinsiale Biblioteekdiens van die Kaapprovinsie. Die waarde van die dienste wat hierdie Vereniging gelewer het kan nooit oorskakel word nie. Dit was die direkte voorloper van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens.

Immelman (1963(1):28-29) sê daarvan die volgende: "The Society succeeded in demonstrating clearly to the Provincial and other authorities that there was a need and a demand for reading matter in the rural areas. It also demonstrated the advantages of a mobile stock distributed from a central point over small local library book collections serving only the inhabitants of a single village."

Die ondernemingsgees en die ywer van die pioniers in die Kaap blyk ook uit die uitgee van die blad *Cape libraries / Kaaplandse boekerye* deur die Kaapse Tak van die Biblioteekvereniging en die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek onder redakteurskap van D.H. Varley. In die eerste uitgawe van die tweemaandelikse blad in Mei 1942 word sy doelstellings soos volg uiteengesit: "The *first* is to act as a link between the many libraries of the Province — not only public libraries, but also school and college libraries; between their librarians, both professional and lay; and between the members of their committees and all those who have the welfare of the library movement at heart. These libraries have similar aims and problems, and we propose in this Bulletin to publish library news and information of interest to them all. We hope to give an account of the activities of the Cape Association, of which many of them are members, and of the work of the recently appointed Provincial Library Advisory Committee. Annual reports and news of developments with both adult and children's work will be cordially welcomed.

"The *second* purpose is to give information of a practical kind about

the running of libraries, and of the smaller libraries in particular. We plan to give short hints on book-buying, methods of issue, book-repairs, cataloguing and display, and many other technical aspects of library work, and to answer specific enquiries of all kinds.

“Our *third* purpose will be to give, in answer to many requests, lists of recommended books, both old and new: lists on special subjects, such as current events, popular science, arts and crafts, South African history, animal stories for children; and general lists of recent books in English and Afrikaans, not forgetting works of fiction. Full particulars of the books, publishers and prices will be given, with descriptions wherever possible, so as to form a useful buying list for library book-selection committees” (Cape libraries/Kaaplandse boekerye, 1942:1).

Gedurende die vier jaar van sy bestaan het hierdie publikasie, waarvan tot sewentien honderd eksemplare dwarsdeur die provinsie versprei is, op onpretensieuse wyse ’n baie belangrike diens gelewer. Dit het onder meer voorsien in die belange en behoeftes van die klein openbare biblioteke deur die aanbieding van geselekteerde lysste van aanbevole boeke en kort artikels oor praktiese biblioteekaanleenthede. Dit moes sonder twyfel daartoe bygedra het om die openbare mening op die platteland te vorm en om die owerhede te oortuig van die noodsaaklikheid van ’n vry openbare biblioteekdiens.

Die feit dat die behoefte aan vry openbare biblioteekdienste by Nie-Blankes, en veral Kleurlinge, nie die aandag ontgaan het nie, blyk uit die stigting van die *Cape Libraries Extension Association*, waarin die Kaapse Tak van die Biblioteekvereniging ’n groot rol gespeel het. Die doel was om in ooreenstemming met die diens van die *Vereniging vir Boekverspreiding* ook ’n biblioteekdiens aan hierdie mense binne die Kaapse munisipale grense en daarbuite te voorsien. Kiste met boeke is gratis aan skole en ander sentra gestuur. Die lewering van dienste buite die grense van die Kaapse Skiereiland is in 1946 deur die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens oorgeneem, terwyl die dienste in die munisipale gebied voortgesit is tot 1952, toe dit in die hande van die Kaapse Stedelike Biblioteekdiens oorgegaan het.

In die tweede jaarverslag, 1943-44, van die *Cape Libraries Extension*

Association word die volgende gestel: "The experimental work of the Association has already shown that there is an increasingly articulate demand for reading facilities particularly among the Coloured community of the Cape, and notably among the children. It is, however, essential to meet the demand not through an indiscriminate supply of books, but by means of a professionally-directed library service designed to give guidance and help both to students and to casual readers" (Suid-Afrikaanse biblioteke, 1944:39).

Immelman (1963(1):35), wat saam met Varley en ander lede van die Kaapse Tak op die Komitee van die *Association* gedien het, stel sy oordeel van die diens soos volg: "During its period of operations between 1942-52 the C.L.E.A. had succeeded in carrying out its purpose of extending library service among the poorer sections of the population and of demonstrating the need for such library services."

Die lede van die Kaapse Tak het intussen onverpoos voortgegaan om die biblioteekgedagte uit te dra. In die verslag oor die aktiwiteit van die Kaapse Tak oor die tydperk 1940-42 sê die voorsitter, prof. A.H. Murray, die volgende: "Onder die ander aktiwiteite van die Kaapse-tak behoort melding gemaak te word van die werk van Mnr. Varley, Immelman en Prof. Murray op die Administrateur se Adviserende Komitee vir Biblioteke; Mnr. Varley se toespraak aan die Jaarlikse Kongres van die Suid-Afrikaanse Onderwysers Vereniging te Port Elizabeth; Mnr. Immelman se toespraak aan die Kongres van Afdelingsrade te Port Elizabeth; en die werksaamhede van die Boeke vir die Troepe Komitee, wat meer dan 100,000 boeke en 'n gelyke getal tydskrifte ingesamel het" (SABV-Verslag, 1940-42:6-7).

Die kampvegters in die Suide het nie daarmee volstaan om die biblioteeksaak by die breë gemeenskap te propageer en om die steun van kultuur- en ander verenigings en plaaslike owerhede te werf nie, maar het ook, net soos hulle kollegas in die Noorde, hulle tot persone op die hoogste regeringsvlakke gewend. Op die jaarvergadering van die Tak gehou in November 1941 is gerapporteer dat die Takbestuur daarin geslaag het om die saak van 'n nasionale biblioteekbeleid en van landswye biblioteekfasiliteite in die Senaat

onder bespreking te kry (Immelman, 1963(1):31). Op 25 April 1941 het senator J.D. Rheinallt Jones die volgende voorstel, gesekondeer deur senator F.C. Hollander, aan die Senaat voorgelê: "Dat die aandag van die Regering gevestig word op die aanbevelings van die Inter-departementele Komitee oor die Biblioteke van die Unie van Suid-Afrika (1937), met die oog op die ontwikkeling van 'n nasionale biblioteekbeleid en die organisasie van volkswye biblioteekfasiliteite" (Hansard, 1940-41, kol. 1819). Aan die bespreking het senator C.A. van Niekerk en die Minister van Binnelandse Sake, mnr. H.G. Lawrence, deelgeneem en hulle ondersteuning aan die saak betuig. Die mosie is eenparig aanvaar.

Ter voorbereiding van die saak het die Takbestuur senatore van verskillende politieke partye van inligting voorsien (Immelman, 1963(1):32).

In die *Cape Times* van 26 April 1941 het die volgende oor die gebeure in die Senaat verskyn: "Reminding the government of its responsibility and the people in their interest in developing the backward library services in the Union, Senator R. Jones did a real service to the library movement when he initiated a debate on public libraries in the Senate. There is a disposition in some quarters to look on libraries, particularly in war-time, as luxuries which can for the moment be done without." Ook in *Die Burger* van 26 April 1941 het daar 'n verslag oor die besprekings in die Senaat verskyn.

Op die bogenoemde jaarvergadering van die Tak is die volgende besluit aanvaar: "That this meeting emphasizes the urgent necessity of libraries being instituted and controlled by the Government and/or municipal institutions, with the object of establishing a wide national library service and accordingly resolves to forward a copy of this resolution to the Central Government, Provincial authorities and City Council of Cape Town, with the respectful request that immediate steps be taken to give effect to the terms of this resolution" (Immelman, 1963(1):32).

Die vertoë wat aan die Sekretaris van Binnelandse Sake gerig is as gevolg van die vergadering van verteenwoordigers van kulturele en opvoedkundige verenigings wat op 3 Junie 1939 gehou is, waarna

hierbo verwys is, het tot gevolg gehad dat die Minister van Onderwys op 'n vergadering van die *Provinsiale Adviserende Komitee* gedurende Januarie 1940 "aan die hand gedoen het dat elke provinsie sy eie adviserende komitee oor biblioteke moet aanstel met die doel om voorstelle te maak. As hierdie prosedure gevolg sou word sou 'n mate van geldelike ondersteuning van die Unie-regering verwag kon word" (Unie van Suid-Afrika. Departement van Binnelandse Sake, 1942:3).

Volgens Immelman (1963(1):35-36), is in Februarie 1940 van die Sekretaris van Binnelandse Sake berig ontvang dat Tesourie bereid was om finansiële steun vir vry openbare biblioteekdienste op die platteland te oorweeg, mits die provinsies adviserende biblioteekkomitees benoem. Die beslissing van Tesourie is verwys na die *Provinsiale Adviserende Komitee*, wat besluit het dat elke provinsie ondersoek moes instel na sy biblioteektoestande en verslag daarvoor moes doen.

In Augustus 1940 het 'n afvaardiging van die Kaapse Tak, bestaande uit prof. A.H. Murray, D.H. Varley en R.F.M. Immelman, in 'n onderhoud met die provinsiale owerhede aangedring op die benoeming van 'n provinsiale adviserende biblioteekkomitee. Die Komitee, die *Kaaplandse Provinsiale Adviserende Biblioteekkomitee*, is in dieselfde maand onder voorsitterskap van M.J. van Breda, LUK, benoem met die opdrag "om die Administrateur oor 'n biblioteekbeleid vir die Provinsie van Advies te dien." (Kaap die Goede Hoop (Provinsie). *Provinsiale Adviserende Biblioteekkomitee*, 1944:[i]). P. Ribbink, prof. A.H. Murray, R.F.M. Immelman en D.H. Varley het die Kaapse Tak in die Komitee verteenwoordig.

Die laasgenoemde drie persone het as subkomitee 'n opname gemaak van bestaande biblioteektoestande by wyse van vraelyste wat aan alle openbare biblioteke en skoolbiblioteke deur die provinsie uitgestuur is. Die gegewens op die wyse ingesamel, is in 'n verslag verwerk en op 13 November 1941 aan die Adviserende Biblioteekkomitee voorgelê. Die belangrikste aanbevelings ten opsigte van die openbare biblioteek was die instelling van 'n vry diens in die hele Provinsie, die daarstelling van 'n stelsel waarvolgens boeke tussen biblioteke uitgeruil kon word en die benoeming van 'n provinsiale biblioteek-

organiseerder, terwyl die behoefte aan meer opgeleide bibliotekarisse vir die suksesvolle uitvoering van die diens beklemtoon word (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), Provinsiale Adviserende Biblioteek-komitee, 1944:11-13).

Toe die publikasie van die *Verslag* deur die provinsiale owerheid vertraag is, en dit voorgekom het of die saak wou doodloop, het die Kaapse Tak weer ingegryp. Weer is 'n groot openbare vergadering gereël waarheen kabinetsministers, politieke leiers van alle partye, provinsiale raadslede, stadsraadslede en verteenwoordigers van 'n groot aantal organisasies uitgenooi is. Die doel van die vergadering was "to initiate a drive for better libraries in South Africa, and to build up a body of influential people who would be in favour of rate-supported public libraries" (Immelman, 1963(1):38).

Sorgvuldige en woorwoë organisasie en beplanning deur die Tak het die vergadering voorafgegaan. 'n Reklameveldtog is geloods en 'n pamflet onder die titel *Better Libraries for Everyone! - Beter Biblioteke vir Elkeen!* is wyd versprei. Sprekers is vooraf aangewys en van die nodige inligting voorsien. Toesprake is gehou deur die Kaaplandse Administrateur, maj. G.B. van Zyl, mnr. J.G.N. Strauss, Minister van Landbou en dr. Karl Bremer, LV, een van die leiers van die Nasionale Party. Daar is besluit om die Provinsiale Administrasie te versoek om die *Verslag* van die biblioteekopname te publiseer en om die Sentrale Regering te versoek om die provinsies op die £ vir £-basis te subsidieer vir die daarstelling van vry openbare biblioteekdienste. Immelman (1963(1):39) beskou dit as een van die belangrikste byeenkomste oor biblioteeksake wat deur die Kaapse Tak gereël is en stel dat dit sonder twyfel gelei het tot die publikasie van die *Verslag* in 1944 terwyl dit 'n direkte aanleiding was tot die benoeming van 'n provinsiale biblioteekorganiseerder in 1945. 'n Verdere uitvloeisel van die vergadering was die opstel van 'n provinsiale biblioteek-ordonnansie wat in 1949 in finale vorm deur die Provinsiale Raad aanvaar is (Immelman, 1963(1):40).

Die onverinoeide ywer en harde werk van lede van die Kaapse Tak van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging is beloon met die instelling van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens in 1945.

Ook in die stryd om 'n *vry stedelike biblioteekdiens* ingestel te kry, het die Kaapse Tak van die Vereniging hom nie onbetuig gelaat nie. Die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek het tradisioneel die dubbelslagtige rol van nasionale biblioteek en munisipale openbare biblioteek beklee en was vir die lewering van openbare biblioteekdienste afhanklik van hydraes van die munisipaliteit van Kaapstad en van subskripsies ontvang van sy lede (Inter-Departementele Komitee, 1937:20). In die *Verlag* word gestel dat "die stedelike outoriteite die leiding in die stigting van vry stedelike biblioteke en hulle instandhouding moet neem" (p. 25).

In die pogings om 'n vry stedelike biblioteekdiens vir die Kaapse Skiereiland daargestel te kry het D.H. Varley die inisiatief en die leiding geneem. Pas na sy aanvaarding van die betrekking van bibliotekaris van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in 1938 het hy die Trustees van die Biblioteek oorreed om 'n voorstel vir 'n verenigde munisipale vry biblioteekstelsel vir die Kaapse Skiereiland in te stel (Varley, 1941:113) en aan die Stadsraad voor te lê. Na ondersoek en samesprekings met verteenwoordigers van die komitees van tien voorstedelike openbare biblioteke het die Stadsraad as gevolg van die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 besluit om enige verdere oorweging van die saak uit te stel tot na afloop van die Oorlog.

By geleentheid van die konferensie van die Biblioteekvereniging, wat in 1940 in Kaapstad gehou is, het die Kaapse Tak 'n openbare vergadering gereël waarop 'n film met kommentaar van R.F. Kennedy, oor die Johannesburgse Openbare Biblioteek, wat reeds 'n vry openbare biblioteekdiens gelever het, vertoon is. Die doel van die Tak was om aan die Kaapse gemeenskap die voordele van 'n vry stedelike openbare biblioteekdiens te toon. Varley het dit opgevolg met 'n artikel in die *Cape Argus* van 18 April 1940 onder die opskrif *Where Cape Town Lags: Public Interest in the Libraries* (Immelman, 1963(1):31).

In Mei 1940 lewer Varley (1941:109-115, 139-143) 'n toespraak voor die Kaapse Tak oor *Aspects of Library Cooperation*, waarin hy die samevoeging van alle bestaande openbare biblioteke in die munisipale gebied in een munisipale belastingondersteunde, vry openbare

biblioteekstelsel bepleit.

Die probleem was nie alleen geleë in die werwing van die steun van die Kaapse Stadsraad nie maar ook in die teenstand van die komitees van die openbare biblioteke, wat trots was op hulle tradisie en jaloers was op hulle outonomie en wat bevrees was dat hulle hul identiteit sou verloor (Immelman, 1963(1):42). Lede van die Tak, wat die skema bepleit het, is selfs beskuldig dat hulle kommunisme verkondig het (Immelman, 1963(1):31).

Op voorstel van die Trusteese van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek het die Stadsraad in 1944 'n Stedelike Biblioteekkommissie benoem om die moontlikheid van die instelling van 'n verenigde vry biblioteekdiens vir die munisipale gebied te ondersoek. In Maart 1945 is die Verslag van die Kommissie *Report and Recommendations to the City Council*, waarin 'n vyfjaar ontwikkelingsplan aanbeveel word, aan die Stadsraad voorgelê. Op 'n vergadering van die Tak, waarop Varley die Verslag toegelig het, is besluit om die saak te ondersteun, en op 21 Mei 1945 kon Varley op 'n takvergadering aankondig dat die Stadsraad die Verslag aanvaar het (Immelman, 1963(1):41-42).

Nieteenstaande die aangeleentheid voortdurend die aandag van die Tak geniet het, was daar teen die einde van 1949 nog geen vordering te rapporteer nie. In Maart 1950 het die Tak besluit om hom te beywer om Kaapstad onder die Provinsiale Biblioteekordonnansie, 1949, as stedelike biblioteekgebied verklaar te kry. Stadsraadslede is bearbei en die Tak het bekendgestel dat hy bereid is om sprekers oor die aangeleentheid aan alle organisasies, wat gewillig was om die saak te oorweeg, te voorsien. 'n Verklaring onder titel *Cape Peninsula Libraries are at the Cross-roads* is opgestel en wyd versprei en ook aan die pers beskikbaar gestel. Dit het die volgende sprekende sinsnede bevat: "Decisions taken in 1950 will determine the fate of the City's Libraries — an essential educational and recreational service — for many years to come." In Junie 1950 kon Varley in 'n takvergadering aankondig dat die Stadsraad die Administrateur versoek het om Kaapstad as stedelike biblioteekgebied te verklaar wat die instelling van 'n vry belastingondersteunde openbare biblioteekdiens ingehou het. Nadat provinsiale subsidie toegesê is, is die *Kaapse Stedelike Biblioteekdiens* in 1952 in die lewe geroep (Immelman, 1963(1):44-45).

5.1.2.3 *Die ontwikkeling van vry openbare biblioteekdienste in die Oranje-Vrystaat*

In die Oranje-Vrystaat was daar ook verskeie voorgangers van die Provinsiale Biblioteekdiens. Reeds vroeg is op beskeie wyse kiste met boeke deur die Lindleyse *Lenteskoolbiblioteek* op die platteland versprei (Friis, 1962:98). Onder leiding van mev. E.D.M. Venter, presidente van die Vrystaatse Vrouelandbou-unie, is die *Vrystaatse Boekediens* in 1941 gestig met die doel om boeke gratis aan die platteland te voorsien. Hierdie diens, wat met die steun van goedgesinde liggeme in die lewe groep is en later deur die Provinsiale Administrasie finansiel ondersteun is, is deur die Bloemfonteinse Openbare Biblioteek gehuisves en geadminestreer en het in 1947 ses en vyftig sentra bedien (Kritzinger, 1947(2):63; Friis, 1962:99).

Die *Vrystaatse Boekediens* het ook as stimulus vir die totstandkoming van 'n tak van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gedien. Aangesien daar geen verteenwoordigende of gesaghebbende liggaam op biblioteekgebied in die Vrystaat bestaan het nie, en aangesien die Provinsiale Raad nie die verantwoordelikheid vir biblioteeksake wou aanvaar nie, het die *Vrystaatse Boekediens* in Augustus 1943 'n vergadering belê om die stigting van 'n Vrystaatse tak van die Biblioteekvereniging te oorweeg. Die resultaat was dat 'n tak van die Vereniging op 21 April 1944 gestig is (Arndt, 1946:59). Volgens die Verslag van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging vir die tydperk Julie 1942 tot September 1946 (p. 11) is op die eerste jaarvergadering van die Tak besluit om by die Provinsiale Administrasie aan te dring op die instelling van 'n raadgewende biblioteekkomitee vir die Vrystaat en op die verskaffing van 'n vry openbare biblioteekdiens. Hierdie versoek is bevestig deur 'n besluit op 'n openbare vergadering wat die Tak op 24 April 1946 tydens 'n konferensie van die Vereniging te Bloemfontein gereël het (Arndt, 1947:81).

By geleentheid van 'n takvergadering op 28 Oktober 1947 het S.I. Malan (1948:84) 'n toespraak oor 'n *Vrye openbare biblioteekdiens* gelewer, waarin hy onder meer die volgende gesê het: "Die subskripsiebiblioteek het die weg vir die vrye openbare biblioteek geopen deurdat dit die publiek bewus gemaak het van die bestaan van biblioteke, en deurdat dit die gebruik daarvan gegrondves het, maar

die dienstydperk van die subskripsie-biblioteek is nou verstreke en die tyd is meer as ryp vir alle Suid-Afrikaanse openbare biblioteke om vry te word, want reeds is ons 50 jaar vir die oorsese biblioteekwêreld agter in ons strewe om 'n vrye openbare biblioteekdiens."

Na aanleiding van 'n versoek van die *Vrystaatse Boekediens* in 1947 het die Provinsiale Administrasie besluit om die diens oor te neem en 'n Vrystaatse provinsiale biblioteekdiens in te stel. Na 'n opname van biblioteektoestande in die Vrystaat deur E.A. Borland, is die eerste biblioteekorganiseerder in die persoon van dr. S.H. Pellissier in 1948 in tydelike hoedanigheid benoem (Friis, 1962:99).

5.1.2.4 *Die ontwikkeling van vry openbare biblioteekdienste in Natal*

Dit was nie moontlik om uit die beskikbare bronne vas te stel of die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging 'n spesifieke rol in die vestiging van die Natalse Provinsiale Biblioteekdiens gespeel het nie. Deur sy benoëning in verband met die bevordering van die saak van vry openbare biblioteekdienste in die algemeen en die daarstelling van die provinsiale biblioteekdienste, veral in Transvaal en die Kaap-provinsie, moes die Vereniging ongetwyfeld indirek 'n invloed op die Provinsiale Administrasie van Natal uitgeoefen het. Dit is opvallend dat die eresekretaris van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging 'n brief gedateer 5 Julie 1944 van die Provinsiale Sekretaris van Natal ontvang het, wat soos volg lui: "I have to inform you that the Executive Committee of this Province has resolved that a Library Advisory Committee be now appointed as recommended in the Report of the Interdepartmental Committee on the Libraries of the Union of South Africa. In this connection it would be appreciated if you could nominate a representative on behalf of the South African Library Association" (Suid-Afrikaanse biblioteke, 1944:42). Aan die versoek is gevolg gegee deur die benoëning van F.H. Rooke.

Die Natalse Tak van die Vereniging is in 1945 gestig. Toe dit blyk dat daar geen vordering met die stigting van 'n provinsiale biblioteekdiens was nie, het Rooke (1946:20) soos volg geskryf: "As an outcome of the Corbett Report the Natal Provincial Administration appointed a Natal Advisory Committee, presumably to advise on a library policy for Natal. Although the personnel of this Committee

was nominated nearly two years ago, the Committee has not up to the present been convened. Can it be possible, taking into consideration the above figures, that, as in so many other public services, the Province is content to let the local governing body administer a service, the responsibility for which is rightly its own?

“Perhaps the recently formed Natal Branch of the South African Library Association will be able to mobilize public opinion and the libraries of the Province co-operate sufficiently to induce the Administration to make a move.”

Na 'n opname van biblioteektoestande in Natal deur E.A. Borland (Rooke, 1946:20) is dr. R.A. Banks as tydelike biblioteekontwikkelings-beampte benoem. Met die benoeming van T. Friis as permanente biblioteekorganiseerder in September 1951 is die diens amptelik in die lewe geroep (Friis, 1962:100-101).

5.1.3 *Opvoeding van volwassenes*

Die stryd wat lede van die Biblioteekvereniging gevoer het vir die daarstelling van vry openbare biblioteekdienste, wat hierbo behandel is, is bewys daarvan dat die pioniers bewus was van die opvoedings-waarde van die openbare biblioteek en van die belangrike rol wat die openbare biblioteek in die opvoeding van volwassenes kan speel. Hierdie saak was veral aktueel toe die land in die twintiger- en dertigerjare met 'n ernstige armblankevraagstuk te kampe gehad het.

Reeds op die eerste konferensie van die Vereniging (1933:12), het die saak die aandag geniet en is die volgende besluit geneem: “3(a) dat hierdie Konferensie, met die oog op die uitslae van die Carnegie Kommissie se ondersoek insake die Armblankevraagstuk, en in besonder die gevolgtrekkings van dr. E.G. Malherbe, uiteengesit in sy verslag *Onderwys en die Armblanke* by die Provinsiale Administrasies aandring dat dit dringend noodsaaklik is om die toestand van plattelandse biblioteekdienste en skoolbiblioteke sorgvuldig te oorweeg met die oog op hul beter ondersteuning en uitbreiding.”

In 'n toespraak voor die *Adult Education Conference* in Durban op 12

Oktober 1935 sê Stirling (1936:111, 115): “Adult Education ... must be voluntary and not forced ... Books are the chief influence in adult, as in any other education and the public library as the principal provider of books must take a dominant place ... The right book should be supplied to the right person at the right time ... The fundamental requirement of adult education in South Africa is a modern library service ... ”

Die Transvaalse Tak van die Vereniging het op 25 Maart 1936 ’n *Konferensie oor die opvoeding van die volwassene* gehou “om metodes vir die verskaffing van beter fasiliteite vir voorlesings en groepsklasse in die Johannesburg-omgewing te bespreek” (Notule). Namens die Tak het Kennedy op die belangrikheid van die openbare biblioteek by die opvoeding van die volwassene gewys. Hy stel verder dat die bibliotekarisse aan die Rand nie oor die nodige fondse beskik vir die hou van lesings nie, maar dat hulle enige skema ter verbetering van die biblioteek se aandeel in die opvoeding van volwassenes graag sou ondersteun, en hy beklemtoon die wenslikheid dat openbare biblioteke aan die Rand as fokuspunkte in die stelsel van opvoeding van volwassenes gebruik word.

In Maart 1943 het die Minister van Onderwys ’n komitee onder voorsitterskap van dr. G.W. Eybers benoem met die opdrag: “Om, veral met die oog op na-oorlogse toestande, ondersoek in te stel na en verslag te doen oor —

“(i) die noodsaaklikheid van onderwys vir die volwassenes; en

(ii) die instelling van ’n nasionale stelsel van onderwys vir volwassenes ... ” (Unie van Suid-Afrika. Departement van Onderwys, 1945:1).

Op 12 Junie 1943 het die Raad van die Biblioteekvereniging die volgende besluit geneem: “ ... the Director of Adult Education be informed of the Library Association’s wishes to participate in a practical way with the Regional schemes of Adult Education, now being developed, through appointment of Regional Library organizers, as Adult Education officers, where practicable, through the use of existing library buildings as centres for informal education

in urban and rural areas, and in other ways that the Director may consider helpful, and that the Secretary give publicity to this Resolution through the Press" (Raad. Notule, 12 Junie 1943). Ook die Suid-Transvaalse Tak het 'n memorandum waarin die belangrikheid van openbare biblioteke vir die skema van onderwys van volwassenes beklemtoon word, aan die *Komitee van Ondersoek* voorgelê (SABV-Verslag, 1942-45:12).

In die *Verslag van die Komitee* kom die volgende voor: "Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het aan u Komitee getuigenis voorgelê wat daarop aandring dat beamptes, bekend as leser-adviseurs, in die groter biblioteke aangestel moet word, met rondreisende leser-adviseurs om in die behoeftes van die kleiner biblioteke te voorsien. Die pligte van 'n leser-adviseur kan as volg omskryf word:-

"(1) Om afsonderlike lesers te help met die keuse van geskikte boeke in die lig van die leser se belange of behoeftes, en deur lyste te verskaf van boeke oor spesiale vakke om aan individuele vereistes te voldoen.

(2) Om groepe in die gemeenskap behulpsaam te wees met die ontwerp van klubprogramme en om geskikte boeke aan die hand te doen wat in verband met hierdie programme gelees moet word.

(3) Om die onderwys vir volwassenes te bevorder deur die opbou van boekeversamelinge in dié rigtings waar die aanvraag die grootste is bv. boeke oor gesondheidsvraagstukke, beroepsleiding, groepleierskap en sosiale welvaart, en ook deur kontak te bewerk met alle werksaamhede of organisasies vir onderwys van volwassenes in die omgewing.

(4) Om 'n diens vir beroepsvoorligting in stand te hou ten einde studente en leerlinge wat die skool verlaat, asook die minder-geskiktes, behulpsaam te wees met die keuse van loopbane, en om onderwysers van lektuur te voorsien wat nodig is om hul funksie as beroepsvoorligters te vervul.

(5) Om inligting in te samel aangaande plaaslike klasse vir volwassenes, lesings, kultuurkursusse en groepbesprekings, en om hierdie inligting ook aan biblioteekgebruikers te verstrek" (paragraaf 226:97-98).

Die Komitee het egter bevind dat die openbare biblioteke op daardie stadium nie goed genoeg ontwikkel was en nie oor die benodigde personeel beskik het om hierdie noodsaaklike rol te vervul nie. Die “biblioteekdiens van Suid-Afrika [moet] eers op ’n gesonde basis geplaas ... word en ... sulke spesiale betrekkings [moet] oorweeg ... word alleen in die geval van biblioteke wat andersins goed-georganiseer is ... ” (p. 98).

Die volgende algemene aanbevelings is gedoen:

“(1) Dat dit noodsaaklik is dat die biblioteekdienste van die Unie so spoedig moontlik op ’n gesonde grondslag geplaas behoort te word.

(2) Dat alle biblioteke vry moet wees.

(3) Dat stappe gedoen word om te verseker dat alle biblioteke behoorlik van opgeleide personeel voorsien word en volgens erkende salarisskale met voorsiening vir bevordering, pensioene en verlof besoldig word ... ” (p. 99).

Ten slotte het die *Komitee* aanbeveel dat ’n *Nasionale Raad van Onderwys vir Volwassenes* saamgestel word waarin onder meer ’n deskundige op die gebied van biblioteke moet dien (p. 146) en dat as een van ’n hele aantal komitees wat in die vooruitsig gestel word, daar ’n biblioteek-komitee benoem word bestaande uit:

- “(i) die deskundige lid van die Raad op dié gebied — Voorsitter;
- (ii) die Direkteur van Onderwys vir Volwassenes;
- (iii) twee persone deur die S.A. Biblioteekvereniging genomineer;
- (iv) die Bibliotekaris van die Unie-onderwysdepartement” (par. 376, 9(h):148).

Na die instelling van ’n departement vir opvoeding vir volwassenes het die Raad van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging ’n eenparige besluit geneem waarin volle ondersteuning aan die beweging vir die opvoeding van volwassenes toegesê is (SABV-

Jaarverslag, 1946-47:6). Gedurende die konferensie van die Vereniging, wat in 1946 gehou is, is dr. Eybers geloof vir die rol wat hy in die verband gespeel het. Die Vereniging kon die vrugte sien van sy harde werk deurdat die Staat nou die beginsel van 'n vry openbare biblioteek ondersteun het (Konferensie, 1946:4).

5.1.4 *Die bevordering van biblioteekdiens aan kinders in die openbare biblioteek*

5.1.4.1 *Kinderbiblioteke*

Die voorsiening van biblioteekfasiliteite vir kinders in openbare biblioteke is 'n relatief resente ontwikkeling. Die idee van 'n doeltreffende biblioteekdiens vir kinders het in die Verenigde State van Amerika ontstaan, terwyl Engelse biblioteke baie later in hierdie rigting ontwikkel het (Oppenheim, 1937:57). In afdeling 2.2.1 word verwys na Pitt se bevinding dat daar in 1928 in Suid-Afrika in baie min openbare biblioteke afsonderlike fasiliteite vir kinders was, terwyl in verskeie biblioteke klein versamelings boeke vir kinders op afsonderlike rakke voorgekom het. Hy beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n goed toegeruste kinderafdeling in die openbare biblioteek.

Stirling, wat in 1930 deur die Vereniging as deeltydse biblioteek-organiseerder benoem is, het na aanleiding van sy besoek aan biblioteke in Natal in sy verslag aan die Raad die toestand soos volg geskets: "None of the small libraries visited catered in any way for children and it was suggested that children might be encouraged to use the libraries if suitable books and periodicals were provided for them. It was further suggested that no charge should be made to children. In all cases favourable consideration was promised for these proposals" (Stirling, 1930:2).

In sy strewe na beter biblioteekdienste vir kinders het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging hom aanvanklik toegespits op die ontwikkeling van skoolbiblioteke wat ook ontspanningsleesstof aan kinders moes voorsien. So het Stirling in April 1931 in sy *Report on school libraries* (p. 1) onder meer die volgende gestel: "In addition to books for home reading, every school ought to have its own reference library ... " Die optrede van die Vereniging in die belang van

skoolbiblioteke word in afdeling 5.3.1 bespreek.

In die eerste uitgawe van *Suid-Afrikaanse biblioteke* in Julie 1933 verskyn daar 'n artikel deur mej. G. Oppenheim onder die titel *Why not have a children's free library?* Volgens die beskikbare gegewens het die eerste positiewe optrede van die Vereniging spesifiek in belang van die diens aan kinders in die openbare biblioteek in 1936 voorgekom toe mej. G. Oppenheim, op versoek van die Raad, 'n memorandum oor biblioteekdiens vir kinders vir die *Inter-Departementele Komitee*, 1937, opgestel het. Hierdie Memorandum is as bylae 6 tot die *Verslag van die Inter-Departementele Komitee* (1937) gepubliseer. Daarin bepleit sy dat elke biblioteek, hoe klein ook al, die een of ander diens vir kinders behoort te voorsien, al is dit net in die vorm van 'n klein hoekie vir kinderboeke, en dat geen stad van agtienduisend inwoners of meer sonder 'n goeie kinderbiblioteek behoort te wees nie. Sy beklemtoon ook die noodsaaklikheid van bevoegde personeel, wat spesiaal vir die diens opgelei is, al is dit net by wyse van vakansiekursusse.

In die *Verslag* (p. 18) van die *Komitee*, waarin na die *Memorandum* van Oppenheim verwys word, word gestel dat spesiale aandag aan die skepping van takke van openbare biblioteke gewy moet word en dat elke openbare biblioteek 'n aantreklike kinderafdeling behoort te besit.

In 1939 is 'n *Afdeling vir Skool- en Kinderbiblioteke* deur die Transvaalse Tak gestig en dergelyke afdelings is in 1944 deur die Noord-Transvaalse Tak en in 1945 deur die Kaapse Tak gestig.

Die *Afdeling* van die Kaapse Tak het in 1946 'n *Kinderboekweek* georganiseer en 'n boekelys onder die titel *Books are bridges / Boeke is skakels* by die geleentheid gepubliseer, terwyl 'n uitstalling van kinderboeke gehou is om die goeie kinderboek te propageer. Volgens Immelman (1963(1):21) was dit die mees ambisieuse en suksesvolste onderneming van die *Afdeling* gedurende sy bestaan. In November 1948 is ook 'n baie suksesvolle kinderboekweek in Johannesburg deur die Suid-Transvaalse Tak gereël (SABV-Jaarverslag, 1948-49:16(a)).

Volgens die beskikbare inligting het die Vereniging slegs sporadies

aan die belangrike saak van biblioteekdienste aan kinders in die openbare biblioteek aandag geskenk. Ook die afdelings van die takke van die Vereniging het hulle hoofsaaklik op die bevordering van die skoolbiblioteek toegespits. Die *Afdeling* van die Kaapse Tak het in 1947 by geleentheid van 'n konferensie van die Vereniging in Kaapstad 'n simposium oor kinderbiblioteke gereël, waar 'n besluit geneem is dat, met die oog op die dringende behoefte, die Stadsraad van Kaapstad versoek word om so spoedig moontlik 'n diens vir kinders in te stel. Toe aan die besluit nie gevolg gegee is nie, het die Tak in 1949 besluit om opnuut by die Kaapse Stadsraad daarop aan te dring dat 'n vry diens aan kinders voorsien moet word. Ook hierdie optrede het geen onmiddellike resultaat gelever nie. Eers na die instelling van 'n vry, belastingondersteunde openbare biblioteekdiens vir die Kaapse Skiereiland is die ideale van die voorsiening van kinderbiblioteekdienste verwesenlik.

Net soos in die Kaap was die *Afdeling vir Skool- en Kinderbiblioteke* van die Noord-Transvaalse Tak hoofsaaklik geïnteresseerd in skoolbiblioteke. Die enigste aanduiding van belangstelling in kinderbiblioteke was pogings om beter dienste vir die kinders in die stad Pretoria te voorsien. Met die steun van die Vereniging vir Kindersorg, die Pretoriase Ouervereniging en ander verenigings het die *Afdeling* in 1944 versoek tot die Stadsraad gerig om vry biblioteekdienste vir elke kind beskikbaar te stel. Die aandag is daarop gevestig dat in die Staatsbiblioteek, wat destyds ook as openbare biblioteek vir Pretoria opgetree het, slegs een kinderbiblioteek was, wat al die kinders van die stad moes bedien. Daar is voorgestel dat drie takbiblioteke vir kinders in die voorstede gestig moes word en dat kinders in afgeleë voorstede deur 'n reisende biblioteek bedien moes word. Hierdie voorstelle is nie aanvaar nie, en, net soos in Kaapstad, moes die beter voorsiening van kinderbiblioteekdienste wag tot die daarstelling van die Pretoriase Stadsbiblioteek in 1964.

In die *Standaard vir Suid-Afrikaanse openbare biblioteke* wat in 1959 verskyn het, word voorsiening gemaak vir biblioteekruimtes vir kinderdiens. In die hersiene uitgawe van 1968 word nêrgerelê dat drie en dertig persent van die totale vloeroppervlakte van die biblioteek in dorpe met minder as vyfduisend inwoners vir kinders voorsien moet word, in dorpe van vyfduisend tot tienduuisend

inwoners dertig persent, in dorpe van tienduisend tot vyftienduisend inwoners sewe en twintig persent en in dorpe van vyftienduisend tot twintigduisend inwoners vyf en twintig persent. Hierdie standarde word tans nog deur die provinsiale biblioteekdienste toegepas.

5.1.4.2 *Kinderboektoekennings*

Dit is belangrik dat ook aandag geskenk word aan die rol van die Biblioteekvereniging in die bevordering en verbetering van die gehalte van die kinderboek. Sedert 1947 het die instelling van 'n jaarlikse toekenning vir die beste kinderboek die aandag geniet (Uitvoerende Komitee. Notule, 29 Januarie 1947; Raad. Notule, 6 Januarie 1949). Na enkele vrugtelose pogings is op aandrang van die Kaapse Tak opnuut aandag aan die saak geskenk. In die vyftigerjare is veral in die Kaapstadse Stadsbiblioteekdiens en die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens bevind dat die toestand in verband met Afrikaanse kinderboeke baie onbevredigend was. As gevolg van die uitbreiding van dienste aan kinders het die aanvraag geweldig gestyg, terwyl die produksie van kinderboeke van gehalte baie laag was. In 1956 het die konferensie na aanleiding van 'n mosie van die Kaapse Tak 'n subkomitee, onder voorsitterskap van J.G. Kesting, benoem met die opdrag om die hele aangeleentheid te ondersoek en konkrete voorstelle voor te lê (Immelman, 1963(1):52). Die resultaat was die instelling van die *C.P. Hoogenhouttoekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek van die jaar*, geskik vir kinders van ses tot dertien jaar, wat vir 1960 die eerste keer toegeken is.

Aanvanklik is die toekenning gedoen aan die outeur en/of illustreerder van die bekroonde werk. In 1973 is besluit om 'n afsonderlike toekenning vir die beste illustreerder, wat in 1977 die *Katrine Harries-toekenning vir kinderboekillustrasies* genoem is, in te stel (SABV-Jaarverslag, 1973-74:26-28; SABV-Jaarverslag, 1977-78:14). Vir bekroning is hoë eise gestel ten opsigte van inhoud, taal en styl, illustrasies en boekproduksie. In 1969 het die Vereniging die *Percy Fitzpatricktoekenning vir die beste Engelse kinderboek van die jaar*, wat in Suid-Afrika gepubliseer is, ingestel.

Tot 1980 is dertien boeke met die *C.P. Hoogenhoutmedalje*, drie boeke met die *Katrine Harriesmedalje* en slegs een boek met die *Percy*

Fitzpatrickmedalje bekroon.

Die toekennings het gesogte pryse geword by skrywers, illustreerders en uitgewers. Die toestand, veral ten opsigte van die Afrikaanse kinderboek, het intussen grootliks verbeter en sonder twyfel kan aanvaar word dat die toekennings 'n rol gespeel het in hierdie ontwikkeling.

5.1.5 Die verbetering van die gehalte van openbare biblioteekdienste

5.1.5.1 Standaarde vir openbare biblioteke

Die Vereniging het nie volstaan met sy pogings in belang van die instelling van 'n vry openbare biblioteekdiens nie, maar het hom ook beywer vir die verbetering in die gehalte van die diens en vir die opstel van standarde vir openbare biblioteke.

In Junie 1944 het die Raad (Omsendskrywe 36, Junie 1944) van die Vereniging die beleid vir toekomstige ontwikkeling van openbare biblioteke bespreek. By die geleentheid is melding gemaak van die wenslikheid om ook aandag te skenk aan die saak van standarde vir die openbare biblioteek. Op voorstel van Kennedy is besluit om 'n subkomitee, bestaande uit een raadslid vir elke provinsie, te benoem met die opdrag om 'n nasionale biblioteekbeleid vir Suid-Afrika op te stel. Volgens Circular 44 van 12 September 1944 het die Raad 'n komitee bestaande uit Varley van die Kaapprovinsie, Rooke van Natal en Stirling van Transvaal benoem om aandag te skenk aan 'n beleid vir toekomstige ontwikkeling van openbare biblioteke.

Varley het as president van die Vereniging op die vyfde konferensie in April 1946 die volgende gesê: "... the chief problem was now to try and set up and maintain standards of service. It was not enough to have free libraries; they must be good free libraries" (Konferensie, 1946:4).

'n Volgende poging in dié verband is aangewend toe die konferensie die Raad in 1949 versoek het "to appoint a sub-committee to prepare a memorandum on standards of public library service and that such a memorandum be discussed at the next conference." Borland is as

sameroeper benoem en elke tak is versoek om 'n verteenwoordiger op die komitee aan te wys (Raad. Notule, 10 November 1949). In die notule van die Raad van 29 September 1950 word die volgende vermeld: "That a subcommittee be appointed to suggest to the next Conference the essential requirements for the provision of a minimum public library service in villages, towns and cities." Die volgende persone is as subkomitee benoem: E.A. Borland (sameroeper), D.L. Ehlers, F.J. Potgieter, H.M. Robinson en 'n verteenwoordiger van die Natalse Tak (Raad. Notule, 29 September 1950).

Dit het op hierdie stadium voorgekom of daar geen vordering met die saak gemaak is nie. Die werk is bemoeilik as gevolg van groot verskille in die grootte van biblioteke in Suid-Afrika, die struktuur van die bevolkingsgroepe, die verskillende bevolkingsdigtheid, tekort aan opgeleide personeel en die verskil in standpunt onder die bibliotekarisse (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1959:[i]).

Die Vereniging het egter volgehoue aandag aan die saak bly skenk. Tydens die konferensie van September 1952 is die volgende aanbeveling van die *Afdeling Openbare en Provinsiale Biblioteke* behandel: "dat 'n Sub-komitee aangestel word om standarde vir openbare biblioteke volgens grotte [sic!] te formuleer" (SABV-Jaarverslag, 1952-53:4). In September 1953 besluit die Raad om die *Subkomitee oor Salarisskale (Openbare Biblioteke)* en die *Subkomitee insake Standarde vir Openbare Biblioteke* saam te voeg (SABV-Jaarverslag 1953-54:8). By geleentheid van die konferensie van 1952 is 'n aanbeveling van die *Afdeling Provinsiale en Openbare Biblioteke* aanvaar dat T. Friis versoek word om by die versameling van materiaal vir sy proefskrif aandag te gee aan die formulering van voorstelle in verband met diensstandarde in 'n ontwikkelingsprogram vir Suid-Afrikaanse openbare biblioteke. Die Raad het na aanleiding hiervan besluit om sy steun aan Friis se ondersoek te gee, en in die *SABV-Nuusbrief* is aanbeveel dat biblioteke hulle medewerking daarvoor sal gee (SABV-Jaarverslag, 1954-55:12).

In 1955 is weer 'n komitee bestaande uit T. Friis (voorsitter), B.G. Hood, A. Porter en R.M. Wertheimer benoem met die opdrag om standarde op te stel. Uiteindelik is konsepstandarde aan die 1956-konferensie voorgelê en hersien vir die konferensie van 1957. By

geleentheid van albei hierdie konferensies en dwarsdeur 1956, 1957 en 1958 is verdere kommentaar van lede, van takke van die Vereniging en van die Onderwyskomitee ontvang (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1959:[i]). Op aanbeveling van die *Afdeling vir Openbare Biblioteke* is die *Standaarde vir Openbare Biblioteke* deur die konferensie van 1958 aanvaar (SABV-Jaarverslag, 1958-59:7). Dit is in 1959 gepubliseer.

Hoofsaaklik as gevolg van die affiliasie van plattelandse gemeenskappe by die provinsiale biblioteekdienste het die openbare biblioteke in Suid-Afrika 'n snelle ontwikkelingsproses beleef. Hierdie merkwaardige ontwikkeling het meegebring dat opnuut aandag aan die standarde geskenk moes word. In 1964 het die Raad van die Vereniging weer 'n subkomitee benoem om die standarde te hersien. Die finale konsep van die *Standaarde* is op die konferensie in 1966 goedgekeur (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1968:[i]).

Sedert 1971 het die Vereniging weer voortdurend aandag geskenk aan die hersiening van die *Standaarde*. Tot by die afsluiting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in 1980 het hierdie pogings nog nie gerealiseer nie.

5.1.5.2 *Diensvoorwaardes vir personeel in openbare biblioteke*

Alhoewel die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging nie as 'n vakbond opgetree het nie wat gepoog het om beter salarisse en diensvoorwaardes vir sy individuele lede te beding, het hy hom sedert sy stigting beywer om salarisse en diensvoorwaardes van openbare bibliotekarisse te verbeter, aangesien die doeltreffendheid van enige biblioteekdiens hoofsaaklik afhang van die gehalte van sy personeel, en dit dus van groot belang is dat die diensvoorwaardes sodanig moet wees dat die beste manne en vroue na die professie gelok en behou kon word.

Reeds in sy openingsrede van die eerste konferensie in 1933, het die president, A.C.G. Lloyd, daarop gewys dat salarisse van bibliotekarisse, veral ook in kleiner dorpe, baie laag was. Hy stel dit soos volg: "To take 9 libraries in towns of South Africa with a population between 10,000 and 30,000, the average salary for the librarian is £310 per year. The Assistant's salary is less than £12 per month. In

small libraries in towns with about 10,000 inhabitants, the average salary for the librarian is £16 per month, and for the Assistant £8 per month. In 27 towns with about 5,000 inhabitants, the librarian receives £7-10-0 per month. In the bulk of the libraries, the average salary of the librarian is £40 a year, and they have to work at least 12 or 14 hours a day, on and off. The lowest salary is £1 per month. That is the average of 81 libraries, and I would not even like to mention the libraries which pay no salaries at all.

“I think then there is plenty of room for improvement, and it is for the Association to take up the case of these places. Whether these conditions will ever improve while libraries are on a subscription basis, receiving the major part of their incomes from voluntary subscriptions, I doubt, but even during this transitional period (as Mr. Hofmeyr thinks the days of the voluntary system have to go a long time still) it is up to us to bring to the notice of the small-town libraries, the wickedness of paying an average salary of £40 per year! I don't think I need enlarge on this” (Konferensie, 1933:8-9).

Om aan te toon hoe swak die salarisse van biblioteekpersoneel in vergelyking met dié van onderwysers was, word die volgende gegewens verstrekk. In Transvaal het die salaris van 'n manlike hoof van 'n graad B-hoërskool in 1933 van £625 tot £850 per jaar gestrek en vir 'n vroulike hoof van £450 tot £660, terwyl manlike graad B-assistente aan hoërskole van £360 tot £600 ontvang het en onderwyseresse van £285 tot £450. Manlike assistentonderwysers in laerskole het van £230 tot £540 ontvang en onderwyseresse £190 tot £420. Ongekwalfiseerde dames het met £170 per jaar begin (Transvaal (Provinsie), 1933:2).

In 'n brief van S.J. Kritzinger, sekretaris van die *Inter-Departementele Komitee*, 1937, aan die sekretaris van die Vereniging word 'n versoek gerig “to suggest scales for Librarians and Library Assistants in public libraries, submitting also your recommendations in connection with leave, superannuation and other privileges. I should also point out that the prospects of women assistants will also be considered, when you submit the required information” (Brief Kritzinger, 7 September 1936).

Na aanleiding van hierdie versoek het mejj. P.M. Speight en E. Hartmann 'n volledige memorandum, oor al die sake in die versoek gemeld, opgestel en dit onder die vaandel van die *South African Association of University Women* ingelewer. Dit is opmerklik dat die memorandum slegs oor vroulike biblioteekpersonelede gehandel het.

Kennedy stel die saak soos volg in Circular I van die Raad van 20 November 1936: "A library which is to give efficient service to the public must be staffed by intelligent, well educated and technically qualified assistants. Until our libraries are staffed by such people — and this will not be until adequate remuneration is offered — we cannot expect the general public to appreciate the value of the library movement to the community. There is no reason why the salary scales for library assistants should not be equal to those paid to teachers by the Education departements ... I think that this Association might well consider the advisability of recommending to the Inter-Departmental Committee that library assistants should be treated for salary and pension purposes on the same footing as teachers in the various provinces.

"This will also counteract to some extent the present tendency to restrict library service to women. I am of the opinion that there should be equal opportunity in the library profession for men and women but that this Association should use all its influence to prevent the employment of women on the ground that they are a form of cheap labour.

"At present the prospects of women in libraries is very bright because only assistants of that sex are qualifying: the salaries paid in our largest libraries are not high enough to attract men of education and character or to induce them to remain in the profession. The value in the labour market of a cultured efficient woman graduate is about half that of a man of similar training and attainments."

Intussen het die Vereniging op sy tweede konferensie, gehou in Oktober 1936, 'n mosie van Kennedy dat by alle biblioteekowerhede daarop aangedring word om voldoende pensioenvoorregte vir hulle personeel te voorsien, eenparig aanvaar (Konferensie, 1936:110).

In sy Verslag toon die *Inter-Departementele Komitee* (1937:23) 'n goeie insig in die destyds bestaande swak opvatting oor biblioteke en van die status van bibliotekarisse. Daar word verwys na die hoë eise wat aan die bibliotekaris gestel word ten opsigte van akademiese agtergrond, professionele kennis en administratiewe bevoegdheid. Verder word die volgende gestel: "Op die oomblik is daar in die Unie baie min biblioteekposte wat in die minste aantreklik beskou kan word. Die heersende toestande op die platteland is van so 'n aard dat dit byna hopeloos is om die posisie van diegene wat aan die hoof van die baie, klein, verspreide biblioteke staan, te verbeter. Die Komitee is egter van mening dat in die geval van die meeste groter openbare biblioteke en dié van inrigtings 'n verbetering in die status en diensvoorwaardes van die staf nie alleen moontlik is nie, maar dringend noodsaaklik as hierdie biblioteke hulle verpligtings behoorlik sal nakom."

In 1941 het die Raad 'n verdere stap gedoen toe dit as beleid aanvaar is om by biblioteekowerhede beswaar aan te teken as die salarisskaal, wat aan 'n betrekking gekoppel was, te laag was. Sodanige gevalle moes onder die aandag van die eresekretaris gebring word vir die nodige optrede (Raad. Circular 57, 17 Desember 1941).

E.A. Borland, destyds sekretaris van die Vereniging, druk hom in 1943 soos volg uit: "Most libraries are paying much less than the minima suggested, and on this account, recruitment of a sufficient number of suitable people in the library profession is made very difficult ... I think that it would be in the interest of the library movement in South Africa if the Council were able to recommend a minimum scale to local authorities and other employers of librarians" (Raad. Addendum Circular 24, 1943).

Ook die Unie-Onderwysdepartement het in dié verband die hulp van die Vereniging gesoek. Op 6 Maart 1944 skryf dr. G.W. Eybers (Brief), ondersekretaris van die Departement, soos volg aan die eresekretaris van die Vereniging: "We are trying to persuade the Public Service Commission to accept the principle of librarians in the Public Service being required to be qualified persons and to pay them on a salary basis that would be considered equitable by the SALA, and not on the basis of an ordinary clerk in the Public Service."

Up to now we have not succeeded, but it would be a very good thing if the new salary scales that you contemplate can take full cognisance of the requirements of departmental libraries and can refer to necessity of such librarians being remunerated on a professional or technical basis. Such an arrangement would help us a good deal."

In *Suid-Afrikaanse biblioteke* (1944:41) kondig die Raad aanbevole salarisskale vir personeel, volgens opleidingsvlakke aan, wat onder die aandag van biblioteekowerhede gebring moes word. Die aankondiging bevat ook die volgende aanbeveling aan die Staatsdienskommissie:

"(a) that the minimum qualification for all persons to enter the service in departmental libraries shall be matriculation ...

(c) that the Commission considers the necessity of placing all persons qualified in librarianship on a professional scale in accordance with their qualifications and length of service."

Immelman se standpunt hierteenoor was dat dit onwys sou wees om vaste salarisskale aan te beveel, omdat sodanige skale nie verskillende omstandighede in verskillende dele van die land, die diensjare, die beskikbaarheid en bevoegdheid van persone in aanmerking geneem het nie. Salarisskale gebaseer slegs op professionele sertifikate, afgesien van die tipe betrekking of graad van verantwoordelikheid, is nie in ooreenstemming met algemeen aanvaarde beginsels van administrasie nie. Hy doen aan die hand dat biblioteektake geklassifiseer en gegradeer word as 'n eerste stap, voordat enige salarisskale aanbeveel kan word en dat streekkomitees vir verskillende dele van die land benoem word, wat voorstelle oor salarisse in hulle streke sou doen (Raad. Circular 32, 16 Junie 1944).

In die Jaarverslag 1946-47 kon die Vereniging meld dat, as gevolg van aanbevelings wat aan die *Kommissie van Onderzoek na die Staatsdiens*, bekend as die *Centlivreskommissie*, gedoen is, nuwe salarisskale deur die Staatsdienskommissie aanvaar is. Die Raad het hierdie skale nagesien, en kommentaar aan laasgenoemde *Kommissie* voorgelê (SABV-Jaarverslag, 1947-48:2).

Verskeie hoofde van biblioteke en ook die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens (Onderwyskomitee. Notule, 20 November 1950) het die Vereniging gereeld genader met die versoek om hulle te help om die salarisskale van hulle personeel op 'n mededingende vlak te kry, en daar is ook daarin geslaag om die Finale Diploma van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging as basiese kwalifikasie vir 'n professioneel opgeleide bibliotekaris te laat geld. Die Vereniging was egter versigtig om riglyne vir die salarisse van subprofessionele personeel vas te stel, aangesien die gevaar bestaan het dat owerhede dit sou aangryp as riglyn vir hulle professionele personeel.

Uit die SABV-Jaarverslag van 1951-52 blyk dit dat as gevolg van 'n konferensiemosisie besluit is om salarisskale van alle munisipale biblioteke te versamel vir vergelykingsdoeleindes. Die jaarverslag (1952-53:30) sê die volgende: "Uit hierdie ondersoek blyk dat daar hoegenaamd geen eenvormigheid bestaan nie, dat enkele owerhede blykens die salaris wat hulle betaal aan die biblioteekpersoneel die waarde van die biblioteek insien en dit as 'n departement of onderdepartement van die plaaslike administrasie erken, maar dat ander die bibliotekaris op dieselfde peil as 'n voorman of 'n klerk plaas."

Na aanleiding van 'n mosie, wat op die konferensie van 1958 aanvaar is, waar besluit is dat gelyke salarisskale vir mans en dames wat professionele biblioteekwerk verrig, betaal word, is "briewe ... gerig aan die Openbare Dienskommissie en die vier Munisipale verenigings om hulle aan te spoor om kennis te neem van die Vereniging se sterk versoek dat biblioteekposte met gelyke salarisse vir mans en vroue geadverteer moet word" (SABV-Jaarverslag, 1958-59:13).

Oor die betrekkings van vroulike biblioteekassistentes sê die jaarverslag (1969-70:12) die volgende: "Na suksesvolle onderhandelings met die Staatsdienskommissie is daar met ingang 1 Oktober 1969 struktuurverbeterings in die Staatsdiens onder andere ook vir Biblioteekassistentes aangebring, wat meebring dat Biblioteekassistentes (mans en vroue) nou tot die rang van Senior Biblioteekassistent bevorder kan word. Onderhandelings oor die erkenning van die Laer Diploma in Biblioteekkunde vir hierdie betrekkings is tans nog aan die gang."

Deur die jare is gereeld deur konferensies aan die verbetering van diensvoorwaardes aandag gegee (SABV-Jaarverslag, 1970-71:8). Volgens die jaarverslag van 1972-73 (p. 8) is besluit dat die Raad met die Verenigde Munisipale Hoofbestuur moet onderhandel oor die status en salarisse van die openbare bibliotekarisse in Suid-Afrika. In die verslagjaar 1973-74 het 'n subkomitee 'n memorandum voorberei oor die status en salarisse van openbare bibliotekarisse. "Gedurende die verslagjaar is 'n brief ook gerig aan die Verenigde Munisipale Hoofbestuur om die kommer van die SABV oor die aanstelling van senior openbare bibliotekarisse sonder minimum kwalifikasies onder die aandag van die Hoofbestuur te bring. Dit het gelei tot navrae van twee provinsiale munisipale verenigings en verskeie munisipaliteite in verband met minimum kwalifikasies en salarisse van bibliotekarisse" (SABV-Jaarverslag, 1973-74:12).

'n Uiteers belangrike stuk wat deur die Vereniging voltooi is, is die *Riglyne aangaande die salaris en status van openbare bibliotekarisse*. Na aanvaarding is hierdie *Riglyne* aan die Verenigde Munisipale Bestuur gestuur wat dit onder die aandag van die vier provinsiale munisipale verenigings gebring het. Die Kaapse Munisipale Vereniging het onder andere daarop gereageer deur honderd en tagtig eksemplare aan te vra vir verspreiding onder sy lede (SABV-Jaarverslag, 1974-75:13).

Op 'n besluit wat in 1975 deur die konferensie geneem is, is die onderstaande brief met 'n hoë mate van welslae aan biblioteekowerhede gestuur na aanleiding van advertensies van vakante biblioteekposte in die pers:

"U advertensie van 'n pos vir 'n (bibliotekaris/esse)

"In u advertensie in [naam van tydskrif en datum] bied u verskillende salarisskale aan manlike en vroulike applikante om bogenoemde vakature.

"Deur middel van hierdie brief wil ons graag onder u aandag bring dat die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging 'n voorstander is van gelyke besoldiging vir manlike en vroulike personeel wat professionele werk in 'n soortgelyke hoedanigheid verrig. Dit impliseer dat die

bekleër van 'n spesifieke pos vasgestelde werk verrig en vasgestelde verantwoordelikheid aanvaar, afgesien van sy/haar geslag.

“Namens die Raad van die Vereniging wil ek u dus beleefd versoek om aandag aan die saak te skenk en, indien moontlik, slegs een salarisskaal vir die betrokke pos in te stel” (Uitvoerende Komitee. Notule, 14 Januarie 1976, bylae 4:80).

'n Laaste optrede van die Vereniging in verband met salariering het in 1978 plaasgevind, toe die president, die vise-president en die eresekretaris 'n baie suksesvolle onderhoud gehad het met verteenwoordigers van die *Nywerheidsraad vir Plaaslike Bestuursonderneming in die Provinsie Transvaal* oor betrekings in sekere openbare biblioteke wat te laag gegradeer was (SABV-Jaarverslag, 1978-79:20).

5.1.6 *Openbare biblioteekdienste vir Nie-Blankes*

In afdeling 2.2.2 word verwys na mev. M.A. Peters se bevinding dat daar voor die begin van die twintigste eeu baie min aandag aan biblioteekdienste vir Nie-Blankes geskenk is. As vernaamste redes hiervoor voer sy aan die ongeletterdheid van die bevolking, die gebrek aan finansiële middele en die afwesigheid van bevoegde biblioteekpersoneel. By die openbare biblioteekdiens het hierdie toestand bly voortbestaan tot aan die begin van die dertigerjare. Die ontwikkeling is ook gestrem deur die gebrek aan geskikte leesstof. Dit het veral gegeld in die geval van dienste aan Swartes, wat nie 'n homogene groep uitmaak nie, dog wat bestaan uit 'n groot aantal etniese groepe, elk met sy eie taal. M.J. Ferguson (1929:11) stel in sy *Verslag* dat boeke in die volkstale vir Swartes nie geredelik beskikbaar was nie, terwyl S.A. Pitt (1929:29) bevind dat “the problem of book supply to the natives is one of the most difficult of all. Standards of mental capacity and development vary with every tribe, and no attempt has been made to provide satisfactorily for any”. In sy toespraak voor die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1928) het Pitt hom soos volg uitgelaat: “There is also the question of library service to natives and non-Europeans. It is a great problem and it is no use shutting one's eyes to it; some people have been inclined to do so. I believe whatever we do here in Conference will be done with a full knowledge of the problem and the desire to make full provision for

those who are least able to help themselves'' (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):8).

Die *Konferensie* het aanbeveel dat openbare biblioteekdienste vir Nie-Blankes georganiseer en bekostig word as deel van die algemene biblioteekdiens van die Unie en dat die voorgestelde sentrale biblioteekstelsel boeke sal versprei vir die gebruik van Nie-Blankes deur bemiddeling van sy plaaslike sentra. Daar is gewys op die noodsaaklikheid dat ook boeke in die verskillende volkstale voorsien moes word en op die wenslikheid dat skole onder meer as verspreidingsentra gebruik kon word (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):11).

Die eerste belangrike stap in die voorsiening van openbare biblioteekdienste aan Nie-Blankes is in die begin van die dertigerjare op inisiatief en deur middel van finansiële steun van die Carnegie-korporasie van New York gedoen. Die Korporasie het dit goedgekeur dat die voorgestelde skema onder die beheer van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging sou staan (Brief Loram, 22 Julie 1931; Raad. Notule, 1931).

Die Carnegietoekennings is aangevul deur bydraes van die sentrale regering, provinsiale owerhede en onderwysdepartemente, terwyl verskeie plaaslike owerhede hulp verleen het deur die voorsiening van akkommodasie vir boeke en van 'n amptenaar wat oor die dienste kon toesig hou (Taylor, 1967:64). In elk van die vier provinsies is 'n Carnegiekomitee gestig, wat die dienste georganiseer het en wat vir die doel 'n hoofbiblioteek aangewys het. In hierdie verband is pionierswerk deur die Germistonse Openbare Biblioteek, die Durbanse Openbare Biblioteek en die Bloemfonteinse Openbare Biblioteek verrig. Hierdie biblioteke het die verantwoordelikheid vir die keuring, aankoop en voorbereiding van die boeke vir gebruik en die verspreiding daarvan in kiste na dienspunte onderneem.

Die Carnegiekomitees het waardevolle werk gedoen deur die voorsiening van geleenthede om te lees aan Nie-Blankes, wat geen toegang tot boeke gehad het nie, deur hulle bewus te maak van boeke en om plaaslike owerhede aan te moedig om te help om geldelike steun en fasiliteite vir vry biblioteekdienste te lewer. In sommige

gevalle het dit gelei tot die instelling van volledige openbare biblioteekdienste in groter munisipale gebiede.

Hoewel hierdie dienste groot waarde gehad het, moet dit as 'n tussentydse onderneming beskou word. Peters (1975:76) wys daarop dat stadige vordering in die ontwikkeling van biblioteekdienste aan Swartes tussen die jare 1937 en 1945 gemaak is. Kritiek kan ingebring word dat die Vereniging nie meer kragdadig in dié verband opgetree het nie. Dit moet egter in aanmerking geneem word dat daar in daardie stadium slegs 'n beperkte aantal biblioteekleiers was wat, benewens hulle normale werksaamhede, aan baie ander sake, soos reeds aangedui, aandag moes skenk en dat uiters beperkte fondse beskikbaar was. Tog het die Biblioteekvereniging voortdurend aandag aan die saak geskenk. Reeds op die eerste konferensie in 1933 het die president, A.C.G. Lloyd, die volgende gestel: "My personal opinion is that it is the duty of our Association to do everything possible, in every possible way, to encourage, develop, advise and help with our experience, this non-European library movement" (Konferensie, 1933:8). Die Oktober 1937-uitgawe van *Suid-Afrikaanse biblioteke* is bykans volledig gewy aan biblioteekdienste vir Nie-Blankes. By verskeie konferensies van die Vereniging is by wyse van mosie of toespraak aandag aan die saak geskenk. By geleentheid van die 1940-konferensie het Borland namens die Transvaalse Tak voorgestel: "That the South African Library Association take every possible step to urge municipalities and the Education Department to make adequate library provision, in separate quarters, for non-Europeans" (Konferensie, 1940:12). Ter uitvoering van hierdie opdrag het die Raad die volgende besluit geneem:

"(a) that the Hon. Secretary be instructed to write to Municipalities and Education Departments, calling attention to the resolution taken by the Triennial Meeting, and urging them to provide libraries for Non-Europeans.

(b) that the Hon. Secretary be instructed to address similar letters to the South African Institute of Race Relations, and to all Joint Councils of Europeans and Non-Europeans.

(c) that the Hon-Secretary be instructed to write to the Minister of Native Affairs pointing out that Municipalities would probably be asking him to approve expenditure on Non-European Libraries, and praying that his approval be given whenever requested."

In 1943 besluit die konferensie op voorstel van K. Johnson: "That the S.A. Library Association take action to promote the development of the library movement among Africans and other non-Europeans by appointing a small representative sub-committee" (Konferensie, 1943:97). In sy motivering sê hy: "... it is my opinion that the development of non-European libraries should have the interest and attention of the whole of the Association ... The Library Association has not done much to help the Natives. The libraries should provide that those with some measure of education should benefit from it ... It would be tragic for a great library movement to develop without taking the Africans into consideration. We are conscious of the difficulties which exist in regard to European libraries, but we should try to help the Africans, who need it just as much as the Europeans, and even more" (p. 97). Die subkomitee moes ongelukkig na drie vergaderings vind dat hy weens gebrek aan 'n sekretaris met voldoende tyd om aan die werk te bestee nie sy opdrag kon uitvoer nie (SABV-Verslag, 1942-46:7).

Volgens die Jaarverslag, 1946-47 (p. 2), het die president en die eresekretaris in Januarie 1947 die Vereniging verteenwoordig op 'n konferensie oor *Onderwys van Volwassenes vir Nie-Blankes* wat saamgeroep is deur die *Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasse-aangeleenthede*. By die geleentheid het hulle namens die Vereniging onderneem om 'n opname van die destydse toestand van Nie-Blanke-biblioteekdienste te beplan vir byvoeging by 'n memorandum van die *Instituut* aan die Sentrale Regering.

Gedurende die 1947-konferensie het Johnson 'n voordrag oor *Libraries for Non-Europeans* gelewer, waarin hy die lede van die Vereniging aangemoedig het om meer daadwerklike steun aan die instelling en instandhouding van die diens te gee en om biblioteekwerkers met raad by te staan (Konferensie, 1947:47).

Tydens die 1949-konferensie is besondere aandag aan die voorsiening

van biblioteekdienste aan Nie-Blankes geskenk. 'n *Non-European library services round table* is onder leiding van mev. M.A. Peters gehou, waaruit die volgende mosie aan die konferensie gespruit het: "That Provincial library committees of the A.S.L.A. [sic!] be formed to investigate matters concerning non-European libraries ... That these committees report to the Council of the S.A.L.A. which would use the information so obtained in approaching the Union Education Department with the view to the formation of a central directive on non-European libraries, on which the S.A.L.A. would be represented, and that this central directive advise regional bodies" (Konferensie, 1949:21).

Benewens sake rakende opleiding van personeel is ook die volgende voorstelle deur die konferensie aanvaar: "That the S.A.L.A. continue to ... render the following services to non-Europeans ... to supply all publications of the Association to non-Europeans at reduced prices; to repeat before an audience of non-Europeans who may be interested all important papers read before branch meetings ... to provide speakers at meetings of non-Europeans interested in the library movement; to make representations to the authorities for the introduction and improvement of library facilities for non-Europeans; to place at the disposal of the non-European library movement, such information and technical advice as members of the S.A.L.A. may be in a position to supply" (p. 21-22).

"That the S.A.L.A. ask all public authorities employing non-Europeans in library work to designate them as librarians, assistant librarians, or library assistants as the case may be, and that they appoint them on the same scales of pay as they would have as teachers possessing equivalent qualifications" (p. 22).

In die beskikbare notules van die Raad en in die jaarverslae van die Vereniging kon geen aanduiding gevind word nie dat die Raad aandag aan die uitvoering van hierdie besluite gegee het.

Die Vereniging het op sy konferensie in 1954 hom opnuut uitgespreek ten gunste van die instelling van biblioteekdienste aan Nie-Blankes deur openbare biblioteke en het die Raad versoek om aan biblioteekowerhede wat die saak nog nie onderneem het nie 'n brief te rig (Kon-

ferensie, 1954:191). Na aanleiding hiervan het die Raad (Notule, 30 September 1954) besluit om inligting van die provinsiale biblioteekorganiseerders te kry met betrekking tot biblioteke wat in staat is om dienste vir Nie-Blankes te verskaf, maar tot dusver sodanige dienste nog nie ingestel het nie, en om aan biblioteekowerhede, wat op die wyse onder die aandag van die Raad gebring is, briewe te rig, waarin by hulle daarop aangedring word om dienste in te stel.

In die Wet op Swart Onderwys, nr. 47 van 1953, wat in 1954 in werking getree het, is bepaal dat beheer oor Swart onderwys van die provinsiale administrasies oorgedra word na die Sentrale Regering. Dit het ingehou dat Swart onderwys die verantwoordelikheid van die Departement van Naturellesake geword het tot die instelling van die Departement van Bantoe-Onderwys in 1958.

Op hierdie stadium het daar onsekerheid geheers oor die staatsinstansie wat vir openbare biblioteekdienste aan Swartes verantwoordelik sou wees. Op die konferensie van 1956 is dan ook besluit dat die Vereniging moes vasstel of die verantwoordelikheid by die provinsiale administrasies of by die Departement van Naturellesake berus het (Konferensie, 1956:195).

Die Raad het reeds in 1955 (SABV-Jaarverslag, 1955-56:8) 'n subkomitee, bestaande uit P.C. Coetzee, S.J. Kritzinger en H.M. Robinson, benoem om die moontlikheid van die uitbreiding van dienste aan Nie-Blankes met die verantwoordelike amptenare van die Departement van Naturellesake te bespreek. Volgens die jaarverslag van 1956-57 (p. 13) het die subkomitee die volgende verslag ingelewer " ... Nadat die Komitee op 25 Februarie 1957 'n tydsame onderhoud met die Hoofinligtingsbeampte, mnr. C.W. Prinsloo, gehad het, is hy tans in staat om soos volg te rapporteer: Dat

“(a) die verantwoordelikheid van biblioteekdienste vir die Bantoe op die Departement van Naturellesake rus en wel vanweë die feit dat die Bantoe se landbou, sy welsynsdienste, sy onderwys, e.s.m. aldaar ingeskakel is;

(b) die verantwoordelikheid vir biblioteekdienste aan Kleurlinge en Indiërs by die Provinsiale Administrasies berus;

(c) die Kaaplandse Provinsiale Biblioteekdienste reeds 'n groot biblioteekdiens vir Kleurlinge opgebou het en tot 'n redelike mate ook die Natalse Provinsiale Administrasie vir Indiërs;

(d) hoewel die Departement van Naturellesake reeds heelwat gratis lektuur deur middel van sy Naturellekommissaris en Inligtingsbeamptes versprei, hy terdeë van sy verantwoordelikheid ten opsigte van biblioteekdienste aan Naturelle bewus is en dat daar binne die organisatoriese raamwerk van die Departement, soos dit tans opgebou word, voorsiening gemaak sal word vir openbare en opvoedkundige biblioteekdienste wat die natuurlike bevolking van die hele Unie sal bedien."

Hierdie verwikkeling het ernstige gevolge vir die biblioteekdienste aan Swartes gehad, aangesien die provinsiale administrasies hulle finansiële steun moes onttrek, waardeur die dienste, hoe gebrekkig ook al, wat onder moeilike omstandighede en met groot opoffering uitgebou is, 'n ernstige terugslag gekry het.

Soos verwag kan word is die aangeleentheid op die volgende konferensie indringend bespreek, en die volgende besluite is geneem:

"(a) Dat by die Regering daarop aangedring word dat *subsidies* wat in die verlede betaal is gehandhaaf word sodat die bestaande dienste voortgesit mag word.

(b) Dat 'n *studiegroep* in die lewe geroep word om die behoeftes van nie-Blankes op die gebied van biblioteek-dienste te ondersoek, en dat, op grond van die bevindinge van hierdie ondersoek, die Vereniging aanbied om die Departement van Naturellesake met voorligting behulpsaam te wees.

(c) Dat die Kommissie van Ondersoek i.s. Afsonderlike Universiteite gevra moet word om aandag te gee aan die kwessie van die opleiding van nie-blanke bibliotekaris.

(d) Dat die Departement van Naturellesake gevra moet word om 'n afsonderlike *afdeling vir biblioteeksake* te stig en dat dit nie onder die Onderwysafdeling van die Departement van Naturellesake moet

sorteer nie" (SABV-Jaarverslag, 1957-58:6).

Die bestaande subkomitee het voortgegaan met sy onderhandelings met die Departement van Naturellesake om 'n verbetering in die toestand te weeg te bring, en om sy verstoë te sterk is volledige inligting ingewin omtrent dienste wat in die verlede bestaan het, die bedrag aan subsidie wat uitbetaal is en die uitwerking wat die intrek van die subsidie op die dienste gehad het (SABV-Jaarverslag, 1957-58:6).

Die Vereniging het bevind dat die konferensiebesluit dat die opdrag aan 'n studiegroep om ondersoek in te stel na biblioteekbehoefes van Swartes so groot van omvang sou wees dat 'n regeringskommissie 'n meer aangewese liggaam sou wees om dit uit te voer (SABV-Jaarverslag, 1958-59:18). Met hierdie bevinding is waarskynlik die gedagte geplant wat werklikheid geword het met die instelling van die *Interdepartementele Komitee van ondersoek na Biblioteekdienste vir Nie-Blankes* in 1963.

In die begin van die sestigerjare het die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens, wat benewens aan Blankes, ook reeds dienste aan Kleurlinge en Asiërs gelewer het, die noodsaaklikheid gevoel om sy dienste ook tot Swartes uit te brei. Op inisiatief van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, wat begerig was om 'n duidelike beleidsverklaring te kry ten aansien van al die belanghebbende regeringsinstansies se aanspreeklikheid op die lange duur vir die instelling, bestuur en instandhouding van openbare biblioteekdienste vir Swartes, het 'n administrateurskonferensie in Augustus 1963 besluit om die Minister van Binnelandse Sake te versoek om 'n tussendepartementele kommissie aan te stel om ondersoek in te stel na biblioteekdienste vir alle Nie-Blanke-bevolkingsgroepe.

Die instelling van die *Interdepartementele Komitee van Ondersoek na Biblioteekdienste vir Nie-Blankes* in 1963 onder voorsitterskap van dr. J.B. de Vaal was een van die belangrikste gebeurtenisse in die ontwikkeling van biblioteekdienste vir Nie-Blankes. Op die *Komitee*, wat uit veertien lede bestaan het, het agt lede van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gedien met H.C. van Rooy as verteenwoordiger van die Vereniging. In sy *Verlag* het die *Komitee*

onder meer aanbeveel “dat die Provinsies beskou moet word as die staatsinstansies wat verantwoordelik is vir die lewering van regeringsbydrae tot openbare biblioteekdienste vir alle bevolkingsgroepe in samewerking met plaaslike besture ... ” (De Vaalkommissie, 1965:3).

Daar het ongelukkig ’n vertraging met die aanvaarding van die Verslag voorgekom, en in November 1969 het die Raad by die Departement Bantoesake navraag gedoen oor die vordering wat gemaak is met die implementering van die aanbevelings (Uitvoerende Komitee. Notule, 29 November 1969:236). Toe die Raad in Maart 1970 van die Sekretaris van Bantoe-Administrasie berig ontvang het dat die *Verslag* nog nie deur die Kabinet oorweeg is nie, het die Raad ’n brief, in die lig van die dringendheid van beter biblioteekdienste aan Nie-Blankes, aan die Minister van Bantoe-Administrasie gerig waarin versoek is dat die implementering van die aanbevelings dringende aandag ontvang. Op 12 Junie 1970 is by wyse van ’n persvrystelling bekend gestel dat die Kabinet die *Verslag* aanvaar het.

In sy optrede ter bevordering van biblioteekdienste vir Nie-Blankes het die Vereniging, veral aanvanklik, hom ook beywer vir die voorsiening en bevordering van biblioteekdienste aan Kleurlinge en Asiërs. Benewens enkele artikels oor hierdie bevolkingsgroepe in *Suid-Afrikaanse biblioteke*, is daar later, volgens die beskikbare bronne nie besondere aandag aan hierdie groepe geskenk nie. ’n Rede hiervoor is waarskynlik geleë in die feit dat dienste aan hulle die verantwoordelikheid van die provinsiale administrasies gebly het, en dat die provinsiale biblioteekdienste na hulle instelling in die behoeftes begin voorsien het. Die Vereniging het wel die geleentheid aangegryp om in 1973 aan die *Kommissie van ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep*, bekend as die Erica Theron-kommissie, ’n omvattende memorandum waarin alle aspekte van biblioteekdienste aan Kleurlinge indringend behandel is, voor te lê. Die *Memorandum* met bylaes het uit vierhonderd en tien bladsye bestaan. Mondelinge getuigenis is ook namens die Vereniging afgeleë deur J.G. Kesting, E.D. Gerryts en R.B. Zaaijan (SABV-Jaarverslag, 1974-75:13). Die enigszins teleurstellende resultaat was ’n aanbeveling dat aan ’n voorgestelde statutêre Nasionale Biblioteekraad, waarin al die bevolkingsgroepe van die Republiek betrek sou word, onder meer opgedra is om “in die besonder die agterstand van

die Kleurlinge op die gebied van biblioteekgeriewe te bepaal en die voorsiening en gebruikmaking van alle opebare biblioteekgeriewe as 'n saak van dringende belang te bevorder" (Erica Theron-kommissie, 1976:510).

5.1.7 *Ander bydraes van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging ten opsigte van opebare biblioteekdienste*

In afdeling 1.2 word gestel dat, om die rol van die Biblioteekvereniging in die biblioteekontwikkeling op alle terreine in detail te bespreek, 'n taak is wat vir die doel van hierdie studie te omvangryk is en dat slegs die belangrikste aspekte behandel sal word. Met die oog hierop word die Vereniging se bydrae tot die lewering van biblioteekdienste aan gevangeses, gestremdes en bejaardes en sy deelname aan die skemas bekend as *Boeke vir Troepe* en *Boeke vir Grensbewakers* nie behandel nie.

5.2 *Die stigting van biblioteekverenigings vir Nie-Blanke-bevolkingsgroepe*

Die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1929(1):12) van 1928 het aanbeveel dat lidmaatskap van die voorgestelde Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging sover moontlik toegestaan word aan almal wat belangstel in die biblioteekbeweging. Reeds voor die stigting van die Vereniging was daar egter nie eenstemmigheid onder bibliotekarisse oor die toelating van Nie-Blankes as lede nie. In 'n ongedateerde brief, waarskynlik gedurende 1929, skryf S.B. Asher aan die kommissie wat benoem is om die grondwet van die Vereniging op te stel, soos volg: "Non-Europeans shall not be eligible for membership and may not be admitted as delegates." Stirling se standpunt hierteenoor was dat so 'n klousule in die grondwet onnodig beledigend sou wees en dat dit 'n saak was waaroor die Raad van die Vereniging moes besluit. F.W. Cooper (Brief, 1929) se kommentaar was: "I do not think it is advisable to admit Non-Europeans to membership at present. Should sufficient interest merit the immediate formation of a special Non-European Section, this could be proceeded with, and privileges extended to them as occasion dictates." In die grondwet van die Vereniging, wat in 1930 aanvaar is, was daar geen beperking van lidmaatskap nie.

Die algemene ontwikkelingspeil van die Nie-Blankes was aanvanklik

baie laag, en soos uit voorgaande blyk, was daar baie min biblioteke vir Nie-Blankes en derhalwe ook baie min biblioteekwerkers, wat kon belangstel in die aktiwiteite van 'n biblioteekvereniging. Die belange van Nie-Blankes is egter nie oor die hoof gesien nie, en by die eerste hersiening van die grondwet van die Vereniging, tydens die konferensie wat in 1943 plaasgevind het, is besluit dat een verteenwoordiger van Nie-Blankes op die Raad van die Vereniging sal dien (Konferensie, 1943:93).

'n Belangrike besluit van die 1947-konferensie was die benoeming van 'n Nie-Blanke-biblioteekkomitee om aandag te skenk aan die moontlikheid van die stigting van 'n Nie-Blanke tak van die Vereniging (Konferensie, 1947:47) en om die grondwetlike implikasies daarvan te ondersoek. Die *Komitee* het grondig ingegaan op die moontlikhede van voortgesette lidmaatskap van die Vereniging, 'n landswye Nie-Blanke tak van die Vereniging of 'n afsonderlike vereniging vir Nie-Blankes. Na oorleg met deskundiges soos prof. W. Eiselen, 'n gewese hoofinspekteur van Naturelle-onderwys in die Transvaalse Onderwysdepartement en destyds hoogleraar in Volkekunde aan die Universiteit van Pretoria, G.H. Franz, sy opvolger as hoofinspekteur en J.R. Brent, bestuurder van die Naturelle- en Asiate-administrasie van Pretoria, het die *Komitee* aanbeveel dat oorgegaan word tot die stigting van 'n afsonderlike biblioteekvereniging. Hierdie aanbeveling is op die konferensie van 1948 met meerderheid van stemme aanvaar, en aan die *Komitee* is opdrag gegee om die nodige wysigings in die grondwet van die Vereniging vir die volgende konferensie voor te berei (Konferensie, 1948:98). Op die 1949-konferensie was daar egter so 'n groot verskil van standpunt dat besluit is om oorweging van die saak vier jaar lank uit te stel (Konferensie, 1949:11).

Die aangeleentheid het in 1962 weer aandag geniet, toe die konferensie na aanleiding van twee mosies van mev. M.A. Peters en T. Friis soos volg besluit het:

“(1) dat die stigting van afsonderlike biblioteekverenigings vir die verskillende rassegroepe in beginsel goedgekeur word;

(2) dat lidmaatskap vir nuwe lede van die Suid-Afrikaanse Biblioteek-

vereniging van 7 November 1962 af beperk sal word tot Blankes;

(3) dat aan die Raad van die Vereniging opgedra word om ondersoek in te stel na sake soos die praktiese implikasies van die stigting van sodanige verenigings vir die huidige Nie-Blanke lede van die Vereniging, veral ten opsigte van opleiding en sertifisering; die voortsetting van opleiding gedurende die begin jare van die nuwe verenigings; die finansiële ondersteuning wat die Vereniging aan die nuwe verenigings kan voorsien en veral die saak van skakeling tussen die vier verenigings en die daarstelling van 'n konsultasieliggaam vir hierdie doel; en

(4) dat die Raad so spoedig moontlik verslag sal doen sodat die Konferensie in 1963 kan voortgaan met die formele stigting van die verenigings vir Nie-Blankes" (Konferensie, 1962:84; SABV-Jaarverslag, 1962-63:8).

In uitvoering van die opdrag van die konferensie het die Raad op 8 November 1962 'n *Onderkomitee vir Swartes*, onder voorsitterskap van P.C. Coetzee, vir *Kleurlinge* onder voorsitterskap van D.L. Ehlers en vir *Indiërs* onder voorsitterskap van R.A. Brown, benoem om die nodige ondersoeke, soos vervat in die konferensiebesluit, te doen. Die lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad en die drie voorsitters van die onderkomitees is as *Konsultasiekomitee* aangewys met die opdrag om die werksaamhede van die drie onderkomitees te koördineer.

Na aanleiding van 'n verslag van die *Konsultasiekomitee*, en op voordrag van die Raad, is in 1963 op die konferensie besluit dat die Raad gemagtig word om voort te gaan met die implementering van die besluite van die 1962-konferensie, dat die drie onderkomitees versoek word om so spoedig moontlik oor te gaan tot die stigting van die verenigings, dat die Raad gemagtig word om die betrokke owerhede te nader om geldelike steun vir die verenigings en dat die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging sal voortgaan met die opleiding en sertifisering van die Nie-Blanke biblioteekwerkers. Die uitgangspunt van die Vereniging was ook dat lidmaatskap van die voorgestelde verenigings, net soos die geval was met die stigting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, nie slegs tot opgeleide bibliote-

karisse beperk moes word nie, maar dat alle belangstellendes as lede toegelaat sou word, sodat die verenigings as volksbewegings sou geld om die biblioteekgedagte onder hulle mense te vestig en om die leesgewoonte te bevorder (SABV-Jaarverslag, 1963-64:14).

5.2.1 *Biblioteekvereniging vir Kleurlinge*

Na aanleiding van 'n vakansiekursus wat deur die Provinsiale Biblioteekdiens van die Kaapprovinsie in 1959 gehou is, is die *Kaapse Biblioteekvereniging* in 1960 in die lewe groep met die doel om behulpsaam te wees met die bevordering van biblioteekgeriewe vir die Kleurling. Hierdie Vereniging het finansiële steun van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens ontvang.

Die *Konsultasiekomitee* het hierdie Vereniging as kernliggaam vir 'n biblioteekvereniging vir Kleurlinge gesien en het in April 1964 besluit om die betrokke Vereniging te nader met die versoek dat ook Kleurlinge uit ander provinsies as lede toegelaat word (SABV-Jaarverslag, 1964-65:12). Na diplomatieuse onderhandelinge deur F. du Plessis, president van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, het die Kaapse Biblioteekvereniging besluit om van Julie 1966 af Kleurlinge uit die ander provinsies as lede toe te laat (SABV-Jaarverslag, 1966-67:19).

5.2.2 *Biblioteekvereniging vir Swartes*

P.C. Coetzec en sy *Onderkomitee* het die opdrag om ondersoek in te stel na en oor te gaan tot die stigting van 'n biblioteekvereniging vir Swartes ernstig opgeneem. Na onderhandelings, onder andere met S.P. Manaka, wat deur 'n konferensie van die *Nie-Blanke-Biblioteekdiens, Transvaal* in 1963 benoem is om met die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in dié verband te skakel, is besluit om oor te gaan tot die stigting van 'n biblioteekvereniging vir Swartes. 'n Konseppgrondwet is opgestel, en op inisiatief en onder leiding van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging is 'n vergadering van belangstellendes onder voorsitterskap van H.C. van Rooy as president van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging op 5 en 6 Oktober 1964 te Mamelodi gehou. Na entoesiastiese bespreking is eenparig en met toejuiging besluit om die *Sentrale Bantoebiblioteekvereniging* te stig, en die konsep-

grondwet is met enkele wysigings aanvaar (Mamelodikonferensie, 1964:3). Dit is opvallend dat die vergadering deur ses en tagtig persone bygewoon is, terwyl daar ongeveer dertig jaar tevore nege en tagtig persone by die stigting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging teenwoordig was.

5.2.3 *Biblioteekvereniging vir Indiërs*

Die Raad het in 1964 die *Onderkomitee* belas met die stigting van 'n biblioteekvereniging vir Indiërs se samestelling gewysig, sodat die volgende persone daarop gedien het: S.I. Malan (voorsitter), R.A. Brown, P.H. Oeschger, W.C. van der Merwe, A. van Eyssen, P.R.T. Nel, B.J. Potgieter en P.M.E. van Zyl (SABV-Jaarverslag, 1964-65:13). Die *Onderkomitee* het by wyse van onderhoude en 'n vraelys ondersoek ingestel na die behoefte by Indiërs aan 'n biblioteekvereniging en het die heelhartige ondersteuning van die *Suid-Afrikaanse Indiërraad* vir die saak verkry. In Augustus 1967 is 'n vergadering, waarheen Indiërs van oor die hele land uitgenooi is en wat deur honderd en sestig afgevaardigdes bygewoon is, te Durban gehou. Daar is besluit om die *Suid-Afrikaanse Indiërbiblioteekvereniging* te stig en 'n tussentydse komitee bestaande uit Indiërleiers is benoem met die opdrag om 'n konsepgrondwet op te stel. Op 'n vergadering van 4 November 1967 is die grondwet aanvaar en ampsdraers gekies (SABV-Jaarverslag, 1967-68:40).

5.2.4 *Probleme*

Die probleme waarmee die jong biblioteekverenigings te kampe gehad het, is deur Peters in 1967 (p. 108) soos volg saamgevat: "These non-White library associations at present face enormous difficulties in carrying out the task which has been entrusted to them despite the interested support and practical assistance which they receive from the South African Library Association, and also from local and central authorities. Apart from the lack of money to establish branches and maintain close contact with branches set up in widely scattered parts of the country, the main body of librarians is small, inexperienced and largely untrained ... The non-White people have as yet little library tradition or knowledge of the library profession ... Membership of these library associations and

interest in the library profession will grow in time particularly when people join libraries and make better use of library services. In the meantime, it is hoped that teachers' associations will lend their support and encourage at least school librarians to join and support the library associations."

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het besef dat hierdie verenigings na hulle stigting nie aan hulle lot oorgelaat kon word nie en dat 'n groot verantwoordelikheid op hom rus om op taktvolle wyse advies, leiding en hulp aan hulle te gee. Met die oog hierop het die Raad vir elk van die verenigings ervare, senior lede as adviseurs benoem. Van hierdie persone is ook verwag om as skakels tussen die betrokke verenigings en die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging te dien. Hulle verslac aan die Raad is gereeld aan konferensies voorgelê. Die Raad was verder behulpsaam deur geldelike steun, sover soos sy vermoë dit toegelaat het, en administratiewe hulp aan hulle te verleen. Op takke en individuele lede van die Vereniging is 'n beroep gedoen om hierdie verenigings met raad en daad by te staan.

5.3 *Studie- en wetenskaplike biblioteekdienste*

Onder studie- en wetenskaplike biblioteekdienste ressorteer skool-, kollege-, universiteits-, spesiale of vakbiblioteke.

5.3.1 *Skool- en Normaalkollegebiblioteke*

5.3.1.1 *Skoolbiblioteektoestande*

Op die voorpunt van die stryd om die voorsiening van skoolbiblioteekdienste staan ook die pioniersfiguur van M.M. Stirling. In 1916 het hy van die Transvaalse Onderwysdepartement verlof ontvang om die biblioteekboeke van skole van die Germistongebied in die Germistonse Openbare Biblioteek saam te trek, waarvandaan boekversamelings twee keer per jaar aan skole uitgestuur is. Na 'n ondersoek het die onderwyskommissie van die Departement aanbeveel dat die skema sonder versuim en so spoedig moontlik na die hele Provinsie uitgebrei moes word. In 1921 is dit na skole in die hele Witwatersrandse skoolraadsgebied uitgebrei en in 1927 is ook die

westelike Witwatersrandse en die Vereenigingse skoolraadsgebied ingesluit. In 1937 het die skema aan honderd een en dertig skole dienste gelewer (Memorandum, Mei 1937:1).

Die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1928) het aanbeveel dat:

“1. Skoolboekerye beskou word as ’n onmisbare onderdeel van die opvoedkundige en nasionale biblioteekstelsels van die land.

2. Middelbare of hoër skole ’n kamer afsonder vir hul boekery. Daar moet naslaanwerke van elke aard aangehou word en moet altans die gevorderde leerlinge leer om dié boeke vir studiedoeleindes te gebruik. Waar enigsins moontlik, moet ’n skoolbibliotekaris op die onderwysende personeel aangestel word.

3. Elke skool, selfs die kleinste, voorsien word van ’n paar naslaanwerke ten gebruike van leerlinge.

4. Naslaanwerke beskou word as deel van die nodige uitrusting van die skool en deur die Departemente van Onderwys verskaf word.

5. Ontspanningslektuur en tegniese studieboeke deel uitmaak van die groot versameling boeke in die openbare biblioteekstelsel en van skool tot skool gestuur word, al na die behoefte mag ontstaan, deur die skole in elke gebied rondom die openbare biblioteek in die naaste sentrale stad te groepeer.

6. Plaasskole hul voorrade ontspannings en studieboeke van die naaste stadsbiblioteek betrek deur berniddeling van die dienspunt.

7. Die bydrae vir skoolbiblioteke wat op die oomblik deur die Provinsiale Administrasies toegestaan word, regstreeks aan die fondse van die sekondêre biblioteeksentra betaal word.

8. Skole gebruik word as een van die verspreidingsentra van die openbare biblioteekstelsel waar daar geen dorpsbiblioteke bestaan nie” (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):11).

As tydelike biblioteekorganiseerder het Stirling ook aan die belangrike

aangelerntheid van skoolbiblioteke aandag geskenk. Gedurende sy besoek van 3 tot 19 September 1930 het hy 'n groot aantal skole, onderwysers en skoolinspekteurs besoek, asook die Natalse Direkteur van Onderwys en die Sekretaris van die Natalse Onderwysdepartement. In 'n brief van 30 September 1930 skryf hy aan Lloyd: "The Natal Education Department favours a Natal School Library Scheme run by Durban and Maritzburg and financed by the Department ... " Oor die diens in die Oranje-Vrystaat skryf Stirling op 9 November 1930 aan Lloyd: "I've just returned from a trip through the Free State ... I preached the same sermon about the advantages of the smaller libraries linking up with Bloemfontein, the wisdom of attracting children to the library and so forth. At Bloemfontein I attended a special meeting of the Library Committee and discussed with them the possibility of making Bloemfontein the Library Centre for the Free State school libraries, etc. Also interviewed Pellissier, the Director of Education, who was rather encouraging about a Free State School Library Scheme to be administered from Bloemfontein."

In sy verslag, *Report on School Libraries*, van April 1931 aan die pas gestigte Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging stel Stirling dat hy bevind het dat die skoolbiblioteek se noodsaaklike rol in die onderwys nog nie besef word nie en dat die uitbou van skoolbiblioteke aan die diskresie van skoolhoofde oorgelaat is. Hy meld dat 'n gebrek aan finansiële middele 'n belemmering is. Sy bevinding was dat verskeie skole oor goeie boekeversamelings beskik, maar dat die meerderheid geen biblioteke gehad het nie, en hy bepleit die instelling van skemas soos dié wat deur die Germistonse Openbare Biblioteek in stand gehou is. Ten slotte stel hy die volgende in sy verslag: "In addition to books for home reading every school ought to have its own reference library, housed in a room specially provided for the purpose and in charge of a trained librarian. It should be the duty of the librarian to instruct the pupils in the use of books and the best means of finding information for themselves. Work in the library should occupy a place in the curriculum of all schools and each class should be allotted definite weekly periods for this work. It is only in this way and by general reading that the individual powers of the pupil will be called forth and school instruction become a truly educative process" (Stirling, 1931(3):4).

Volledigheidshalwe moet hier vermeld word dat skole in die Johannesburgse skoolraadsgebied nie by die stelsel van die Germistonse Openbare Biblioteek kon inskakel nie. Op voorstel van R.F. Kennedy het die Johannesburgse Stadsraad in 1936 besluit om 'n skoolbiblioteekdiens vir hierdie gebied vanuit die kinderafdeling van die Openbare Biblioteek te lewer. Aangesien dit nie 'n groot gebied was wat bedien moes word nie, was dit vir die kinderbiblioteekaresse moontlik om minstens een besoek per jaar aan elke skool te bring en die skoolbiblioteekaresse van die nodige advies te dien.

In opdrag van die Biblioteekvereniging het E.A. Borland 'n *Memorandum oor skoolbiblioteke* en mej. E. Hartmann 'n verslag oor *Biblioteekkursusse vir Onderwysers vir die Inter-Departementele Komitee oor die Biblioteke van die Unie van Suid-Afrika, 1937*, opgestel. Hierdie memorandums is as bylaes tot die *Verslag van die Komitee* gepubliseer. Die *Inter-Departementele Komitee (1937:8)* se bevinding was dat daar tot op daardie stadium min aandag aan die stigting van biblioteke in die skole in die Unie geskenk is en hy "dring ... daarop aan dat die skoolbiblioteek en sy gebruik op moderne wyse ontwikkel sal word en dat dit 'n bepaalde plek in die leerplan van elke skool in die Unie sal inneem" (p. 17). Vir groter skole stel die *Komitee* as ideaal "'n biblioteek wat behoorlik in 'n aparte kamer gehuisves is en 'n vaste versameling spesiaal uitgesoekte boeke bevat, aangevul deur middel van 'n provinsiale sirkulerende stelsel, met 'n geskikte aantal boeke en tydskrifte wat gereeld hernu word; met die administrasie in die hande van 'n opgeleide onderwyser-biblioteekaris aan wie se werksaamhede 'n bepaalde plek in die skool se leerplan in die rooster toegeken sal word" (p. 17).

5.3.1.2 *Skoolbiblioteke in Transvaal*

In 1937 is 'n provinsiale onderwyskommissie deur die Administrateur van Transvaal benoem "om ondersoek in te stel na die onderwysstelsel van hierdie Provinsie ten einde aanbevelings te doen wat daartoe mag strek om die doelmatigheid van die stelsel te vermeerder, dit te laat aanpas by die modernste ontwikkelings op onderwysgebied, en dit in staat te stel om op bevredigende wyse te voldoen aan die vereistes van alle klasse van die bevolking" (Transvaal (Provinsie), 1939:5). Die Raad van die Vereniging het van hierdie geleentheid

gebruik gemaak om die saak van die skoolbiblioteek te bevorder. 'n Indringende en omvattende memorandum is opgestel en aan die *Kommissie* voorgelê, mondelinge getuienis is namens die Vereniging afgelê deur die vise-president, C. Christie, G.W. Eybers, E.A. Borland en mej. S. T. Speight. In sy *Memorandum* gedateer 26 Mei 1937, stel die Vereniging dat die instelling en instandhouding van 'n behoorlike skoolbiblioteek in elke skool 'n integrale deel van die beleid van die onderwysdepartement behoort te wees. Daar word op gewys dat die rol wat die Departement tot dusver gespeel het, veel te wense oorgelaat het. Die vereniging stel verder dat die funksie van die skoolbiblioteek nog nie deur die meerderheid onderwysers en skoolhoofde begryp word nie, dat geen skool in Transvaal 'n goed toegeruste biblioteek het nie, en dat min skole oor 'n aparte vertrek vir die biblioteek beskik. Die aandag word daarop gevestig dat studente in normaalkolleges voorligting oor die gebruik van die biblioteek en oor biblioteektegnieke behoort te ontvang. Die belangrikste aanbevelings in die *Memorandum* vervat, kan kortliks soos volg saamgevat word: die Onderwysdepartement behoort verantwoordelikheid te aanvaar om doelmatige biblioteekdienste vir alle skole in die Provinsie te voorsien; in die finansiële begroting behoort daar voldoende voorsiening gemaak te word om hierdie dienste op 'n hoë vlak aan te bied; waar enigsins moontlik behoort 'n onderwyser-bibliotekaris benoem te word en 'n afsonderlike vertrek vir die skoolbiblioteek voorsien te word; aan studente in normaalkolleges behoort kursusse in skoolbiblioteekwerk aangebied te word en elke normaalkollege moet oor 'n goed toegeruste biblioteek, onder beheer van 'n ten volle opgeleide bibliotekaris, beskik.

Die invloed van die voorlegging van die Vereniging blyk duidelik uit die gedeelte van die *Verlag van die Kommissie* (p. 167-169) wat oor biblioteke handel en uit die volgende aanbevelings van die *Kommissie*: dat as beleid aanvaar word dat elke skool 'n toereikende biblioteek moet besit; dat waar getalle dit regverdig 'n leeskamer wat ook as biblioteek kan dien, in die plan van die skoolgebou opgeneem kan word; dat elkeen van die normaalkolleges aangemoedig en gehelp moet word om 'n eersterangse biblioteek op te rig, dat voorsiening gemaak word vir die toereikende beheer oor die normaalkollegebiblioteek met die ideaal dat elkeen onder die toesig van 'n deeglik opgeleide bibliotekaris moet staan en dat 'n kort kursus

in die biblioteekwese jaarliks by elke normaalkollege verskaf moet word. Die *Kommissie* stel ook dat die moontlikheid voor oë gehou moet word van die stigting van 'n *sentrale skoolbiblioteekdepot* as 'n provinsiale onderneming vanwaar die meer as duisend skole van die Provinsie bedien kan word (Transvaal (Provinsie), 1939:167-169).

Toe dit geblyk het dat die Provinsiale Administrasie nie spoedig aan die aanbevelings van die *Kommissie* gevolg gegee het nie, het die Vereniging onvermoeid voortgegaan om die saak van die skoolbiblioteek te pleit en te propageer.

Reeds in Januarie 1938 is die uitgawe van *Suid-Afrikaanse biblioteke* aan die saak van skool- en kinderbiblioteke gewy. Dit het onder meer die volgende bydraes bevat: '*A singing, reading, and working nation*' or a commentary on school and children's libraries in South Africa deur E.A. Borland, *Suggestions for the organisation of a primary school library* deur mej. L.E. Taylor en *The Sir John Adamson Primary School Library* deur die skoolhoof E.J. Butler. In verskeie uitgawes van *Suid-Afrikaanse biblioteke* is lyste van boeke vir skool- en kinderbiblioteke gepubliseer.

Voor die verskyning van die *Verslag* van bogenoemde *Kommissie* is in 1938 'n gesamentlike vergadering van die Transvaalse 'Tak en die *Transvaal Teacher's Association* gehou, by welke geleentheid Kennedy gewys het op die gebrekkige skoolbiblioteekvoorsiening in die Provinsie en op die strewe van die Vereniging om 'n skoolbiblioteek in elke skool in die Provinsie onder die beheer van 'n bibliotekaris ingestel te kry. Hy het ook die aandag op die noodsaaklikheid van biblioteke in laerskole gevestig met die oog op die feit dat 'n groot persentasie van die kinders nie hulle skoolloopbaan aan hoërskole voortgesit het nie.

In 1939 is die *Afdeling Skool- en Kinderbiblioteke* van die Suid-Transvaalse Tak gestig met die doel om onder meer die saak van die skoolbiblioteek te bevorder. Die oogmerk was om samewerking met en die wisseling van idees tussen alle persone wat geïnteresseerd was in biblioteekwerk met kinders te bewerkstellig en om nouer samewerking tussen professionele bibliotekarisse en onderwyser-bibliotekarisse te verkry. Hoewel die *Afdeling* sy werksaamhede tot die 'Transvaal beperk

het, is 'n poging aangewend om belangstelling van bibliotekarisse in ander dele van die Unie aan te wakker deur persone van ander provinsies op die komitee van die Tak te koöpteer (SABV-Verslag, 1939-42:9).

Volgens die Verslag, 1939-42, is alle pogings in die werk gestel "om die ondesteuning [sic!] van die Transvaalse Onderwysdepartement te verkry om die organisering van *Skoolbiblioteke* op 'n deeglike fondament te plaas, en om die saamwerking tussen skoolbiblioteke en openbare biblioteke te bevorder. Maatreëls is ook geneem om te verseker dat daar in die beskrywingspunte van die *Provinsiale Komitee i.s. Finansiële Middele* voldoende voorsiening gemaak word vir die biblioteke" (p. 8).

Geslaagde glanspunte was die jaarlikse simposiums oor skoolbiblioteke en hulle probleme, waar bibliotekprefekte as sprekers opgetree het (SABV-Verslag, 1942-46:13). In die uitgawe van Julie 1940 van *Suid-Afrikaanse biblioteke* het die *Afdeling* 'n bylae *School and Children's Library Section* laat verskyn, wat as 'n deel van die blad vir 'n aantal jare voortgesit is. Die bylae is ook afsonderlik gedruk en aan alle lede van die *Afdeling* en aan belangstellendes landswyd gestuur. Volgens die jaarverslae van die Vereniging is die enigste verdere noemenswaardige aktiwiteit van die *Afdeling* die reëling van 'n reeks van tien lesings oor skoolbibliotekdienste vir onderwysers in samewerking met die Johannesburgse *Teachers' Training College* in 1942 (SABV-Verslag, 1942-46:13).

Die *Afdeling vir Skool- vir Kinderbiblioteke* van die Noord-Transvaalse Tak van die Vereniging is in 1943 gestig met die doel om alle persone wat met bibliotekwerk vir kinders en jongmense gemoed is, byeen te bring. Behalwe voordragte oor en besprekings van skoolbiblioteek-aangeleenthede is veral aandag geskenk aan die vraagstuk van die ontoreikendheid van sekere skoolbiblioteke. Vertoë oor die saak is by verskeie geleenthede tot die Onderwysdepartement gerig (SABV-Verslag, 1942-46:12).

5.3.1.3 *Skoolbiblioteke in die Kaapprovinsie*

In afdeling 4.4 is verwys na 'n baie geslaagde vakansiekursus vir

onderwysers wat in 1942 met die verlot van die Vereniging en met steun van die *Staatsbiblioteek se Vakansieskoolfonds* deur R.F.M. Immelman in Kaapstad aangebied is en na die publikasie van die lesings, wat by dié geleentheid gehou is onder die titel *The School Library: a handbook for teacher-librarians*. Verder word in afdeling 5.1.2.2 melding gemaak van die uitgee van die blad *Cape libraries/ Kaaplandse biblioteke* ook in 1942 met die oogmerk om as skakel te dien tussen die biblioteke in die Provinsie, wat ook skool- en kollegebiblioteke ingesluit het. Die Kaapse Tak het in Mei 1945 'n vergadering, waarheen nie slegs bibliotekarisse nie, maar ook hoofde en onderwysers van skole in die Skiereiland uitgenooi is, gereël met die doel om aandag te gee aan die plek van die biblioteek in die skool en ook die moontlikheid van die vorming van 'n meer permanente organisasie om persone wat in skool- en kinderbloteke belanggestel het, saam te snoer. Die resultaat was die stigting van die *Afdeling vir Skool- en Kinderbiblioteke* van die Kaapse Tak, wat op 14 Augustus 1945 sy eerste vergadering gehou het. In September 1946 het die *Afdeling* 'n weeklange uitstalling van kinderboeke in 'n skoolbiblioteek in die stad en ook in die biblioteek van die Kaapstadse Opleidingskollege gereël. Boeklyste is ook opgestel vir verspreiding onder onderwysers. Hierdie uitstalling was die voorloper van die *Kinderboekweek* van 11 tot 16 November 1946, wat beskou is as die grootste onderneming van die *Afdeling* en waarna reeds vroeër verwys is (Immelman, 1963(1):22).

Die volgende onderneming van die *Afdeling* was die organisering van 'n vergadering wat deur lede van die *Afdeling* en hoofde van skole en opleidingskolleges in April 1947 bygewoon is. Na aanleiding van die besprekings is besluit om 'n afvaardiging bestaande uit R.F.M. Immelman en ses onderwysers te benoem om 'n onderhoud met die Superintendent-Generaal van Onderwys aan te vra waarin die noodsaaklikheid van groter biblioteektoekennings, geskikte huisvesting vir skoolbiblioteke, die benoeming van 'n skoolbiblioteekorganiseerder en van onderwyser-bibliotekarisse in skole en van bibliotekarisse aan opleidingskolleges gestel sou word. Op versoek van die Superintendent-Generaal het Immelman 'n memorandum oor skoolbiblioteekdienste opgestel wat op 'n afdelingsvergadering in September 1947 gunstig ontvang is en wat na die Onderwysdepartement en na die Provinsiale Adviserende Biblioteekkomitee verwys is. 'n Gevolg

daarvan was die benoeming deur die Superintendent-Generaal van 'n gesamentlike komitee, bestaande uit drie ervare bibliotekarisse en drie onderwysers, met die opdrag om voorstelle oor die verbetering van skoolbiblioteke op te stel. In die *Verslag* wat onder die titel *A plan for school libraries in Education* (59:215, 221, September 1949), verskyn het, word belangrike aanbevelings gedoen in verband met onder andere die benoeming van 'n skoolbiblioteekorganiseerder, skoolbibliotekarisse en bibliotekarisse aan onderwyskolleges, bibliotektoekennings, huisvesting van skoolbiblioteke en die uitbouing van boekevoorrade (Immelman, 1963(1):22-23).

Die *Afdeling* het voortgegaan met sy pogings ten behoeve van die skoolbiblioteek. In September 1947 is 'n simposium oor die organisasie van die skoolbiblioteek gehou, en tydens die 1947-konferensie van die Vereniging is die saak van bibliotekdienste aan kinders op 'n openbare vergadering behandel. Verder is die *Suid-Afrikaanse Onderwysersunie*, die Kaapse tak van die *Teacher's Association* en ander liggame genooi om verteenwoordigers op die *Afdeling* se bestuur aan te wys in 'n poging om die invloedseer van die *Afdeling* uit te brei. As gevolg van die invloed en met behulp van die *Afdeling* is verskeie skoolbiblioteke gereorganiseer, en in 1949 kon Immelman op 'n groot vergadering van ouers en onderwysers die opening van die nuwe skoolbiblioteek van die Woodstockse Hoërskool waarneem. In 1951 is opnuut verhoë tot die Superintendent-Generaal gerig ten behoeve van skoolbiblioteke en veral die benoeming van 'n skoolbiblioteekorganiseerder (Immelman, 1963(1):23).

5.3.1.4 *Skoolbiblioteke in die Oranje-Vrystaat*

'n Provinsiale onderwyskommissie het in 1946 bevind dat die organisasie van skoolbiblioteke in die Provinsie en die dienste wat hulle gelewer het, veel te wense oorgelaat het (Nordier, 1980:131). In 1947 het die *Oranje-Vrystaat* van die Suid-Afrikaanse Bibliotekvereniging en die *Bloemfonteinse Openbare Bibliotek* 'n omvattende memorandum oor skoolbiblioteke aan die Onderwyskomitee van die Onderwysdepartement voorgelê (Suid-Afrikaanse bibliotek, 1947:40). Die aanbevelings in die Memorandum vervat en van die Onderwyskommissie het nie onmiddellik resultate afgewerp nie. Op 'n vergadering van die Tak in 1965 wat deur bibliotekarisse en persone

uit die onderwysprofessie bygewoon is, is besluit om aan die Vrystaatse Provinsiale Biblioteekkomitee te skryf met die versoek dat die wenslikheid oorweeg word om ondersoek in te stel na skoolbiblioteekdienste in die Provinsie. As gevolg van hierdie versoek het die Administrateur 'n *Komitee van Ondersoek na Biblioteekdienste vir kinders* benoem met die opdrag om onder meer die huidige stand van biblioteekdienste aan skoolkinders in die Provinsie, die moontlikhede van samewerking tussen openbare en skoolbiblioteke en die toekomstige ontwikkelingspatroon van hierdie dienste te ondersoek. Die belangrikste aanbevelings in die verslag van die ondersoekkomitee, wat in Desember 1966 voltooi is, was dat biblioteekmateriaal aan skole op dieselfde grondslag as aan openbare biblioteke voorsien moes word, dat die bestaande Vrystaatse Provinsiale Biblioteekdiens uitgebrei moes word om hom in staat te stel om hierdie dienste aan skole te lewer, dat die volle diens oor 'n tydperk van vyf jaar ingestel moes word en dat in 1967 daarmee begin moes word. Hierdie aanbevelings is deur die Uitvoerende Komitee en die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat aanvaar en van 1967 af tot 1970 is alle skoolbiblioteke deur die Provinsiale Biblioteekdiens gereorganiseer (Nordier, 1980:131-132).

5.3.1.5 *Verdere optrede van die Vereniging ten behoeve van skoolbiblioteekdienste*

Ten slotte moet vermeld word dat die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging na die instelling van skoolbiblioteekdienste, hetsy as afsonderlike diens of deur middel van die provinsiale biblioteekdienste, nie sy belangstelling in die skoolbiblioteek verloor het nie. Op takvergaderings is die saak telkens behandel en op verskeie konferensies het dit die aandag geniet. In 1955 het die Raad 'n subkomitee aangestel wat onsuksesvolle pogings aangewend het om standarde vir skoolbiblioteke op te stel (SABV-Jaarverslag, 1955-56:10). Die hooftema van die konferensie van 1973 was *Die Skool en die Biblioteek* by welke geleentheid die volgende voordragte gelewer is: *Die stelsel van gedifferensieerde onderwys en die implikasies vir die skoolbiblioteek* deur dr. A.L. Kotzee; *Die onderwyserbibliotekaris en die skoolbiblioteek* deur mej. C.F.M. van Wyk; *Die leerling en die skoolbiblioteek* deur A.J. Combrink; *Die vakonderwyser en die skoolbiblioteek* deur mej. E.M. de Jongh; *Die opleiding van die skoolbibliotekaris* deur dr.

C.A. Lohann en *Die openbare bibliotekaris en die skoolgaande leerling* deur mev. J. Hill (Konferensie, 1973:70).

Die volgende mosie van die Noord-Transvaalse Tak is deur die konferensie (1973:72) aanvaar: "Daar word met genoeg kennis geneem dat daar reeds soveel vordering gemaak is met die ontwikkeling van skoolbiblioteekdienste in die Republiek. Die konferensie is egter oortuig dat departemente van onderwys hul opvoedkundige taak slegs ten volle kan volbring indien 'n volledig toegeruste en behoorlik bemande biblioteek in elke skool bestaan en doen daarom 'n beroep op die hoofde van die onderskeie onderwysdepartemente in Suid-Afrika om hulle te beywer vir die daarstelling van doelmatige biblioteekgeriewe (dit wil sê ruimte, voorraad en personeelvoorsiening) vir alle skole wat onder hulle ressorteer."

Op die 1974-konferensie is die volgende mosie van die Suid-Transvaalse Tak aanvaar: "Daar word besluit dat die Administratiewe Raad van die SABV versoek sal word om saam met opvoedkundige outoriteite, en indien nodig, op nasionale vlak, die vraagstuk sal ondersoek van erkenning te gee aan universiteitsbiblioteekkundige kwalifikasies as 'n noodsaaklikheid vir professionele betrekkinge in die biblioteke van Opvoedkundige Kolleges en Provinsiale Opvoedkundige dienste" (Konferensie, 1974:178).

Die voortgesette belangstelling van die Vereniging en sy lede blyk uit die feit dat daar sedert 1950 'n twintigtal artikels oor die skoolbiblioteek in *Suid-Afrikaanse biblioteke* verskyn het.

5.3.2 *Universiteitsbiblioteke*

Die feit dat daar aan die begin van die twintigste eeu geen noemenswaardige universiteitsbiblioteek in Suid-Afrika was nie, is reeds in afdeling 2.2.4 gestel. Daar is verder op gewys dat die eerste biblioteekkundig gekwalifiseerde universiteitsbibliotekaris eers in 1929 aan die Universiteit van die Witwatersrand en van Stellenbosch benoem is. Met sy ondersoek in 1928 het S.A. Pitt (1929:22-23) bevind dat biblioteekvoorsiening aan universiteite en universiteitskolleges onbevredigend was: die boekevoorrade was swak, boekkeuring, personeelvoorsiening en die organisasie van die studie-

materiaal, sowel as die huisvesting daarvan het veel te wense oorgelaat.

Ook skets die Verslag van die *Inter-Departementele Komitee oor die Biblioteke van die Unie van Suid-Afrika* (1937:8) nie 'n baie rooskleurige beeld van die toestand van universiteitsbiblioteke nie en oor die biblioteke van die konstituerende kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika word gesê dat dit oor die algemeen in 'n onbevredigende toestand is. In die *Verslag* word gestel dat "waar die biblioteek al die Universiteitsdepartemente bedien en vir hulle bloei noodsaaklik is, dit deur die Universiteits-outeiteite nie as 'n bykomende iets beskou moet word nie, maar as een van die belangrikste eenhede van die universiteitsorganisasie, en, wat finansiële steun en doeltreffende uitrusting betref, ook so behandel moet word" (p. 19). Die optrede van die Universiteit van die Witwatersrand om sy bibliotekaris die salaris en status van 'n senior lid van die akademiese personeel, met volle sitting in die Senaat van die Universiteit, te gee is vir die *Komitee* 'n voorbeeld wat deur ander universiteite en universiteitskolleges nagevolg behoort te word. In sy aanbevelings word gesê: "Die [universiteits]biblioteek is een van die belangrikste eenhede in die organisasie van 'n Universiteit of Universiteitskollege en behoort, wat geldelike steun en doeltreffende personeel betref, ook so behandel te word" (p. 25).

Aangesien die meerderheid van die senior lede van die beroep as openbare bibliotekarisse opgelei was en gepraktiseer het, was dit vanselfsprekend dat die probleme en die ontwikkeling van die openbare biblioteekwese aanvanklik by die Raad van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging voorrang sou geniet. Die paar bibliotekarisse wat aan die universiteite werksaam was, het in die aanvangsjare al hulle tyd en kragte aan die instelling en instandhouding van opleiding bestee en het ook meegehelp om die biblioteekgedagte gevestig en uitgedra te kry.

Volgens die beskikbare bronne word die eerste keer van die universiteitsbiblioteek melding gemaak toe mej. M. Redgmont in Februarie 1948 voor 'n vergadering van die Suid-Transvaalse Tak die junior lede toegesprek het oor *Uitreik-metodes van die Biblioteek van die Universiteit van die Witwatersrand* (SABV-Jaarverslag, 1947-48:10).

Die Kaapse Tak het in Augustus 1948 'n vasvrawedstryd gereël tussen die personeel van openbare biblioteke en die personeel van universiteitsbiblioteke (SABV-Jaarverslag, 1948-49:12), terwyl daar op 8 Mei 1950 'n voordrag oor die biblioteek van die Musiekkolleges van die Universiteit van Kaapstad gehou is (SABV-Jaarverslag, 1949-50:12). Nadat die biblioteek van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys in 1949 deur 'n brand verwoes is, het die Raad van die Vereniging met groot welslae 'n beroep op biblioteke gedoen om bystand vir die Universiteit.

Die eerste geleentheid waar die Vereniging daadwerklik die saak van die universiteitsbiblioteek bevorder het, het in 1951 gekom, toe die Goewerneur-Generaal 'n kommissie onder voorsitterskap van dr. J.E. Holloway benoem het met die opdrag "Om ondersoek in te stel na en aanbevelings te doen oor -

"(1) die beleid wat gevolg moet word om die bate wat die land aan sy universiteite het so doeltreffend moontlik te maak en dit so te ontwikkel dat die land die grootste mate van voordeel daaruit kan trek;

(2) 'n grondslag waarvolgens die staat geldelike steun aan universiteite sal verleen ... " (Hollowaykommissie, 1951:1).

Op aanbeveling van die *Afdeling vir Universiteitsbiblioteke* het die 1951-konferensie die volgende besluit geneem: "That (a) a sub-committee consisting of Miss Hartmann and Mr. Van Rooyen [sic!] prepare a memorandum for circulation to all university librarians for their consideration and later for submission to their Committees; and (b), if competent to submit evidence, to the University Commission; this memorandum to embody the standards considered essential to the rendering of an efficient library service, regarding personnel, salaries, grants to libraries and status of librarians" (Konferensie, 1951:73).

In die *Memorandum insake universiteitsbiblioteke ter inligting van die Kommissie van Ondersoek na Universiteitsfinansies*, voorberei deur mej. E. Hartmann, H.C. van Rooy, P.C. Coetzee en P. Freer, stel die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging sy bevoegdheid om 'n voorlegging te maak, soos volg: "Dit is die besondere taak van die Suid-Afrikaanse

Biblioteekvereniging om te waak oor die belange van, en te ywer vir die bevordering van die Biblioteekwese van Suid-Afrika, nie alleen wat die openbare bibliotekdienste betref nie, maar ook ten opsigte van die opvoedkundige en dokumentasiedienste.

“Hoewel die Universiteitsbiblioteke aan selfstandige institute verbonde is, vorm hulle deel van die biblioteeksisteem wat in diens staan van die wetenskap; elkeen van hulle verrig dienste wat veel verder strek as die besondere Universiteit waaraan hy verbonde is.

“Waar die kommissie van ondersoek die opdrag het om ’n beleid aan te beveel om *die bate wat die land aan sy universiteite het so doeltreffend moontlik te maak*, sou die Vereniging graag sien dat die potensialiteite van die Universiteitsbiblioteke nie alleen in die raamwerk van die individuele Universiteite nie, maar ook as deel van die algemene dokumentasiesisteem van die land en as ’n onontbeerlike hulpmiddel en instrument van wetenskaplike navorsing en opleiding, gesien word.

“As professionele organisasie tel die Biblioteekvereniging onder sy lede al die deskundiges op die gebied van die biblioteekkunde in die land en wil hy graag sy dienste tot beskikking van die komitee stel om hom in verband met die moontlikhede, die huidige toestande en die behoeftes van die Universiteitsbiblioteke in te lig” (Memorandum, 1952:1).

In die *Memorandum* het die Biblioteekvereniging die potensiele bate van die universiteitsbiblioteke vir die land bespreek en is die aandag gevestig op die rol wat hulle behoort te speel in die studie, onderrig en navorsing. Daar is verder op gewys dat die boekevoorraad van die universiteitsbiblioteke in die land so volledig moontlik moes wees, dat die huisvesting en toerusting voldoende moes wees om die taak na behore uit te voer en dat die biblioteek bedien moes word deur ’n personeel “(i) wat toereikend is wat getal betref; (ii) wat behoorlik gebalanseerd is wat die verhouding van sy professionele en klerklike lede betref; (iii) waarvan die professionele lede die vereiste kwalifikasies besit; (iv) die gewenste akademiese status geniet en ook dienooreenkomstig gesalarieer word” (p. 5).

Oor die plek van die biblioteek aan die universiteit word die volgende gestel: "Ad(iv) By die meeste Suid-Afrikaanse universiteite ressorteer die bibliotekaris en hulle assistente onder die administratiewe personeel. Nie alleen aflekteer die inskakeling van die biblioteekpersoneel in die administratiewe hiërargie sy status en salarisse nadelig nie, maar hierdie gebruik laat ook geen reg geskied aan die besondere aard van biblioteekwerk en van die besondere eise wat aan biblioteekwerkers gestel word nie.

"Van die biblioteekkundige en professionele lede van die personeel word, naas hulle beroepsopleiding, 'n steeds hoër en hoër akademiese opleiding geëis. Dit is tans reeds taamlik algemeen dat van 'n Universiteitsbibliotekaris 'n M.A.-graad verwag word en by party universiteite word selfs gevoel dat 'n doktorsgraad vereis moet word. Hierdie eis weerspieël 'n juiste insig dat die werk, van die hoër personeel altans, wetenskaplik-tegnies en opvoedkundig is, nie administratief in die engere sin nie.

"Met die oog op die funksie van die biblioteek en sy sentrale plek in die raamwerk van die doseer- en navorsingswerk van die Universiteit, sou dit veel meer logies wees om die biblioteek te erken as een van die akademiese departemente van die Universiteit. Word dit gedoen, dan spreek dit vanself dat die Universiteitsbibliotekaris, wat status en salaris betref, op een lyn geplaas moet word met die hoof van 'n akademiese departement.

"Dit eis geen betoog dat hy die rang van Professor sal moet beklee in al die groot Universiteite nie, maar selfs by die kleiner Universiteite is na ons mening die professorale status noodsaaklik veral as die uiters moeilike en veeleisende taak van die opbou van 'n biblioteek in ag geneem word. Geniet die Universiteitsbibliotekaris professorale status, dan volg dit dat die Onderbibliotekaris die rang van Senior lektor behoort te hê, Afdelingshoofde die van lektore en professionele assistente die van junior lektore. Sub-professionele [sic!] en klerklike assistente verteenwoordig 'n non-akademiese kategorie van werkers en kan gelykgestel word met sekere kategorieë van die administratiewe personeel" (p. 10-11).

'n Pleidooi is gelewer dat die sentrale owerheid universiteite in staat

moet stel om in hulle begrotings voorsiening te maak vir gereelde en stelselmatige verhogings van die toekennings vir die uitbou van die versameling studiemateriaal, vir die oprigting en uitbreiding van biblioteekgeboue, vir die skepping van nuwe biblioteekbetrokkings en die aanpassing van salarisse by verhoogde lewenskoste.

Aan die subkomitee van die Raad is geleentheid gegee om die *Memorandum* in 'n onderhoud met die *Kommissie* toe te lig, en op die konferensie van 1952 (p. 92) sê Van Rooy: “ 'n Baie lang onderhoud is ons toegestaan en die lede van die *Kommissie* was baie simpatek. Uit hulle vrac het geblyk dat hulle die saak baie goed ondersoek het en alreeds besonder goed bewus was van ons probleme. Persoonlik sien ek met gretigheid uit na hulle verslag.”

By die verskyning van die *Hollowayverslag* in 1953 het dit geblyk dat die hoë verwagtings nie telcургestel is nie. Die eerste keer in ons geskiedenis is deur 'n staatskommissie aan die universiteitsbiblioteek sy regmatige plek toegeken. Die *Kommissie* het die biblioteek as die kern van die universiteit beskou (paragraaf 221) en het gestel dat die instandhouding van 'n toereikende universiteitsbiblioteek vir enige universiteit onontbeerlik is. Ooreenkomstig die aanbeveling van die Vereniging is die biblioteek as een van die basiese departemente van die universiteit beskou (paragraaf 67), waaruit volg “dat die bibliotekaris (mits hy die vereiste kwalifikasies vir die pos besit) professorale status moet hê en dat die standaardsalaris aan sy pos dieselfde moet wees as dié wat vir die hoof van 'n basiese departement voorgeskryf is. Die standaardsalarisse vir ander professionele grade in die bibliotekediens van 'n universiteit moet met dié van die doserende personeel ooreenstem” (paragraaf 116). 'n Goeie insig is getoon in die probleme en behoeftes van die biblioteek. Daar is bevind dat die voorraad studiemateriaal nie voldoende was en dat daar nie genoegsame gekwalifiseerde personeel beskikbaar was om die werk na behore te verrig nie (paragraaf 91). Die *Kommissie* stel die noodsaaklikheid van opgeleide personeel vir die uitbreiding en ontsluiting van die studiemateriaal (paragraaf 222). Ook wat die uitwissing van agterstande in die biblioteekversamelings betref, het die *Kommissie* aandag gegee aan die aanbevelings van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. In paragraaf 223 word die volgende gestel: “Die standaard vir die finansiële voorsiening vir biblio-

teke ... is bedoel net om die lopende jaarlikse uitgawes ... te dek en sal nie ... 'n universiteit in staat stel om materiaal aan te koop om die agterstand wat deur vroeëre gebrek aan koopkrag veroorsaak is, in te haal nie. Hiervoor sal spesiale skenkings nodig wees."

Na aanleiding van 'n mosie van die *Afdeling Universiteits- en Spesiale Biblioteke* aan die konferensie van 1952 (p. 112-113) is die inligting in die *Memorandum insake Universiteitsbiblioteke* vervat, verwerk in 'n algemene beleidsverklaring van die Vereniging betreffende universiteitsbiblioteke, wat in die *SABV-Nuusbrief* gepubliseer is.

By geleentheid van konferensies is sporadies voordragte oor aspekte van die universiteitsbiblioteek en sy werksaamhede gelewer. Gedurende die 1950-konferensie is tydens 'n *Round table for librarians for university libraries* aandag geskenk aan die baie belangrike saak van interbiblioteeklening. As gevolg van hierdie byeenkoms is vorms ontwerp vir die meer doeltreffende hantering van interbiblioteeklenings en is reëls opgestel vir deelnemende biblioteke (Konferensie, 1950:36). Tydens die 1954-konferensie het H.C. van Rooy *Die Universiteitsbiblioteek in die toekoms* bespreek (Konferensie, 1954:185) en op 'n simposium van 1959 oor universiteitsbiblioteekgeboubeplanning het F.G. van der Riet, H.C. van Rooy en A.-M. de Graaf opgetree (Konferensie, 1959:95). Tydens die opening van die 1959-konferensie het die Rektor van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op die belangrike rol van die universiteitsbiblioteek in die onderrigprogram van die universiteit gewys en beklemtoon dat die universiteitsbiblioteek die hart van die universiteit moet wees (Konferensie, 1959:84). In 1964 het R.F.M. Immelman opgetree met 'n referaat oor *The nature and functions of scholarly libraries* (Konferensie, 1964:68).

Ook op takvergaderings het die saak van die universiteitsbiblioteek herhaaldelik die aandag geniet. Die *Afdeling Universiteits- en Vakbiblioteke* het gereeld gedurende konferensies vergader en het aan 'n verskeidenheid sake aandag gegee. Die benamings en graderings van verskillende betrekkings is gestandaardiseer en aan die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap voorgelê (SABV-Jaarverslag, 1954-55:11), en hierdie aanbevelings is so deur die universiteite geïmplementeer. Verder is aandag geskenk aan die moontlikheid

om dienslaspredikate vir die bepaling van standarde vir die biblioteek in te stel, aan die opstel van standarde, aan die moontlike samewerking tussen universiteitsbiblioteke, veral ten opsigte van 'n koöpratiewe aanskafbeleid.

Daar is gepoog om vrystelling te kry van die betaling van posgeld op interbiblioteeklenings. Ook is aan bibliografiese sake soos die indekse op staatskocranten en op Suid-Afrikaanse tydskrifartikels aandag gegee. 'n Lys van biblioteekterme in Afrikaans is saamgestel. Die belangrike nuwere ontwikkeling van rekenarisering en die implikasies daarvan vir die universiteitsbiblioteek is bestudeer. In *Suid-Afrikaanse biblioteke* het 'n verskeidenheid artikels gereeld verskyn.

'n Volgende belangrike geleentheid waar die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gepoog het om die saak van die universiteitsbiblioteek te bevorder, was toe hy in 1969 deur Sy Edele Regter J. van Wyk de Vries versoek is om 'n memorandum voor te berei wat deur die *Kommissie van Onderzoek na die Universiteitswese* gebruik kon word.

'n Breë komitee is deur die Vereniging saamgestel wat bestaan het uit R.B. Zaaiman (president), H.C. van Rooy (voorsitter van die Onderwyskomitee), C.J.H. Lessing (eresekretaris) en 'n verteenwoordiger van elke universiteitsbiblioteek en van elke departement biblioteekkunde. Die *Memorandum* wat uit die werk van die Komitee voortgevloei het, is finaal deur R.B. Zaaiman, H.C. van Rooy, C.J.H. Lessing, J.G. Kesting en S.I. Malan voorberei. Die *Memorandum* is aan die *Kommissie* voorgelê "om enersyds die nasionale belangrikheid van die universiteitsbiblioteke vir studie en navorsing binne die universiteite te beklemtoon en om andersyds die noodsaaklikheid van universiteitsbiblioteekdienste na buite vir die verstewiging van nasionale weerbaarheid te bevestig" (p. 3). In die *Memorandum* het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging aandag geskenk aan sake soos die wese en funksie, die organisatoriese en administratiewe aspekte, die stand van die voorraad studiemateriaal en finansiële implikasies van die universiteitsbiblioteek en ook aan die opleiding van bibliotekarisse.

In die *Van Wyk de Vriesverslag* kan egter geen duidelike bewys gevind word dat die voorlegging van die Biblioteekvereniging enige direkte

invloed op die aanbevelings gehad het nie.

5.3.3 Vakbiblioteke

In afdeling 2.2.5 is verwys na 'n stelling van Kritzinger dat vakbiblioteke in Suid-Afrika die produk van die twintigste eeu is. Daar was dan ook teen 1928 baie min vakbiblioteke in Suid-Afrika. In sy *Verlag* meld Pitt (1929:25-26) slegs die Parlements-biblioteek in Kaapstad en die Landboubiblioteek van die Departement van Landbou. In die *Verlag* van die *Inter-Departementele Komitee* (1937:19) word die aandag op departementele biblioteke van die Staat gevestig en daarop gewys "dat 'n sekere mate van sentralisasie in ooreenstemming met die hoofdoel van hierdie biblioteke, wat as versamelings vir maklike raadpleging deur die beamptes van die betrokke departemente moet dien, met voordeel aangebring kan word".

Aangesien daar nie baie bibliotekarisse was wat aan vakbiblioteke verbonde was nie, en aangesien daar in die vroeëre jare geen persoon van hierdie groep as lid van die Raad verkies is, het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging nie baie aandag aan hierdie biblioteke en hulle probleme gegee nie. Die eerste aanduiding van aandag aan dié biblioteke word gevind in 'n vergadering van die Suid-Transvaalse Tak in 1947 waar mev. E.M. Dean opgetree het oor *Gespesialiseerde biblioteke in die Verenigde State* (SABV-Jaarverslag, 1946-47:12). Na aanleiding van die vergadering het hierdie Tak gedurende April 1947 'n *Afdeling vir Gespesialiseerde Biblioteke* gestig.

Deur die jare was hierdie *Afdeling* baie aktief en het telkens gepoog om die betrokke persone byeen te bring en is verskeie sake rakende vakbiblioteke voortdurend bespreek. Voordragte wat gelewer is, sluit onder meer die volgende in: H.V. Bonny oor *Die verhouding tussen openbare en gespesialiseerde biblioteke ...* (1948) (SABV-Jaarverslag, 1947-48:16) en mev. De Wit oor *Die stryd tussen roetine en navorsing in spesiale biblioteke* in 1950 (SABV-Jaarverslag, 1950-51:23-24). Gedurende 1948 is daar ook 'n spesiale afdeling in *Suid-Afrikaanse biblioteke* geskep, en hierdie gedeelte is as oordrukke aan lede van die *Afdeling*, wat ook nie-lede van die Biblioteekvereniging ingesluit het, versprei. Gedurende dieselfde tyd het die *Afdeling* onder redaksie

van Hazel Mews van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad en Phyllis Krige van die Mediese Biblioteek van die Universiteit van die Witwatersrand 'n adresboek van wetenskaplike, tegniese en mediese biblioteke in die Unie van Suid-Afrika voorberei (SABV-Jaarverslag, 1947-48:4). Daar is ook samesprekings (SABV-Jaarverslag, 1949-50:15) en simposiums (SABV-Jaarverslag, 1952-53:19) gehou en vele artikels is in *Suid-Afrikaanse biblioteke* gepubliseer waardeur die werksaamhede van vakbiblioteke onder die aandag van ander bibliotekarisse gebring is. So is deur die Raad (Notule) op 10 November 1949 besluit "that an article be written which shall aim at bringing to the attention of industrial concerns the advantages which can be expected to follow from the establishment of a well conducted library under the charge of a qualified librarian; that the article should deal inter alia with the following points: the duties which can be performed by a qualified librarian; salary scales applicable to qualified librarians and the fact that the expense involved would be trifling compared with the returns which would follow".

Besondere aandag is verder aan die biblioteekfasiliteite op die Witwatersrand gegee en 'n memorandum is in dié verband opgestel (SABV-Jaarverslag, 1951-52:32-33). Tydens konferensies van die Vereniging is ook van tyd tot tyd aan die saak van die vakbiblioteek aandag gegee (SABV-Jaarverslag, 1955-56:6). 'n Bygewerkte adresboek van vakbiblioteke is saamgestel (SABV-Jaarverslag, 1948-49:4).

Na die 1950-konferensie het hierdie *Afdeling* besluit: "This Group believes that specialists in subject bibliography, documentalists and others interested in documentation and special library problems of all kinds should be encouraged to join the Association" (vergadering 11 Junie 1951). Verder is ook suksesvol aandag gegee aan sake soos opleiding vir vakbibliotekarisse (SABV-Nuusbrief, 1959:2) en korting deur boekhandelaars aan vakbiblioteke (Uitvoerende Komitee. Notule, 14 Januarie 1976:102). In 1978 is die *Afdeling vir Regsbiblioteke* gestig.

Mede as gevolg van die werksaamhede van hierdie groep bibliotekarisse het die Biblioteekvereniging aandag geskenk aan die

inskakeling van inligtingwerkers wat meer verband gehou het met die professionalisering van die Biblioteekvereniging wat in hoofstuk 7 die aandag sal geniet.

5.4 *Nasionale biblioteke*

In afdeling 2.2.3 is gestel dat die twee nasionale biblioteke in die land, die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad en die Staatsbiblioteek in Pretoria, histories ook as openbare biblioteke vir hulle onderskeie stede gedien het. Hierdie dubbelslagtigheid het meegebring dat daar 'n mate van onduidelikheid oor hulle bestaan het en dat hulle nasionale status dikwels in twyfel getrek is. Dit het ook die gevaar ingehou dat die lewering van openbare biblioteekdienste soveel aandag in beslag geneem het dat hulle nasionale dienste, wat hulle in die kategorie van wetenskaplike biblioteke moes geplaas het, nie ten volle kon ontplooi nie. Tydens sy besoek het Ferguson (1929:14) bevind dat hulle nie veel meer as plaaslike invloed gehad het nie: "The absence of a powerful national library has retarded not only the formation of a fine central collection of books, but has also withheld from the local communities that influence which makes for better and more efficient public library service and for trained personnel, and has kept South Africa unaware of the great growth of interest in the whole field of adult education. There has been no tie to bind and to strengthen the scattered elements which should form the system." Ferguson wou graag sien dat die Staatsbiblioteek moes "funksioneer as 'n biblioteek wat [nie] sy eie onmiddellike omgewing bedien nie, maar ook ingerig word om te dien as *hoofsentrum* wat die hele land kan voorsien van tegniese en ander kosbaarder soorte boeke" (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):10).

Dit is veral opvallend dat Lloyd, bibliotekaris van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek, en Stirling, wat van 1931 af aan die hoof van die Staatsbiblioteek gestaan het, as president en sekretaris van die pas gestigte Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, volgens die beskikbare bronne, nie die hulp van die Vereniging ingeroep het vir die bevordering van die nasionale biblioteekfunksies van hulle onderskeie biblioteke nie.

6. DIE BEVORDERING VAN BIBLIOTEEKSAMEWERKING

6.1 Inleiding

Die mees algemene opvatting van die term *biblioteeksamewerking* is dat dit bestaan uit die onderlinge leen van boeke tussen biblioteke (Taylor, 1967:85). Malan (1978(1):85) stel dat, voor die uitvinding van die boekdrukkuns, dit vir biblioteke onmoontlik was om kopieë van alle bestaande boeke in voorraad te hê en dat boeke oor en weer deur die antieke kloosterbiblioteke aan mekaar geleen is met die doel om afskrifte daarvan te maak, en hy wys daarop dat, alhoewel hierdie lenings gemaak is met die doel om boeke te reproduseer, dit as die oudste vorm van biblioteeksamewerking beskou moet word.

Biblioteeksamewerking, soos ons dit vandag ken, is hoofsaaklik 'n ontwikkeling van die twintigste eeu en het ontstaan as gevolg van sosiale, ekonomiese en tegnologiese veranderinge wat sedert 1900 plaasgevind het. Jefferson (1977:7) wys daarop dat, met die vordering van die eeu, die momentum van opvoedkundige voorsiening op alle vlakke 'n meer geletterde gemeenskap teweeg gebring het, wat hoër eise aan biblioteke om boeke en inligting op steeds toenemende kennissterreine stel. Die geweldige toename in die omvang van navorsing, veral sedert die Tweede Wêreldoorlog op alle wetenskapsterreine, met 'n *kennisontploffing* as resultaat, het as onvermydelike neweproduk 'n ewe groot toename in die getal wetenskaplike publikasies van 'n verskeidenheid van aard. Jefferson (1977:7-8) vat dit soos volg saam: "The phenomenon of the exponential rate of growth of literature also urged librarians to seek co-operative solutions to the problem of coverage, or of access to the maximum range of literature at minimum cost. Research established as a truism the fact that the constant doubling time in the output of printed material raised problems of logistics and of costs so acute that co-operative solutions among libraries had to replace any ideal of self-sufficiency by a particular library system. The literature issued by commercial publishers, by governments and governmental agencies, by international organizations and the growing number of societies, institutions and corporate bodies, assumed proportions beyond the capacity of any one library."

Hierdie stelling word deur Kent (1974:30) bevestig as hy sê: "There is an information system challenge facing us. The flow of information from all sources will continue to increase at an even faster rate than in the present. Indications are that expenses associated with acquiring, processing, storing, and retrieving will continue to increase at a faster rate than library budgets. Our information systems are hardpressed now, if not overwhelmed, by the present rate of information production and that rate seems likely to increase. We cannot halt this evolutionary process, even for a time, even if we want to."

6.2 *Biblioteeksamewerking in Suid-Afrika tot 1959*

6.2.1 *Historiese oorsig*

In afdeling 2.2 word 'n oorsig gegee van die biblioteektoestand wat voor 1928 in Suid-Afrika geheers het. Op die openbare biblioteekgebied was daar 'n groot aantal, hoofsaaklik klein en swak toegeruste subskripsiebiblioteke, wat nie geredelik hulle boeke aan mekaar geleen het nie. Ook universiteite het op enkele uitsonderings na oor klein en onvoldoende toegeruste biblioteke beskik, wat in die reël geïsoleerd van mekaar bestaan het. Dit is interessant om op te merk dat S.A. Pitt in 1928 bevind het dat daar 'n beperkte mate van samewerking tussen die Universiteit van Kaapstad en dié van Stellenbosch bestaan het ten opsigte van die wedersydse leen van boeke en tydskrifte aan mekaar (Pitt, 1929:22). Ferguson (1929:14) stel in dié verband die volgende: "There has been no tie to bind and to strengthen the scattered elements which should form the system. As a result, too, of the lack of central example, the libraries of the country do very little in the way of interlibrary lending."

Na aanleiding van die aanbevelings van Pitt en Ferguson het die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1929(1):10) bevind dat daar 'n groot behoefte bestaan aan " 'n gekoördineerde diens deur die hele land, ten einde onekonomiese organisasie van biblioteke (veral ten opsigte van die aankoop van boeke) te vermy, en om alle boeke in die nasionale stelsel binne bereik van elke burger van die Unie te bring". Die *Konferensie* spreek hom dan ook ten gunste daarvan uit dat "waar enigsins moontlik ... staats-, munisipale-, inrigtings- en tegiese

versameling, hetsy publiek of privaat, binne die nasionale diens gebring [moet] word deur katalogisering en *leendiens*, ten einde die grootste waarde en gebruik van alle voorrade boeke in die Unie te verkry” (p. 10). Die *Konferensie* het verder besluit dat die boeke van die inrigtings en privaatversamelings wat in die Suid-Afrikaanse biblioteekstelsel betrek word, op ’n eenvormige basis gekatalogiseer moet word — wat waarskynlik heenwys op die behoefte aan ’n gesamentlike katalogus — en dat ’n bibliografie van Suid-Afrikaanse literatuur saamgestel moet word (p. 14).

In hoofstuk 3 word onder meer gewys op die rol van ’n professionele vereniging in die saambinding van sy lede om so te help om dienste te koördineer en uit te brei en om daardeur onderlinge samewerking te bewerkstellig: “Die feit dat bibliotekarisse, saam verbind in ’n professionele liggaam, by wyse van hulle blad en deur middel van konferensies, tak- en afdelingsvergaderings met mekaar in kontak gebring is, moet onvermydelik lei tot die skepping van ’n gevoel van professionele [sic!] saamhorigheid, wat ’n eerste vereiste is vir enige vorm van biblioteeksamewerking” (Van Rooy, 1966(2):63).

Die aanbevelings van Pitt en Ferguson en die besluite van die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie*, 1928, in verband met samewerking tussen biblioteke het reeds in die eerste grondwet van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging hulle neerslag gevind in die volgende klousule onder die doelstellings van die Vereniging: “Om die beste medewerking te bevorder tussen publieke-, goewerments-instellings, en private biblioteke” (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1930:1). In die eerste hersiene uitgawe van die grondwet is dit soos volg geformuleer: “Om die grootste mate van samewerking tussen alle biblioteke, insluitende openbare, regerings-, instituuts- en partikuliere biblioteke, te bewerkstellig” (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1945(1):1).

Sedert die stigting van die Vereniging is daarna gestreef om hierdie doelstelling te verwesenlik. Tot 1959 is voortdurend by wyse van mosies, besprekings en toesprake op konferensies, deur liggame van die Vereniging, deur sy ampsdraers en deur individuele lede aandag geskenk aan die propagering van die gedagte van biblioteeksamewerking en die bevordering daarvan. Om die stelling te staaf

word in die eerste plek na enkele van die optredes ter bevordering van samewerking in die algemeen verwys, waarna meer in die besonder gehandel sal word oor die optrede van die Vereniging ten opsigte van interbiblioteeklenings, die aanskaffing van biblioteekmateriaal op koöperatiewe grondslag en samewerking op die gebied van bibliografiese dienste.

In die behandeling van hierdie sake word redelik volledig gerapporteer oor die aandag wat op konferensies en deur subkomitees tot 1959 daaraan gegee is. Hoewel dit in baie gevalle nie onmiddellik vrugte afgewerp het nie, wat by sommige lede van die Vereniging tot 'n gevoel van frustrasie aanleiding gegee het, het dit tog 'n belangrike rol gespeel om by lede en owerhede die gedagte van biblioteeksamewerking ryp te maak en daardeur die weg voor te berei vir die ontwikkeling wat na 1959 plaasgevind het.

6.2.2 *Bevordering van samewerking in die algemeen*

Op die eerste konferensie van die Vereniging in 1933 het Lloyd as president met hoë waardering melding gemaak van die waardevolle werk wat Stirling as tydelike biblioteekorganiseerder tydens sy besoeke aan vyf en sewentig biblioteke gelewer het, en hy wys veral na sy sukses "in arranging co-operative schemes, and the professional advice he has given to ... isolated librarians ... " (Konferensie, 1933:7). In die eerste verslag van die werksaamhede van die pas gestigte Vereniging oor die jare 1930 tot 1933 kon reeds die volgende gestel word: "*Samewerking* tussen biblioteke is meer en meer beoefen. Byna al die kleiner biblioteke in Natal is nou verbind met die Durbanse Munisipale Biblioteek en word met boeke voorsien. 'n Dergelike verbinding in die Kaap Kolonie en in die Oranje-Vrystaat is nou in aanvang tussen kleiner inrigtings en die Suid-Afrikaanse en Kimberleyse, en die Bloemfonteinse Openbare Biblioteek respektiewelik. Germiston het in die Transvaal vir baie jare gedien as sentrum vir klein biblioteke, en die Staatsbiblioteek het kort gelede ook 'n verspreidingsentrum geword. Biobliotekarisse [sic!] word ook aangespoor om by die Vereniging of by die Staatsbiblioteek aanvraag te doen om boeke te leen wat hulle nie in voorraad het nie" (SABV-Verslag, 1930-33:3-4). By dieselfde konferensie het die Minister van Onderwys, mnr. J.H. Hofmeyr, ook verwys na die samewerking

tussen biblioteke wat reeds deur bemiddeling van die Vereniging bereik is (Konferensie, 1933:4).

Tydens een van die eerste vergaderings van die Transvaalse Tak, wat in Julie 1931 gestig is, het P. Freer (1932:105-111) 'n voordrag gelewer oor *Closer co-operation between the libraries of South Africa*, waarin hy onder meer melding maak van die probleme verbonde aan koöperatiewe aankoop van boeke en tydskrifte en die behoefte stel aan sentrale katalogisering, aan 'n gesamentlike katalogus en aanbevelings doen oor die toekomstige biblioteekstruktuur. Op 'n vergadering van die Tak gehou in Januarie 1935 lewer Freer (1936(2):135-143) ook 'n toespraak oor *Some library objectives for South Africa*, waarin hy verder uitbrei oor die sake hierbo genoem en wys op die wenslikheid van voorsiening van sentrale berging vir die Noorde in Pretoria en vir die Suide in Kaapstad. Varley (1941:109-115, 139-143) het die Kaapse Tak van die Vereniging in Mei 1940 toegesprek oor *Aspects of library co-operation*, waar hy hoofsaaklik biblioteeksamewerking in die Kaapse Skiereiland behandel het, terwyl Stirling (1941:145-150) in sy toespraak voor die Transvaalse Tak in Januarie 1941 die saak van biblioteeksamewerking aangeraak het.

In die uitgawe van *Suid-Afrikaanse biblioteke* van Julie 1946 verskyn 'n artikel deur S.J. Kritzinger (1946(2):23-26) oor die Staatsbiblioteek in Pretoria, waarin hy wys op die nasionale funksies wat hierdie biblioteek as sentrale biblioteek kan vervul, en in sy toespraak voor die konferensie in 1946 spreek F.H. Rooke hom uit oor die wenslikheid van 'n stelsel van interprovinsiale samewerking (Konferensie, 1946:10). F.G. van der Riet (1948:41-52) het by geleentheid van die konferensie in 1947 'n belangrike rede gelewer oor *Library co-operation and specialisation* waarin hy veral gehandel het oor die koördinerende en bewarings van boekevoorrade vir navorsing, en hom sterk uitgesprek het ten gunste van spesialisering in die uitbouing van hierdie tipe materiaal. In sy woord van bedanking het Immelman die wenslikheid van spesialisering onderstreep en die noodsaaklikheid dat die gees van individualisme onder biblioteekowerhede teengewerk moet word, beklemtoon (Konferensie, 1947:49).

In sy *Memorandum* wat in 1951 aan die *Hollowaykommissie* voorgelê is, het die Vereniging daarop gewys dat alleen met samewerking

tussen biblioteke die beste gebruik van die boekevoorrade in die land gemaak kon word. Die *Kommissie* het wel aandag aan die saak geskenk, soos in afdeling 6.2.4 aangetoon sal word.

By geleentheid van die konferensies van 1951 en 1952 is die saak van biblioteeksamewerking weer te berde gebring. In sy toespraak oor *Dienste van die universiteitsbiblioteek in die toekoms* lewer H.C. van Rooy 'n betoog oor nouer samewerking tussen biblioteke, waarin hy wys op die noodsaaklikheid van 'n volledige gesamentlike katalogus waarin alle navorsingsmateriaal in besit van ons biblioteke aangetoon en gelokaliseer word, die opknapping van ons stelsel van interbiblioteeklenings en koöperatiewe aanskaffing van biblioteekmateriaal. Dit is opvallend dat hy reeds in 1954 sy toespraak afsluit met die volgende woorde: "Verder moet die Kommissie pogings in die werk stel om die steun van universiteits- en ander betrokke owerhede vir die saak te verkry, en namens die S.A. Biblioteekvereniging die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap versoek om 'n konferensie van verteenwoordigers van alle belanghebbende instansies oor die saak te belê" (Van Rooy, 1954:9). 'n Goeie samevatting van die toespraak is gepubliseer in *Die Volksblad* van 28 September 1954.

Tydens die konferensies van 1956, 1957 en 1958 het verskeie aspekte van biblioteeksamewerking die aandag geniet, wat hierna behandel word.

6.2.3 *Interbiblioteeklenings*

Volgens Taylor (1967:84) is die daarstelling van 'n sentrale interbiblioteekleningsentrum die voor-die-hand-iggende eerste stap tot biblioteeksamewerking. In die eerste uitgawe van *Suid-Afrikaanse biblioteke* sê Stirling (1933(3):39): "Since the formation of the Association, co-operation has been increasingly practised, although in an informal manner. Any library which has difficulty in supplying the needs of any of its readers may apply to the Association and an endeavour will be made to locate books required and to arrange for inter-library loans." Hy het dit onder andere gesê na aanleiding van 'n inligtingstuk wat in ongeveer 1930 gebruik is om lede vir die Vereniging te werf, waarin as 'een van die voordele vir individuele lede die daarstelling van 'n leenbiblioteek waarvandaan boeke oor

biblioteekbeleid en -administrasie aangevra kan word, gestel word (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1930:1).

Die Vereniging het in daardie stadium in die vooruitsig gestel dat 'n sentrale leenbiblioteek deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging daargestel sou word, wat 'n groot deel van die interbiblioteeklening-aanvrae sou kon hanteer.

Die *Transvaalse Tak* het op 'n vergadering van 6 November 1931 besluit om by die eresekretaris aan te beveel: "that libraries in Transvaal should co-operate for library purposes. Such co-operation would definitely be of great advantage to students, teachers and other professional men, who would have access to stocks of books and periodicals beyond those in the local library. It was suggested that books be lent not to the individual, but to the library of which he is a borrower and that such library be responsible for loss or damage. The scheme would be of great assistance, especially to the smaller libraries ... " (SABV. Transvaalse Tak. Nptule, 6 November 1931).

Stirling het die behoefte aan 'n behoorlik georganiseerde stelsel van interbiblioteeklenings baie sterk aan gevoel. As sekretaris van die Biblioteekvereniging en as bibliotekaris van die Staatsbiblioteek het hy in 1933 daarin geslaag om 'n toekenning van die Carnegie-korporasie te verkry om die Staatsbiblioteek in staat te stel "to [undertake] the functions of a national central library, supplying on loan to other libraries such books as could not conveniently or economically be obtained in any other way and providing the mechanism for the exchange of books on loan between libraries" (Taylor, 1967:84-85). Die Staatsbiblioteek lewer dan ook sedertdien waardevolle dienste as sentrum vir die interbiblioteekleningstelsel op nasionale en later ook op internasionale gebied.

In 'n artikel *Some library objectives for South Africa* in die uitgawe van April 1936 van *Suid-Afrikaanse biblioteke* kon Frerer (1936(2):135) die volgende stel: "Our limited experience of the principle has already taught us that its wider application would achieve still greater economy and efficiency in our service. How much do we all appreciate the invaluable work and aid of the Central Library, from Pretoria. However, its function is not to relieve us of the obligation

to purchase standard and basic works, but rather to acquire good books that are in insufficient demand at the individual libraries." Op die 1936-konferensie (p. 101) sê die president, A.C.G. Lloyd, oor *our* interbiblioteekleningskema: "I was inclined to grumble a little at first. I believed it to be a one-way traffic, from the larger and older libraries, which naturally had not the same need to borrow, to the smaller and younger. But I am quite convinced now that we should, all of us, do as much as we can to develop that system. I believe it is to the greatest advantage to education and to scholarship generally in South Africa, and that we should do everything we can to help other libraries by making our resources available to them as far as possible."

In sy reeds gemelde artikel *Aspects of library co-operation in Suid-Afrikaanse biblioteke* van Januarie 1941 verwys Varley (1941:110) na die rudimentêre stelsel van interbiblioteeklenings wat in Suid-Afrika in werking is. Hy meld dat die Staatsbiblioteek as Sentrale Biblioteek optree, wat aanvrae om boeke van biblioteke dwarsdeur die land ontvang en wat poog om vas te stel of dit in biblioteke in Suid-Afrika aanwesig is. 'n Groot probleem met die opspoor van boeke was die gebrek aan 'n gesamentlike katalogus van biblioteekbesit in Suid-Afrika. Met die uitbou van 'n gesamentlike katalogus van 1941 af het die Staatsbiblioteek in 'n mate in hierdie behoefte voorsien.

Op 20 Maart 1950 het H.C. van Rooy aan mej. E. Hartmann in 'n brief voorgestel dat die interbiblioteekleningspraktyke op die agenda van die eersvolgende konferensie geplaas word. Om verskeie redes het die saak eers op die 1952-konferensie die aandag geniet sonder dat daar oor die aangeleentheid in sy geheel 'n besluit geneem is. In sy toespraak oor die *Dienste van die universiteitsbiblioteek in die toekoms* voor die konferensie in 1954 het Van Rooy weer die noodsaaklikheid van die opknapping van die stelsel van interbiblioteeklening beklemtoon. Hy het daarop gewys dat daar 'n duideliker omskrywing moes wees van die tipes lektuur wat geleen mog word, en dat daar groter eenvormigheid ten opsigte van die voorwaardes en prosedures van lening, aanvraagvorms en die vereiste bibliografiese inligting behoort te wees. Na aanleiding van 'n voorstel van die *Afdeling vir Universiteits- en Spesiale Biblioteke* het die konferensie 'n subkomitee benoem met die opdrag om ondersoek in te stel na nuwer samewerking ten opsigte van

koöperatiewe aanskaffing en die interbiblioteekleningstelsel (Konferensie, 1954:188). Op die jaarlikse konferensies tot 1958 is die saak bespreek. Die optrede het daartoe bygedra dat die interbiblioteekleningstelsel geleidelik verbeter en verfyn is en dat die nodige regulasies en gestandaardiseerde vorms vir aanvrage opgestel is.

Die Vereniging het ook 'n belangrike bydrae gelewer tot die bevordering van wederkerige biblioteekgebruik. Tydens die 1952-konferensie (p. 115) is 'n mosie aanvaar waarin versoek word dat studente en lede van die personeel van universiteite op vertoon van 'n brief van hulle bibliotekaris, toegelaat word om gebruik te maak van ander universiteitsbiblioteke. 'n Versoek in dié verband is deur die verskillende universiteitsowerhede aanvaar.

'n Aangeleentheid wat sedert 1931 telkens die aandag van die Raad en konferensies geniet het, was die saak van posgeld op publikasies wat op die interbiblioteekleningstelsel versend is. Herhaaldelike versoë tot die betrokke owerhede, selfs by wyse van 'n onderhoud met die Minister, was egter vrugtelos. In opdrag van die konferensie van 1936 is die saak ook na die *Inter-Departementele Komitee oor die biblioteke van die Unie van Suid-Afrika* verwys. In sy *Verlag* het die *Komitee* die volgende gestel: "Die vervoerkoste van boeke plaas 'n baie swaar las op biblioteekdienste wat uitgestrekte gebiede bedien. In verband met die voorgestelde vrye plattelandse en skoolbiblioteekdienste, sowel as die leenstelsel tussen biblioteke deur bemiddeling van die Staatsbiblioteek, word aanbeveel dat die vervoer van boeke deur die pos of per spoor vry sal wees" (*Inter-Departementele Komitee*, 1937:26). Ook aan hierdie aanbeveling is nie gevolg gegee nie.

6.2.4 *Die uitbouing van biblioteekvoorrade*

In hoofstuk 2 word gestel dat Pitt en Ferguson se bevinding was dat die boekevoorraad in Suid-Afrikaanse biblioteke onbevredigend was, dat, as gevolg van 'n gebrek aan 'n nasionale biblioteekbeleid en gekoördineerde pogings om die boekebesit wetenskaplik uit te brei, die biblioteeksaak daaronder gely het en dat daar onnodige duplikasie van duur en minder gebruikte boeke voorgekom het. Die voorstelle van Pitt en Ferguson was buitengewoon interessant

aangesien dit die kiem bevat het van latere denke oor 'n nasionale boekevoorraad.

Die Vereniging het hom in die eerste plek beywer vir die voorsiening van biblioteekkundige lektuur vir studente, wat met hulle biblioteekopleiding besig was, soos gestel in afdeling 4.3.1.6. Die resultaat hiervan was 'n versameling wat as nasionale leenbiblioteek by die Staatsbiblioteek gehuisves is.

In sy bemoeiinge in belang van die boekevoorraad het die Vereniging aan twee sake, koöperatiewe aanskaffing en die beskikking oor duplikaatmateriaal, aandag geskenk. Reeds in 1933 is op die eerste konferensie 'n mosie aanvaar dat groter biblioteke met universiteitsbiblioteke saamwerk in die intekening op wetenskaplike tydskrifte (Konferensie, 1933:15). Hieruit het die totstandkoming gespruit van 'n gesamentlike katalogus van die tydskrifbesit, wat in afdeling 6.2.5.2.2 die aandag geniet.

Na aanleiding van 'n voorstel dat die Raad (Notule, 30 Junie 1935) ondersoek instel na die moontlikheid van 'n sentrale aankoopdiens is volgens die notule van 'n vergadering van 30 Junie 1935 besluit dat dit geblyk het dat so 'n onderneming in daardie stadium nie prakties sou wees nie.

In sy toespraak wat Freer (1936(2):138) in Januarie 1935 voor die Transvaalse Tak oor *Some library objectives for South Africa* gelewer het, waarsku hy teen die onoordeelkundige vernietiging van min gebruikte of verweerde boeke en bepleit hy die voorsiening van fasiliteite van sentrale berging vir die Noorde in Pretoria en die Suide in Kaapstad soos in afdeling 6.2.2 gestel. Op voorstel van mej. P.M. Speight het die Raad op 8 November 1943 die volgende onseunbrief aan groter inrigtings- en openbare biblioteke uitgestuur: "*Pooling of duplicates, out-of-date books, etc.* Resolved

“(a) to circularise the large institutional and public libraries asking them to consent to act as receiving depots for periodicals and books ... which smaller libraries would otherwise discard.

(b) to draft a circular to be sent to all libraries and institutions in

South Africa urging them to co-operate by sending their material to the nearest of the libraries listed as a receiving depot.

(c) to put forward further suggestions for the publicity necessary to bring home to all concerned the iniquity of destroying books and periodicals which are valuable, and may even be unique or irreplaceable in South Africa.

“Resolved that engineering firms and big business houses be circularised, too.

“The South African Library Association is anxious to make this resolution effective as it is particularly important in a country like South Africa to husband our resources, to preserve for future use any technical and literary material which may be of use, and to give other institutions an opportunity of acquiring publications for which we no longer have any use.

“To this end the committee dealing with this matter has decided to ask all institutions and libraries having material for disposal, to send a list to the nearest depot, which in your case is State Library, Pretoria.

“We would like the list to include everything except fiction, and, if periodicals are offered, please state volume, number and date. After that library has decided on what it wants, the list will then be sent to the State Library, which will decide if any of the remaining material is required.

“As you will realise the success of this scheme depends on your co-operation, and we would be very glad if it would be possible for you to let your depot have lists, before potentially valuable material is discarded or given to anti-waste.”

Op die 1947-konferensie van die Vereniging het F.G. van der Riet (1948:51) in sy toespraak oor *Library co-operation and specialisation* die volgende saak, wat vanweë die belangrikheid daarvan met die oog op die toekomstige optrede van die Vereniging, volledig aangehaal word, gestel: “We need a *Committee on resources of South African*

libraries, whose task would be to try to form a comprehensive picture of our national strength (and weakness) in different subject-fields. The work of this committee might be directed to the following objectives:

- “1. To ascertain what subject-fields are the primary interest of our libraries, and what funds are normally being devoted to their development.
2. To collate this information and to compile lists of subjects which are the interest of more than one library.
3. To approach libraries which have interests in the same field and to suggest a regular interchange of lists of accessions and possibly also lists of books ordered.
4. To discover which subject-collections are unique in the country's libraries, and to give this information to the libraries concerned.
5. To (endeavour to) list subject-fields at present not covered, or inadequately covered by our libraries.
6. To invite information from all libraries regarding important acquisitions, by gift or by purchase, and regarding new trends in purchasing policy.
7. To make available to all libraries the result of its investigations, and to issue a regular list of important accessions to the country's libraries.
8. To invite libraries to submit lists of unwanted material available for sale or for exchange.”

In die toeligtig beklemtoon Van der Riet dat geen nasionale program vir die koördinerings van biblioteekvoorrade kan slaag, indien dit nie die volle samewerking van individuele biblioteke ontvang nie en indien dit nie die bestaande voorrade en ontwikkelingsbeleid van elke biblioteek in aanmerking neem nie. Om dit te kan doen is dit nodig om 'n opname te doen “to assess the strength and weakness of each library, to ascertain the basis of book selection, the

funds available, and the relative importance assigned to different parts of the collection" (Van der Riet, 1948:48). In die bespreking wys Stirling op die noodsaaklikheid dat biblioteke wat oor boeke of tydskrifreëse beskik, wat eintlik by ander biblioteke tuishoort, sodanige publikasies na laasgenoemde biblioteke behoort oor te plaas. Hy stel egter die probleem "that all these libraries still have an acquisitive spirit, but I think we should have altruistic motives."

In 1951 het die Raad van die Vereniging in sy *Memorandum aan die Hollowaykommissie* die volgende gestel: "Waar die kommissie van ondersoek die opdrag het om 'n beleid aan te beveel om 'die bate wat die land aan sy universiteite het so doeltreffend moontlik te maak,' sou die Vereniging graag sien dat die potensialiteite van die Universiteitsbiblioteke nie alleen in die raamwerk van individuele Universiteite nie, maar ook as deel van die algemene dokumentasiesisteesem van die land en as 'n onontbeerlike hulpmiddel en instrument van wetenskaplike navorsing en opleiding, gesien word" (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1951:1). "... Met die oog op die verhoogde koste van dokumentasie- en onderrigsmateriaal, en die feit dat daar so 'n geweldige agterstand bestaan wat oer materiaal betref, sou dit oorweging verdien om 'n stelsel van samewerking te ontwerp waardeur sekere universiteite op bepaalde gebiede spesialiseer om te voorkom dat duur materiaal wat in die eerste plek nie as onderrigsmateriaal, maar as dokumentasiemateriaal van belang is, in verskillende inrigtings gedupliseer word. Sodanige materiaal behoort dan deur interbiblioteeklenings beskikbaar te wees" (p. 12).

Die *Hollowaykommissie* se aanbevelings in dié verband was enigszins teleurstellend. Tog word in die *Verslag* die volgende in verband met tydskrif aankope gestel: "Melding moet van die vraagstuk van die aankaffing van tydskrifte gemaak word. Hulle kan eintlik in twee groepe verdeel word, naamlik dié wat gewoonlik vir die algemene student van belang is, en dié wat in die eerste plek vir die navorser bedoel is en wat in die algemeen duurder is as die eerste groep. Elke biblioteek behoort 'n voldoende voorraad van die eerste groep te besit om in die behoeftes van al die fakulteite wat dit bedien te kan voorsien. Maar skynbaar is dit nie so nodig vir elke biblioteek om 'n volledige reeks navorsingspublikasies wat alle aspekte van die menslike ondersoek dek, aan te skaf nie. In die geval van hierdie

publikasies skyn dit wenslik te wees dat die universiteitsbibliotekarisse 'n koöperatiewe stelsel van uitruiling reël om die uitgawes van die universiteite as 'n geheel te besnoei en om die ophoping aan ongelese stelle in euige inrigting te vermy" (Hollowaykommissie, 1951:88-89).

Sedert die konferensie van 1952 het, op aanbeveling van die *Afdeling vir Universiteits- en Spesiale Biblioteke*, 'n kommissie voortdurend aandag aan die saak van samewerking by die aankoop van publikasies geskenk, maar van die aksies het blykbaar niks tereg gekom nie. Op die konferensie van 1954 het die saak van die koöperatiewe aankaf van materiaal weer die aandag geniet met die voordrag van H.C. van Rooy *Dienste van die universiteitsbiblioteek in die toekoms*. Hy wys op verskillende koöperatiewe ondernemings tussen wetenskaplike biblioteke in ander lande en stel verder die volgende: "Met die oog op die belemmering van wetenskaplike navorsing in ons land en as gevolg van die groot leemtes in ons gesamentlike literatuurbesit en ter voorkoming van die verkwisting van ons beperkte middele deur sinnelose duplikasie, vereis die instelling van 'n goedheplande koöperatiewe aankafbeleid die onmiddellike aandag nie alleen van ons universiteitsbibliotekarisse nie, maar ook tenminste van die owerhede van die betrokke universiteite, staatsdepartemente en navorsingsinstellings ... " (Van Rooy, 1954:9). Hy sluit aan by die gedagtes uitgespreek deur Van der Riet en Stirling in 1947 as hy sê: "Het die tyd nie aangebreek nie dat ons weg kom van die idee van biblioteke wat met mekaar wedywer met hulle karige besitting? Kan ons nie ons gesamentlike biblioteekbesit beskou as 'n nasionale bate nie?" (Van Rooy, 1954:5). Ten slotte stel hy die volgende: "Aangesien die grootste gedeelte van die gelde waarvoor universiteite beskik, uit die staatskas kom, en aangesien so 'n skema van biblioteeksamewerking afgesien van beter lektuurvoorsiening ook 'n meer ekonomiese besteding van ons gelde meebring, kom dit my voor of die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap die aangewese liggaam is om deur ons genader te word i.v.m. die loodsing van so 'n onderneming ... Dit is ons plig om nie langer net te praat nie. Ons moet nou iets doen. Daarom wil ek graag voorstel dat hierdie Konferensie 'n kommissie benoem met die opdrag om 'n memorandum op te stel oor koöperasie van universiteits- en ander wetenskaplike biblioteke, met die nadruk op koöperatiewe aankaffing. Die kommissie kan ook oorweging skenk aan ander vorme

van samewerking soos die inrigting van 'n sentrale deposito- of stoorbiblioteek, sentrale katalogisering, ens., die bou van 'n volledige sentrale katalogus en die hervorming van ons interbiblioteekleningsstelsel ... ” (Van Rooy, 1954:9).

Na bespreking deur die konferensie word die oorsigtelike skema vir samewerking tussen die verskillende biblioteektipes, soos deur Van Rooy opgestel, in beginsel aanvaar. Op aanbeveling van die *Afdeling vir Universiteits- en Spesiale Biblioteke* het die konferensie 'n ad hoc-komitee benoem met die opdrag “om 'n ondersoek in te stel oor nouer samewerking t.a.v. koöperatiewe aanskaf ... en oin hulle bevindings en aanbevelings in die vorm van 'n memorandum voor te lê vir verdere optrede” (Konferensie, 1954:188-189).

Die volgende mosie, voorgestel deur T. Friis, word deur die 1955-konferensie (p. 61) aanvaar:

“(a) Dat 'n komitee in elke provinsie saamgestel word om die moontlikheid van 'n beplande aanskafbeleid vir die vernaamste biblioteke van die provinsie te ondersoek ten einde onnodige duplikasie te voorkom.

(b) Dat die vier provinsiale komitees op 'n Uniale basis verder ondersoek instel.”

Op die konferensie van 1956 (p. 180) is aan H.C. van Rooy en S.I. Malan opdrag gegee om die hele saak van biblioteeksamewerking verder te ondersoek en is streeksverteenwoordigers vir agt streke benoem, wat ondersoek moes instel na “(i) collections of particular strength or interests in libraries in their respective regions, and (ii) measures which might be taken to further co-operation between these libraries.” Die streeksverteenwoordigers moes hulle bevindinge aan F.G. van der Riet voorlê.

'n Oorsigtelike skema van samewerking tussen universiteits-, spesiale en ander biblioteke wat deur H.C. van Rooy en S.I. Malan opgestel is, is deur die 1957-konferensie aanvaar en die *Afdeling vir Universiteits- en Spesiale Biblioteke* is versoek om verdere besonderhede uit te werk.

Na aanleiding van die verslae wat hy van die streeksvertegenwoordigers ontvang het, het Van der Riet in 'n artikel *Library co-operation in South Africa: the next move?* in 1958 in *Suid-Afrikaanse biblioteke* die volgende gestel: "The main purposes of co-operation between libraries are, firstly, to co-ordinate the book and periodical resources of a number of libraries in order to increase the facilities available to readers and research workers. Secondly, to prevent as far as possible the duplication of costly and seldom-used material and thereby to enable libraries to concentrate their limited purchasing-power on purchases which are really essential, and 'in the national interest'. Looking at the position in South Africa to-day, we can say that the first of these purposes is being fulfilled, more or less satisfactorily. But the second of the purposes mentioned, that is, the co-ordination of purchasing policy, is a difficult problem which we still have to face" (Van der Riet, 1958:5-6).

6.2.5 *Die voorsiening van bibliografiese hulpmiddele*

6.2.5.1 *Inleiding*

In sy *Report and recommendations on bibliographical needs* wat in 1962 aan die *Aksiekomitee vir Biblioteeksamewerking* voorgelê is stel Varley (1962:1) die volgende: "The health of the library structure in any country or region depends to a large extent on the effectiveness of its book resources and its apparatus of bibliographical tools. This apparatus comprises the tools themselves, and a form of organisation to make them available where they already exist, and to create them where they do not."

Taylor (1967:84) sê: "The most common sense in which the term 'library co-operation' is understood is that of making books available by loan from one library to another. Hand in hand with this goes the production of bibliographical tools which are an aid to the location of materials, such as union lists and catalogues and directories of resources. There are other types of bibliographical projects, such as indexes and subject bibliographies, which are not so directly connected with the location of materials, but which are an important and necessary part of national bibliographical apparatus, and which are economically undertaken by a central bibliographical organisation.

To that extent, they may also be regarded as co-operative enterprises.”

Die voorsiening van bibliografiese hulpmiddele het reeds vroeg die aandag van die Vereniging en sy lede geniet. Soos in afdeling 5.1.2.2 gestel, is dit ook in hierdie verband nie altyd moontlik om die optrede van individuele lede van dié van die Vereniging te onderskei nie.

Reeds in Oktober 1933 verskyn in die tweede uitgawe van *Suid-Afrikaanse biblioteke 'n Bibliografie van Afrikaanse bibliografieë*, wat saamgestel is deur P. Freer en wat slegs een bladsy beslaan het. P. Freer en D.H. Varley het in die uitgawes van Oktober 1942 en Januarie 1943 van *Suid-Afrikaanse biblioteke 'n Bibliography of African bibliographies* gepubliseer, terwyl 'n artikel deur G.V. Marais onder die titel *'n Kort inleiding tot bibliografiese wetenskap* in Julie 1934 in die blad verskyn het. Na aanleiding van 'n versoek van die *Inter-Departementele Komitee* (1937) het P. Freer, J. Ross en mej. E. Hartmann in opdrag van die Raad 'n *Bibliografie van Suid-Afrikaanse Biblioteke en Biblioteekwese* saamgestel, wat as bylae 1 (p. 27-37) tot die *Verslag van die Komitee* gepubliseer is.

Die Raad (Circular 55, 18 November 1941) het in 1941 'n subkomitee bestaande uit D.H. Varley (sameroeper) en P. Freer benoem met die opdrag om verslag te doen oor bibliografiese projekte wat deur verskillende biblioteke onderneem is met die oog op voorkoming van duplisering, en oor leemtes wat daar bestaan het. Die waardevolle verslag van die subkomitee het in Oktober 1943 onder die titel *Bibliographical Desiderata for South Africa* in *Suid-Afrikaanse biblioteke* verskyn. Op die konferensie van 1949 is 'n belangrike stap gedoen toe 'n vaste bibliografiese subkomitee onder voorsitterskap van Varley benoem is om as nasionale beplanningsliggaam vir bibliografiese ondernemings op te tree en om as skakel met UNESCO te dien (SABV-Jaarverslag, 1949-50:11).

By geleentheid van volgende konferensies is gereeld aandag geskenk aan bibliografiese aangeleenthede, wat by wyse van mosies en jaarverslae van die *Bibliografiese Subkomitee* voorgelê is. Die volgende dien in dié verband vermelding. Na aanleiding van 'n mosie van die Suid-Transvaalse Tak is in 1950 die volgende besluit geneem: “That

the Bibliographical Sub-Committee be asked to consider ways and means of improving the contents and format of some of the existing reference books for South Africa when these are considered inadequate or incomplete in this sphere" (Konferensie, 1950:32). In 1954 is die oprigting van 'n bibliografiese sentrum in Suid-Afrika in beginsel goedgekeur en is die vaste komitee versoek om 'n konsepgrondwet aan die Raad voor te lê, en aan die Raad is opgedra om "projekte na bevind van sake vir ondersteuning voor te dra aan Navorsingsrade en/of ander instansies insluitende die Provinsiale owerhede" (Konferensie, 1954:186).

Ten slotte moet verwys word na die waardevolle oorsigte oor bibliografiese vordering in Suid-Afrika deur D.H. Varley wat van 1958 af in *Suid-Afrikaanse biblioteke* verskyn het.

6.2.5.2 *Die uitbou van gesamentlike katalogusse*

6.2.5.2.1 *Gesamentlike katalogus van boeke*

Silvère Willemin (1966:2) stel die volgende oor die gesamentlike katalogus: "There are many reasons justifying the establishment of a large-scale network of union catalogues in Europe and the United States, but there are even more compelling reasons why developing countries should apply themselves to creating these very necessary instruments of progress. The development of union catalogues in such countries must go hand in hand with the development of libraries, first of all so as to facilitate maximum utilization of existing collections and, secondly, to ensure the co-ordination of acquisitions, at any rate at the regional level."

Volgens mej. A. T. Hadley (1967:46) word die gesamentlike katalogus in die algemeen beskou "as 'n natuurlike en noodsaaklike ontwikkeling op die gebied van koöperatiewe biblioteekdienste", en sy voeg daaraan toe dat die "hoofsfunksie van die gesamentlike katalogus is om publikasies op te spoor ten einde die toegang tot boeke te vergemaklik; dit is die basiese werktuig van 'n interbiblioteekleningsstelsel en beperk die verkwisting van arbeid en tyd tot 'n minimum."

In afdeling 6.2.1 is verwys na die besluit van die *Suid-Afrikaanse*

Biblioteek Konferensie om samewerking tussen die biblioteke in die land te bewerkstellig deur eenvormige katalogisering van die besit van verskillende biblioteke. In sy openingstoespraak voor die *Konferensie* het Ferguson gesê: “There should be what we call a union catalogue in which would be a list of the books in all the libraries of the state. Thus a person at a distance could get a book which might not be in his own library or in the central collection but in some other library in the scheme” (Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie, 1929(1):6).

Gedurende 1931 en 1932 het die Raad die daarstelling van ’n gesamentlike katalogus vir Africana onder bespreking gehad. Na die instelling van die interbiblioteekleningstelsel deur die Staatsbiblioteek in 1933 is die behoefte aan ’n gesamentlike katalogus van boeke in die biblioteke in die land al sterker gevoel. In sy reeds gemelde voordrag *Some library objectives for South Africa* voor die Transvaalse Tak van die Vereniging in Januarie 1935 sê Freer (1936(2):141): “Situating as we are, with a copyright library, a large public library, two university and numerous special libraries, all of easy access, it should be possible to supply copy for most cards required by other libraries in South Africa. The mere order should warrant the assumption that the requisitioning library possessed a copy of the book concerned, so that our aim to build up a “master-catalogue”, wherein to locate every non-fictional work — including, of course, Africana — in any library of the Union, need not long remain a mere dream. I invite your earnest consideration of, and support for the scheme.”

By geleentheid van die tweede konferensie van die Vereniging in 1936 het A.C.G. Lloyd in sy presidentsrede die volgende gestel: “The work of the Central Library would be greatly facilitated and speeded up if it possessed a catalogue of every work in the larger libraries. For my own part, I am quite prepared to send my accession lists, for the last 20 years at any rate, to Mr. Stirling, and if we all sent to him notices of our accessions as they come a Central Catalogue would soon come into being” (Konferensie, 1936:101).

Na aanleiding van die *Memorandum* wat namens die Vereniging aan die *Inter-Departementele Komitee* (1937:21) voorgelê is, wys die *Komitee* in sy *Verslag* op die noodsaaklikheid van “’n kaartkatalogus

van die inhoud van die groter openbare biblioteke, universiteitsbiblioteke en die boekerye van ander inrigtings sowel as die departementele biblioteke van die Unie.”

Die inisiatief in verband met die uitbou van 'n gesamentlike katalogus in Suid-Afrika is, soos verwag kan word, geneem deur M.M. Stirling, die destydse hoof van die Staatsbiblioteek, wat ook verantwoordelik was vir die interbiblioteekleningstelsel. Volgens H.J. Aschenborn (1962:17-20) het dit jarelange voorbereiding en oortuigingswerk gekos alvorens begin is met die samestelling van die katalogus. Hoewel die Raad van Kuratore van die Staatsbiblioteek reeds in 1935 daartoe verlof gegee het, kon Stirling eers op 20 Augustus 1941 op 'n vergadering van die Transvaalse Tak van die Vereniging aankondig dat die Staatsbiblioteek besig is met die samestelling van die gesamentlike katalogus. Die groei van die katalogus is van die begin af belemmer deur die houding van sommige bibliotekarisse wat nie die onderneming wou steun nie en 'n gebrek aan finansiële middele om die vereiste personeel te voorsien (SABV. Transvaalse Tak. Notule, 20 Augustus 1941).

Op 'n vraag van die president, D.H. Varley, het Stirling die volgende mededeling gedoen: “The Union Catalogue that we are compiling was started for our own purposes. It is very small. It has about 150.000 entries ... A good many libraries were unable to co-operate. With the cheapening of photographic reproduction co-operation could be speeded up ... The Union Catalogue to be successful must be heavily subsidized and the libraries throughout should receive subsidies so that they can employ the staff to send information to the Union centre.”

“He welcomed the suggestion that the Councils for Scientific Research and for Humanistic Research should give considerable subsidies for the production of the Union Catalogue. He also recommended freer exchange of material so that, for instance, material which belonged to Johannesburg should be housed in Johannesburg and not in Pretoria” (Konferensie, 1947:48-49).

In afdeling 6.2.2 is vermeld dat H.C. van Rooy in 1954 verwys het na die noodsaaklikheid van 'n volledige gesamentlike katalogus vir die

doeltreffende funksionering van die interbiblioteekleningstelsel. Hy het in dié verband die volgende gesê: “Ek wil nie hiermee die goeie werk wat die Staatsbiblioteek te Pretoria onder moeilike omstandighede doen, verkleineer nie. Die feit is dat hierdie katalogus, waarskynlik te wyte aan gebrekkige samewerking van biblioteke, so onvolledig is, dat die tydworwende prosedure gewoonlik gevolg moet word om aanvrae per pos by biblioteke te sirkuleer, met die gevolg dat materiaal die aanvrager eers na weke bereik. As gevolg van die tydswelverlies dring wetenskaplikes al meer daarop aan dat biblioteke *self* deur aanskaffing in hulle behoeftes moet voorsien. Is ek te idealisties as ek in die vooruitsig stel ’n volledige gesamentlike katalogus met ’n goedtoegeruste dokumentasiesentrum in ’n sentrale plek in ons land, met behulp waarvan die navorser, in dringende gevalle desnoods by wyse van telegrafiese of telefoniese aanvraag en lugposversending, binne *dae* indien nie *ure* nie, die verlangde materiaal tot sy beskikking kan hê?” (Van Rooy, 1954:7-8).

Ook op die 1955-konferensie (p. 61) het die saak van die gesamentlike katalogus weer ter sprake gekom toe ’n mosie van T. Friis aanvaar is wat ingehou het dat die vier provinsiale biblioteekdienste versoek word om gesamentlike katalogusse van alle geskrifte in die biblioteke van hulle provinsies op te stel en om afskrifte daarvan aan die Staatsbiblioteek te stuur.

Nieteenstaande die belemmerende faktore waarna hierbo verwys is, het die Staatsbiblioteek intussen voortgegaan met die uitbou van die gesamentlike katalogus, wat in 1958 drie honderd twee en sestig duisend inskrywings gehad het. Hierdie beskeie vordering moet in die eerste plek toegeskryf word aan die aktiwiteite van die Staatsbiblioteek, dog die invloed van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het sonder twyfel daartoe bygedra.

6.2.5.2.2 *Gesamentlike katalogus van tydskrifte*

A.C.G. Lloyd was die voorloper in die opstel van ’n gesamentlike katalogus van tydskrifte op die terrein van die natuurwetenskappe in sekere Suid-Afrikaanse biblioteke. As bibliotekaris van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek publiseer hy in 1912 die volgende katalogus van vervolgpublikasies: “*Catalogue of the serial publications*

possessed by the Geological Commission of the Cape Colony, the Royal Observatory, the Royal Society of South Africa, the South African Association for the Advancement of Science, the South African Museum and the South African Public Library, etc.” Bygewerkte uitgawes het in 1917 en 1921 die lig gesien, en in 1927 verskyn die katalogus onder die volgende titel: “*A list of the serial publications available for consultation in the libraries and scientific institutions of the Union of South Africa; comp. for the Research Grant Board of the Department of Mines and Industries ...*”

In sy toespraak voor die Witwatersrandse en Pretoriataak van die Vereniging oor *Closer co-operation between the libraries of South Africa* wat in April 1932 in die *Library Association record* gepubliseer is, wys P. Freer (1932:111) na die wenslikheid dat ’n katalogus van tydskrifte op die gebied van die geesteswetenskappe in Suid-Afrikaanse biblioteke as aanvulling tot Lloyd se katalogus saamgestel behoort te word. Op die konferensie van 1933 is (p. 16) ’n mosie van Freer aanvaar dat alle groter biblioteke tesame met dié van universiteite saamwerk ten opsigte van intekening op wetenskaplike tydskrifte. As byvoegsel tot die mosie is ook die volgende besluit geneem: “that all libraries which are members of the Association be invited to submit to the Secretary lists of all journals in their Libraries and to send deletions therefrom and additions thereto annually.”

Sedert 1934 was P. Freer besig met die samestelling van sy *Catalogue of Union Periodicals*, waarvan deel I, wat die besit aan tydskrifte op die terrein van die natuurwetenskappe en die tegnologie van sewe en sewentig biblioteke bevat, in 1943 verskyn het, terwyl deel 2 vir die geesteswetenskappe in 1952 die lig gesien het. Op versoek van die Suid-Transvaalse Tak van die Vereniging is die biblioteekbesit van vakbiblioteke in die 1949-byvoegsel van die katalogus geïnkorporeer (SABV-Nuusbrief, 1947:9-10).

Volledigheidshalwe moet hier vermeld word dat die deel van die katalogus oor natuurwetenskappe en tegniek na die aftrede van P. Freer in 1953 deur die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad oorgeneem is, terwyl die samestelling van die deel oor die geesteswetenskappe, wat deur die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing finansiële ondersteun is, tot die einde van 1959 deur die Universiteit

van die Witwatersrand behartig is, waarna die Universiteit van Suid-Afrika die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar het.

Hoewel die Vereniging nie direk met die samestelling van die *Katalogus* gemoeid was nie, is die vordering daarmee steeds met belangstelling gevolg, en op konferensies is dikwels daarvan melding gemaak.

So is op die konferensie van 1960 na bespreking besluit dat die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad en die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing versoek word om die twee katalogusse vir die natuurwetenskappe en die geesteswetenskappe in een katalogus saam te voeg. Verder is die dringende behoefte aan 'n nuwe uitgawe van die katalogus beklemtoon (Konferensie, 1960:98-99; SABV Jaarverslag, 1960-61:10). Aan die versoek is gevolg gegee toe 'n nuwe uitgawe *Tydskrifte in Suid-Afrikaanse Biblioteke*, in 1961 begin verskyn het.

6.2.5.2.3 *Gesamentlike katalogus van proefskrifte en verhandelinge van Suid-Afrikaanse universiteite*

A.M.L. Robinson het in 'n belangrike bibliografiese behoefte voorsien met die samestelling van die *Katalogus van proefskrifte en verhandelinge vir grade deur Suid-Afrikaanse universiteite goedgekeur, 1918-1941*, wat in 1943 verskyn het. As gevolg van die sterk gevoelde behoefte aan die voortsetting van die *Katalogus* het die *Afdeling vir Universiteits- en Spesiale Biblioteke* in 1954 by die konferensie (p. 189) aanbeveel dat die saak aandag geniet. Die konferensie het dit na die *Bibliografiese Komitee* verwys, wat S.I. Malan versoek het om aandag aan die saak te gee. Die resultaat was die publikasie van die *Gesamentlike katalogus van proefskrifte en verhandelinge van Suid-Afrikaanse universiteite, 1942-1958*, saamgestel deur S.I. Malan. Jaarlikse aanvullings vir 1959 en 1960 is deur S.I. Malan voorberei en deur die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gepubliseer. Na Malan se vertrek uit Potchefstroom het die Ferdinand Postma-Biblioteek van 1961 af die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. 'n Kumulasie van die *Katalogus* van 1918 tot 1977 is in 1978 deur dié Biblioteek op mikrofilm beskikbaar gestel.

6.2.5.3 *Indeksering van Suid-Afrikaanse tydskrifte*

Die Vereniging en sy lede het heel vroeg die behoefte aan 'n indeks van tydskrifte wat in Suid-Afrika gepubliseer is, gevoel. In sy epogmakende artikel *Closer co-operation between the libraries of South Africa* (1932), waarna hierbo herhaaldelik verwys is, vestig Freer die aandag op die belangrikheid en noodsaaklikheid van die indeksering van die belangrikste tydskrifte wat in Suid-Afrika gepubliseer is. Op die eerste konferensie van die Vereniging in 1933 (p. 16) het die volgende mosie van mej. E. Hartmann gediën: “that a Committee be appointed to take up the question of indexing South African serials not elsewhere dealt with, that such a Committee enlist the services of volunteers, each to deal with one periodical or more currently or retrospectively as time permits; and that an honorary editor be appointed to receive and file entries for consultation at a central information bureau for the purpose.” Die mosie is aanvaar en na die Raad vir verdere optrede verwys.

In 'n artikel *The indexing of South African periodicals* wat in Julie 1934 in *Suid-Afrikaanse biblioteke* verskyn het, wys mej. Hartmann op die waarde van so 'n indeks vir bibliotekarisse, studente en navorsers en doen sy wenke aan die hand oor die uitvoering van so 'n onderneming.

Teen die einde van 1938 het die Raad op versoek van die Transvaalse Tak mejj. G.F. Elliott en H. Mews gevra om as ereredaktrises van die *Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels* op te tree. 'n Lys van meer as honderd Suid-Afrikaanse tydskrifte is deur 'n groep vrywilligers, bestaande uit lede van die Vereniging en personelede van biblioteke, dwarsdeur die land geïndekseer. In 1940 is drie kwartaal-likse uitgawes uitgegee, wat die eerste drie kwartale van die jaar gedek het, en wat in 'n jaarband opgeneem is.

In die Verslag van die Vereniging, (1939-42:14), word die volgende in verband met die onderneming gestel: “Die gestadigde vooruitgang van die *Repertorium* is 'n goeie voorbeeld van die waardevolle werk wat moontlik is met samewerking selfs in 'n vereniging met so 'n geringe ledetal en sulke skraal middele soos die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Daar is veel roetine en klerikale [sic!] werk aan so 'n onderneming verbonde, en dit is bemoedigend om te vind

dat beloofde hulp gewillig en gereëld volghou is.”

Die werkmethode het ongelukkig gelei tot onvermydelike vertragings en redaksionele probleme, wat meegebring het dat die uitgawe van 1942 eers in April 1945 beskikbaar was. Ongelukkig moes die Vereniging op 30 Junie 1945 om finansiële redes en weens gebrek aan ondersteuning deur biblioteke die samestelling en publikasie van die *Repertorium* staak (SABV-Verslag, 1942-46:3). Gelukkig het die Johannesburgse Openbare Biblioteek ingestem om van hierdie datum af die verantwoordelikheid oor te neem. Die Vereniging is egter op hoogte gehou van die vordering van die *Repertorium*. Op die 1953-konferensie (p. 41) het Kennedy gestel dat die Johannesburgse Openbare Biblioteek van voorneme is om sekere veranderinge in die *Repertorium* aan te bring deur byvoorbeeld meer selektiewe indeksing en vermindering in die omvang van die indeks. In 1959 het Kennedy op die konferensie gerapporteer dat die kumulatiewe uitgawe vir die jare 1950 tot 1959 gered was, en die konferensie het besluit om 'n versoek van die Johannesburgse Openbare Biblioteek vir finansiële hulp vir die uitgee daarvan te steun (Konferensie, 1959:97).

6.3 *Biblioteeksamewerking in Suid-Afrika na 1959*

6.3.1 *Vorbereiding vir die Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede*

Die sterk stimulus vir die optrede van die Vereniging ten behoeve van groter samewerking tussen biblioteke het gekom van 'n mosie van T. Friis voor die konferensie wat in 1959 (p. 88-90) te Potchefstroom gehou is, waarin hy onder meer voorstel dat 'n staatskommissie op hoë vlak benoem word om die bestaande biblioteekstruktuur van die land te ondersoek. Op voorstel van D.H. Varley het die konferensie egter die volgende amendement aanvaar: “that in view of the urgent need in South Africa for library co-operation, and of the fact that the South African Library Association exists to promote such co-operation through the individual actions of its members, an Action Committee of five librarians, under the chairmanship of the President be appointed by Conference, with the following terms of

reference:

“(i) to present concrete proposals for

(a) the planning of an acquisitions policy on a Union-wide co-operative basis, with the aim of ensuring that the maximum variety of library material shall be available in the Union for research and other purposes;

(b) the planning, compilation and administration of a Union Catalogue or Catalogues;

(c) the improvement of inter-library lending facilities; and

(d) the planning of bibliographical services;

(ii) to investigate the need for, and practicability of, central or regional storage of little used material in the Union, its planning and administration, and if necessary, to frame proposals for this purpose;

(iii) to devise and recommend ways and means of carrying out these proposals;

(iv) to discuss other matters incidental to library co-operation;

“that this Action Committee be instructed to report back to Council within six months of its appointment, that Council submit a final report to Conference in September 1960, and further, that it be within the discretion of Council to grant reasonable travel, subsistence and secretarial expenses to the Action Committee to enable them to carry out their work as expeditiously as possible, and to meet in person where this can conveniently be arranged” (Konferensie, 1959:90-91).

Die volgende persone is as lede van die *Aksiekomitee* benoem: mej. L.E. Taylor (presidente as voorsitster), T. Friis, H.M. Robinson, H.C. van Rooy en D.H. Varley.

Tydens die konferensie is 'n voorlopige vergadering gehou en is

verskillende aspekte van die opdrag soos volg aan die individuele lede toegewys met die oog op studie en ondersoek:

Beplanning van 'n uniale aanskafbeleid: H.C. van Rooy

Gesamentlike katalogusse: T. Friis en H.M. Robinson

Fasiliteite vir interbiblioteeklenings: H.M. Robinson

Bibliografiese dienste: D.H. Varley

Sentrale of streeksopberging: L.E. Taylor

Gesamentlike uitleenfasiliteite: T. Friis

Verskaffing van studiemateriaal: H.M. Robinson

Verhouding tussen biblioteekdienste, onderwys vir volwassenes en kulturele organisasies: T. Friis

Organisasie van biblioteke vir blindes: L.E. Taylor (SABV-Jaarverslag, 1959-60:12).

Dit het gou duidelik geword dat die omvang van die opdrag nie deur die vyf bibliotekarisse, wat die werk in hulle vrye tyd moes onderneem, uitgevoer sou kon word nie, en die *Aksiekomitee* is uitgebrei sodat, benevens die vyf oorspronklike lede, in Junie 1962 ook die volgende persone daarop gedien het: H.J. Aschenborn, prof. J. Chr. Coetzee, F. du Plessis, R.F.M. Immielman, R.F. Kennedy, D.G. Kingwill en P.M. Robbertse met mev. H.J.M. Retief as sekretaresse (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1963(2):6). Daar is ook besef dat, indien aanbevelings van die *Komitee* die nodige gewig sou dra dit gebaseer moes wees op grondige en deeglike ondersoek na al die betrokke aspekte. Die Raad van die Vereniging het derhalwe besluit om by die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing om 'n toekening vir die benodigde ondersoek aansoek te doen. Op die vergadering van die *Aksiekomitee* van 23 Februarie 1961 kon H.M. Robinson as voorsitter aankondig dat die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing 'n bedrag van R5 000 vir die doel toegestaan het. Daar is besluit om die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys te versoek om as borg en toesighoudende liggaam oor die werk van die *Aksiekomitee* op te tree (SABV-Jaarverslag, 1960-61:11).

Die *Aksiekomitee* was gelukkig om die dienste van R.F. Kennedy, een van die mees ervare bibliotekarisse in die land, te bekom vir die ondersoek na die stand van die boekevoorraad. Hy het oor 'n tydperk van vier maande al die vernaamste biblioteeksentra persoonlik besoek om 'n opname van die boekevoorraad, aanskalbeleid en die middele tot beskikking van elk te maak. In sy Verslag *Books for study and research* stel hy sy bevindinge soos volg: "It is clear from the schedules that all university libraries have serious deficiencies of stock and that the older university libraries are, because of lack of funds, unable to keep pace with the increase in the number of scientific and scholarly publications and the recent sharp rise in the price of books and periodicals. In other words, our universities have been starved of books. The two national libraries, S.A.P.L. and State Library, are in an even worse plight. The Johannesburg Public Library, which is supported entirely from City funds, has for many years been performing a national function by lending books and periodicals from the Seymour Memorial Library to all parts of the country and more recently by lending music; and by making its resources available to all comers without charge. J.P.L. has the best stocked reference library in the country and is perhaps the most important library unit in the whole national system. It, like the university libraries, is finding difficulty in keeping pace with the increase in the number and price of books, and it is considered that a subsidy should be received from the central government to enable it to continue to perform its national function" (Kennedy, 1962(1):84).

'n Hele aantal senior bibliotekarisse is verder benoem as ondersoek-beamptes om aandag te skenk aan die ander opdragte aan die *Aksiekomitee*. Die resultate van hulle ondersoekte is saamgebundel onder dit titel *Aspekte van die Suid-Afrikaanse Biblioteekstruktuur* (1962) en bevat, benewens die verslag van Kennedy, die volgende verslae:

The providing of personnel in South African libraries: R.F.M. Immelman.

Oorsig oor Suid-Afrikaanse biblioteekdienste:

(a) *Onderwysbiblioteekwese met besondere verwysing na skool- en kollegebiblioteke* : E.C. Groenewald

(b) *Die universiteitsbiblioteek* : P.C. Goetzee

(c) *Introduction to subject libraries* : R.B. Zaaïman

(d) *Public libraries* : R.F. Kennedy

(e) *Nasionale biblioteke* : H.O.K. Zastrau

Pliglewering in Suid-Afrika : J. Willemsc

Die bewaar van kinematografiese en fonografiese materiaal : J. Willemsc

Die gesamentlike katalogus in die Suid-Afrikaanse nasionale leensentrum :
H.J. Aschenborn en T. Friis

Bibliographical investigation : final report: D.H. Varley

Library services to the blind and otherwise handicapped persons : F.G. van der
Riet en C.J. Fourie

Die volgende aanvullende verslae is afsonderlik gepubliseer: *Guide to sources of information in the humanities* deur R. Musiker en *Gids tot fonografiese dienspunte in Suidelike Afrika* deur O.H. Spohr.

Die *Aksiekomitee* het in 1960 aan die konferensie 'n aantal aanbevelings in verband met sy optrede, wat eintlik as 'n vorderingsverslag beskou kan word, voorgelê (Konferensie, 1960:97-106). By die geleentheid het H.M. Robinson (1961(1):74-75) die volgende gestel: "Ons uitgangspunt was deurgaans die bevordering van vrywillige samewerking tussen biblioteke in 'n gees van gee en neem, met behoud van volle outonomie en identiteit, maar met gesamentlike benadering van gemeenskaplike probleme en met die begeerte dat elkeen van ons kollegas sal onderneem om hulle inrigtings nie as losstaande troetelkindjies of as geïsoleerde eilandjies te sien nie, maar as wesenlike deel van die land se kulturele besit. Almal van ons verklaar dat ons glo in biblioteke wat sal bydra tot die behoud en ontplooiing van die individualiteit van sy gebruikers en daarom ook in biblioteke wat in die eerste en laaste instansie die besit en verantwoordelikheid moet wees van die inrigting of groep of gemeenskap wat hul dien. Ons vertrou egter dat almal met ons sal saamstem dat ons klein groepie met 'n groot taak sekere dienste en

ondernemings saam moet beplan en dat ons soms die hulp van hoër instansies moet inroep om ons planne ten uitvoer te bring.”

Om te verseker dat die Vereniging die samewerking, bystand en ondersteuning van die biblioteekowerhede sou verkry, is besluit om die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap te versoek om 'n nasionale konferensie te belê waarheen, benewens senior bibliote-karisse, verteenwoordigers van stadsrade, die hoofde van universiteite en van provinsiale onderwysdepartemente, lede van die uitvoerende komitees van die Provinsies, uitvoerende amptenare van groter navorsings- en wetenskaplike inrigtings en voorsitters en lede van die rade van kuratore van nasionale biblioteke uitgenooi sou word. In die *SABV-Nuusbrief*, 12(10):179, April 1961 kon die president met genoeg aankondig dat die Minister die versoek toegestaan het en dat 'n nasionale konferensie onder sy beskerming gereël sou word.

Die verslae van die ondersoekbeampes is indringend deur die *Aksiekomitee* bestudeer en aan 'n programkomitee bestaande uit H.M. Robinson as voorsitter van die *Aksiekomitee*, P.C. Coetzee, H.J. Aschenborn, S.J. Kritzingen en H.O.K. Zastrau, is opdrag gegee om daaruit 'n reeks beredeneerde voorstelle te distilleer (*SABV-Jaarverslag*, 1961-62:11). Die eerste reeks voorstelle, wat as 'n konsepont-wikkelingsprogram gegeld het, is deur die *Aksiekomitee* hersien en aansienlik gewysig. 'n Nuwe konsep is saam met die *SABV-Nuusbrief*, 13 (11), Mei 1962 gepubliseer met die versoek dat dit op takvergaderings bespreek moes word, sodat lede van die Vereniging in staat sou wees om kommentaar daarop te lewer en wysigings voor te stel. Op 'n buitengewone konferensie van die Vereniging wat van 18 tot 20 Junie 1962 te Johannesburg gehou is en deur honderd en sewentien persone bygewoon is, is die konsepontwikkelingsprogram intensief behandel en verdere wysigings is daarin aangebring (Konferensie, 1962(1):12 ev.). Coetzee (1962(2):19) stel dat op die wyse 'n stuk gepubliseer is wat in die meeste opsigte beskou kan word as 'n weergawe van die konsensus van die biblioteekprofessie.

Dit val nie binne die bestek van hierdie studie om 'n volledige weergawe van al die aktiwiteite van die *Aksiekomitee*, van die besprekings wat gevoer is, van die aanbevelings van die verskillende ondersoekbeampes, wat aan die *Komitee* voorgelê is, te verstrek

nie. Die omvang daarvan en van die aanbevelings in die *Program vir verdere ontwikkeling* vervat, regverdig 'n afsonderlike studie.

6.3.2 *Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede*

Op versoek van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Sy Edele Senator Jan de Klerk, die *Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede* vir 5 en 6 November 1962 saamgeroep. In sy openingstoespraak het die Minister gesê dat die *Konferensie* in die teken van die volwassenheid van die Suid-Afrikaanse biblioteekwese staan. Hy het die *reusagtige spronge* waarmee biblioteke ontwikkel het saaklik geskets en verder gestel dat ons vir ons blote selfbehoud afhanklik is van die buitelandse wetenskaplike navorsing en dat ons derhalwe moet verseker dat ons die beste van die produksie moet verkry en ten beste in ons land moet aanwend. Hy het beklemtoon dat ons moet tred hou met die fantastiese ontwikkeling van die Weste en gestel dat hy meen dat die geld wat in 'n biblioteek belê word groter wins afwerp as 'n belegging in mynaandele (Transvaler, 1962:5).

Die *Konferensie* het onder die bekwame voorsitterskap van P. Grobelaar, waarnemende sekretaris van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, plaasgevind en is bygewoon deur twee honderd en tien persone wat ongeveer honderd biblioteekowerhede verteenwoordig het (SABV-Jaarverslag, 1962-63:8). Onder die aanwesiges was benewens bibliotekarisse onder meer die rektore van agt universitêre inrigtings, akademici, die Kontroleur en Ouditeur-Generaal, hoofde van staatsdepartemente, verteenwoordigers van die provinsiale administrasies, van geleerde verenigings, navorsingsliggame en stadsrade.

Die *Program vir verdere ontwikkeling: inleiding en voorstelle*, soos goedgekeur deur die buitengewone konferensie van die Vereniging, het as agenda gedien. Die voorstelle daarin vervat, is na deeglike bespreking met wysigings aanvaar en is as die finale *Program vir verdere biblioteekontwikkeling in die Republiek van Suid-Afrika in Suid-Afrikaanse biblioteke* gepubliseer (30(3), Januarie 1963). Die volledige notule van die konferensie het in die *SABV-Nuusbrief*, 14(6):87-133, Desember 1962 verskyn.

Inleidend word in die *Program vir verdere biblioteekontwikkeling in die Republiek van Suid-Afrika* die belangrike rol wat biblioteke en biblioteekdienste in die intellektuele vorming, voorligting en ontwikkeling van die inwoners van die Republiek behoort te speel, die onontbeerlikheid daarvan vir studie en navorsing en die noodsaaklikheid van die kragdadige uitbouing van die land se biblioteke op koöperatiewe grondslag ten behoeve van die hele bevolking beklemtoon. Dit hou in die eerste plek in dat die verskillende tipes biblioteke in staat gestel moet word om hulle primêre taak teenoor hulle eie gebruikers na behore uit te voer, en verder dat elke biblioteek, met behoud van sy outonomie, sy voorraad en dienste in wyer kring beskikbaar stel om so deel te vorm van 'n gekoördineerde *nasionale biblioteekdiens* (Program vir verdere biblioteekontwikkeling, 1963: paragrawe 1.1 — 1.4).

Ten opsigte van die *koöperatiewe uitbouing* van biblioteekvoorraad word aanbeveel dat dit op drie vlakke moet geskied: die *basiese voorraad* van elke biblioteek om hom behoorlik toe te rus vir die voorsiening in die behoeftes van sy eie gebruikers as sy primêre taak (paragrafe 2.1.3 — 2.1.3.1); 'n *minimum gebruikversameling* op streekbasis deur biblioteke in die streek om te voorsien in die normale behoeftes van geleerdes en navorsers binne die geografiese gebied (paragraaf 2.1.3.2), in verband waarmee aanbeveel word dat die land (vir die doel) in agt streke verdeel word (paragrafe 2.1.4 — 2.1.4.8) en dat die hoofde van betrokke biblioteke binne elke streek in 'n advieskomitee gekonstitueer word vir die nodige koördinering en beplanning (paragraaf 2.1.5.4); en 'n selektiewe versameling *gespesialiseerde materiaal as nasionale navorsingsvoorraad*, wat deur die wetenskaplike biblioteke van die land gesamentlik uitgebou moet word by wyse van vakspesialisasie en na bestudering van die behoeftes en deeglike beplanning (paragrafe 2.2 — 2.2.2.6). Die *Konferensie* is daarvan oortuig dat hierdie uiters belangrike onderneming alleen met welslae uitgevoer kan word as die Regering biblioteke uit 'n *sentrale fonds* vir die aankoop van dergelike materiaal ondersteun (paragrafe 2.2.3 — 2.2.3.3).

Voorts versoek die *Konferensie* die Regering om goedkeuring te heg aan die stigting van 'n *Komitee vir die Nasionale Boekevoorraad*, wat verantwoordelik sal wees vir die koördinering van die uitbou van die minimum gebruikversamelings in die streke en vir ondersoek na en

beplanning en uitbou van die navorsingsvoorraad (paragrafe 2.2.4 — 2.2.4.1.4.4).

Die *Konferensie* beklemtoon die onontbeerlikheid van 'n uitgelese, goed opgeleide, ervare en besielde *personeel* vir die doeltreffende uitbouing van die biblioteekwese van die Republiek en spreek sy ontsteltenis uit oor die verlammeende tekort aan bevoegde en bestendige werkkragte (paragraaf 3.1). Hy beveel aan dat stappe gedoen word om 'n gesonder personeelbeleid in werking te stel; dat meer beurse vir biblioteekkundige studie beskikbaar gestel word; dat die werwing van biblioteekwerkers intensiewer en doeltreffender moet wees; dat die nodige fasiliteite geskep word vir die opdoen van ervaring onder bevoegde leiding (paragrafe 3.2 — 3.6); dat groter voorsiening gemaak moet word vir gevorderde en gespesialiseerde kursusse en dat die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap biblioteekkunde sal toevoeg tot die lys van departemente waarvoor in die formule vir die subsidiëring van universiteite basiese voorsiening gemaak word (paragrafe 3.7 — 3.7.1.3.4).

Die *Konferensie* het met besorgdheid kennis geneem dat die navorsing in verband met Suid-Afrikaanse biblioteekkundige probleme as gevolg van die nypende personeeltekort in 'n hoë mate verwaarloos is en beveel derhalwe aan dat 'n *Koördineringskomitee vir Biblioteeknavorsing* in die lewe geroep word (paragrafe 3.7.2 — 3.7.3.1) met as taak die beplanning en koördinerings van biblioteekkundige navorsing op nasionale vlak, voortdurende ondersoek na nuwe terreine vir biblioteeksaamewerking, hersiening van die biblioteekontwikkelingsprogram en advies in verband met die nasionale patroon van die biblioteekwese (paragrafe 3.7.3.2 — 3.7.3.2.4).

Die verskillende *tipes biblioteke* (onderwys-, universiteits-, vak-, openbare en nasionale biblioteke) word behandel, en die plek en taak van elk binne die nasionale patroon van die biblioteekwese word omskryf met aanduiding van heersende gebreke by elke tipe en aanbevelings vir behoorlike funksionering (paragraaf 4).

In verband met die *bewaring van nasionale biblioteekmateriaal* spreek die *Konferensie* die vertroue uit dat die vyf biblioteke in die land wat volgens wet pligeksemplare van Suid-Afrikaanse publikasies ontvang,

die voorreg moet bly geniet en dat die betrokke owerhede die biblioteke deur middel van die nodige geldelike steun in staat moet stel om die pligkeksemplaarversamelings doeltreffend te huisves, te orden en te administreer en om dit permanent te bewaar, sodat dit vir huidige en toekomstige gebruikers toeganklik sal wees (paragrafe 5.1 — 5.1.6).

Voorts word 'n aantal wysigings van die bestaande Wet op Pliglewering (nr. 9 van 1916) by die Sentrale Regering aanbeveel om doeltreffender *pliglewering* te verseker (paragrafe 5.1.7 — 5.1.7.7).

Die *Konferensie* beveel verder aan dat ook *oudiovisuele materiaal* van dokumentêre aard vir studie- en navorsingsdoeleindes bewaar moet word en dat die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap versoek word om 'n vergadering van alle belanghebbende organisasies te belê om 'n kinematografiese en fonografiese instituut te stig (paragrafe 5.2.1 — 5.2.1.3).

In die besef dat die voorgestelde nasionale koöperatiewe biblioteekstelsel slegs dan doeltreffend kan funksioneer en die voorgestelde nasionale boekevoorraad slegs dan ten volle benut kan word as voorsiening gemaak word vir die nodige *hulp- en skakeldienste*, beklemtoon die *Konferensie* die noodsaaklikheid van die volgende:

Sentrale katalogusse van monografieë op alle vakgebiede en van tydskrifte op die gebied van die humaniora by die Staatsbiblioteek as die verantwoordelikheid van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap;

'n *sentrale katalogus* van tydskrifte van die natuurwetenskappe en tegnologie by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad as die verantwoordelikheid van hierdie liggaam (paragrafe 6.2 — 6.2.5.1);

'n goed georganiseerde *interbiblioteekleningstelsel* as verantwoordelikheid van die Staatsbiblioteek met die wenslikheid van ondersoek na moderne kommunikasie-middele soos teleks vir die bespoediging van lenings en met 'n versoek aan die Regering dat studiemateriaal kosteloos per pos versend word (paragrafe 6.3.1 — 6.3.3.2);

'n *Suid-Afrikaanse bibliografiese buro* onder beheer van 'n Nasionale Bibliografiese Raad vir die beplanning, bevordering, koördinerings en onderneming van bibliografiese dienste en die ondersoek, standaardisering en koördinerings van dokumentasie- en inligtingsdienste (paragrafe 6.4.1 — 6.4.7.4) en

die sentralisering van die ontvangs en verspreiding van waardevolle duplikaat- en ander oortollige materiaal van biblioteke by die Afdeling Staatsbiblioteekdienste van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (paragrafe 6.6.2 — 6.6.2.2).

Die *Konferensie* het verder aanbevelings gedoen oor biblioteekdienste aan spesiale groepe soos blindes en ander gestremde persone, die rol van biblioteke in die onderwys aan volwassenes en in die voorsiening in die studiebehoefes van Nie-Blanke-studente (paragraaf 7).

Die *Konferensie* het die noodsaaklikheid gevoel dat 'n liggaam in die lewe groep word wat hom sal beywer vir die uitvoering van sy besluite, wat die werksaamhede van die *Komitee vir die Nasionale Boekevoorraad*, die *Komitee vir Biblioteeknavorsing* en die *Nasionale Bibliografiese Raad* sal koördineer, wat aansoeke om finansiële steun aan die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap sal voorlê en die Departement sal adviseer in verband met die besteding van gelde wat bewillig word, en wat as skakelligaam tussen verskillende biblioteekowerhede sal optree. Daar is derhalwe aanbeveel dat 'n *Suid-Afrikaanse Adviserende Biblioteekraad* in die lewe groep word, wat soos volg saamgestel moet word: die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap (*voorsitter*), die President van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging (*ondervoorsitter*), die voorsitters van die bogenoemde drie komitees, *agt* lede deur die Sentrale Regering benoem wat die verskillende biblioteektipes en dienste verteenwoordig en *vyf* lede, ook deur die Regering benoem, om navorsingsliggame en verenigings van geleerdes te verteenwoordig (paragraaf 8).

Die *Konferensie* het met waardering kennis geneem van die werk wat sedert sy stigting — as uitvloeisel van die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1928) — deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gedoen is in verband met die opleiding van biblioteekwerkers, die skepping van middele tot biblioteeksamewerking en die bevordering

en uitbouing van die Suid-Afrikaanse biblioteekwese in die algemeen (paragraaf 8.1.1). Hy het ook sy waardering betuig vir die voorbereidingswerk wat die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging verrig het vir die nasionale byeenkoms van biblioteekowerhede en het die wens uitgespreek dat die Vereniging moet voortgaan om daartoe by te dra om die biblioteekwese van die Republiek vir diens te mobiliseer (paragraaf 8.1.2).

6.3.3 *Uitvoering van die aanbevelings van die Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede*

Op die konferensie van die Vereniging, wat op 7 November 1962 gehou is, is aan die Raad opgedra om die nodige aandag te skenk aan die uitvoering van die besluite van die *Nasionale Konferensie* (Konferensie, 1962:84). Die Raad het onmiddellik aandag aan die saak geskenk en op sy vergadering die volgende dag 'n subkomitee bestaande uit H.C. van Rooy, C.J.H. Lessing (sekretaris), P.C. Coetzee, mev. H.J.M. Retief, S.J. Kritzinger, H.M. Robinson en H.O.K. Zastrau benoem om aandag aan die opdrag te skenk in sover dit binne die terrein van die Vereniging val (Raad. Notule, 8 November 1962:12). Die president, F. du Plessis, en R.F.M. Immelman is versoek om ten spoedigste die besluite van die *Nasionale Konferensie* wat betrekking het op beter finansiële voorsiening aan universiteitsbiblioteke en op die toevoeging van biblioteekkunde tot die lys van departemente waarvoor basiese voorsiening in die subsidieformule vir die universiteite gemaak word, oor te dra aan prof. A.C. Cilliers, voorsitter van die departementele komitee wat met die hersiening van die subsidieformule besig was.

Die *Subkomitee* het op sy eerste vergadering, gehou op 28 November 1962, ooreenkomstig die besluite van die *Nasionale Konferensie* aandag geskenk aan die samestelling van 'n komitee vir die nasionale boekevoorraad, 'n navorsingskomitee, 'n Suid-Afrikaanse bibliografiese raad en 'n Suid-Afrikaanse adviserende biblioteekraad. Op die vergadering van 4 Februarie 1963 het H.C. van Rooy verslag gedoen oor 'n onderhoud wat hy met die Minister gehad het oor stappe wat die Vereniging intussen kan doen. Die Minister se advies was dat daar eers gewag moes word met die daarstelling van die voortsettingsliggame, totdat hy geleentheid gehad het om die hele saak te oorweeg.

Hy het egter gestel dat hy by eventuele benoemings op die liggame die advies van die Vereniging sou verwelkom.

'n Verdere onderhoud is op 16 Julie 1963 deur die president, F. du Plessis, H.C. van Rooy en H.M. Robinson, met die Minister gevoer, en op die vergadering van die Uitvoerende Komitee van die Raad, gehou op 27 Julie 1963 kon die president rapporteer dat hulp reeds verleen is vir biblioteekvoorsiening vir blindes en dat 'n skema vir beter finansiële voorsiening van nasionale biblioteke aandag geniet. Na aanleiding van die onderhoud het die Minister op 3 Augustus 1963 'n openbare verklaring uitgereik waarin hy onder meer stel dat:

“(a) Die Ontwikkelingsprogram ... sorgvuldig deur hom oorweeg is en dat hy bereid is om die aanbevelinge te geleëner tyd aan die Kabinet voor te lê;

(b) daar trouens reeds sekere stappe gedoen word wat in ooreenstemming is met sommige van die aanbevelings van die Konferensie, en

(c) hy stappe sal doen om vas te stel of die meer belanghebbende instansies die aanbevelinge van die Konferensie onderskraag in soverre hulle daarmee gemoeid mag wees, en veral om hulle sienswyses te verkry oor die voorgestelde liggame vir die uitvoering van die program van biblioteeksamewerking wat in die vooruitsig gestel word.

“Vir hierdie doel het die Minister besluit om 'n Interim-Komitee te benoem onder die voorsitterskap van die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap of sy verteenwoordiger, om die kommentaar te oorweeg en by hom voorstelle te doen oor die implementering van die aanbevelings van die Konferensie” (SABV-Jaarverslag, 1963-64:12-13).

Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het in opdrag van die Minister aan belanghebbende biblioteekowerhede geskryf om hulle sienswyses te verkry oor die aanbevelings in die *Ontwikkelingsprogram* vervat (SABV-Jaarverslag, 1963-64:13).

Verder het die Minister in dieselfde jaar die volgende persone as *Interimkomitee* benoem onder voorsitterskap van die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap of sy verteenwoordiger om die kommentaar van biblioteekowerhede te oorweeg en by hom voorstelle te doen oor die uitvoering van die aanbevelings van die *Konferensie*: F. du Plessis, president SABV (vis-voorsitter), L.J.T. Biebuyck, Direkteur van Onderwys, Natal, prof. P.W.G. Groenewoud, D.G. Kingwill, A.M.L. Robinson, H.M. Robinson, mej. A.H. Smith, H.C. van Rooy en S.J. Kritzinger (SABV-Jaarverslag, 1963-64:13).

Met die benoeming van die *Interimkomitee* deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap het die verantwoordelikheid vir die uitvoering van die besluite van die *Nasionale Konferensie* van die Vereniging oorgegaan in die hande van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, en het die *Voortsettingskomitee* van die Vereniging ontbind.

Die oorweging deur biblioteekowerhede van die aanbevelings vervat in die *Program vir verdere biblioteekontwikkeling* het 'n geruime tyd in beslag geneem, met die gevolg dat die *Interimkomitee* eers op 8 April 1964 kon vergader (SABV-Jaarverslag, 1963-64:13). Op 30 April 1964 het die *Komitee* onder meer by die Minister aanbeveel dat die Regering versoek word om die *Program vir verdere biblioteekontwikkeling* amptelik in beginsel te aanvaar as 'n grondslag waarop die nouer vrywillige samewerking tussen al die verskillende outonome biblioteekowerhede uitgebou kon word ter verwesening van 'n doeltreffende nasionale biblioteekdiens; dat die Minister versoek word om so spoedig moontlik die voorgestelde voortsettingsliggame, die *Suid-Afrikaanse Adviserende Biblioteekraad*, die *Komitee vir Nasionale Boekevoorraad* en die *Nasionale Bibliografiese Raad*, in te stel en om sekere bedrae te bewillig vir die uitbou van die nasionale biblioteekstruktuur.

As gevolg van die moeilike finansiële omstandighede kon die Regering nie die fondse beskikbaar stel nie, en gevolglik ook nie die stigting van die voortsettingsliggame goedkeur nie. Die Minister het egter in 1967 die benoeming van 'n nasionale biblioteekadviesraad goedgekeur om hom te adviseer oor enige biblioteekaangeleentheid wat hy na die Raad verwys en oor sake wat die Raad as wenslik of

noodsaaklik beskou het. Die *Nasionale Biblioteekadviesraad*, wat op 23 April 1968 sy eerste vergadering gehou het, het uit die volgende persone bestaan: H.C. van Rooy (voorsitter), S.I. Malan (ondervoorsitter), J. du P. Scholtz, R.B. Zaaiman, R.F.M. Immelman, H.M. Robinson, D.G. Kingwill, mej. A.H. Smith en prof. O.P.F. Horwood (*Nasionale Biblioteekadviesraad*, 1973:1).

Die *Adviesraad* het van sy stigting af aandag geskenk aan die uitvoering van die aanbevelings vervat in die *Program vir verdere biblioteekontwikkeling* en het vir die doel, met die goedkeuring van die Minister, die volgende komitees benoem: *Komitee oor die Uitbouing van die Nasionale Boekevoorraad*, *Komitee oor die Wet op Pliglewering*, *Komitee oor Nasionale Biblioteke*, *Ondersoekkomitee oor Biblioteek- en Inligtingsdienste* wat op nasionale vlak gelewer behoort te word, *Komitee oor Inligtingsontsluiting*, *Komitee oor Bibliografiese Dienste* en 'n *Komitee oor Opleiding* (*Nasionale Biblioteekadviesraad*, 1973:3). Aangesien die werksaamhede van die *Adviesraad* buite die bestek van hierdie studie val, word dit nie verder behandel nie.

Hoewel die verantwoordelikheid vir die uitvoering van die besluite van die *Program vir verdere biblioteekontwikkeling*, soos hierbo gestel, in 1963 oorgegaan het in die hande van die *Interimkomitee*, en dit in 1967 oorgeneem is deur die *Nasionale Biblioteekadviesraad*, het die saak steeds die aandag van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging bly geniet. Die vertraging in die daarstelling van die voorgestelde voortsettingsliggame het die vordering in die uitvoering van die aanbevelings lam gelê en het 'n gevoel van frustrasie by baie lede van die Vereniging laat ontstaan en het verder die gevaar ingehou dat biblioteekowerhede hulle belangstelling in die saak kon verloor. Op vergaderings van die Raad en sy Uitvoerende Komitee was die saak herhaaldelik op die agenda en op konferensies is dit dikwels te berde gebring.

Die uittredende president, F. du Plessis, het op die 1964-konferensie (p. 66) in sy rede daarop gewys dat die uitvoering van die besluite van die *Nasionale Konferensie* nie begin kan word voordat die goedkeuring van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap verkry is nie, en hy het die hoop uitgespreek dat die toestemming nog gedurende die loop van die jaar verkry sou kon word.

By geleentheid van die konferensie van 1965 (p. 77-78) is 'n spesiale voorkonferensiebyeenkoms gereël waarop veral die saak van die uitbouing van biblioteke se boekevoorrade op koöperatiewe grondslag bespreek is. Die aanbevelings wat hieruit voortgevoel is, is deur die konferensie aanvaar en na die Raad verwys vir verdere ondersoek. In sy presidentsrede voor die konferensie het H.C. van Rooy (1966(3):87), toe hy na die vertraging in die uitvoering van die aanbevelings van die *Program vir verdere biblioteekontwikkeling* verwys het, 'n bemoedigende toon probeer aanslaan: "We should not, however, deplore this delay as a sheer waste of time. As I see it, we must also regard it as a time for most fruitful reflection by all people concerned. We have now reached the stage at which we as librarians, as members of the S.A. Library Association, are called upon to do the essential spade work for the implementation of the *Programme for future Library Development*, of which the improvement of our library resources, and especially of our national research stock, forms a fundamental aspect." Hy het verder in sy rede gehandel oor die opbou van die nasionale boekevoorraad en het verwys na die koöperatiewe aanskaffingsprogramme in verskillende lande. Hy het beklemtoon dat die Vereniging met die nodige aanvoer- en voorbereidingswerk moet begin en hy sluit af met die volgende: "Soos ons voorgangers in hierdie Vereniging die uitdaging van grondliggende bouwerk gehad het, staan ons vandag voor die uitdaging om die "blue print" van ons toekomstige biblioteekontwikkeling, soos vervat in die *Ontwikkelingsprogram*, te verwesenlik. Die biblioteeksaak het reeds sover deurgeslaan dat ons die belangstelling en goeie wil van ons biblioteek- en landsowerhede verwerf het. Op ons, en op die toekomstige lede van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging se besielde en toegewyde arbeid, wag die verdere ontplooiing van die biblioteekwese in die Republiek" (Van Rooy, 1966(3):94).

Na aanleiding van die opdrag van die konferensie en van 'n mededeling dat die Regering nog nie besluit het om die voortsettingsliggame in te stel nie het die Raad op voordrag van die Uitvoerende Komitee besluit om die volgende voorlopige komitees in te stel wat die voorbereidingswerk vir die latere liggame kon doen (Uitvoerende Komitee. Notule, 6 Mei 1966:146-148): 'n *Komitee van ondersoek na die opbou van minimum gebruiksaamstellings*; 'n *Komitee van ondersoek na die uitbou van 'n nasionale versameling gespesialiseerde materiaal wat terreine*

vir vakspesialisasie moes bepaal; 'n *Navorsingskomitee* wat verantwoordelik gestel is vir die beplanning en koördinerings van biblioteekkundige navorsing en 'n *Bibliografiese Komitee* wat belas is met die beplanning, bevordering, koördinerings en onderneming van bibliografiese dienste.

Hiermee het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging 'n belangrike eerste stap gedoen ter bevordering van die uitvoering van die besluite van die *Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede*.

Aan die Raad is gereeld gerapporteer oor die vordering van die ondersoek en konferensies het met belangstelling van die vorderingsverslae kennis geneem. As voorsitter van die *Nasionale Biblioteekadviesraad* het H.C. van Rooy ook konferensies van die Vereniging gereeld op hoogte gehou met die vordering en werksaamhede van hierdie Raad. Aangesien dit geblyk het dat die ondersoek van die Vereniging en dié van die *Adviesraad* mekaar begin oorvleuel het, het die Raad op 18 September 1971 (p. 61) besluit om sy *Komitee vir die uitbou van 'n nasionale boekevoorraad* te ontbind. Die Vereniging het hom egter bereid verklaar om die *Adviesraad*, indien gewens, met sy ondersoek behulpsaam te wees.

6.3.4 *Verdere optrede van die Vereniging ter bevordering van bibliografiese dienste*

6.3.4.1 *Inleiding*

Die optrede van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in belang van die voorsiening van bibliografiese hulpmiddele tot 1959 is in afdeling 6.2.5 en sy onderafdelings geskets. Na 1959 het die Vereniging onverpoos voortgegaan met sy aktiwiteite op die gebied.

6.3.4.2 *Katalogisering*

Op die konferensie van 1959 (p. 94) het E.A. Brett van die Johannesburgse Openbare Biblioteek 'n verslag van 'n studie oor *Cataloguing procedures and costing* voorgelê, waarin hy gewens verstreke het van die koste van verskillende katalogiseringsprosesse en sekere verkwistende prosedures uitgewys het. Die waarde van die gewens deur hom verstreke was daarin geleë dat dit kon dien as basis vir standarde

waarteen ander biblioteke hulle koste aan katalogisering kon meet.

Gedurende 1958 het die *International Federation of Library Associations* besluit om 'n internasionale konferensie oor katalogiseringsprobleme byeen te roep en die Raad van die Vereniging het op uitnodiging R. Musiker as sy korrespondent benoem. Tydens die 1960-konferensie is 'n Suid-Afrikaanse *Nasionale Komitee oor Katalogiseringsprobleme* saamgestel met mej. E. Hartmann as sameroeper. Die hoofsaak van die *Komitee* was samewerking met die *International Federation of Library Associations* se *International Conference on Cataloguing Principles* (SABV-Jaarverslag, 1960-61:18). Verder het dit hulp verleen aan Suid-Afrikaanse biblioteke met die oplossing van hulle katalogiseringsprobleme. In samewerking met die *International Federation* is ondersoeke ingestel na sake soos die funksies van die hoofwoorde, katalogiseringsprobleme in verband met korporatiewe outeurskap, meervoudige outeurskap, anonieme werke, skrywers wie se name verander, reekspublikasies, name in verskillende tale (SABV-Jaarverslag, 1960-61:18), die alfabetisering van vanne met voorvoegsels (SABV-Jaarverslag, 1962-63:15) en die samestelling van 'n internasionale lys van die name van State (SABV-Jaarverslag, 1963-64:16).

R. Musiker het die Vereniging op die Internasionale Konferensie oor Katalogiseringsprobleme, gereël deur die *International Federation of Library Associations*, in 1961 in Parys verteenwoordig. Van sy hand het die volgende artikels verskyn: *Design for a new cataloguing code; a report on the International Conference on Cataloguing Principles, Paris, 1961; South African cataloguing practice: a preliminary survey; Bilingual catalogues - a survey of South African Practice; Summary of principles adopted by the International Conference on Cataloguing Principles; en Current issues in South African cataloguing practice.*

Op die vyftiende vergadering van die *Komitee*, wat op 22 Februarie 1968 gehou is, is veral aandag geskenk aan die pas verskene Britse uitgawe van die *Anglo-American Cataloguing Rules* en sy implikasies vir biblioteke. By die geleentheid is ook probleme wat ontstaan het in verband met die meganisering van die *Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie* behandel. Aangesien hierdie *Bibliografie* 'n leidende rol by die vasstelling van katalogiseringsgebruike in Suid-Afrika speel, is die behoefte gevoel aan 'n Suid-Afrikaanse Nasionale katalogiserings-

kode, gebaseer op die nuwe *Anglo-American Cataloguing Rules*, waarin die probleme van meganisering in ag geneem moes word (SABV-Jaarverslag, 1967-68:41).

'n Ander saak wat die aandag van die Vereniging geniet het, was die opstel van 'n lys van Afrikaanse saakterme vir gebruik in die kruiskatalogus. Reeds op die konferensie van 1948 is 'n subkomitee benoem met die volgende opdrag: "Om 'n begin te maak met die beplanning en opstelling van 'n Afrikaanse lys van trefwoorde (subject headings) en om die nodige praktiese hersiening en wysigings voor te stel aan die bestaande lys van Engelse trefwoorde wat nodig mag wees vir gebruik in Suid-Afrikaanse biblioteke" (SABV-Jaarverslag, 1948-49:10; Raad. Notule, 6 Januarie 1949). Die ondersoek van die subkomitee is beëindig toe H.C. van Rooy in 1957 gerapporteer het dat die Ferdinand Postma-Biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys besig is met die opbou van 'n lys van saakterme op die basis van die *List of subject headings* van die *Library of Congress*. Hierdie lys, wat tans ongeveer twintigduisend inskrywings bevat, word op aanvraag aan ander biblioteke voorsien en sal waarskynlik in gerekenariseerde vorm in die databasis van die *Suid-Afrikaanse Bibliografiese en Inligtingsnetwerk* (SABINET) opgeneem word.

Ook die belangrike dog netelige saak van sentrale katalogisering het die aandag van die Vereniging geniet. Op die 1966-konferensie (p. 68) is besluit om die Raad te versoek om die Staatsbiblioteek te nader om ondersoek in te stel na die wenslikheid en moontlikheid van sentrale katalogisering. Op die volgende konferensie het H.J. Aschenborn (1967:131-143) 'n voordrag gelewer oor *Sentrale katalogisering van Suid-Afrikaanse publikasies en 'n sentrale katalogiseerdiens vir Suid-Afrikaanse biblioteke*, en is die Raad opnuut versoek om die vraag van sentrale katalogisering van binnelandse materiaal vir Suid-Afrikaanse biblioteke deeglik te ondersoek (Konferensie, 1967:86). Volgens die beskikbare bronne is die saak nie verder gevoer nie.

Dit is nie moontlik om binne die bestek van hierdie studie meetbare resultate van die optrede van die Vereniging in verband met katalogisering in Suid-Afrikaanse biblioteke te bepaal nie. Dit het egter sonder twyfel bygedra tot ontwikkelinge wat later gevolg het.

Verskeie van die sake hierbo genoem is deur die *Nasionale Biblioteek-adviesraad* verder gevoer en het in 'n mate as ondergrond gedien vir die werksaamhede van die *Komitee vir Gerekenariseerde Katalogisering* wat uitgeloop het op die stigting van die *Suid-Afrikaanse Bibliografiese en Inligtingsnetwerk*.

6.3.4.3 *Bibliografiese dienste*

Tot 1962 het die *Bibliografiese Komitee* van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging belangrike hulp aan die *Aksiekomitee vir biblioteek-samewerking* verleen in verband met ondersoeke na en die formulering van voorstelle ten opsigte van bibliografiese dienste vir voorlegging aan die *Nasionale Konferensie*, 1962.

Op die konferensie van die Vereniging van 1960 het D.H. Varley, wat lid was van die *Bibliografiese Komitee* en die *Aksiekomitee*, 'n voordrag gelewer oor *The planning of bibliographical services in South Africa*. By dieselfde geleentheid het die konferensie die volgende aanbeveling van die *Aksiekomitee* bespreek en bekragtig: "that a Bibliographical Centre be established (a) to promote the development of bibliographic and information services in South Africa; (b) to serve as a clearing house of information on bibliographical projects and methodology; (c) to co-ordinate effort and to assist in the determination of bibliographical priorities; (d) in collaboration with other institutions to undertake and encourage the filling of lacunae in the national bibliographical equipment; (e) to serve as the headquarters of a national working group and that the necessary funds be provided for its maintenance" (Konferensie, 1960:99).

Volgens die jaarverslag van die Vereniging (1960-61:13), het die *Aksiekomitee* 'n versoek tot die *Bibliografiese Komitee* gerig om 'n duidelike beeld van die land se bibliografiese behoeftes en tekortkominge te formuleer en om die koste van die aanvulling van hierdie tekortkominge te beraam. In uitvoering van die opdrag is 'n werkprogram en 'n begroting opgestel, wat deur die *Aksiekomitee* goedgekeur is as deel van die voorlopige opname wat met die ondersteuning van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing onderneem is.

Lede van die *Komitee* het 'n aktiewe aandeel geneem in die ondersoek wat onder toesig van die *Aksiekomitee* uitgevoer is. In afdeling 6.3.1 is verwys na die ondersoek van R. Musiker, wat die publikasie van sy *Guide to sources of information in the humanities* tot gevolg gehad het, en na O.H. Spohr se hersiening van sy *Gids tot fotografiese dienspunte in Suidelike Afrika*. Spohr het ook 'n oorsig van fotografiese reproduksie-metodes en -tegnieke voltooi wat aan lede van die Vereniging beskikbaar gestel is. D.H. Varley het 'n verslag opgestel oor die vernaamste bibliografiese behoeftes van Suid-Afrika met voorstelle vir die aanvulling daarvan (SABV-Jaarverslag, 1961-62:17).

Een van die aanbevelings van die *Bibliografiese Komitee*, wat deur die *Aksiekomitee* ondersteun is, en deur die buitengewone konferensie van die Vereniging in Junie 1962 aanvaar is, was dat 'n *Nasionale Bibliografiese Instituut* gestig moes word, wat die werk van die *Bibliografiese Komitee* sou kon voortsit. In afdeling 6.3.2 is gestel dat die *Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede*, 1962, aanbeveel het dat 'n *Suid-Afrikaanse Bibliografiese Buro* onder beheer van 'n *Nasionale Bibliografiese Raad* in die lewe geroep moes word.

Op die konferensie van 1963 (p. 53) is besluit dat die *Bibliografiese Komitee* moes bly funksioneer totdat die voorgestelde *Bibliografiese Buro* ingestel is (Konferensie, 1963:53). Die *Bibliografiese Komitee*, wat in 1976 na samesmelting met die *Katalogiseringskomitee*, as die *Komitee vir Bibliografiese Beheer* bekend staan (SABV-Jaarverslag, 1976-77:39), het egter bly voortbestaan nadat die *Nasionale Biblioteekadviesraad* sy *Komitee vir Inligtingsontsluiting* en sy *Komitee vir Bibliografiese Dienste* ingestel het. Hierdie komitees kan nie gesien word as plaasvervaarders vir die voorgestelde *Nasionale Bibliografiese Raad* nie, waarop sewe lede deur die Raad van die Vereniging benoem sou word en die *Suid-Afrikaanse Bibliografiese Buro* waarvan die doelstellings in die *Program vir Verdere Biblioteekontwikkeling* (1963:110) soos volg omskryf word: "Die beplanning, bevordering, koördinerende en onderneming van bibliografiese dienste, werksaamhede en metodes in die Republiek, en die onderhou van die nodige kontakte met soortgelyke aktiwiteite in die buiteland, waarvan hy belanghebbende instansies op hoogte moet hou; die ondersoek, standaardisasie en koördinerende van dokumentasie- en inligtingsdienste en die verlening van advies in verband met sodanige aktiwiteite; en die bevordering en onderneem van

navorsingsaktiwiteit op hierdie gebied.” Ook die funksies van die *Buro* word in die *Ontwikkelingsprogram* (paragrafe 6.4.4 tot 6.4.6) omlin.

Die opdrag aan die *Komitee vir Inligtingsontsluiting* was om ondersoek in te stel na die nuwe gedagtes oor die gebruik van inligting in ons land, die behoefte aan leiding oor hierdie saak en saam met ander liggame oor die gebruik van banddienste, en om daarvoor aan die *Biblioteekadviesraad* verslag te doen (Nasionale Biblioteekadviesraad, 1973:7). Die *Komitee vir Bibliografiese Dienste* moes ondersoek instel na en die *Biblioteekadviesraad* adviseer oor die aanwending van rekenaarsistels vir bibliografiese beheer in biblioteke, en die gebruik van mikroforme en teleks (Nasionale Biblioteekadviesraad, 1973:8-11).

Om te verseker dat die bibliografiese onderneming van die Vereniging voortgesit word en ter voorbereiding vir die verwagte *Bibliografiese Buro* het die Raad van die Vereniging in 1966 die doelstellings en funksies, soos omlin in die *Program vir verdere biblioteekontwikkeling* as opdrag aan sy *Bibliografiese Komitee* gegee (Uitvoerende Komitee. Notule, 29 Maart 1966:115).

In die uitvoering van sy opdrag ten opsigte van beplanning van bibliografiese dienste het die *Komitee* aandag geskenk aan die identifisering van leemtes in die bestaande bibliografiese voorsiening en pogings in die werk gestel om dit aan te vul.

Reeds op die konferensie van 1940 het die gebrek aan 'n volledige lys van staatspublikasies wat voor 1910 verskyn het, die aandag geniet. Sedertdien is op konferensies en deur die Raad herhaaldelik besluit om verhoë tot die Staatsdrukker te rig in verband met die samestelling en verspreiding van staatspublikasies, die beskikbaarstelling van gereelde lyste daarvan en die verbetering van die indeks daarop. Ongelukkig moes in die jaarverslag van die Vereniging (1947-48:2), gerapporteer word dat die Staatsdrukker gestel het dat as gevolg van personeeltekort en gebrek aan uitrusting die verlangde verbeterings onvermydelik vertraag moes word. In 1959 moes S.J. Kritzinger op die konferensie (1959:97) rapporteer dat die Staatsdrukker nie 'n versoek om 'n onderwerpsindeks op die *Staatskoerant* te

voorsien, kon toestaan nie. Na vrugtelose onderhandelings deur die Vereniging met verskeie instansies het die Staatsbiblioteek onderneem om die *Government Gazette Index* van Januarie 1979 af op te stel en uit te gee. Drie kwartaaluitgawes en 'n jaarlikse kumulاسie word gepubliseer.

Volgens die verslae van die *Bibliografiese Komitee* is verder aandag aan die volgende sake geskenk:

(1) Die opstel van 'n *bibliografie van bibliografieë* van amptelike publikasies is na die Staatsbiblioteek verwys. By ondersoek het geblyk dat daar so min bibliografieë bestaan het, dat dit nie lonend sou wees om daarvan 'n bibliografie saam te stel nie (SABV-Jaarverslag, 1964-65:20-21).

(2) *Bibliografie van publikasies van staatsdepartemente*. Die Hoofregeringsbibliotekaris is versoek om in samewerking met die Staatsbiblioteek aandag te skenk aan die samestelling van bibliografieë van publikasies van die afsonderlike staatsdepartemente na 1910 (SABV-Jaarverslag, 1964-65:21). Hierdie opdrag word uitgevoer deur die Afdeling Biblioteekdienste in samewerking met die betrokke departemente, en onder die titel *Bibliografie van Suid-Afrikaanse Staatspublikasies* het bibliografieë van die Departement van Statistiek, die Departement van Landbou-Tegniese Dienste, die Departement van Waterwese en die Departement van Gesondheid reeds verskyn. In die reeks is ook *Reports of Commissions and Committees of Inquiry, 1910 to 1976*, uitgegee.

(3) Die Johannesburgse Openbare Biblioteek het hom bereid verklaar om 'n afgerolde *lys van alle Suid-Afrikaanse munisipale verslae* wat uitgegee is en in die biblioteek aanwesig is, te publiseer (SABV-Jaarverslag, 1964-65:21).

(4) *Indekse van reisbeskrywings aangaande Suidelike Afrika*. Na aanleiding van 'n opdrag aan 'n subkomitee dat 'n bibliografie van bestaande, bruikbare indekse op reisbeskrywings saamgestel word, het die lys van indekse *Recent indexes to Africana books* van die hand van O.H. Spohr (1968:29-31) in *Suid-Afrikaanse biblioteke* verskyn (SABV-Jaarverslag, 1966-67:23; 1967-68:42).

(5) *Oorsig van bibliografiese aktiwiteite in Suid-Afrika.* Op versoek van die *Komitee* het R. Musiker die taak van D.H. Varley oorgeneem om verslae van bibliografiese ondernemings saam te stel en in *Suid-Afrikaanse biblioteke* te publiseer. Hierdie uiters waardevolle oorsigte het gereeld verskyn en word tans in die *SABV-Nuusbrief* voortgesit. R. Musiker het ook ingestem om 'n gereelde oorsig te voorsien van bibliografiese projekte wat onderneem is (SABV-Jaarverslag, 1966-67:22, 24).

Op versoek van die *Komitee* het R. Musiker saam met sy opname van bibliografiese werksaamhede spesiaal aandag geskenk aan ongepubliseerde katalogusse, en lyste wat moontlik as basis vir bibliografiese werk kon dien (SABV-Jaarverslag, 1967-68:44).

(6) *Registrasie van bibliografiese projekte en indekse.* Die Staatsbiblioteek het ingestem om 'n register van bibliografiese projekte en indekse by te hou vir gebruik deur navorsers. Dit het die Staatsbiblioteek in staat gestel om aandag te skenk aan die samestelling van 'n katalogus van bestaande Suid-Afrikaanse bibliografieë en lopende projekte (SABV-Jaarverslag, 1977-78:38; 1979-80:45).

(7) *Suid-Afrikaanse Katalogus van Incunabula.* Die *Komitee* het die Suid-Afrikaanse Biblioteek versoek om 'n gesamentlike katalogus van incunabula in Suid-Afrika te onderneem (SABV-Jaarverslag, 1968-69:40). As resultaat het die *Katalogus van gedrukte boeke uit die periode voor 1550 in Suid-Afrikaanse biblioteke* reeds verskyn (SABV-Jaarverslag, 1976-77:41).

(8) *Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelinge voor 1918.* Die Staatsbiblioteek is versoek om 'n lys van proefskrifte wat voor 1918 deur Suid-Afrikaners behaal is, saam te stel (SABV-Jaarverslag, 1975-76:34). 'n Lys van honderd en dertig proefskrifte, wat opgespoor kon word, is aan die Ferdinand Postma-Biblioteek voorsien vir opname in die kumulاسie van die *Gesamentlike katalogus van proefskrifte en verhandelinge van Suid-Afrikaanse universiteite* (SABV-Jaarverslag, 1978-79:46).

(9) *Uitbreiding van die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie.* Nadat die Suid-Afrikaanse Biblioteek die uitgee van *Africana Nova* in 1969

gestaak het, het die *Komitee* by die Staatsbiblioteek aanbeveel dat die omvang van die *Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie* uitgebrei word sodat dit ook opgewas sou insluit van publikasies in Afrikaans en Suid-Afrikaanse Swart tale wat in die buiteland gepubliseer word en werke oor Suid-Afrika wat in die buiteland verskyn (SABV-Jaarverslag, 1969-70:24).

(10) *Manuskripte oor Suid-Afrika in ander lande*. Op navraag deur die *Komitee* het die Staatsargief berig dat hy reeds geruime tyd besig is met die mikroverfilming van manuskripte in ander lande oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die Staatsargief het aangedui dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n lys van manuskripte in oorsese lande wat oor Suid-Afrika handel. Die saak is vir verdere ondersoek na 'n subkomitee verwys (SABV-Jaarverslag, 1967-68:44).

(11) *Lys van konferensies in Suider-Afrika sedert 1965*. Na aanleiding van 'n opdrag van die konferensie het die *Komitee* gepoog om 'n lys van publikasies van konferensies wat sedert 1965 in Suider-Afrika gehou is op te stel. Na ondersoek het geblyk dat 'n geringe aantal konferensiestukke gepubliseer is en dat min daarvan opgespoor kon word. Die *Komitee* het derhalwe aanbeveel dat slegs 'n lys van konferensies gepubliseer word en dat die Staatsbiblioteek versoek word om daaraan gevolg te gee. Verder is die Staatsbiblioteek versoek om in die toekoms te poog om 'n volledige versameling van publikasies van konferensies te ontvang en lyste daarvan te publiseer (SABV-Jaarverslag, 1972-73:16).

(12) *Paneel van beskikbare bibliograwe*. Die *Komitee* het 'n lys van persone wat beskikbaar is om in privaathoedanigheid bibliografiese en indekseringsdienste te lewer, saamgestel. Die lys met aanvullings het in die *SABV-Nuusbrief* verskyn (SABV-Jaarverslag, 1977-78:38).

(13) *Lys van afkortings van Suid-Afrikaanse bibliografieë*. 'n Lys van die bekendste Suid-Afrikaanse bibliografiese werke met voorgestelde afkortings is opgestel en aan die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging en oorsese instansies voorsien (SABV-Jaarverslag, 1977-78:38; 1978-79:48).

(14) *Index to the manuscript annexures and printed papers of the House of*

Assembly. In opdrag van die *Komitee* is 'n onderhoud gevoer met die Sekretaris van die Volksraad oor die moontlikheid om die bestaande *Indeks* van 1910 tot 1961 in korter tussenposes te laat verskyn. Hy het egter nie sy weg daartoe oopgesien nie (SABV-Jaarverslag, 1964-65:22).

(15) *Indeks op Suid-Afrikaanse biblioteke.* Die *Komitee* het C.J.H. Lessing versoek om 'n *Indeks* saam te stel (SABV-Jaarverslag, 1957-58:8). 'n *Indeks op Suid-Afrikaanse biblioteke*, v. 1-40, is deur die Ferdinand Postma-Biblioteek voltooi.

(16) *Indeksering van Suid-Afrikaanse koerante.* Met die oog op die navorsingswaarde daarvan is sedert 1966 pogings in die werk gestel om 'n retrospektiewe indeks op ten minste een verteenwoordigende Suid-Afrikaanse koerant opgestel te kry. Na omvattende ondersoek was die *Komitee* vanweë die omvang van die werk en die finansiële implikasies daaraan verbonde verplig om van die saak af te stap.

Uit die ondersoek het geblyk dat nege en veertig biblioteke in 1969 oor koerantknipselversamelings, wat gedeeltelik geïndekseer was, beskik het (SABV-Jaarverslag, 1969-70:22). Hierdie inligting is deur die Staatsbiblioteek onder die titel *Collection of newspaper cuttings in South Africa*, gepubliseer.

Volgens die notules en die verslae van die *Bibliografiese Komitee* is vergaderings van die *Komitee* ook gebruik om kennis te neem van verslae van bibliografiese aktiwiteite wat deur inrigtings en individue uitgevoer is. Hoewel die *Komitee* in die reël geen rol in die inisiëring en die beplanning daarvan gespeel het nie en geen beheer daaroor uitgeoefen het nie, het die verslae die groot waarde gehad dat die Vereniging daardeur op hoogte gehou is van die bibliografiese ondernemings in die land. Daardeur is hy in staat gestel om al die aktiwiteite te koördineer en die nodige beplanning te doen in verband met die aanvulling van leemtes. Volledigheidshalwe volg hier 'n geselekteerde samevatting van die belangrikste van hierdie aktiwiteite:

Bibliography of foreign publications about South Africa, 1969- .
(Uitgegee deur die Staatsbiblioteek.)

- Bibliography of South African political history, 1902-1974.
- Boshoff, M.M., red. 1978. French publications on South Africa. (Uitgegee deur die Staatsbiblioteek).
- Eales, M. An annotated guide to the pre-Union government publications of the Orange Free State, 1854-1910. 1976.
- Garling, A. Bibliography of African bibliographies. 1968.
- Gerekenariseerde nasionale register van manuskripte.
- Gorman, G.E. The South African novel in English since 1950. 1978.
- Guide to the Official Records of the Colony of Natal, 1854-1910. (In proses by die Departement Biblioteekkunde, Universiteit van Natal (Pietermaritzburg).)
- Johannesburg Openbare Biblioteek. Portrait index (vir raadpleging in die openbare biblioteek).
- Kotze, D.A.A. A Bibliography of official publications of the Black South African Homelands. (Uitgegee deur Universiteit van Suid-Afrika.)
- Musiker, R. Guide to Cape of Good Hope official publications, 1854-1910. 1976.
- National Register of Manuscripts.
- Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifte, 1900-1939. (Retrospektiewe indeks word deur die Johannesburgse Openbare Biblioteek saamgestel.)
- Retrospektiewe Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie.
- Sentrale katalogus van Suid-Afrikaanse mikrofilms.
- South African bibliography to the year 1925. 1979.
- Spohr, O.H. German Africana. (Uitgegee deur die Staatsbiblioteek.) 1968.
- Spohr, O.H. Recent indexes to Africana books (Gepubliseer in *Suid-Afrikaanse biblioteke*.)
- Strange Library of Africana. 1978-1980. (Deur Staatsbiblioteek op mikrofilm uitgegee.)

Suid-Afrikaanse musiekbibliografie.

Suider-Afrikaanse Nasionale Bibliografie.

Swaziland government publications, 1880-1972; 1973-1974 (Uitgegee deur die Staatsbiblioteek.)

Tyrrell-Glynn, W.H.P. 1977. Gids tot die versamelings Suid-Afrikaanse manuskripte in die Suid-Afrikaanse Biblioteek. (Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Biblioteek.)

Departement van Nasionale Opvoeding het die *Bibliografiese Komitee* versoek om 'n nasionale bibliografiese prioriteitslys saam te stel (SABV-Jaarverslag, 1979-80:49).

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het ook aansluiting gesoek by die *International Standards Organization, Technical Committee 46* (ISO/TC 46) (SABV-Jaarverslag, 1963-64:16). 'n Subkomitee is benoem om as skakel te dien tussen die Vereniging en die ISO/TC 46-komitee van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde (SABV-Jaarverslag, 1967-68:42; Uitvoerende Komitee. Notule, 3 Februarie 1968). Saam met verteenwoordigers van die Buro van Standaarde het hierdie komitee opgetree as *Werkskomitee vir Dokumentasie*. Die *Werksgroep* het onder meer aandag geskenk aan die samestelling van 'n gestandaardiseerde lys van afkortings van Suid-Afrikaanse tydskrif-titels (SABV-Jaarverslag, 1971-72:26), die opstel van 'n lys van ISO-standaarde van belang vir Suid-Afrikaanse biblioteke wat deur H.J. Aschenborn (1970:38-41) in *Suid-Afrikaanse biblioteke* gepubliseer is, standaardisering op bibliografiese gebied en skietgidse vir mikrofilms en vir koerantverfilming.

In 1975 het die Raad van die Vereniging 'n *Tegniese Standaardekomitee* benoem (SABV-Jaarverslag, 1974-75:39) met die opdrag om internasionale en nasionale standarde in verband met biblioteke en publikasies te ondersoek en vir gebruik in Suid-Afrika aan te beveel en om deur middel van publikasies die aanbevole standarde bekend te stel en te bevorder (SABV-Jaarverslag, 1976-77:47, 49).

7. DIE EVALUERING VAN DIE BYDRAE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING TOT BIBLIOTEEKONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA

7.1 *Inleiding*

Om die bydrae wat die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging tot biblioteekontwikkeling in Suid-Afrika gelewer het te kan beoordeel, is 'n beeld van die heersende biblioteektoestande voor die stigting van die Vereniging in 1930 nodig. Uit die beknopte historiese oorsig wat in hoofstuk 2 gegee word, blyk dat S.A. Pitt bevind het dat daar in 1928 twee honderd en elf geïsoleerde openbare biblioteke in die land was, wat op enkele uitsonderings na subskripsiebiblioteke was. Die kwaliteit en verskeidenheid van hulle boekevoorraad was swak en dit was nie behoorlik gekatalogiseer nie. Byna almal was beman deur klerklike persone wat gewoonlik 'n gebrekkige skoolagtergrond gehad het, en dienste aan kinders en Nie-Blankes het veel te wense oorgelaat. Van 'n werklik doeltreffende openbare biblioteekdiens was daar bykans geen sprake nie. Ten opsigte van universiteitsbiblioteke het die Van der Horstkommissie bevind dat, op een uitstaande en miskien twee aanbevelingswaardige uitsonderings na, die biblioteekfasiliteite van die bestaande inrigtings onvoldoende was. Van sommige inrigtings kon skaars gesê word dat hulle oor sodanige fasiliteite beskik het. Daar was geen voorsiening vir die opleiding van bibliotekarisse nie en die besoldiging was deurgaans baie swak. Verder het geen biblioteekvereniging, waarin die biblioteekwerkers saamgesnoer kon word, bestaan nie.

In dié verband moet met hoë waardering melding gemaak word van die rol wat die Carnegie korporasie van New York in die verbetering van biblioteektoestande gespeel het deur die sending van S.A. Pitt en M.J. Ferguson. Hulle besoek het uitgeloop op die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1928), wat van deurslaggewende betekenis vir die biblioteekontwikkeling in Suid-Afrika en die direkte aanleiding tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging was. Die waarde van die Korporasie se finansiële bydrae vir die inisiële administratiewe uitgawes van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, vir die benoeming van 'n tydelike biblioteekorganiseerder, vir biblioteekdienste vir Nie-Blankes, die oprigting van biblioteek-

geboue, vir die reëling van vakansiekursusse en vir die opleiding van bibliotekarisse mag nie onderskat word nie.

In die doelafbakening van hierdie studie (afdeling 1.2) word gestel dat die rol van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging ten opsigte van die volgende sake ondersoek sal word: die voorsiening van opgeleide bibliotekpersoneel, die ontwikkeling van verskillende tipes bibliotekdienste en die bevordering van samewerking tussen bibliotekes op verskillende terreine.

In die voorafgaande hoofstukke is die optrede van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gedurende sy bestaan van vyftig jaar op grond van die bestudering van bronne- en gepubliseerde materiaal uiteengesit. In hierdie hoofstuk word die bydrae van die Vereniging tot die ontwikkeling van die bibliotekwese geëvalueer.

7.2 Die bydrae van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging tot opleiding van personeel vir die lewering van bibliotekdienste

Dit behoeft geen betoog dat opgeleide personeel onontbeerlik is vir doeltreffende lewering van bibliotekdienste nie. Die gebrek aan opgeleide personeel en opleidingsfasiliteite in Suid-Afrika was dan ook een van die eerste sake wat die aandag van die Biblioteekvereniging na sy stigting in 1930 geniet het. In afdeling 4.3 word onderskei tussen die rol van die Vereniging as opleier deur die aanbieding van sy eie kursusse, sy optrede in verband met die opleiding aan universiteite en sy bydrae nadat bibliotekopleiding aan universiteite gevestig en sy eie kursusse gestaak is.

Die uitvoering van die opleidingstaak, wat die Vereniging as sy verantwoordelikheid aanvaar het, en wat in afdelings 4.3.1.1, 4.3.1.2, 4.3.1.3 en 4.3.1.4 beskryf is, het die eerste kwarteeu van sy bestaan meer aandag en harde werk geveerg as enige ander aktiwiteit waarmee hy hom besig gehou het. Baie van die lede het hulle daarvoor afgesloof. Dit was nie alleen die werk van die dosente en eksaminatore nie, maar ook van die Onderwyskomitee wat verantwoordelik was vir die beplanning en wysiging van die kursusse, vir die opstel van die leerplanne en vir die beheer van die korrespondensiekursusse en eksamens wat vermelding verdien. Hoewel daar leerntes

in die opleiding voorgekom het en gereeld kritiek daarop uitgespreek is, soos in afdeling 4.3.1.2, 4.3.1.3 en 4.3.1.5 uiteengesit, moet in aanmerking geneem word dat die werk nie deur professionele dosente of opvoedkundiges verrig is nie, maar wel deur die pioniers onder moeilike omstandighede sonder vergoeding en saam met hulle dagtaak.

Die aanvanklike ontwikkeling op biblioteekgebied kan in 'n hoë mate toegeskryf word aan die voorsiening van biblioteekpersoneel wat die opleiding van die Vereniging deurloop het. Tot 1938 was die vooruitgang beskeie, maar namate meer professioneel gekwalifiseerde personeel beskikbaar geword het en die waarde van hierdie personeel deur die owerhede besef is, is meer betrekkinge geskep. Die feit dat die Vereniging van 1934 tot 1966, volgens gegewens verstrek in verslae en notules van die Onderwyskomitee, aan vier honderd en veertig persone die Elementêre Sertifikaat, aan drie honderd agt en dertig die Intermediêre Sertifikaat en aan honderd drie en twintig die Finale Diploma uitgereik het, lewer onteenseglike bewys van sy hydrae tot die opleiding van bibliotekarisse en gevolglik tot biblioteekvoorsiening en biblioteekontwikkeling in die land.

Taylor sê van die optrede van die Vereniging in dié verband: “ ... it has had considerable influence on library development in general, and particularly on the concept of librarianship as a profession requiring special educational qualifications. The final examination of the Association (which admits to the Fellowship) has gained general recognition as being the full professional qualification for a South African trained librarian. As the Association's qualifications were the first to gain general recognition, they were accepted by the profession as establishing a standard” (Onderwyskomitee. Agenda, 26 September 1958). Soos Ferguson dit in 1928 in die vooruitsig gestel het, het hierdie opleiding tot gevolg gehad dat slegs enkele persone in die dertigerjare vir hulle opleiding na die buiteland gegaan het.

Teen die einde van die jare dertig het dit duidelik geword dat die biblioteekontwikkeling sodanig was dat die Vereniging nie deur sy kursusse voldoende bibliotekarisse kon lewer nie. Die behoefte aan opleide personeel het veral dringend geword na die instelling van

die provinsiale biblioteekdienste in die veertigerjare, die organisering van die Staat se biblioteekdienste aan die begin van die vyftigerjare, die snelle uitbreiding van die universiteitsbiblioteke as gevolg van die Hollowaysubsidieformule en die ontwikkeling op die gebied van die vakbiblioteekwese. Daarby het die status van die beroep van bibliotekaris as gevolg van die bemocing van die Vereniging so 'n peil bereik, dat deur verskeie persone gevoel is dat die opleiding op die terrein van die universiteit tuishoort.

Hierdie gedagte het skerp teenstand van 'n aantal leidende figure ontlok en was vir 'n aantal jare 'n groot twispunt, soos blyk uit die gegewens verstrek in afdelings 4.3.2 en 4.3.3. Die teenstanders se standpunt was dat die Vereniging die alleenreg op die opleiding van bibliotekarisse gehad het. Hulle was ook bevrees dat so 'n stap die Vereniging finansiell kon benadeel, aangesien studente, wat vir die Vereniging se kursusse ingeskryf het, verplig is om as lede van die Vereniging te registreer. Die standpunt van hierdie persone, gesien in die lig van die invloed van die Britse opset van biblioteekopleiding, kan verstaan word. Toe die Universiteit van Pretoria in 1936 te kenne gegee het dat hy dit oorweeg om met opleiding te begin en dan ook in 1938 'n opleidingskursus ingestel het, het die persone hul daarop beroep dat die standpunt van die Vereniging van die begin af was dat opleiding slegs deur professioneel gekwalifiseerde bibliotekarisse aangebied moes word. Die vertraging in die afhandeling van die aansoek van die Universiteit van Pretoria het nadelige gevolge vir die Vereniging gehad. Soos in afdeling 4.3.2.1 gestel, het die Vereniging 'n gulde geleentheid om biblioteekopleiding te koördineer en aan universiteite te laat vestig, deur die vingers laat glij. By wyse van samesprekings en onderhandelinge met die Universiteit kon, soos in die geval van die Universiteit van Kaapstad, 'n oplossing gevind gewees het vir 'n probleem wat later groot spanning in biblioteekgeledere veroorsaak het.

Die Vereniging het van die begin af daarna gestreef om 'n hoë peil vir die opleiding van bibliotekarisse te handhaaf. Daarvan spreek die voortdurende aandag aan die verbetering van sy eie kursusse. Hierdie strewes blyk veral uit die opstel van standaarde na die toetrede van die universiteite tot die terrein van die opleiding soos in afdeling 4.7 uiteengesit. Die oorspronklike standaarde is in 1948

aanvaar en in 1964 hersien. Na die oordrag van sy eie kursusse na die Universiteit van Suid-Afrika in 1962 het die Vereniging deur sy Onderwyskomitee ten volle die funksie van akkreditering van die opleidingskursusse van die universiteite uitgeoefen. Die nuwe standaard wat in 1978 aangeneem is, speel onteenseglik vandag nog 'n uiters belangrike rol in die handhawing van die vereiste opleidingspeil en in die uithou van die hele opleidingspatroon in die land.

Aanvanklik het enkele universiteite 'n driejarige kursus vir opleiding op die hoër professionele vlak aangebied en het daar 'n neiging bestaan dat die dosering deur lede van die biblioteekpersoneel waargeneem is. As gevolg van die optrede van die Vereniging het al nege universiteite vir Blankes wat met opleiding gemoeid is, vierjarige kursusse vir die hoër professionele vlak in 1980 aangebied en bestaan daar volwaardige akademiese departemente biblioteekkunde waarin die dosering hoofsaaklik deur voltydse personeel met volle akademiese status behartig word. Verder moet ook gemeld word dat die universiteite, op enkele uitsonderings na, vir gevorderde studie en navorsing voorsiening maak deur die instelling van magister- en doktorsgrade in Biblioteek- en Inligtingkunde.

Die bydrae van die Vereniging tot die opleiding van personeel vir die Nie-Blanke-bevolkingsgroepe, ook op voor-matrikulasievlak, wat in afdeling 4.3.4 uiteengesit word, mag nie onderskat word nie, veral as in aanmerking geneem word dat van 1950 tot 1980, volgens gegewens verkry uit die eksamenregisters, honderd nege en twintig kandidate die Preliminêre en drie en vyftig kandidate die Sekondêre Sertifikaat verwerf het. Hierdie persone lewer belangrike dienste deurdat hulle in die elementêre openbare biblioteekbehoeftes van hulle eie mense voorsien.

Met waardering moet melding gemaak word van die optrede van die Vereniging in verband met die reëling van vakansiekursusse soos in afdeling 4.4 beskryf, aanvanklik vir onopgeleide plattelandse biblioteekwerkers, later ook vir studente wat met studie vir die Vereniging se eksamens besig was en van 1962 af vir onopgeleide Swart-, Indiër- en Kleurlingbiblioteekwerkers. Die waarde van die kursusse vir onopgeleide en dikwels geïsoleerde plattelandse biblioteekwerkers blyk uit die uitsprake van persone wat op bladsy 86 aangehaal word.

In 'n stadium toe die skoolbiblioteek min aandag geniet het en toe daar geen opgeleide onderwyser-bibliotekaris bestaan het nie, moes die vakansiekursusse oor die skoolbiblioteek vir onderwysers besonder waardevol gewees het.

'n Waardevolle bydrae is gelewer deur die seminare en simposiums wat van 1965 tot 1980 vir senior bibliotekaris gereël is en wat op bladsy 84 beskryf is. Die kursusse wat op die hoër bestuursvlak op verskillende gebiede aangebied is, het baie bygedra tot die uitbreiding van die kennis van praktiserende bibliotekaris en inligtingswerkers. Gemeenskaplike probleme wat deur deskundiges bespreek is, het daartoe meegewerk dat lede van die beroep op die hoogte gestel is van die nuwe ontwikkelinge op die vakgebied. So het 'n simposium wat in 1969 gehou is oor *Nuwere ontwikkelinge op die gebied van biblioteekwese en inligtingvoorsiening* 'n betekenisvolle invloed op die opleiding van bibliotekaris en inligtingwerkers gehad. S.I. Malan (1978(2):169) stel dat die simposium oor die georganiseerde biblioteek- en inligtingberoep as sterk stimulus vir die professionalisering van die beroep gedien het.

In opvolging van die aanbevelings van die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1928), soos weergegee in afdeling 2.3.2.2.2, het die Vereniging sedert sy ontstaan aktiewe belangstelling in die vestiging en uitbouing van biblioteekdienste in skole en onderwyskolleges getoon. Sy bemoeiinge in verband met die voorsiening van skoolbibliotekaris, wat in afdeling 4.5 beskryf is, het bepaald as stimulus gedien vir die ontwikkeling van die goed gevestigde skool- en kollegebiblioteekdienste wat tans in die Republiek bestaan.

Uit die bespreking van die optrede van die Vereniging ten behoeve van die opleiding van personeel vir vakbiblioteke en vir dokumentaliste in afdeling 4.6 blyk dat die Vereniging ook in dié opsig 'n bydrae gelewer het deur aanvanklik in sy eie opleiding, in soverre dit binne sy vermoë was, gepoog het om in die behoefte te voorsien. Danksy sy aanbeveling het die Universiteit van Suid-Afrika, en later ook die Universiteit van die Witwatersrand, besondere aandag aan die saak geskenk.

Een van die vereistes vir 'n professionele vereniging is dat hy hom

moet beywer om die publikasie van professionele vakliteratuur aan te moedig. Die Onderwyskomitee was deeglik bewus van die behoefte aan geskikte Suid-Afrikaanse vakliteratuur (Onderwyskomitee. Notule, 27 Junie 1951), en na aanleiding van 'n versoek van die *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* is veral aandag geskenk aan die voorsiening van biblioteekkundige vakliteratuur in Afrikaans (Onderwyskomitee. Notule, 20 Februarie 1971; Notule, 14 September 1973). Terreine waarin daar 'n groot behoefte bestaan het, is aangedui, en persone is aangemoedig om op dié terreine publikasies te lewer.

Die erns waarmee die Vereniging die bevordering van die biblioteeksaak in die algemeen en die opleiding van bibliotekarisse in die besonder bejeën het, blyk ook daaruit dat hy die geleentheid om verhoë te rig tot staatskommissies van ondersoek na universiteite aangegryp het. In sy voorlegging aan die *Kommissie van Ondersoek na Universiteitsfinansies en -salarisse*, 1951, die sogenaamde *Holloway-kommissie*, het die Vereniging die volgende aanbeveel: "dat voorsiening gemaak word vir die opleiding van biblioteekkundiges en professionele assistente deur die verdere uitbouing van die bestaande biblioteekkundige opleidingsentra, die stigting van nuwe sentra vir biblioteekkundige opleiding en die beskikbaarstelling van bourse aan geskikte persone vir opleiding in die biblioteekkunde" (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1951:15-16).

In die *Memorandum insake Universiteitsbiblioteke aan die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese* (die *Van Wyk de Vrieskommissie*), wat in 1969 ingedien is, het die Vereniging inleidend onder meer die volgende gestel: "Die S.A.B.V. is intensief gemoeid met die handhawing en uitbouing van die standarde van biblioteekdienste in die land en meen dat dit derhalwe geregverdig is om die handhawing en verhoging van standarde vir die opleiding van bibliotekarisse voortdurend te bevorder" (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1969:18). As breë beleid van die Vereniging is gestel dat "professionele biblioteekkunde opleiding, onderrig hoofsaaklik in die *waarom* en nie so seer in die *hoe* op die nagraadse vlak vereis en dat afronding in die tegnieke en metodes 'n saak vir die praktyk is; 'n breë akademiese agtergrond vir professionele opleiding op alle vlakke van die grootste belang is; biblioteekkundige opleiding dientengevolge 'n

akademiese aangeleentheid is; professionele opleiding van bibliotekaris se op 'n hoër en 'n laer vlak moet plaasvind op grond van die eise van die praktyk en vir die hoër professionele vlak 'n minimum tydskuur van vier jaar na matrikulasie en vir die laer professionele vlak 'n minimum tydskuur van twee jaar na matrikulasie 'n absolute vereiste is" (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1969:19-20).

In die voorlegging is die dissiplines waarin die biblioteekkunde verdeel en gegroepeer kan word, die studie-omvang en gehalte van werk vereis vir ooreenstemmende grade, diplomas en sertifikate en die kwalifikasies waaraan dosente moet voldoen, saaklik gestel.

In die konsep van 'n *Program vir verdere biblioteekontwikkeling*, wat deur die Vereniging aan die *Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede* in November 1962 voorgelê is, is aanbevelings gedoen in verband met die werwing van studente, die noodsaaklikheid van gespesialiseerde onderrig vir vakbiblioteekpersoneel en dokumentaliste, die professore status van die hoof van 'n departement biblioteekkunde, die erkenning deur biblioteekowerhede van alle grade, diplomas en sertifikate van Suid-Afrikaanse universiteite en die verlening van volle status en seggenskap in die Vereniging aan opgeleide bibliotekaris se afgesien van die Suid-Afrikaanse universiteit waar hulle opgelei is. Hierdie aanbevelings is deur die *Nasionale Konferensie* aanvaar en opgeneem in die *Program vir verdere biblioteekontwikkeling in die Republiek van Suid-Afrika*. By dié geleentheid is ook die volgende besluit aanvaar: "Die Konferensie spreek sy waardering uit vir die baanbrekerswerk wat deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging en sommige universiteite en kolleges gedoen is vir die opleiding van bibliotekpersoneel in Suid-Afrika" (Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1963(2):16).

7.3 *Die bydrae van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging ter bevordering van verskillende tipes biblioteekdienste*

7.3.1 *Openbare biblioteekdienste*

7.3.1.1 *Vry openbare biblioteekdienste*

'n Merkwaardige bydrae van die Biblioteekvereniging tot biblioteekontwikkeling is geleë op die terrein van die openbare biblioteekwese,

en in die besonder in die vestiging van die beginsel van vry openbare biblioteekdienste. Die pioniers van die jare dertig het sedert die stigting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging die heersende subskripsiestelsel die stryd aangesê. Die optrede van die Vereniging in dié verband is in afdeling 5.1 volledig beskryf. Oortuigingswerk moes by sy lede, die breë gemeenskap, plaaslike en provinsiale owerhede en by die sentrale regering gedoen word. Die openbare mening is vir die gedagte ryp gemaak deur woord en geskrif. Samewerking is verkry van kultuurliggame en vroueverenigings, en die steun van lede van biblioteekkomitees, van die provinsiale rade, die Volksraad, die Senaat en die Kabinet is gewerf. In sy stryd het die Raad van die Vereniging veral die steun van die Witwatersrandse en Pretoriatak en van die Kaapse Tak geniet.

Die Vereniging het hom aanvanklik daarvoor beywer om die verantwoordelikheid vir openbare biblioteekdienste van die provinsiale owerhede na die sentrale regering oorgeplaas te kry. Sy verdoë in die verband het egter nie geslaag nie, dog dit was die direkte aanleiding tot die benoeming van die *Inter-Departementele Komitee oor Biblioteke in die Unie van Suid-Afrika* in 1936, wat in sy *Verslag* 'n sterk pleidooi vir die instelling van vry openbare biblioteekdienste gelewer het en aanbeveel het dat onmiddellike stappe gedoen moes word om 'n vry plattelandse biblioteekdiens in elke provinsie te skep.

Toe daar 'n ernstige vertraging in die aanvaarding van die aanbevelings van die *Komitee* voorgekom het, het die Vereniging op die Staat druk uitgeoefen om die saak te bespoedig. Hoofsaaklik as gevolg hiervan is provinsiale raadgewende komitees in die begin van die jare veertig, eers in Transvaal en later in die Kaapprovinsie benoem, en is oorgegaan tot die stigting van provinsiale biblioteekdienste in hierdie twee provinsies. Die instelling van provinsiale biblioteekdienste in die Oranje-Vrystaat en Natal het enkele jare daarna gevolg. Sodoende is die ideaal van 'n vry openbare biblioteekdiens vir Suid-Afrika verwesenlik.

Gepaste erkenning vir die rol wat die Transvaalse lede van die Vereniging gespeel het in die verwesenliking van die ideaal van 'n vry plattelandse biblioteekdiens, is uitgespreek deur dr. A. J. Stals, wat as Minister van Onderwys gevra is om die geleentheidsrede voor die

konferensie van die Vereniging in November 1949 te lewer, toe hy die Vereniging gelukkigwens het “met die besonder opvallende vordering wat u in die afgelope aantal jare gemaak het ... in die skepping van gratis biblioteekdienste in dorpe en die platteland van Transvaal” (Stals, 1950:113).

Die bydrae van die Vereniging tot die ontwikkeling van openbare biblioteekdienste is tereg deur H.C. van Rooy (1966(2):63) in sy presidentsrede tydens die konferensie in 1966 soos volg saamgevat: “Die rol wat die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in die fenomenale [sic!] ontwikkeling van ons biblioteekfasiliteite oor ’n tydperk van iets meer as 30 jaar gespeel het, kan moeilik oorskat word. Sou ons openbare biblioteekdienste, danksy die instelling van die provinsiale biblioteekdienste, hulle huidige ontwikkelingspeil bereik het, as dit nie was vir die volgehoue propagering van die saak van die vrye openbare biblioteek nie?” S.I. Malan (1967:69) het as president van die Vereniging dit soos volg gestel: “Deur die jare heen het die Biblioteekvereniging ’n baie aktiewe rol in die *uitbreiding van biblioteekdienste* gespeel en kan ons vandag met trots terugkyk na ’n dienстыdperk van ses-en-dertig jaar waarin bibliotekarisse en ander belangstellendes onvermoed hulle onbaatsugtige dienste beskikbaar gestel het om die ideaal van die verskaffing van leesstof aan alle lede van die publiek, tot die verste uithoeke van die land, verwesenlik te sien. Dit het gelei tot die instelling van biblioteekdienste vir plattelandse lesers en die kragtige organisasies wat sedertdien in elk van die vier provinsies tot stand gekom het, is ’n direkte uitvloeisel van die ywer wat deur lede van die S.A.B.V., waarvan verskeie nie-bibliotekarisse was, aan die dag gelê is.”

7.3.1.2 *Opvoeding van volwassenes*

Die Vereniging het hom sedert sy stigting daarvoor beywer dat aan die openbare biblioteek sy regmatige plek in die saak van opvoeding van volwassenes toegeken word. In afdeling 5.1.3 word gestel dat die stryd wat die Vereniging gevoer het vir die daarstelling van vry openbare biblioteekdienste bewys lewer dat die pioniers bewus was van die opvoedingswaarde van die openbare biblioteek en die rol wat dit in die opvoeding van volwassenes kan speel.

Tydens die eerste konferensie van die Vereniging, wat in 1933 gehou is, is aandag aan die saak geskenk. 'n Memorandum is in 1943 aan die *Komitee van Onderzoek na die Opvoeding van Volwassenes in Suid-Afrika* voorgelê, waarin die belangrikheid van openbare biblioteke vir die skema van onderwys van volwassenes beklemtoon word en waarin aanbevelings aan die hand gedoen word in verband met die verbetering van openbare biblioteekdienste om hul funksie in dié verband te kon uitoefen. Die *Komitee* het egter bevind dat die openbare biblioteke op daardie stadium nie goed genoeg ontwikkel was en nie oor die benodigde personeel beskik het nie om hierdie noodsaaklike rol te vervul. Hierop het die Raad van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging 'n eenparige besluit geneem waarin volle ondersteuning aan die beweging van die opvoeding van volwassenes toegesê is.

As gevolg van die verbetering van openbare biblioteekfasiliteite word openbare biblioteke tans wel, waar moontlik, deur die *Departement van Kultuursake* ingeskakel by plaaslike aksies in dié verband.

7.3.1.3 *Biblioteekdienste aan kinders*

In sy strewe na beter biblioteekdienste aan kinders, soos aangedui in afdeling 5.1.4.1, het die Vereniging hom, volgens die beskikbare inligting, hoofsaaklik toegespits op die ontwikkeling van skoolbiblioteke, terwyl slegs sporadies aan die belangrike saak van biblioteekdienste aan kinders in die openbare biblioteek aandag geskenk is. In die *Standaarde vir Suid-Afrikaanse Openbare biblioteke* word wel norme gestel vir die vloeroppervlakte wat openbare biblioteke aan kinderdienste beskikbaar moet stel.

Al het die Vereniging nie die vereiste aandag aan die saak geskenk nie, het hy deur sy optrede in belang van die vry openbare biblioteek sonder twyfel 'n invloed gehad op die voorsiening van dienste aan kinders. So kon Taylor (1967:56) stel dat kinderbiblioteke hand aan hand met die openbare biblioteekdienste ontwikkel het, dat alle groter biblioteke afsonderlike kinderafdelings het, dat takbiblioteke baie aandag aan dienste aan kinders wy en dat die voorsiening van sodanige dienste as vereistes geld, voordat 'n biblioteek met die provinsiale biblioteekdienste kan affilieer.

Deur die instelling van die *C.P. Hoogenhouttoekening vir die beste Afrikaanse kinderboek*, die *Percy Fitzpatricktoekening vir die beste Engelse kinderboek* en die *Katrine Harriestoekening vir die beste kinderboekillustrasies* het die Vereniging wel 'n belangrike rol gespeel in die voorsiening van boeke van beter gehalte vir kinders (afdeling 5.1.4.2).

7.3.1.4 *Verbetering in die gehalte van openbare biblioteekdienste*

Die Vereniging het nie volstaan met sy pogings in belang van 'n vry openbare biblioteekdiens nie, maar het hom ook beywer vir die verbetering in die gehalte van die diens deur die opstel van standaarde en vir verbetering van die diensvoorwaardes van bibliotekarisse sodat die beste manne en vroue as beroepslui gelok en behou kon word.

7.3.1.4.1 *Standaarde vir openbare biblioteke*

In afdeling 5.1.5.1 is die volgehoue pogings van die Vereniging oor 'n tydperk van veertien jaar om standaarde vir openbare biblioteke op te stel, beskryf. Die *Standaarde* wat in 1958 aanvaar is, is hersien en die finale konsep van die hersiene uitgawe is in 1966 goedgekeur. Sedert 1971 is voortdurend aan verdere hersiening aandag geskenk, dog tot by die afsluiting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in 1980 het hierdie pogings nog nie gerealiseer nie.

Al is daar kritiek teen die *Standaarde* ingebring, het dit bepaald 'n belangrike bydrae tot die uitbouing van openbare biblioteke gelewer, in soverre dit riglyne neergelê het vir biblioteekowerhede ten opsigte van minimum dienste en fasiliteite wat vir die vestiging en uitbouing van biblioteke vereis word. Die provinsiale biblioteekdienste gebruik vandag nog hierdie *Standaarde* as riglyne by onderhandelings met plaaslike owerhede.

7.3.1.4.2 *Diensvoorwaardes vir personeel in openbare biblioteke*

Aangesien die doeltreffendheid van enige biblioteekdiens in 'n hoë mate bepaal word deur die gehalte van sy personeel, het die Vereniging hom sedert sy stigting beywer om salarisse en diensvoorwaardes van openbare bibliotekarisse te verbeter, soos in afdeling 5.1.5.2 uiteengesit is.

Na aanleiding van 'n versoek van die Unie-Onderwysdepartement het die Raad van die Vereniging in 1944 salarisskale vir personeel volgens opleidingsvlakke opgestel. Waar opgeleide bibliotekaris as klerklike personeel in die Staatsdiens benoem is, het die Staatsdienskommissie dit oorweeg om gekwalifiseerde bibliotekaris in 'n professionele skaal in ooreenstemming met hulle kwalifikasies te benoem. Ingevolge aanbevelings aan die *Centlivreskommissie* is nuwe salarisskale deur die Staatsdienskommissie goedgekeur.

Die Vereniging het ook sukses behaal in sy vertoë om gelyke salarisskale vir mans en dames wat professionele werk verrig. Na geslaagde onderhandelings met die Staatsdienskommissie is daar met ingang 1 Oktober 1969 struktuurverbeterings in die Staatsdiens vir manlike en vroulike bibliotekassistente aangebring, wat ingehou het dat hulle tot die rang van senior bibliotekassistent bevorder kon word.

'n Uiteers belangrike dokument wat in hierdie verband deur die Vereniging voorgelê is, is die *Riglyne aangaande die salarisse en status van openbare bibliotekaris*. Hierdie *Riglyne* is met 'n groot mate van welslae aan die Verenigde Munisipale Bestuur en aan die vier provinsiale munisipale verenigings gestuur.

Die Vereniging het deurentyd 'n wakende oog gehou oor die salariering van bibliotekpersoneel, en briewe is suksesvol deur die Sekretarisat aan bibliotekowerhede gestuur in gevalle waar die geadverteerde salarisskale van vakante poste nie bevredigend was nie.

Die sukses wat behaal is met die verbetering van diensvoorwaardes vir personeel in openbare bibliotekes en die daarmee gepaard gaande verhoging van die status van bibliotekes en bibliotekaris is in 'n hoë mate te danke aan die onvermoeide optrede van die Suid-Afrikaanse Bibliotekvereniging. Die rol van die provinsiale bibliotekediens deur die vereistes wat hulle ten opsigte van personeelvoorsiening aan openbare bibliotekes gestel het, moet in dié verband egter nie uit die oog verloor word nie.

7.3.1.5 *Openbare bibliotekediens vir Nie-Blankes*

Die eerste belangrike stap in die voorsiening van openbare bibliotek-

dienste aan Nie-Blankes is in die begin van die dertigerjare op inisiatief en deur middel van finansiële steun van die Carnegie-korporasie van New York gedoen soos in afdeling 5.1.6 gestel. Die diens het onder beheer van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gestaan. In elk van die vier provinsies is 'n Carnegiekomitee gestig wat die dienste georganiseer het. Die Carnegietoekennings is aangevul deur hydraes van die sentrale regering, provinsiale owerhede en onderwysdepartemente, terwyl verskeie plaaslike owerhede hulp verleen het deur die voorsiening van akkommodasie vir biblioteekmateriaal en beamptes wat oor die plaaslike dienste toesig kon hou.

Die Carnegiekomitees het waardevolle werk verrig deur die voorsiening aan Nie-Blankes van geleenthede om te lees en deur plaaslike owerhede aan te moedig om geldelike steun en fasiliteite vir vry biblioteekdienste te voorsien. In sommige gevalle het dit gelei tot die instelling van volledige openbare biblioteekdienste in groter munisipale gebiede. Tog moes die onderneming as 'n tussentydse maatreeël beskou word, en hoewel die saak herhaaldelik op konferensies ter sprake was en verskeie artikels in *Suid-Afrikaanse biblioteke* daarvoor gepubliseer is, het dit nie tot meetbare resultate gelei nie. Weliswaar kon kritiek teen die Vereniging gelewer word dat hy nie meer kragdadig in dié verband opgetree het nie. Daarteenoor moet in aanmerking geneem word dat daar aanvanklik slegs 'n beperkte aantal biblioteekleiers was, wat benewens hulle normale werksaamhede, aan baie ander sake in verband met die uitbou van die funksies van die Vereniging aandag moes skenk en dat die beskikbare fondse uiters beperk was.

Met die inwerkingtreding van die Wet op Swart Onderwys in 1954 is beheer oor Swart onderwys, en, gepaard daarmee verantwoordelikheid vir biblioteekdienste vir Swartes uit die hande van die provinsiale administrasies na dié van die Sentrale Regering oorgeplaas. Dit sou later blyk dat hierdie verwickeling ernstige gevolge vir die biblioteekdienste vir Swartes ingehou het, veral aangesien die provinsiale administrasies hulle finansiële steun moes onttrek, sonder dat 'n kompensierende teenprestasie aan die kant van die Staat gelewer is. Tydens die konferensie van 1956 is die hele aangeleentheid van openbare biblioteekdienste aan Swartes indringend be-

spreek en aan 'n subkomitee opgedra om die saak te ondersoek. Daar is egter bevind dat die ondersoek van so 'n omvang sou wees dat 'n regeringskommissie 'n meer aangewese liggaam sou wees om dit uit te voer. Op bladsy 149 word gestel dat hierdie bevinding waarskynlik aanleiding gegee het tot die benoeming van die *Interdepartementele Komitee van Ondersoek na biblioteekdienste vir Nie-Blankes* in 1963. In die *Interdepartementele Komitee*, wat uit veertien lede bestaan het, het agt lede van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gedien met H.C. van Rooy as verteenwoordiger van die Vereniging. In sy *Verslag* het die *Komitee* onder meer aanbeveel "dat die Provinsies beskou moet word as die staatsinstansies wat verantwoordelik is vir die lewering van regeringsbydrae tot openbare biblioteekdienste vir alle bevolkingsgroepe in samewerking met plaaslike besture ...". Toe daar 'n verdraging met die aanvaarding van die *Verslag* voorgekom het, het die Vereniging herhaaldelik versoek tot die betrokke Staatsdepartement gerig om afhandeling van die saak te bespoedig. Eers op 12 Junie 1970 is by wyse van 'n persvrystelling bekendgestel dat die Kabinet die *Verslag* aanvaar het. Sedertdien kon die provinsiale administrasies deur middel van hulle provinsiale biblioteekdienste die verlangde dienste aan Swartes lewer.

7.3.2 Die stigting van biblioteekverenigings vir Nie-Blanke-bevolkingsgroepe

By die evaluering van die bydrae van die Vereniging tot die bevordering van biblioteekdienste van Nie-Blankes moet ook verwys word na sy optrede in verband met die stigting van afsonderlike biblioteekverenigings vir die Nie-Blanke-bevolkingsgroepe, soos behandel in afdeling 5.2. Tydens die 1947-konferensie is 'n komitee benoem om aandag te skenk aan die moontlikheid van die stigting van 'n Nie-Blanketak van die Vereniging. Na grondige ondersoek en op advies van deskundiges het die Vereniging besluit om oor te gaan tot die stigting van afsonderlike biblioteekverenigings. Na voorbereidingswerk deur komitees deur die Raad benoem, is die biblioteekvereniging vir Swartes in 1964 gestig en dié vir Indiërs in 1967, terwyl geslaagde onderhandelings met die *Kaapse Biblioteekvereniging* gevoer is om ook Kleurlinge van ander provinsies as lede te aanvaar.

7.3.3 *Studie- en wetenskaplike biblioteke*

7.3.3.1 *Skool- en onderwyskollegebiblioteke*

In afdeling 7.3.1.3 word gestel dat die Vereniging in sy strewe na beter biblioteekdienste aan kinders hom hoofsaaklik toegespits het op die uitbouing van skoolbiblioteekdienste. In afdeling 5.3.1 word gemeld dat Stirling reeds as tydelike biblioteekorganiseerder in 1930 besondere aandag aan die aangeleentheid van skoolbiblioteke geskenk het. Die memorandum oor skoolbiblioteke en oor biblioteekkursusse vir onderwysers, wat in opdrag van die Biblioteekvereniging aan die *Inter-Departementele Komitee oor die Biblioteke van die Unie van Suid-Afrika*, 1937, voorgelê is en wat as bylaes tot die *Verslag* gepubliseer is, het beslis 'n gunstige invloed gehad.

Na aanleiding van 'n memorandum wat die Raad van die Vereniging in 1937 vir die Transvaalse *Provinsiale Onderwyskommissie* opgestel het, het die *Kommissie* belangrike aanbevelings in verband met skool- en kollegebiblioteke gedoen. As gevolg van die bemoeiing van die Kaapse Tak van die Vereniging is 'n gesamentlike komitee bestaande uit drie bibliotekarisse en drie onderwysers deur die Superintendent-Generaal van Onderwys benoem met die opdrag om voorstelle oor die verbetering van skoolbiblioteke op te stel. In die *Verslag A plan for school libraries* is belangrike aanbevelings gedoen in verband met onder andere die benoeming van 'n skoolbiblioteekorganiseerder, skoolbibliotekarisse en bibliotekarisse aan onderwyskolleges, biblioteektoekennings, huisvesting van skoolbiblioteke en uitbouing van boekevoorrade. Ook in die Oranje-Vrystaat is 'n memorandum aan die *Onderwyskomitee* van die Onderwysdepartement in 1947 voorgelê. As gevolg van vertoë deur die Vrystaatse Tak in 1965 het die Administrateur 'n *Komitee van Ondersoek na Biblioteekdienste vir Kinders* benoem. Die aanbevelings van die *Komitee* is deur die owerhede aanvaar en alle skoolbiblioteke is sedert 1967 deur die Vrystaatse Provinsiale Biblioteekdiens gereorganiseer.

By konferensies, vergaderings van takke en van afdelings vir skool- en kinderbiblioteke van takke en op simposiums is die bevordering van skoolbiblioteekdienste gereeld behandel, en in *Suid-Afrikaanse biblioteke* het 'n groot aantal artikels oor die skoolbiblioteek verskyn.

Die bemoeiing van die Vereniging het soms vrugtelos gelyk, dog dit het sonder twyfel daartoe bygedra dat die skoolbiblioteekgedagte al meer posgevat het, en dat die behoefte aan doeltreffende skoolbiblioteekdienste deur onderwysers, skoolhoofde en die onderwysowerhede besef is. Die geleidelike verbetering in skoolbiblioteekdienste, die benoeming van opgeleide bibliotekarisse en die aanbieding van kursusse in skoolbiblioteekkunde aan onderwyskolleges en die benoeming van skoolbiblioteekorganiseerders is in 'n hoër mate aan die optrede van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging te danke.

7.3.3.2 *Universiteitsbiblioteke*

In afdelings 2.2.4 en 5.3.2 is gewys op die toestand wat op die universiteitsterrein geheers het en op die onbevredigende gehalte van universiteitsbiblioteke. Die *Inter-Departementele Komitee* het in sy *Verslag* die universiteitsbiblioteek as een van die belangrikste komponente van die universiteit beskou en het aanbevelings gedoen oor die status van die bibliotekaris en die doeltreffende instandhouding van die biblioteekdiens.

Die Vereniging het 'n memorandum voorberei vir voorlegging aan die *Hollowaykommissie van Ondersoek na Universiteitsfinansies*, waarin die rol van die biblioteek vir studie en navorsing beklemtoon word en waarin die behoefte aan 'n goed toegeruste en behoorlik georganiseerde biblioteek duidelik aangetoon word. Die gepaste posisie van die universiteitsbibliotekaris in die hiërargie van die universiteit en die noodsaaklikheid vir die gradering van betrekkinge is beklemtoon. In sy *Verslag* het insig in die probleme van die universiteitsbiblioteek na vore gekom, en deur die erkenning van die biblioteek as een van die basiese departemente van die universiteit is aan die biblioteek sy regmatige plek toegeken. Die Vereniging het ook 'n memorandum aan die *Van Wyk de Vrieskommissie* voorgelê, maar die invloed van die memorandum is nie duidelik waarneembaar nie.

In sy optrede ter bevordering van die universiteitsbiblioteek moes die Vereniging met omsigtigheid te werk gaan, aangesien verskeie universiteite aanvanklik nie baie positief teen die Vereniging ingestel was nie en as outonome inrigtings nie gediend was nie met wat beskou is as inmenging van die kant van die Vereniging.

Die belangstelling van die Vereniging in die universiteitsbiblioteekwese blyk egter uit die stigting van 'n *Afdeling vir Universiteits- en Vakbiblioteke* en uit die besprekings van universiteitsbiblioteek-aangeleenthede op verskeie seminare, simposiums en konferensies, wat sonder twyfel 'n groot bydrae gelewer het tot die bevordering van kontak tussen en die algemene vorming van universiteitsbibliotekarisse.

Die stigting van die *Interuniversitêre Biblioteekkomitee* van die *Komitee van Universiteitshoofde* het die behoefte aan hulp van die kant van die Biblioteekvereniging verminder.

7.4 Die bydrae van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging ter bevordering van samewerking tussen biblioteke

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het 'n uiters belangrike rol in die bevordering van samewerking tussen biblioteke gespeel. Sedert sy stigting het die Vereniging daarna gestreef om sy doelstelling "om die grootste mate van samewerking tussen alle biblioteke, insluitende openbare, regerings-, instituuts- en partikuliere biblioteke, te bewerkstellig" te verwesenlik. In afdeling 6.2 word gestel dat tot 1959 voortdurend by wyse van mosies, besprekings en voordragte tydens konferensies, deur liggame van die Vereniging, deur sy ampsdraers en deur individuele lede aandag geskenk is aan die propagering van die gedagte van biblioteeksamewerking en die bevordering daarvan. In dieselfde afdeling word volledig verslag gedoen van die optrede van die Vereniging ter bevordering van samewerking in die algemeen, die verbetering van die interbiblioteekleningsstelsel, die uitbouing van biblioteekvoorrade en die voorsiening van bibliografiese hulpmiddele soos gesamentlike katalogusse van monografieë, van tydskrifte in Suid-Afrikaanse biblioteke en van proefskrifte en verhandelinge aan Suid-Afrikaanse universiteite en die skepping van 'n indeks op Suid-Afrikaanse tydskrifte.

Die pogings van die Vereniging, veral sedert 1947, om 'n stelsel van koöperatiewe aanskaffing van biblioteekmateriaal te bewerkstellig, het geen direkte vrugte afgewerp nie, hoofsaaklik weens die gebrek aan finansiële middele en die feit dat daar nie personeel beskikbaar was wat op voltydse basis die nodige ondersoeke kon onderneem

nie. Tog het die optrede van die Vereniging in dié verband, en ook ten opsigte van die ander sake hierbo genoem, sonder twyfel veel bygedra tot die rypmaking van bibliotekarisse en biblioteekowerhede vir die saak van biblioteeksamewerking, en het dit gedien as voorbereiding vir die ontwikkelinge wat na 1959 plaasgevind het. Malan (1970(4):13) vat dit treffend soos volg saam: “ ... one may be inclined to conclude that little was being done to foster library co-operation. This however, is not true. The stage of development was not advanced enough for the promotion of this cause, but it must be said to the credit of all those who were intimately involved in the planning of co-operative ventures during the ‘thirties’ and ‘forties’ that this important aspect (first mooted at the 1928 Conference) enjoyed consistent attention throughout. The particular endeavours initiated during the mid-‘fifties’, however, lent real impetus to the movement of fusing South African librarianship into a single co-ordinated whole, while safeguarding the autonomy of the individual institution.”

’n Mosie wat by die 1959-konferensie aanvaar is, het as stimulus vir die meer omvattende en kragdadiger optrede van die Vereniging gedien. Die werksaamhede van die *Aksiëkomitee vir Biblioteeksamewerking*, wat deur die konferensie benoem is, die ondersoeke wat uitgevoer is en die verslae van die ondersoekbeantptes het gekulmineer in die *Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede* in 1962.

Dié *Konferensie* kan met reg as een van die belangrikste gebeurtenisse in die Suid-Afrikaanse biblioteekgeskiedenis bestempel word. Sy besluite wat onder die titel *Program vir verdere biblioteekontwikkeling* gepubliseer is en wat in hooftrekke in afdeling 6.3.2 weergegee is, kan, in die lig van die destydse omstandighede, as ’n *bloudruk* vir biblioteekontwikkeling in die land gesien word.

In die inleiding tot die gepubliseerde *Program vir verdere biblioteekontwikkeling* word die volgende gestel: “Die gees waarin die Konferensie plaasgevind het, kan dien as duidelike bewys van die begeerte van al die deelnemende biblioteekowerhede om saam te werk aan die opbou van ’n sterk nasionale biblioteekdiens vir die Republiek van Suid-Afrika”, terwyl die *Program* beskou is as “ ’n Manifest wat deur die Nasionale Konferensie aan alle Suid-Afrikaanse biblioteekowerhede

voorgelê word as 'n grondslag waarop die toekomstige biblioteekontwikkeling in die Republiek beplan behoort te word" (Program, 1962:82).

In die Jaarverslag, 1962-63 van die Vereniging, verskyn die volgende: "Met die gesedif van bibliotekarisse en die steun van bibliotekowerhede behoort die uitvoering van die besluite van die Nasionale Konferensie 'n heilsame vernuwung en verbetering in die bibliotekdienste van die Republiek teweeg te bring. Die Nasionale Konferensie was ongetwyfeld 'n belangrike mylpaal in ons bibliotekgeskiedenis. Deur sy optrede in die verband sedert 1959 het die S.A. Bibliotekvereniging 'n groot diens aan die Republiek bewys" (SABV-Jaarverslag, 1962-63:8).

P.C. Coetzee gee die volgende evaluering van die *Program vir verdere bibliotekontwikkeling*: "The Programme for future Development will undoubtedly be one of the most important and reliable sources for assessing the state of South African librarianship at the beginning of the second decade of the latter half of the twentieth century. It represents a consensus of professional thought on the mission and functions of libraries and library services in the Republic. Together with its supplementary documents it may be considered a reasonably comprehensive survey of the contemporary South African library scene. In addition it can claim to be a competent evaluation of the standard of library service in this country" (Coetzee, 1962:43).

Die voorlopige stappe deur die Vereniging gedoen ter uitvoering van die besluite vervat in die *Program vir verdere bibliotekontwikkeling*, toe daar 'n ongelukkige vertraging in die aanvaarding van die besluite van die *Nasionale Konferensie* deur die Kabinet en die benoeming van die voorgestelde voortsettingsliggame voorgekom het, is in afdeling 6.3.3 uiteengesit. Nadat die verantwoordelikheid in dié verband in die hande van die *Interinkomitee* en later van die *Nasionale Bibliotekadviesraad* oorgegaan het, het die saak steeds die aandag van die Vereniging bly geniet, en is opgetree op terreine wat nie met die aktiwiteite van die *Nasionale Bibliotekadviesraad* oorvleuel het nie. In samewerking met internasionale liggame het die saak van katalogisering, en veral ook die wenslikheid en praktiese uitvoerbaarheid van sentrale katalogisering die aandag geniet. Dit het in 'n mate as

ondergrond gedien vir die werksaamhede sedert 1962 van die MARC-werksgroep (later die *Komitee vir Gerekenariseerde Katalogisering*) van die *Adviesraad*, wat uitgeloop het op die stigting van die *Suid-Afrikaanse Bibliografiese en Inligtingsnetwerk* (SABINET) in 1983.

Deur bemiddeling van sy *Bibliografiese Komitee* en later sy *Komitee vir Bibliografiese Beheer* is in die besonder aandag geskenk aan die identifisering van leemtes in die bestaande bibliografiese voorsiening en is pogings in die werk gestel om dit aan te vul. 'n Opgawe van hierdie belangrike aktiwiteite is in afdeling 6.3.4.3 verstrekk.

Hierdie studie handel oor die rol van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in die ontwikkeling van *biblioteekdienste* in Suid-Afrika. Wat die inhoud en dienste van die biblioteek betref, vorm dit 'n belangrike en basiese komponent van die inligtingwese. Uit die gegewens in hoofstuk 6 verstrekk, blyk dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in die voorsiening en uitbou van bibliografiese dienste 'n uiters belangrike rol gespeel het. Tereg wys A.J. Viljoen in sy presidentsrede voor die konferensie van 1980 op die bydraes wat die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging op 'n terrein wat redelik sterk met die inligtingwese geassosieer word, gelewer het. Hy verwys in die besonder na die indekserings- en bibliografiese aktiwiteite en stel dat "[dit] wil ... voorkom asof die SABV 'n redelik leidinggewende rol in bibliografiese aangeleenthede in Suid-Afrika gespeel het" (Viljoen, 1980:91).

7.5 *Die omskepping van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in 'n professionele vereniging*

7.5.1 *Inleiding*

As gevolg van 'n besluit van die *Suid-Afrikaanse Biblioteek Konferensie* (1928) is die lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging by sy stigting in 1930 nie beperk tot professionele bibliotekarisse nie; alle persone wat in biblioteke werksaam was of wat in biblioteekwerk geïnteresseerd was, kon lede van die Vereniging word. Hoe wys hierdie uitgangspunt was, blyk uit die groot bydrae wat verskeie nie-bibliotekarisse, veral in die pioniersjare, tot die vestiging en

uitbouing van biblioteekdienste gelewer het, en vir die uitdra van die biblioteekgedagte in Suid-Afrika was dit van groot waarde. Met die ontwikkeling van die biblioteekwese en die grotere beskikbaarheid van professioneel gekwalifiseerde personeel is geleidelik gevorder op die pad van professionalisering van die biblioteek- en inligtingberoep waarna Fouché (1980:45) verwys.

In hoofstuk 3 is aangetoon dat enige profesie moet beskik oor 'n nasionaal erkende vereniging, waarvan die meerderheid persone wat die beroep beoefen lede moet wees. Verder is die aard, vereistes en doelstellings van 'n professionele vereniging en ook van 'n professionele biblioteekvereniging saaklik geskets. Dit val buite die bestek van hierdie studie om professionalisering in die algemeen en van die biblioteekwese in Suid-Afrika in die besonder, volledig te behandel, aangesien dit hier daarom gaan om vas te stel watter rol die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in die professionalisering van die beroep gespeel het. Dié rol word in hierdie afdeling in breë trekke aangedui.

7.5.2 Organisasiestruktuur van 'n professionele vereniging

Steyn en Malan (afdeling 3.2) beklemtoon die noodsaaklikheid van die organisasiestruktuur van 'n professionele vereniging. Kragtens die statuut van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging was die wetgewende gesag van die Vereniging in die konferensie geleë, wat deur alle lede van die Vereniging met volle stemreg bygewoon kon word, en wat in die reël jaarliks gehou is. Die Raad was die hoogste uitvoerende gesag van die Vereniging, en het die Vereniging in alle aangeleenthede, waar na buite opgetree moes word, verteenwoordig. Dit het 'n Uitvoerende Komitee benoem om namens hom op te tree in ooreenstemming met gedelegeerde magte en pligte. Met die goedkeuring van die Raad het daar verskeie takke en afdelings van die Vereniging bestaan, en vaste en ad hoc-komitees is deur die Raad benoem om die uitvoering van die funksies van die Vereniging te behartig (SABV-Nuusbrief, 1961:151-161).

Sedert die stigting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging is vrugtelose pogings aangewend om 'n wetlike oktrooi vir die Vereniging te verkry. In 1961 het die konferensie selfs 'n konsepwet

vir die Vereniging goedgekeur (SABV-Nuusbrief, 1961:149-151), dog weens verskillende omstandighede is dit nooit aan die Parlement voorgelê nie.

'n Belangrike stap op die weg na professionalisering van die Vereniging is gedoen toe in die Statuut van 1961 bepaal is dat die president, die vise-president, die eresekretaris en die lede van die Raad en van die Onderwyskomitee professionele lede moes wees.

7.5.3 *Lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging*

In afdeling 7.5.1 is gemeld dat alle persone wat in biblioteke werksaam was of wat in die biblioteeksaak geïnteresseerd was, as lede van die Vereniging toegelaat is. Persone wat 'n sekere vlak van opleiding geniet het, het wel die assosiaat- en sosiaatstatus geniet. Die Statuut van 1961 het bepaal dat alle sosii en assosiatie as professionele lede van die Vereniging beskou is. Persone wat die laer en hoër professionele opleiding aan universiteite voltooi het, is ook as professionele lede aanvaar (SABV-Nuusbrief, 15:194).

'n Uiteers belangrike stap is in 1973 deur die Vereniging gedoen, toe besluit is om professionele lidmaatskap oop te stel vir gespesialiseerde inligtingswerkers wat oor sekere kwalifikasies beskik en aan bepaalde ervaringsvereistes voldoen het (Raad. Notule, 10 September 1973). Hierdie besluit het baie daartoe bygedra om die tweespalt tussen gespesialiseerde inligtingswerkers en bibliotekarisse teen te werk. Die Britse *Institute of Information Scientists*, die *American Library Association* sowel as die *Australian Library Association* het byvoorbeeld geskryf dat hulle hierdie samesnoering van kragte van bibliotekarisse en gespesialiseerde inligtingswerkers in een professionele vereniging as 'n positiewe en navolgenswaardige ontwikkeling beskou (Raad. Notule, 29 April 1980).

7.5.4 *Opleiding van professionele personeel*

Geen professionele vereniging kan sonder 'n korpus professioneel opgeleide lede bestaan nie, en dit is dan ook een van die belangrike oogmerke van 'n beroepsvereniging om hom vir doeltreffende en vooruitstrewende opleiding vir die beroep te beywer. Hierdie oplei-

ding moet aan hoër standaarde voldoen, voordat persone as lede tot 'n professie toegelaat word.

In hoofstuk 4 word die bydrae van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging tot die voorsiening van opgeleide bibliotekarisse behandel: die formele opleiding deur korrespondensiekursusse oor 'n tydperk van meer as dertig jaar, voortgesette opleiding deur middel van vakansiekursusse, kort kursusse, seminare en simposiums, en na die oorgang van biblioteekkundige opleiding na universiteite, deur die stel van standaarde en die akkreditering van opleidingskursusse.

Nadat die universiteite die opleiding van bibliotekarisse oorgeneem het, het die Vereniging steeds voortgegaan met voortgesette opleiding. Stone (1978:274) wys daarop dat die mees algemene aktiwiteite van 'n professionele vereniging bestaan uit "those associated with the dissemination of information and the planning, coordinating, and implementing of specific continuing education activities aimed at updating and broadening the librarians' skill and knowledge".

7.5.5 Vereiste kennisbasis

As vereiste vir 'n professie geld dat daar 'n teoretiese kennisbasis moet wees waarop professionele praktyk gebaseer word, terwyl die bestaan van 'n immer groeiende korpus van gesistematiseerde wetenskaplike kennis, wat deur praktisyns bemaatig en as grondslag vir die beoefening van die beroepsfunksies aangewend moet word, een van sy essensiële kenmerke is. As aanvulling tot die uitspraak van Jain in afdeling 3.3 weergegee, word die volgende stelling van Shaffer (1968:18) verstrekk: "A profession has a distinctive, systematic and defined body of highly specialized professional knowledge, including theory, of a department or division of learning, scientifically organized, developed and recorded, and giving a profession an easily maintained monopoly of its service."

As die beoefening van die biblioteekwetenskap in die Verenigde State van Amerika, Brittanje en Wes-Duitsland in aanmerking geneem word, beantwoord die biblioteekwese in die algemeen sonder twyfel aan hierdie vereiste.

Na die stigting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in 1930 is die aandag hoofsaaklik toegespits op praktiese probleme in verband met die uitbouing van biblioteekdienste. Soos hierbo aangedui het die Vereniging hom wel bemoei met die opleiding van aspirantbibliotekaris. In sy insiggewende artikel *Die implikasies van professionalisering vir bibliotekaris in Suid-Afrika en moontlike ontwikkelings-tendense* wys Zaaiman (1976:122) daarop dat hierdie vroeë opleiding veral daarop gemik was om biblioteektegninge en 'n bietjie agtergrondskennis te verskaf en dat daar min sprake van 'n uitgebreide liggaam van kennis was. Hy stel verder die volgende: "Interessant genoeg, lyk dit asof juis die afskaffing van die SABV se opleiding 'n sterk stimulus was vir die verwerwing van 'n groter kennisbasis. Moontlik was dit so omdat die diploma van die SABV 'n finale beroepskwalifikasie was en nie as 'n inleiding tot gevorderde akademiese studie beskou is nie.

"Hoe die biblioteekkunde sy kennisbasis sedert die sestigerjare uitgebrei het, blyk duidelik uit die statistiek oor gevorderde studie. Tot in 1965 is daar in Suid-Afrika net drie meestersgrade en een doktorsgraad in die biblioteekkunde verwerf. Vanaf 1966 tot 1974 is 35 meestersgrade en agt doktorsgrade behaal. Vanjaar (1975) is daar vir die Honneursgraad 73 studente ingeskryf, vir die Meestersgraad 52 en vir die Doktorsgraad 25. Daar is dus 150 studente wat met nagraadse studie besig is. In totaal is daar net meer as 1 500 studente wat biblioteekvakke aan die universiteite neem. Vanaf 1965 tot 1975 het die getal voltydse doserende personeel gestyg vanaf 23 tot 52 en die professorate van 2 tot 12."

Die rol wat die blad *Suid-Afrikaanse biblioteke* in dié verband, en ook in verband met die bevordering van die biblioteeksaak in die algemeen, gespeel het, moet nie uit die oog verloor word nie. Die blad, wat volgens Fouché (1980:46) aanvanklik as 'n lyfblad vir die Vereniging met 'n didaktiese strekking gestig is, het gegroei tot 'n vaktydskrif van internasionale gehalte, waarvan die inhoud van hoë professionele en dikwels wetenskaplike standaard is.

Ter uitbouing van die professionele kennis het die professionele vereniging die verpligting om navorsing te onderneem en te bevorder. Een van Shaffer (1968:19) se kriteria vir professionele status is

“initiation, stimulation, and support of programs of research in theory and method related to the services of the profession ... ”

Hoewel die navorsing op biblioteekkundige gebied in Suid-Afrika na 1962 hoofsaaklik deur die universiteite uitgevoer is, soos blyk uit die aangehaalde uitspraak van Zaaiman, het die Biblioteekvereniging ook in 'n beskeie mate daartoe bygedra. Hier moet die ondersoeke na verskeie aspekte van die Suid-Afrikaanse biblioteekwese deur die *Aksiekomitee vir Biblioteeksamewerking* geloods, waarna in hoofstuk 6 verwys is, gemeld word. Verskeie ondersoeke is verder deur komitees van die Raad uitgevoer. Die *Tegniese Standaardekomitee* het ondersoek ingestel na internasionale en nasionale standaarde in verband met biblioteke; die *Komitee vir Bibliografiese Beheer* het aandag geskenk aan die identifisering van leemtes in die bestaande bibliografiese voorsiening in die land, terwyl die *Nasionale Katalogiseringskomitee* vroeër in samewerking met die internasionale liggame aandag geskenk het aan die saak van katalogisering en die moontlikheid van sentrale katalogisering. In afdeling 7.4 word gestel dat hierdie ondersoeke in 'n mate as ondergrond gedien het vir die werksaamhede van die *Komitee vir Gerekenariseerde Katalogisering* van die *Nasionale Biblioteekadviesraad*, wat uitgeloop het op die stigting van die *Suid-Afrikaanse Bibliografiese en Inligtingsnetwerk*.

Die belangstelling van die Vereniging in biblioteekkundige navorsing blyk verder uit die benoeming van 'n navorsingskomitee in 1966 met die volgende opdrag: “Die Komitee sal verantwoordelik wees vir die beplanning en koördinerings van biblioteekkundige navorsing op nasionale vlak in oorleg met universiteite, navorsingsinrigtings en biblioteekowerhede; voortdurende ondersoek van nuwe terreine vir biblioteeksamewerking” (Uitvoerende Komitee. Notule, 29 Maart 1966:114).

Hierdie *Komitee* is in 1976 met die Onderwyskomitee saamgevoeg om die *Komitee vir Opleiding en Navorsing* te vorm ter “bevordering van navorsing op die terrein van die Biblioteek- en Inligtingwese deur middel van die identifisering, insiëring en koördinerings van navorsing” (Raad. Notule, 13 September 1976:79).

Volgens die raadsnotule van 11 September 1978 het die Vereniging

op aanbeveling van die genoemde komitee besluit om die *SABV-Navorsingstoekening* te maak aan 'n persoon wat 'n hoogstaande publikasie of publikasies, gegrond op oorspronklike navorsing op die gebied van die biblioteek- en inligtingkunde, laat verskyn het. Verder is besluit om 'n *Sertifikaat vir Navorsing* toe te ken om erkenning te verleen aan belowende navorsing deur veral jonger persone, wie se werk nog nie aan die vereistes vir die *SABV-Navorsingtoekening* voldoen nie, ten einde hulle tot groter prestasie aan te spoor.

Met die ontwikkeling van 'n professie ontstaan nuwe begrippe wat die groei van 'n *vakterminologie* inhou. Aanvaarbare definisies van professionele terme vereis 'n noukeurige studie van alle definisies wat gebruik word. Om die definisies relevant te hou, vereis 'n voortdurende studie van nuwe literatuur en nouc kontak met die praktyk. Hierdie saak is veral aktueel in 'n veeltalige land soos Suid-Afrika. In samewerking met die *Vaktaalburo* van die *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* het 'n komitee van die Vereniging as eerste stap 'n Engels-Afrikaanse woordeboek voorberei wat in 1971 gepubliseer is.

Een van die vereistes vir 'n professionele vereniging is dat hy hom moet beywer om professionele vakliteratuur daar te stel deur die aanmoediging van publikasies. Die Onderwyskomitee was deeglik bewus van die behoefte aan geskikte Suid-Afrikaanse vakliteratuur (Onderwyskomitee. Notule, 27 Junie 1951) en na aanleiding van 'n versoek van die *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* is veral aandag geskenk aan die voorsiening van vakliteratuur in Afrikaans (Onderwyskomitee. Notule, 20 Februarie 1971; Notule, 14 September 1973). Terreine waarop daar 'n groot behoefte bestaan het, is aangedui en persone is aangemoedig om op die terreine publikasies voor te berei (Onderwyskomitee. Notule, 14 September 1973:152-157). As gevolg van hierdie behoeftebepaling het onder meer S.I. Malan en P.J. Schutte handboeke op hulle onderskeie vakterreine gepubliseer om gedeeltelik in die behoeftes van studente te voorsien. Hoewel nie in direkte opdrag nie, dog waarskynlik mede as gevolg van die verstoë van die Vereniging, het 'n aantal verdere handboeke en vakgeskrifte van die hand van lede van die Vereniging verskyn om in die behoefte aan biblioteekkundige lektuur in Afrikaans te voorsien.

7.5.6 Gedragskode

Die etiese kode van 'n beroep hou die stel van ideale en standarde van professionele optrede wat deur 'n professionele groep aanvaar is en waaraan lede hulle vrywillig onderwerp in. Dit is vir sosiale beheer belangrik dat lede hul hierby sal neerlê (Shaffer, 1968:4041).

Deur 'n etiese kode vervul 'n professionele vereniging twee basiese doelstellings. Eerstens word 'n stel reëls daargestel waardeur sy lede in staat behoort te wees om 'n hoogstaande diens aan die gemeenskap te lewer en tweedens word die verantwoordelikheid aanvaar om die bevoegdheid van lede te waarborg en te verseker dat die professionele gedrag van sy lede nie die profesie in gedrang sal bring nie.

Lede van 'n profesie het sekere sosiale waardes wat nie aan mag, inkomste en sosiale prestige gekoppel is nie. Die etiese kode dra aan die professionele bibliotekaris op "to seek, above all, the enlightenment of his patrons through a sincere, honest search for truth, regardless of its implications" (Shaffer, 1968:41-42). Hulle vorm 'n soort vakkundig-professionele *elite*, en die gemeenskap ken aan hulle sekere voorregte toe op grond van hulle kennis en arbeid. As teenprestasie moet hulle sekere verantwoordelikhede aanvaar wat deur die gedragskode gewaarborg word.

In Suid-Afrika het die biblioteekwese nie 'n skriftelike gedragskode nie. Zaaiman (1976:125-126) wys daarop dat 'n geskrewe of wetlik afdwingbare gedragskode nie altyd nodig is nie, aangesien die afwesigheid daarvan nie beteken dat die mening van bibliotekarisse nie gewig dra by hulle kollegas nie. Hy stel verder die volgende: "In ons professionele gesprekke, in ons publikasies en op ons vergaderings probeer ons die beste bydrae maak waartoe ons in staat is. Die agting van ons kollegas is vir ons van belang omdat dit 'n inherente deel vorm van die professionele beheer wat hulle oor ons uitoefen.

"As geheel kan die Suid-Afrikaanse biblioteekprofesie ook groot druk op gedrag uitoefen, veral as daar 'n sterk mening posvat oor 'n saak. Ons het dit gesien in die wyse waarop die universiteite een vir een ingeval het by die gedagte van vier jaar opleiding, hoewel die voorstanders van driejarige opleiding gevoel het dat hulle goeie redes

daarvoor kon aanvoer.

“ ’n Geskrewe gedragskode kan sekerlik groot voordele inhou. Dit gee aan bibliotekarisse die geleentheid om hul beste ideale te bedink en as ’n profesie daaroor ooreen te kom. Dit kan die strewe van die bibliotekaris voorhou aan die owerheid en aan die kliënt en so groter begrip en waardering by hulle wek. Dit kan aan die aspirant-bibliotekaris ’n helder beeld gee van die aard en statur van die profesie waarin hy hom begief. Dit kan dien as gids en inspirasie in die daaglikse arbeid en so professionaliteit bevorder.

“Die SABV behoort nou ’n gedragskode te oorweeg om ons professionaliteit verder te help uitbou. By die opstel van ’n gedragskode moet so ’n breë deelname as moontlik deur die hele beroep verkry word.”

7.5.7 *Bevordering van die beroep*

Ten tye van die stigting van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging was die status van die biblioteek in die gemeenskap baie laag, en die bibliotekaris het nie hoë agting geniet nie. Deur sy *Reklamekomitee* en die latere *Openbare Skakelkomitee* is veel gedoen om die regte beeld van die biblioteek te skep. In hierdie studie is aangetoon wat die Vereniging verder daartoe bygedra het dat aan die biblioteek sy regmatige status toegeken is en dat professioneel opgeleide bibliotekarisse voorsien is. Zaaiman (1976:126) stel in dié verband die volgende: “Hierdie gebied is een van dié waarop die Suid-Afrikaanse biblioteekwese die sterkste gevorder het gedurende die afgelope tyd. Die deurbraak het gekom met die *Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede* wat in 1962 op aandrang van die SABV gehou is en waarop ’n ontwikkelingsprogram wat deur die SABV voorberei is, deur die biblioteekowerhede aanvaar is. Dit was die einde van die era waarin leiding oor biblioteeksake dikwels van lede uitgegaan het.”

Een van die vereistes vir ’n professionele vereniging is om om te sien na die groepsbelange binne die beroep self en nie in die eerste plek om die belange van die individuele beroepswerker te bevorder nie. Die Vereniging het hom met ’n hoë mate van sukses beywer vir die

erkenning van die professionele status van die bibliotekaris, die gradering van biblioteekbetrekkings en die verbetering van salarisse en ander diensvoorwaardes. Dit word die beste geïllustreer deur die feit dat die hoofde van universiteitsbiblioteke op professorale vlak aangestel word, terwyl hulle by verskeie universiteite op 'n hoër vlak geplaas is. Daar is ook daarin geslaag om verskeie biblioteekowerhede te ooreed om professionele lidmaatskap van die Vereniging as aanbeveling of voorwaarde vir aanstelling te stel.

Die groei van die Vereniging blyk uit die feit dat, waar daar in 1930 by sy stigting nege en tagtig lede aangesluit het, daar volgens berekening deur die Eresekretaris by die omskepping van die Vereniging een duisend drie honderd en twee professionele lede, sewe en vyftig assosiaatslede, twee honderd vyf en sestig geaffilieerde lede, een honderd agt en tagtig studente lede en twee honderd sewe en twintig inrigtingslede was.

7.6 Die stigting van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het gedurende sy bestaan van vyftig jaar 'n belangrike en onbetwisbare bydrae gelewer tot biblioteekontwikkeling in die land en het van 'n volksbeweging geleidelik ontwikkel in 'n vereniging wat, met die uitsondering van die feit dat sy lidmaatskap nie tot professioneel gekwalifiseerde persone beperk was nie, in 'n hoë mate aan die eise van 'n professionele vereniging voldoen het.

Gedurende die sewentigerjare het die strewing na volle professionalisering van die Vereniging dan ook sterk na vore gekom. Die konferensie van 1975 (p. 142), waartydens die *professionalisering van die biblioteekberoep* die hooftema was, het besluit: "om aan die Raad voor te stel dat ondersoek ingestel word na en dat die nodige stappe gedoen word om die voortdurende professionalisering van die biblioteekberoep in Suid-Afrika aan te moedig en te bevorder en dat dit op 'n georganiseerde grondslag plaasvind". In 1976 het die konferensie (p. 151) besluit dat die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in 'n professionele liggaam omskep word en dat die Raad versoek word om die biblioteekberoepstruktuur te ondersoek en voorstelle ter

herstrukturering daarvan aan die volgende konferensie voor te lê.

'n Komitee vir voortgesette professionalisering, bestaande uit R.B. Zaaïman en A.J. Viljoen is deur die Raad (Notule, 26 September 1975) gekontinueer om voorstelle voor te berei vir die omskepping van die Vereniging in 'n sentrale professionele vereniging op die gebied van die biblioteek- en inligtingwese in Suid-Afrika.

Op 31 Oktober en 1 November 1977 is 'n simposium oor *Die georganiseerde biblioteek- en inligtingberoep in Suid-Afrika* deur die Wes-Transvaalse Tak van die Vereniging aangebied, wat deur vier en vyftig raadslede en ander senior lede van die beroep op uitnodiging bygewoon is. Die aanbevelings aan die Raad, wat uit die *Simposium* voortgevloei het, was dat die belange van die biblioteek- en inligtingberoep in Suid-Afrika op nasionale vlak in een organisasie saamgesnoer word; dat daar voorsiening gemaak word vir die sinvolle uitlewing van die belange en aspirasies van elke groep binne die beroep en dat die effektiewe beheer van die beroepsvereniging in die hande van sy professionele lede behoort te wees (SABV-Nuusbrief, 1978:131-133).

Die konferensie van 1978 (p. 133) het die volgende besluit geneem:

"1. Dat in die lig van die sterk steun vir een professionele organisasie om die belange van die biblioteek- en inligtingsberoep in Suid-Afrika te behartig, en die besluit van die Konferensie in 1976 dat die SABV in 'n professionele liggaam omgeskep word, die Raad in oorleg met bestaande organisasies op biblioteek- en inligtingsgebied grondwet-wysigings uitwerk vir die omskepping van die SABV in 'n sentrale professionele organisasie, waardeur die beheer van die Vereniging in die hande van die professionele lede, wat voldoen aan die vereistes ... geplaas word; en

2. Dat persone wat nie aan die professionele vereistes voldoen nie, as lede geklassifiseer word wat geen stemreg het nie of as ampsdraers sal dien nie, maar verder al die voorregte van lidmaatskap geniet;

3. Dat persone wat aan die vereistes vir professionele lidmaatskap voldoen en die lidmaatskap van 'n tak en/of afdeling wil bekom, ook by die sentrale professionele organisasie moet aansluit;

4. Dat direkte lidmaatskap van die sentrale professionele organisasie verkry kan word sonder om noodwendig lidmaatskap van 'n tak en/of afdeling te aanvaar;
5. Dat voorsiening gemaak word vir inskakeling by die sentrale professionele organisasie van ander onafhanklike Suid-Afrikaanse organisasies op biblioteek- en inligtingsgebied."

Die onvermoeide arbeid van die *Komitee vir voortgesette Professionalisering* was nie daarmee afghandel nie. Na oorlegpleging met alle belangegroepes is 'n nuwe grondwet opgestel, wat op 23 Oktober 1979 deur 'n spesiale konferensie (p. 165) aanvaar is.

Die huidige stand van die biblioteekdienste, van opleiding van biblioteekpersoneel en van samewerking tussen biblioteke in Suid-Afrika is ondenkbaar sonder die bestaan van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Die bydrae van die Vereniging tot biblioteekontwikkeling in die land en tot die uitbou en die professionalisering van die biblioteekberoep is bekroon toe hy op 1 Januarie 1980 opgegaan het in die *Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingswese (SAIBI)*.

BYLAES

Bylae 1

Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging

Statistiese gegewens oor eksamiens

<i>Jaar</i>	<i>Ingeskryf (getal kursusse)</i>	<i>Geslaag (getal kursusse)</i>	<i>Persentasie geslaag</i>	<i>Getal kandidate</i>
1943	202	115	56,9	
1944	185	129	69,7	
1945	238	125	52,5	
1946	286	176	61,5	
1947	237	151	63,7	
1948	334	204	61,1	
1949	345	221	64,1	
1950	321	194	60,4	
1951	436	232	53,2	
1952	315	180	57,1	
1953	226 3125	136 1863	60,2 59,6	
1954	278	184	66,2	178
1955	295	204	69,2	172
1956	265	184	69,4	153
1957	300	197	65,7	169
1958	436	294	67,4	218
1959	459	263	57,3	254
1960	398	248	62,3	226
1961	360	235	65,3	230
1962	279	166	59,5	180
1963	152	99	65,1	104
1964	86	49	57,0	86
1965/6	49 3357	33 2156	67,3 64,2	33 2003

Diplomas toegeken, 1934 tot 1966

1934-40	6
1941-50	20
1951-55	24
1956-60	21
1961-64	15
1965-66	37
	<hr/>
	123
	<hr/>

Bylae 2

Staatsbiblioteek se Vakansieskool

Die volgende is 'n lys van vakansiekursusse, kort kursusse, simposiums en seminare, wat met steun uit die *Staatsbiblioteek se Vakansieskoolfonds* van 1931 tot 1980 deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gereël is, of wat onder sy beskerming plaasgevind het.

<i>Datum</i>	<i>Plek van byeenkoms</i>	<i>Bywoning</i>	<i>Aard van kursus</i>
1931	Durban	20	Plattelandse bibliotekaris
1932	Durban	25	Plattelandse bibliotekaris
1933	Durban	25	Plattelandse bibliotekaris
1934	Durban	28	Plattelandse bibliotekaris
1935	Durban	28	Plattelandse bibliotekaris
1936	Durban	28	Plattelandse bibliotekaris
1937	Durban		Plattelandse bibliotekaris
1938	Durban		Plattelandse bibliotekaris
1939	Durban		Plattelandse bibliotekaris
1940			Plattelandse bibliotekaris
1941	Kaapstad	30	Kinderbiblioteekwerk
1942	Kaapstad	48	Skoolbiblioteekwerk vir Onderwysers

Nuwe reeks vakansiekursusse

1947	Warmbad		
1949	Durban		
1949	Bloemfontein	70	Gereël deur die organiseerder van die OVS-Biblioteekdiens, dr. S.H. Pellissier, met 'n ekstra £200-toekenning deur die Provinsiale Administrasie — vir Onderwysers.
1950	Parys	12	Plattelandse bibliotekaris
1951	Barberton	28	Plattelandse bibliotekaris
1952	Kaapstad	26	Elementêre en Intermediêre Skrif-tifikaat.

<i>Datum</i>	<i>Plek van byeenkoms</i>	<i>Bywoning</i>	<i>Aard van kursus</i>
1953	Durban	70	Plattelandse bibliotekarisse en Elementêre en Intermediêre Sertifikaat.
1954	Bethlehem	28	Elementêre en Intermediêre Sertifikaat.
1956	Johannesburg	31	Transvaalse plattelandse bibliotekarisse.
1956	Hartenbos	37	Nadruk op oudio-visuele dienste.
1957	Hibberdene	32	Nadruk op "boeke en lees".
1958	Bethlehem	25	Elementêre Sertifikaat.
1960	Pretoria	44	
1961	Johannesburg	60	Gevorderde skool vir vakbibliotekarisse en dokumentaliste oor wetenskaplike en tegniese inligtingsmetodes.
1962	Pretoria	45	Nie-Blanke-bibliotekarisse.
1962	Bloemfontein		
1963	Durban	49	Indiërbibliotekarisse (Nie-Blankes).
1964	Mamelodi	18	Nie-Blankes: Sekondêre Sertifikaat.
1965	Durban	30	Indiërbibliotekarisse.
1965	Pretoria	61	Kort kursus vir nywerheidsbibliotekarisse.
1965	Johannesburg	25	Seminaar oor boekproduksie
1966	Turloop	27	Nie-Blankes: Preliminêre en Sekondêre Sertifikaat.
1967	Mamelodi	24	Bantoc-onderwysers.
1967	Durban	23	Indiëronderwysers.
1968	Johannesburg	73	Kursus oor katalogisering en klassifikasie.
1969	Kaapstad	37	Kort kursus oor kinderbiblioteekwerk.
1969	Potchefstroom	73	Simposium: Nuwere ontwikkelinge op die gebied van biblioteekwese en inligtingsvoorsiening.
1969	Pietermaritzburg	24	Indiërbibliotekarisse.
1969	Fort Hare	23	Bantobiblioteekwerkers en onderwysers.

<i>Datum</i>	<i>Plek van byeenkoms</i>	<i>Bywoning</i>	<i>Aard van kursus</i>
1970	Mamelodi	18	Nie-Blankes: Preliminêre en Sekondêre Sertifikaat.
1971	Pretoria	16	Nie-Blankes: Preliminêre en Sekondêre Sertifikaat.
1971	Pretoria	85	Sentralisasie en desentralisasie van die nasionale boekevoorraad.
1972	Pretoria	101	Outomatisasie van 'n biblioteeksisteem.
1972	Mamelodi	24	Basiese biblioteekwerk vir Bantoeonderwysers.
1972	Potchefstroom	11	Nie-Blankes: Preliminêre en Sekondêre Sertifikaat.
1973	Pretoria	62	Simposium oor die opleiding van bibliotekarisse en inligtingwerkers.
1974	Mamelodi	16	Nie-Blankes: Preliminêre en Sekondêre Sertifikaat.
1974	Pretoria	102	Simposium oor biblioteekbestuur.
1975	Pretoria		Seminaar insake ontwikkeling op die gebied van interbiblioteeklening.
1975	Soweto	9	Nie-Blankes: Preliminêre en Sekondêre Sertifikaat.
1976	Kaapstad-	181	Simposium oor reprografie.
1976	Johannesburg en Pretoria		Kursus oor rekenaars en die toepassing op biblioteke.
1977	Potchefstroom	55	Simposium oor die georganiseerde biblioteek- en inligtingberoep in Suid-Afrika.
1978	Pretoria	75	Konferensie oor ontwikkelinge en inligtingsverwerking in biblioteekrekenarisering.
1979	Pretoria		Indiensopleidingsimposium.
1979	Potchefstroom	150	Simposium oor kinderlektuur.
1978	Pretoria		ISBD/ SA MARC-kursus
1978	Johannesburg		ISBD/ SA MARC-kursus
1978	Kaapstad	138	ISBD/ SA MARC-kursus

<i>Datum</i>	<i>Plek van byeenkoms</i>	<i>Bywoning</i>	<i>Aard van kursus</i>
1979	Pietermaritzburg		ISBD/ SA MARC-kursus
1979	Pretoria	103	Landkaartseminaar
1980	Pretoria		Uitdagings wat nuwere tendense aan die universiteitsbiblioteekwese stel
1980	Pretoria		AACR II-kursus

Opmerkings:

1. In gevalle waar ruimtes ooggelaat is, kon die inligting nie in die beskikbare bronne vasgestel word nie.

2. Gedurende die laaste aantal jare is organiseerders toegelaat om 'n registrasiefout vir bywoning van die kursusse te hef. As gevolg hiervan is toekennings wat oorspronklik uit die *Staatsbiblioteek se Vakansieskoolfonds* aangevra is, in sommige gevalle nie gebruik nie en is die kursus nie onder die beskerming van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gehou nie. Sulke kursusse word nie in die lys vermeld nie.

BRONNELYS

ADMINISTRATIEWE RAAD

kyk

SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING. Administratiewe Raad.

AMERICAN LIBRARY ASSOCIATION. 1959. Goals for action of the American Library Association. *ALA bulletin*, 53(4):277-279, April.

AMERICAN LIBRARY ASSOCIATION. 1969. American Library Association. *ALA bulletin*, 63(10):1342-1469, November.

ARNDT, W.F.C. 1946. Tak Oranje Vrystaat. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 13(3):59, Januarie.

ARNDT, W.F.C. 1947. Tak-Oranje-Vrystaat, jaarverslag, 1945-46. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 14(3 & 4):81-82, Januarie - April.

ASCHEBORN, H.J. 1963. Enkele gedagtes oor die aanskafbeleid veral met die oog op die jongste ontwikkelings i.v.m. koöperatiewe aankoop, interbiblioteeklenings en gebruik van fotokopieë. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 31(1):7-12, Julie.

ASCHEBORN, H.J. 1964. Is an inter-library centre possible in South Africa? *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 32(1):4-7, Julie.

ASCHEBORN, H.J. 1966. Hulpfunksies van die Staatsbiblioteek. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 33(3):105-109, Januarie.

ASCHEBORN, H.J. 1967. Sentrale katalogisering van Suid-Afrikaanse publikasies en 'n sentrale katalogiseerdiens vir Suid-Afrikaanse biblioteke. (*In Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Referate. Potchefstroom. p. 131-143.*)

ASCHEBORN, H.J. 1970. ISO-standaarde van belang vir Suid-Afrikaanse bibliotekarisse. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 38(1):38-41, 43, Julie.

ASCHEBORN, H.J. 1971. International standardisation of microfiche. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 39(1):42-51, Julie.

ASCHEBORN, H.J. 1972. Preface. (*In Give the people light :*

essays in honour of Matthew Miller Stirling. Pretoria : State Library. p. v-vi.)

ASCHENBORN, H.J. & FRIIS, T. 1962. Die gesamentlike katalogus in die Suid-Afrikaanse Nasionale Leen-sentrum. (*In Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Aspekte van die Suid-Afrikaanse biblioteekstruktuur. Potchefstroom. 70 p.*)

ASHER, S.B. 1942. South African public libraries. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 9(4):109-123, April.

ASPEKTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKSTRUKTUUR

kyk

SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING. 1962.

ATKINSON, F. 1974. Librarianship : an introduction to the profession. London : Bingley. 112 p.

AUCAMP, P. 1978. Universiteits- en kollegebiblioteke in Suid-Afrika, 1828-1978. (*In Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Referate. Potchefstroom. p. 157-184.*)

AUSTIN, M.J. 1978. Professionals and paraprofessionals. New York : Human Sciences Press. 295 p.

BANTOEBIBLIOTEEKVERENIGING VAN SUID-AFRIKA. 1968. Proceedings of the Second Conference. 55 p.

BEKKER, J. 1976. Professional ethics in its application to librarianship. Cleveland, Ohio. 444 p. (Proefskrif (Ph.D.) — Case Western Reserve University.)

BIBLIOGRAPHICAL DESIDERATA FOR SOUTH AFRICA. 1943. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 11(2):39-40, 48, Oktober.

BINNELANDSE SENSUUR. 1953. *Standpunte*, 8(2):1-32, Desember.

BIRDSALL, W.F. 1980. Librarians and professionalism : status measured by outmoded models. *Canadian library journal*, 37(3):145-148, June.

BLOEMFONTEIN. Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Instituut vir Eietydse Geskiedenis. 1977. Biblioteekbeplanning vir die jaar 2000. Bloemfontein. 157 p.

BLUNDON, N.L. 1967. Fiscal and management responsibilities of associations. *Drexel library quarterly*, 3(4):401-405, October.

BLUNDON, N.L., HARVEY, J.F. & LIND, B. 1967. A leadership workshop. *Drexel library quarterly*, 3(3):263-273, July.

BORLAND, E.A. 1934 & 1935. Library statistics. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 2(2):67-71, Oktober; 2(3):83-86, Januarie.

BORLAND, E.A. 1935. Transvaal Branch, South African Library Association : a review of its activities, or, 'Puzzled' answered. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 2(4):123-125, April.

BORLAND, E.A. 1937. Transvaalse plattelandse vry biblioteek. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 5(1):22-24, Julie.

BORLAND, E.A. 1941. Rural library service in the Transvaal. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 9(1):1-5, Julie.

BORLAND, E.A. 1942. Ten years of the Carnegie Non-European Library, Transvaal, 1931-41. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 10(1):1-6, Julie.

BORLAND, E.A. 1945. Present and post-war library developments. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 12(3):49-52, Januarie.

BORLAND, E.A. 1949. Pace of the ox. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 17(2):59-60, Oktober.

BORLAND, E.A. 1951. Libraries of the Union of South Africa with some suggestions for the improvement of the national library service. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 18(3):73-81, Januarie.

BOSHOFF, M.M., red. 1978. French publications on South Africa : a bibliography of the books and pamphlets to the year 1935. Pretoria : State Library. 163 p.

BOWKER, R.R. 1897. Bibliographic endeavors in America. *Library journal*, 22(8):384-387, August.

BRAMLEY, G. 1975. World trends in library education. London : Bingley. 234 p.

BRIEWE

kyk

KORRESPONDENSIE.

BROWN, J.B. 1949. Indexing South African periodicals. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 17(1):41-43, Julie.

BROWN, R.A. 1956. Librarianship as a challenge. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 23(4):101-106, April.

BRUNTON, D.W. 1967. Non-profit association law and taxes. *Drexel library quarterly*, 3(3):281-289, July.

BRYAN, H. 1972. A brief comparative study of selected library associations. *Australian library journal*, 21(8):318-325, September.

BUCHER, R. & STELLING, J. 1969. Characteristics of professional organizations. *Journal of health and social behavior*, 10(5):3-15, May.

DIE BURGER. 1941. 26 April.

DIE BURGER. 1962. 6 November.

BURGER, J.J.G. 1971. Die C.P. Hoogenhout-Toekenning. *Die Kaapse bibliotekaris*: 18-21, Januaric.

BURGESS, R. 1966. How shall librarians organize? *Library journal*, 91:6043-6044, December 15.

CAPE LIBRARIES

kyk

KAAPLANDSE BOEKERYE.

CAPE TIMES. 1938. 22 October.

CAPE TIMES. 1941. 26 April.

CARR-SAUNDERS, A.M. & WILSON, P.A. 1964. The professions. London : Frank Cass. 536 p.

CASE, N.N. 1935. How I would improve our library. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 3(1):23-25, Julie.

CENSORSHIP PROBLEM. 1938. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 6(2):83, Oktober.

CENTLIVRESKOMMISSIE

kyk

UNIE VAN SUID-AFRIKA. 1948. Kommissie van Ondersoek na die Staatsdiens.

CHAPLIN, A.H. 1972. The organization of the library profession : final report of two plenary sessions of the IFLA General Council, Liverpool, 1971. *Unesco bulletin for libraries*, 26(4):178-183, July/August.

CHAPLIN, A.H. 1973. Introduction : general survey. (In International Federation of Library Associations. The organization of the library profession. Pullach : Verlag Dokumentation. p. 11-21.)

CHRISTIE, C. 1934 & 1935. The periodical and the reader. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 2(2):49-56, Oktober; 2(3):73-81, Januarie.

CLIFT, D.H., red. 1955. Introduction : library associations in the United States and British Commonwealth. *Library trends*, 3(3):219-220, January.

CLIFT, D.H. 1960. The American Library Association. *Canadian Library Association bulletin*, 16(5):217-220, March.

COBLANS, H. 1946. The place of the film in the library. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 13(3):60-62, Januarie.

COBLANS, H. 1948. Science libraries and information services for industries. *South African industrial chemist*, 2:202-204, November.

COETZEE, P.C. 1935. Nuwe rigtings in die biblioteekwese. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 3(2):40-45, Oktober.

COETZEE, P.C. 1937. Education for library service. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 4(4):151-164, April.

COETZEE, P.C. 1941. Die kursus aan Universiteit Pretoria. *Suid-*

Afrikaanse biblioteke, 8(4):157-158, April.

COETZEE, P.C. 1942. Die nalatenskap van Von Dessin : die begin van 'n Afrikaanse biblioteektradisie. *Historiese studies* (Universiteit van Pretoria), 3(2):90-95, Mei.

COETZEE, P.C. 1950. Kan ons ons bestaan regverdig? *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 18(1):1-2, Julie.

COETZEE, P.C. 1959. Die biblioteekwese van Suid-Afrika in kultuur-historiese perspektief. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 27(1):11-17, Julie.

COETZEE, P.C. 1961. Anticipation in librarianship. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 29(2):41-42, Oktober.

COETZEE, P.C. 1962(1). A forgotten component of our library system. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 30(2):43-44, Oktober.

COETZEE, P.C. 1962(2). Die ontwikkelingsprogram in hooftrekke. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 30(1):19-27, Julie.

COETZEE, P.C. 1962(3). Oorsig oor Suid-Afrikaanse biblioteekdienste. b. Die universiteitsbiblioteek. (*In* Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Aspekte van die Suid-Afrikaanse biblioteekstruktuur. Potchefstroom. 7 p.)

COETZEE, P.C. 1962(4). Voorraad en personeel in die Suid-Afrikaanse biblioteekwese. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 29(4):122-148, April.

COETZEE, P.C. 1962(5). Werkkragte of declnemers. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 30(1):1-2, Julie.

COETZEE, P.C. 1963. Professional membership. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 31(2):41-42, Oktober.

COETZEE, P.C. 1964. Die toekoms begin môre : gedagtes oor ons personeelvraagstuk. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 32(1):1-2, Julie.

COETZEE, P.C. 1965. Vir die strewer of vir die volk? Gedagtes oor die Bantoe-Biblioteekbeweging. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 32(3):85-86, Januarie.

COETZEE, P.C. 1966(1). Getting under way. *Suid-Afrikaanse biblio-*

teke, 33(4):121-122, April.

COETZEE, P.C. 1966(2). Watter beroep? Watter persoon? *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 34(1):1-3, Julie.

COETZEE, P.C. 1967(1). Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in 1967. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 34(3):77-78, Januarie.

COETZEE, P.C. 1967(2). Who pays the piper : thoughts on library science education. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 35(2):41-43, Oktober.

COETZEE, P.C. 1968. Die openbare biblioteek en die toekomst. (In Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Referate. Potchefstroom. p. 120-137.)

COETZEE, P.C. 1975(1). Die Carnegie-biblioteeksending van 1928. Pretoria : Staatsbiblioteek. 140 p.

COETZEE, P.C. 1975(2). Colendo Explorare. Pretoria : Staatsbiblioteek. 263 p.

CRONJE, J.C. 1973. Potchefstroom 1973 : gedagtes oor die 28e jaarlikse kongres. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 41(3):97-99, Desember.

CULLEN, J.B. 1978. The structure of professionalism. New York : Petrocelli Books. 290 p.

DE KLERK, W.A. 1975. Sensuur in Suid-Afrika : die skrywer se standpunt. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 43(1):21-23, Julie.

DE KLERK, W.J. 1975. Die spanning wat sensuur moet balanseer. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 43(1):6, Julie.

DELAHUNTY, J.P. 1971. Professional associations : their changing role. *New Zealand libraries*, 34(4):132-137, August.

DE VAAL, J.B. 1967. Biblioteekdienste vir Nie-Blankes. (In Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Referate. Potchefstroom. p. 115-123.)

DE VAALKOMMISSIE

kyk

SUID-AFRIKA (Republic). 1965. Verslag van die Interdepartemen-

tele Komitee van Ondersoek na Biblioteekdienste vir Nie-Blankes.

DE VLEESCHAUWER, H.J. 1956. Die Universiteit van Suid-Afrika en sy biblioteekkundige afdeling. *Mousaion*, 12. 87 p.

DE VLEESCHAUWER, H.J. 1959. Censorship and libraries. *Mousaion*, 33, 34 en 35. 165 p.

DE WET, L.J. 1955. Compiling the Index to South African Periodicals. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 22(3):93-96, Januarie.

DOWNS, R.B. 1960. We and the ALA. *Wilson library bulletin*, 34(9): 668-670, May.

DREYER, B.J. 1979. Die 1978 SABV-konferensie. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 46(3):97-99, Januarie.

DUNKERLEY, D. 1975. Occupations and society. London : Routledge & Kegan Paul. 87 p.

DU PLESSIS, F. 1964. Die lig word groen. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 32(2):38-39, Oktober.

DU PLESSIS, I. & HARTMANN, E. 1933. Biblioteekterme in Afrikaans. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 1(1):10, Julie.

DU TOIT, A.B. 1975. Sensuur in Suid-Afrika : politieke en akademiese aspekte. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 43(1):11-19, Julie.

EALLES, M. 1976. An annotated guide to the pre-Union government publications of the Orange Free State, 1854-1910. Boston, Mass. : G.K. Hall. 523 p.

EHLERS, D.L. 1952. Die opkoms van die nuwe leserspubliek, 1910-1952. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 19(4):111-118, April.

EHLERS, D.L. 1958. Syfers en sedes. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 25(3):71-72, Januarie.

EHLERS, D.L. 1959. Sensuur en letterkunde. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 26(4):137, April.

EHLERS, D.L. 1961. Die probleem van ongewenste publikasies. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 29(1):1-2, Julie.

EHLERS, D.I. 1971. Die bibliotekaris en sensuur : 'n teoretiese siening. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 38(4):218-223, Januarie.

EHLERS, D.L. 1978. 'n Oorsig van die ontwikkeling van openbare biblioteke in Suid-Afrika, 1928-1975. (In *Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Referate. Potchefstroom*. p. 125-138.)

EHLERS, D.L. 1981. Resensie van : Kesting, J.G. South Africa, Libraries in the Republic of. (In *Encyclopedia of Library and Information Science*. New York : Marcel Dekker, 1980. Vol. 28:129-259.) *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 48(4):163-164, April.

ELLIOTT, P. 1972. The sociology of the professions. London : Macmillan. 180 p.

ETZIONI, A., red. 1969. The semi-professions and their organization. New York : Free Press. 328 p.

EYBERS, G.W. 1945. Die plek van lees in ons onderwys. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 13(1):21-22, Julie.

FANG, J.R. & SONGE, A.H. 1973(1). International library associations, I. Intamel : a worldwide forum on problems of large metropolitan libraries. *Library journal*, 98(10):1553-1557, May 15.

FANG, J.R. & SONGE, A.H. 1973(2). International library associations, II. The East African Library Association. *Library journal*, 98(13):2041-2045, July.

FAURE, J.M.B. 1967. Skoolbiblioteekvoorsiening in die Oranje-Vrystaat. (In *Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Referate. Potchefstroom*. p. 5-9.)

FERGUSON, M.J. 1929. Memorandum : libraries in the Union of South Africa, Rhodesia and Kenya Colony. New York : Carnegie Corporation. 34 p.

FERGUSON, M.J. 1933. Greetings. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 1(1):2-4, Julie.

FOSKETT, D. 1976. A debtor to his profession : presidential address. *Library Association record*, 78(10):477-484, October.

FOUCHÉ, B. (snr.) 1968. Biblioteekdiens vir Bantoes. *SABV-Nuus-brief*, 20(3):59-60, September.

FOUCHÉ, B. 1974. Verpligtinge van die opleidingsinstansies en die professie met betrekking tot die opleiding van bibliotekaris en inligtingswerkers. (*In* Die vernuwing van opleiding van bibliotekaris en inligtingswerkers. *Mousaion*, 11(2):162-183.)

FOUCHÉ, B. 1979. Die verdere professionalisering van die bibliotekaris in en deur die beroepspraktyk. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 46(3):85-90, Januarie.

FOUCHÉ, B. 1980. SAIBI waarheen? Gedagtes oor die rol van die professionele vereniging. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 48(2):45-51, Oktober.

FOUCHÉ, B. 1982. The quest for professional maturity : a progress report. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir biblioteek- en inligtingwese*, 49(4):137-139, April.

FOUCHÉ, B., ROUX, P.J.A. & THIRION, N. 1980. Survey of institutions providing professional training in library and information science and of full-time tutors and researchers in library and information science in the Republic of South Africa in 1979. Potchefstroom : South African Institute for Librarianship and Information Science. 104 p.

FOURIE, C.J. 1966. Rekrutering vir ons beroep. (*In* Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Referate. Potchefstroom. 13 p.)

FREER, P. 1932. Closer co-operation between the libraries of South Africa. *Library Association record*, 34:105-111, April.

FREER, P., red. 1933. Bibliografie van Afrikaanse bibliografieë. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 1(2):56, Oktober.

FREER, P. 1935(1). Library provision at the University of Pretoria : report. Johannesburg : University of the Witwatersrand Library. 11 p. (Ongepubliseer.)

FREER, P. 1935(2). Outline of card cataloguing practice. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 2(3):87-92, Januarie; 2(4):113-122, April.

FREER, P. 1936(1). Inter-departmental Committee on Libraries. A memorandum on the subject of central cataloguing including matters such as joint cataloguing and union catalogues. 9 p. (Ongepubliseer.)

FREER, P. 1936(2). Some library objectives for South Africa. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 3(4):135-143, April.

FREER, P., *red.* 1943(1). Catalogue of Union periodicals, volume 1 : Science and technology. Ed. for the National Research Council and National Research Board. Johannesburg. 525 p.

FREER, P. 1943(2). Libraries and science. *South African journal of science*, 40:81-97, November.

FREER, P., *red.* 1949. Catalogue of Union periodicals, volume 1 : Science and technology. Supplement 1. Pretoria : South African Council for Scientific and Industrial Research. 522 p.

FREER, P., *red.* 1952. Catalogue of Union periodicals, volume 2 : The Humanities. Pretoria : National Council for Social Research. 804 p.

FREER, P., *red.* 1953. Catalogue of Union periodicals, volume 1 : Science and technology. Supplement 2. Pretoria : South African Council for Scientific and Industrial Research. 188 p.

[FREER, P.] 1954. The retirement of Mr. Percy Freer. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 21(3):83-86, Januarie.

FREER, P. & VARLEY, D.H. 1942 & 1943. A bibliography of African bibliographies. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 10(2):38-42, Oktober; 10(3):66-73, Januarie.

FREIDSON, E., *red.* 1973. The professions and their prospects. Beverly Hills : Sage Publications. 333 p.

THE FRIEND. 1936. 10 October.

FRIIS, T. 1954. The future of the public library in the Union of South Africa. *SABV-Nuusbrief*, 7(2), bylae:282-293.

FRIIS, T. 1955. Education for librarianship in South Africa at the cross-roads. *Mousaion*, 5:14-24.

FRIIS, T. 1960. The planning of library material for use from the organizational point of view. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 27(3):85-89, Januarie; 27(4):114-120, April.

